University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

DIE FENOMEEN OPELUGMUSEUM IN KULTUURHISTORIESE PERSPEKTIEF

deur

PAUL JACOBUS DE BEER

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD:

DOCTOR PHILOSOPHIAE

IN DIE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA

APRIL 1979

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

PROMOTOR:

Professor Dr P G Nel
Hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

VOORWOORD

Die primêre aanleiding tot hierdie proefskrif is 'n besorgdheid oor "die toekoms van ons verlede". Dit op sigself is nie uniek nie. Dwarsdeur die Westerse kultuur heers daar in ons eie tyd, in teenstelling met die optimistiese vooruitgangsgeloof van die agtiende en grootste deel van die negentiende eeu, 'n pessimisme of Untergangstimmung. Dit is waarskynlik hoofsaaklik toe te skryf aan die geweldige materiële en geestelike skade wat deur twee Wêreldoorloë berokken is. 'n Direkte uitvloeisel van hierdie Untergangstimmung is 'n herwaardering van die kulturele erfenis wat in gevaar staan om vernietig te word. Dit verbaas dan nie dat die Westerse kultuur tans gekenmerk word deur 'n koorsagtige bedrywigheid in en om die museum nie. Die museum het veral in die twintigste eeu gegroei tot 'n kulturele instelling waarin die publiek hom kon identifiseer met sy erfenis en die verlede-werklikheid wat daarin verbeeld word.

'n Meer direkte aanleiding vir hierdie studie is egter ook aanwysbaar. Op 28 April 1975 verskyn daar in die Pretoriase dagblad, Hoofstad, 'n insiggewende brief. Die opskrif was: Wat het van opelugmuseum geword? Die skrywer vra onder meer: "Wat ek en duisende ander Pretorianers nou wil weet, is wat het van hierdie museum geword? Waarom sloer dit so, wie is vir die sloerdery verantwoordelik en as die Staat dan nie die geld het om te bou nie, waar is die baie kultuurbewuste mense wat kan bydra?"
So ver ek kon vasstel is hierdie briefskrywer nooit deur enige amptenaar of instansie geantwoord nie.

Die brief het my egter aangespreek en aangespoor om sommige antwoorde te vind. Groot was my verbasing toe my aanvanklike ondersoek aan die lig bring dat die "sloerdery" waarna verwys is, reeds 'n tydperk van 22 jaar beslaan het. Vir my was dit 'n uitgemaakte saak - hierdie geskiedenis en die fenomeen opelugmuseum verdien noukeurige navorsing! In my promotor, prof P G Nel, het ek 'n entoesiastiese ondersteuner van dié gedagte gevind.

Dit het egter spoedig duidelik geword dat hierdie studie veel wyer sou uitkring as die gebeure in Pretoria. Dit is veral onderstreep tydens 'n gesprek wat ek met die Nederlandse historikus, mnr Ton Koot, gehad het wat in 1975 in Suid-

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Afrika was. Sy raad was dat die fenomeen opelugmuseum eers in die konteks van die algemene Europese ontstaansgeskiedenis van die museum geplaas moet word voordat die geestestrominge betrag word waaruit die opelugmuseum gebore is. Verder sou kennis geneem moet word van die ontwikkelingsgeskiedenis van die fenomeen.

Uit die aard van die omvang van die opelugmuseum-gedagte dwarsdeur die wêreld, moes 'n sinvolle keuse gedoen word van musea wat as moontlike voorbeelde kan dien vir die oprigting van 'n nasionale opelugmuseum in Pretoria. Verder sou so 'n keuse van musea ook 'n duidelike ontwikkelings= gang moes aandui. Argiefstukke van die Genootskap Oud-Pretoria en die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het spoedig 'n noue verbintenis getoon met twee Europese opelugmusea, die Nederlands Openluchtmuseum in Arnhem en die Vlaamse Openluchtmuseum in Bokrijk. Albei dus, soos trouens verwag kon word, uit die Dietse kultuurgebied. 'n Derde opelugmuseum wat by hierdie twee gevoeg is, is die Buitenmuseum van die Zuiderzeemuseum te Enkhuizen. Dit lyk na 'n sinvolle eenheid. Veral as in ag geneem word dat Arnhem 'n prototipe is van die eerste opelugmusea wat opgerig is, naamlik die "parktipe" wat ook die eerste opelugmuseum op die Europese Vasteland was. Bokrijk word ongeveer 40 jaar later opgerig en verteenwoordig dus musea wat kon put uit die ervaring van minstens 80 jaar. Daarenteen is die Opelugmuseum te Enkhuizen tans nog in aanbou en kan dus as 'n "moderne" opelugmuseum gereken word. 'n Nasionale opelugmuseum wat in Suid-Afrika moet verrys,sal ongetwyfeld baie baat by 'n noukeurige studie van hierdie drie musea soos wat hulle oor 'n tydperk van ongeveer 70 jaar gegroei en ontwikkel het.

Uiteraard het die navorsing vir hierdie studie 'n baie breë terrein gedek wat in drie fases verdeel kan word:

1 Argivale studie in Suid-Afrika

Die navorsing het begin in die Staatsargiefbewaarplek, Pretoria. Die Genootskap Oud-Pretoria wat reeds vroeg in die vyftigerjare begin het met die gedagte om 'n opelugmuseum op te rig, se dokumente is in die Staatsargief opgeneem. Die Genootskap moet geloof word vir hierdie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

optrede. Die stukke is netjies versorg en vir enige navorser toeganklik. Die dokumente is voortreflik georden en sistematies van verwysingnommers voorsien. Verder berg die amptelike publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, Onderwysdepartement, Joubert-versameling en die Leyds-argief waardevolle inligting oor die museumgeskiedenis in Transvaal.

Daarna kon die Kaapse Staatsargiefbewaarplek in Kaapstad en die "argiewe" van verskillende musea in Suid-Afrika besoek word. Die navorsing in museumargiewe het besondere probleme opgelewer. Die meeste musea se dokumente is nie georden nie. Alle dokumente word met verloop van tyd op werkslêers geplaas en wanneer die lêers vol is, word 'n nuwe geopen. Slegs hierdie lêers ontvang dan 'n verwysingnommer of 'n naam sonder dat afsonderlike dokumente georden word. 'n Beroep kan op museumowerhede gedoen word om die voorbeeld van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens te volg wat onder leiding van opgeleide personeel dokumente orden sodra dit nie meer gebruik word nie. In één geval het ek uiters waardevolle historiese dokumente in 'n kluis gevind. Hierdie dokumente is eenvoudig opmekaar gestapel en elkeen wat iets soek, pak uit en in omdat daar hoegenaamd geen katalogus of verwysings is nie. Hierdie dokumente hoort eerder in 'n Staatsargief tuis waar dit dringend versorg moet word.

2 Argivale studie in Nederland en België

Naas besoeke aan 'n menigte opelugmusea in Europa het ek my veral op drie musea gerig. Die argiewe en biblioteke van die Nederlands Openlucht= museum in Arnhem, die Vlaamse Openluchtmuseum in Bokrijk en die Zuider= zeemuseum in Enkhuizen het voortreflike geleenthede gebied vir oriëntering en navorsing. Die ervaring om met die direkteure en vakkundiges in verskillende afdelings van die musea te kon werk, was egter 'n onvergeetlike ervaring. Suid-Afrikaanse vakkundiges sal in die toekoms minder "studie= reise" moet onderneem en meer werksgeleenthede in musea moet benut om die nodige ondervinding op te doen. Dié drie musea uit die Dietse taal- en kultuurgroep kan vir Suid-Afrika van onskatbare waarde wees.

3 Studie van die algemene kultuurgeskiedenis van Suid-Afrika

In 'n poging om 'n uitgangspunt te formuleer vir die oprigting van 'n opelugmuseum vir Suid-Afrika is 'n fyn aanvoeling vir en kennis van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

kultuurgeskiedenis van die Afrikaner en ander volke in Suid-Afrika nodig. Natuurlik is intensiewe navorsing deur verskillende persone van 'n groot aantal dissiplines onontbeerlik om 'n volledige opname in die verband te maak. Naas bestudering van argivale bronne, reis= beskrywings, sketse en tekeninge van Africana-kunstenaars en besoeke aan verskillende streke van ons land, was dit noodsaaklik om versame= lings van ons kultuurhistoriese musea te besigtig om 'n voorstelling van die daaglikse lewe van weleer te vorm. Die grootste probleem en uitdaging bly steeds dat hierdie voorstelling wat gevorm word, weten= skaplik verantwoord moet word. Vir willekeur, 'n romantiese beskouing van die verlede of watter ander onverantwoordelike uitgangspunt ook al is hier geen ruimte nie.

Hierdie taak kan egter eers na behore aangepak word wanneer die fenomeen opelugmuseum in kultuurhistoriese perspektief gesien word. Dit was 'n uitdaging om die aanvoorwerk daartoe te begin sodat die lank gekoesterde ideaal nie onnodig lank onverwesenlik sal bly nie.

By die voltooiing van hierdie navorsing is dit 'n behoefte om my opregte dank en erkentlikheid uit te spreek teenoor al diegene wat my gedurende my studie met raad en daad bygestaan het. Benewens talle persone wie se name hier nie genoem word nie word welgemeende dank en waardering gerig aan:

Prof P G Nel, my promotor, onder wie se leiding die proefskrif tot stand gekom het. Sy waardevolle hulp, indringende samesprekinge en prinsipiële beskouing ten opsigte van die Kultuurgeskiedenis was te alle tye onmisbaar.

Die direkteure en personeel van opelugmusea in die buiteland. Dr J H Jager Gerlings, Direkteur van Het Nederlands Openluchtmuseum in Arnhem, drs U E E Vroom, Direkteur van Het Zuiderzeemuseum in Enkhuizen en mnr M Laenen, Adjunk-Konservator van Het Vlaams Openluchtmuseum in Bokrijk het my met onbeskryfbare gasvryheid by hulle inrigtings ontvang. Verder het hulle my in die geleentheid gestel om saam met hulle vakkundiges te werk en navorsing te doen. Ek sal hulle altyd dank verskuldig bly.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Direkteure en personeel van verskillende musea in Suid-Afrika. Dieselfde hartlikheid wat ek in die buiteland ondervind het, het my ook in Suid-Afrika in musea te beurt geval. Besondere dank kom toe aan:

Mev Kotie Roodt-Coetzee, Direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

Dr C K Brain, Direkteur van die Transvaal-Museum, Pretoria.

Dr T H Barry, Direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad.

Dr R Liversidge, Direkteur van die McGregor-Museum, Kimberley.

Mnr J J Oberholzer, Direkteur van die Nasionale Museum, Bloemfontein.

Mnr S C J van Niekerk, Direkteur van die Transvaalse Provinsiale Museum=diens, Pretoria.

Mnr D Schaefer, vakkundige van die Kimberley-Mynmuseum.

Die personeel van die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut aan die Universiteit van Pretoria, en my kollega, dr J C Pretorius.

Mnr J S du P Potgieter, mnr P A M van der Merwe en mev M du Plessis vir hulle hulp met die taalkundige versorging van die proefskrif.

Mev M Murray wat op 'n bekwame en keurige wyse die tikwerk behartig het.

Ten slotte my opregte dank aan my ouers en familie, in die besonder my eggenote en kinders. Hulle moes baie opoffer. Hulle weet wat dit beteken om te gee eerder as om te ontvang.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

ILLUSTRASIES

BLADSY

Stavekirke in Maihaugen, Lillehamer. (Foto in besit van die Nederlands Openluchtmuseum) 20

Die Pioniersopelugmuseum in Silverton. (Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum) 93

Die kombuis in die replika van die De Beer-pioniershuisie en die binneplein. (Kimberley-Mynmuseum) 98

Die Tsonga-kraal. (Transvaalse Provinsiale Museumdiens) 100

'n Aandkuiertjie op Duiveland omstreeks 1910. (Nederlands Openlucht= museum) 124

Die "los hoes" uit Vasse met die agterkant na die straat gekeer en interieur. (Nederlands Openluchtmuseum) 128

Die "Dorpsschooltje" uit Lhee. (Nederlands Openluchtmuseum) 132

Die Plaggenhut uit Onstwedde. (Nederlands Openluchtmuseum) 132

Die "Zaanse buurt". (Nederlands Openluchtmuseum) 139

Die Kempense dorpie. (Vlaams Openluchtmuseum) 146

'n Gesellige hoekie langs die "leuvense stoof" in die landelike drankhuis, Wetshuis "In Dolphin, Estaminet". (Vlaamse Openlucht= museum) 150

'n Pionierskerk en -skoolgebou, Lydenburg. (Transvaalse Provinsiale Museumdiens) 194

Die oorplasing van vissershuisies na die museumterrein in Enkhuizen. (Zuiderzeemuseum) 198

Dokumentasie voor demontering van 'n gebou. (Nederlands Openlucht= museum) 200

Gebruiksvoorwerpe in die kombuisuitstalling van die Klerksdorpse Museum. (Transvaalse Provinsiale Museumdiens) 202

'n Tekening van Piketberg (1857) deur J C Poortermans. (A Gordon-Brown: Pictorial Africana. Kaapstad 1975, bl 92) 205

Die plaasskool, Schietfontein, distrik Pretoria 1898. (Onderwysmuseum) 205

Die Suid-Afrikaanse volkspelers in die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem in 1953. (Nederlands Openluchtmuseum) 210

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

INHOUD

		BLADSY
VOORWOORD		i - v
ILLUSTRASIES		vi
HOOFSTUK		
I	DIE ONTSTAAN EN VERSPREIDING VAN OPELUGMUSEA TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN DIE MUSEUM	1 - 37
A	Versameling deur die eeue	1
i	Inleiding	1
ii	Die Klassieke Era	3
iii	Die Middeleeue	4
iv	Die Renaissance	5
v	Die Moderne Tyd	8
B	Opelugmusea: die ontstaan	12
i	Faktore wat 'n aanleidende rol gespeel het	12
a	Die belangstelling in die volkskultuur	12
b	Die Romantiek	13
c	Die ontstaan van die Volkskunde as wetenskap	14
d	Die Industriële Rewolusie	16
ii	Artur Hazelius (1833 - 1901) in Swede	16
iii	Bernard Olsen in Denemarke	19
iv	Anders Sandvig (1862 - 1950) in Noorweë	21
v	Ander lofwaardige pogings	22
vi	Die sukses van opelugmusea in die Skandinawiese lande	24
C	Verspreiding van opelugmusea na ander lande	25
i	Nederland	25
ii	Die ganse wêreld	26
	VERWYSINGS	29

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK

II 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE AARD VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE MUSEUMWESE IN SUID-AFRIKA 38 - 77

i 'n Ongeëwenaarde belangstelling van wetenskaplikes, reisigers en amptenare in die natuur en inheemse bevolking van Suid-Afrika 39

ii Die stigting van die formele museumwese in die Kaapkolonie 43

iii Die rigting waarin die eerste musea ontwikkel 44

iv Die stigting van musea in die Republikeinse Noorde 45

v 1902 - 'n nuwe begin 52

vi Die tydperk van bewuswording 55

vii Gevolgtrekking 59

VERWYSINGS 66

III DIE OPELUGMUSEUM-GEDAGTE IN SUID-AFRIKA 78 - 120

i Die ontstaan 78

ii Die poging van die Genootskap Oud-Pretoria 79

iii Die Transvaal-Museum soek toenadering en samewerking 84

iv Die onderhandelinge van die Genootskap Oud-Pretoria loop ten einde 86

v Die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum se bydrae 88

vi Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum tree tot die stryd toe 89

a Die Pioniersopelugmuseum, Silverton 92

b Die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum, Rayton 95

vii Ander bewaringsprojekte 97

viii Die Kimberley-Mynmuseum 97

ix Die Tsonga-kraal, Hans Merensky-natuurreservaat 101

x Die Breederiviervallei-plaasmuseum, Worcester 101

xi Die restourasieprojek te Pelgrimsrus, Oos-Transvaal 102

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK

xii Terugblik 103

VERWYSINGS 109

IV 'N SPIEËLBEELD VAN 'N KULTUURGESKIEDENIS 121 - 171

i Die evolusie van die opelugmuseum-fenomeen 121

ii "Het Nederlands Openluchtmuseum" te Arnhem 123

iii Bokrijk, die Vlaamse Opelugmuseum 144

iv Die Buitemuseum van die Zuiderzeemuseum te Enkhuizen 154

VERWYSINGS 162

V DIE TAAKOMSKRYWING VAN OPELUGMUSEA 172 - 228

i Die formulering van 'n internasionale taakomskrywing 172

ii Die bepaling van uitgangspunte by die oprigting van 'n opelugmuseum 174

iii Die uitgangspunte wat reeds in Suid-Afrika beslag gekry het 177

iv Die wenslikheid van 'n "nasionale" opelugmuseum vir Suid-Afrika 178

v Die taak van 'n museum binne 'n gemeenskap 186

vi Die versamelings- en bewaringsfunksie van 'n opelugmusem 187

vii Die navorsingsfunksie van 'n opelugmuseum 196

viii Die opvoedkundige funksie van 'n opelugmuseum 208

VERWYSINGS 219

VI BESLUIT 229

SAMEVATTING 241

SUMMARY 243

BRONNE 245

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK I

DIE ONTSTAAN EN VERSPREIDING VAN OPELUGMUSEA TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN DIE MUSEUM

A Versameling deur die eeue

i Inleiding

Die Romeinse digter, Horatius, het in 18 v C in 'n brief aan Julius Florus dié eenvoudige dog droewige lewensfeit aangestip: "Singula de nobis anni praedantur euntes."[1] En byna twintig eeue later sou die groot kultuurhistorikus, J Huizinga, postuleer: "Men wil het verleden kennen."[2] Tussen hierdie twee uitsprake ontstaan 'n geweldige spanning: die jare wat die mens langsaam van alle dinge berowe, en die mens wat die verlede wil ken en daarom 'n rekonstruksie wil maak van die leefwêreld en die aktiwiteit van mense soos hulle eenmaal werklik geleef het. Aangesien die historiese werklikheid egter uniek en eenmalig is, is die mens wat die verlede wil ken, aangewys op dit wat oorgebly het: mondelinge oorleweringe, legendes en mites, tradisies en heldeverhale, dokumente en voorwerpe wat as oorblyfsels behoue gebly het.[3] En dit alles lewer getuienis van dié dinge waarvan die jare in hul gang die mens langsaam beroof het.

Een van die primêre take van die museum is om hierdie verruklike epog van die mens en sy totale leefwêreld te laat afspeel voor die oë van diegene wat in die verlede belangstel. In dié opsig verkeer die museum in 'n unieke situasie[4] om deur middel van voorwerpe en oorblyfsels van beskawings uit eeue-oue versamelings wat deur die jare heen tot stand gekom het, hierdie verlede-werklikheid te verbeeld en sinvol aan te toon hoe die mens sy moontlikhede verwesenlik het en hoe hy gestalte aan sy lewe probeer gee het.

Hierdie kultuur-voorwerpe spreek nie alleen op uitmuntende wyse van die mens omdat dit hom omring en sy ganse leefwêreld gevul het nie maar in die besonder omdat hy die skepper daarvan was. Dis die resultaat van sy

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

arbeid in sy poging om die natuur te bewerk en te beheers. Hierdie resultaat van sy skeppende aktiwiteit is egter nie toevallig nie want die mens behandel die materiaal wat hy ter hand neem om sy voorwerp te skep nie na willekeur nie. Die materiaal moet op 'n bepaalde wyse gevorm word omdat hy daarmee 'n besondere doel nastreef. 'n Idee word daarin beliggaam wat vir die skepper van waarde is. Hierdie resultaat van sy arbeid kan dus 'n gebruikswaarde vir hom inhou, maar ook 'n kunswaarde of wetenskaplike waarde of watter waarde hy ook al daaraan wil heg. Die feit bly egter staan dat sy kultuurskepping vir hom waardevol is omdat hy as enkeling en die gemeenskap waarin hy hom bevind, die simboliese waarde wat in sy skepping beliggaam is, in ere hou. 'n Voorwerp wat as resultaat van die arbeid van 'n vorige geslag of 'n kultuur oorgebly het, spreek dus van veel meer as die hout of klip of yster waaruit dit gemaak is. Dit spreek in die besonder van mense, van hul waardes en geldende norme en ideë wat hulle gekoester en nagestreef het. En dit is juis hierdie dinge wat in voorwerpe beliggaam word, wat die een kultuur van 'n ander onderskei.[5]

Só getuig ook sy werktuie en gereedskap van sy vormende en veranderende aktiwiteit asook van sy ontembare ywer om die ongerepte natuur bewoonbaar te maak en te onderwerp aan sy eie waardeoordeel daaroor. Ornamente, versierings en klere verbeeld sy huislike lewe en skeppende vermoë. Sy heilige voorwerpe wat in eenvoudige huise, in deftige paleise, tempels en grafkelders gevind is, vorm 'n beeld van sy geloofslewe. Hierdie heilige voorwerpe is immers die "schakel tussen de wereld van de mens en de wereld van het gans andere, zoals de vlag een trait-d'union is tussen de individuele vaderlander en het Vaderland. Heilige voorwerpen zijn contactpunten tussen de wereld der mensen en die der goden en geesten. Daarom kunnen heilige dingen gelden als een bron van kracht waaruit de mens kan putten".[6]

Juis omdat die resultaat van die mens se arbeid vir hom om een of ander rede waardevol is, blyk dit 'n wesenskenmerk van die mens dat hy versamelaar is.[7] Die nood van sy bestaan het hom genoop om kos, klere, wapentuig en ander gebruiksvoorwerpe te versamel. Meer nog, hy het ook die fase betree waarin hy sy persoonlike rykdom hebsugtig opgegaar het omdat dit hom sosiale aansien en reputasie verleen het.[8] Dit word bevestig wanneer die Argaïese en Klassieke sale van sommige van die wêreld se oudste musea soos onder andere die Britse Museum en die Louvre besigtig word. Oral waar

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

opgrawings van antieke kulture gedoen is, is spore van hierdie eeue-oue versamelingsdrang van die mens gevind.

Daar is ook versamelings uit die Oudheid wat lig werp op nog 'n ander wesenskenmerk van die mens wat ook as motivering vir sy versamelingsdrang kan dien. Martin Heidegger, die bekende filosoof, noem hierdie kenmerk "Geschichtlichkeit".[9] Hierdie historisiteit dui daarop dat alle mense by die geskiedenis betrokke is en dus 'n belangstelling in die verlede toon. Dit kan selfs uit nuttigheidsoorweging voortvloei omdat die mens hoop om uit die verlede lesse te leer vir die toekoms. Die mens kan immers die hede beter begryp en sinvoller daarin optree as hy die verlede ken waaruit die hede ontstaan. Die wese van die bestaan van volk en indiwidu lê ook in die verlede. Huizinga stel dit só: "Een nationaal gevoel, dat zich niet spiegelen kan in de roerloosheid van het verleden, mist den grondslag van zijn wezen. Het leven van een natie is historie, zooals het leven van den enkelen mensch historie is. Op ieder oogenblik, dat men het leeft, heeft het zijn vorm en zijn beteekenis, zijn zin en zijn richting, uit dat deel wat voorbij is. Wie zich afgesneden denkt van de herinnering aan zijn herkomst, groei en lotgeval, staat redeloos voor het leven. Elk welbewust volks- en staatsbesef eischt kennis en rekenschap van de historie."[10]

In dié verband kan verwys word na Bel-Sjalti-Nannar, die prinses wat ook al die eerste "museumkurator" genoem is. Sy was omstreeks 550 v C hoëpriesteres van die maangod in Ur en het in haar woning 'n klein versameling oudhede bewaar. Dit was afkomstig uit ou tempels wat koning Nabonidus (555 - 538 v C) laat opgrawe en ter ere van die gode gerestoureer het. Hierdie versameling was slegs waardevol vanweë die eerbiedwaardige ouderdom daarvan. Die prinses het die versameling waardevol geag omdat dit 'n historiese band was wat verlede en hede met mekaar verbind het.[11]

ii Die Klassieke Era

Hierdie versamelingsaktiwiteit van mense voor en in die eeue na die eerste "kurator" het onverpoosd voortgeduur en waarskynlik sy hoogtepunt bereik in die Klassieke Era van die Grieke en Romeine. Maar die prinsipiële doelstelling van die moderne museum word nie alleen in die versamelings=

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

aktiwiteit beliggaam nie. Indien versameling 'n doel op sigself bly, word daar nie deurgedring tot die wese van die museum-fenomeen nie. Sonder die tweede dimensie bly so 'n instelling maar slegs 'n bewaarplaas of pakskuur. Eers wanneer die besef deurbreek dat hierdie versamelde artifakte vir die gemeenskap toeganklik gestel en geïnterpreteer moet word sodat dit geniet en waardeer en as belangrike hulpmiddel in die opvoedingsproses aangewend kan word, kan daar van 'n museum sprake wees.

In dié sin het daar in die antieke wêreld geen museum as kulturele manifestasie bestaan nie. Dit is egter wel waar dat te midde van die koorsagtige opgaring van skatte deur hul tydgenote, enkele Romeinse burgers die neiging getoon het om uit artistieke en suiwer historiese oorwegings privaat versamelings aan te lê wat van tyd tot tyd vir die publiek toeganklik gestel is.

'n Goeie voorbeeld van hierdie verligte benadering vind ons by Asinius Pollio (76 v C - 5 n C), veldheer, staatsman, digter, redenaar en historikus.[12] Volgens Plinius[13] was hy die stigter van die eerste openbare biblioteek. Hy stel hom ook ten doel om kunsskatte toeganklik te maak vir die gemeenskap. Hy wil dus nie ter wille van eie roem en prestige skatte versamel om hom op selfsugtige wyse in die geslotenheid van sy eie huis daarin te verlustig nie. Hy streef inteendeel daarna om dit met die gemeenskap te deel en dit saam met hulle te geniet.

Plinius maak verder ook melding van Julius Caesar, Augustus en ander wat hierdie lofwaardige doel nagestreef het. Hy verwys trouens ook na 'n merkwaardige toespraak van Marcus Agrippa wat betoog het dat alle skilderye en beelde openbare eiendom behoort te wees in plaas daarvan om dit na plattelandse wonings van ryk indiwidue te verban.[14]

Maar ook hierdie merkwaardige gesindheid het saam met die roem en grootsheid van die antieke wêreld in die niet versink.

iii Die Middeleeue

Tydens die Middeleeue, waarin die kultuur feitlik die monopolie van die Kerk is en deur die gees daarvan deurdring word,[15] is daar ook geen ruimte vir 'n instelling soos die moderne museum nie. Onder die statige gewelwe van onoortreflike Gotiese katedrale is monnike en kunstenaars anoniem en

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

verberg agter hul kunsskeppinge want hulle skep alleen tot eer van God en die redding van hul siele. Alles adem 'n gees van strenge kerklikheid, sakramentalisme en wêreldontvlugting. Die beelde en taferele, die goue kruise en kandelaars, die kosbare altaarklede en misgewade en die sorgvuldig beskermde relikwieë - dit alles getuig van 'n onbegrensde oorgawe in liefde, van vrome toewyding en van patetiese bygeloof.[16]

In kerke en kloosters het versamelings ontstaan wat ten nouste met die geloof verband hou. Relikwieë wat eens in die nabyheid van die Maagd was, waaraan die Heiland eens sou geraak het en ook dié wat na die beste van hul wete in die gryse verlede in besit van die heiliges was, is naarstig versamel.[17] Dit is aangevul deur belangrike dokumente en ander voorwerpe wat later ten tye van die Kruistogte - en die lewendige verkeer en kontak met die Ooste wat dit bewerkstellig het - hul weg na die kloosters gevind het.[18] Hierdie versamelings word deur Huizinga só beskryf: "Er is in die dagen nog een zekere ongescheidenheid van smaak en wansmaak in de geesten: kunstzin en lust aan pronk en rariteiten hebben zich nog niet van elkaar afgezonderd. De naïeve fantazie kan nog ongestoord het bizarre genieten, alsof het schoonheid was ... Hooge kunst en kostbare prullenkraam worden nog gemoedelijk dooreengemengd en gelijkelijk bewonderd."[19]

iv Die Renaissance

In die veertiende eeu ontstaan daar in Italië 'n kultuurbeweging wat in die loop van die vyftiende eeu ontplooi en omstreeks 1500 sy hoogtepunt bereik. Hierdie beweging wat geleidelik uitkring na Frankryk en ander Europese lande, sou die geestelike klimaat skep waarin die voorlopers van die museum tot stand sou kom. Die benaming waarmee hierdie bloeitydperk aangedui word en veral sedert die middel van die negentiende eeu in wetenskaplike taalgebruik inslag vind, is "Renaissance". Dit was die Italiaanse skrywer, beeldhouer, skilder en biograaf van die skilders, Giorgio Vasari (1511 - 1574), wat die vernuwing van sy eie tyd met die term "rinascita" beskrywe het. Die begrip dui op Bybelse spraakgebruik en gryp terug na die Christelike beeld van die wedergeboorte wat op die kunste en die Klassieke kultuur van toepassing gemaak word. Die begrip ondergaan verdere verruiming aan die hand van Jules Michelet in die sewende deel van sy "Histoire de France" (1855). Sedert die Switserse kultuurhistorikus, Jacob Burckhardt, in sy "Die Kultur der

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Renaissance in Italien" (1860) 'n meesterlike beskrywing gegee het van die laat-Middeleeuse beskawing in Italië, word die benaming Renaissance algemeen aanvaar vir die kultuurperiode tussen die Middeleeue en die Nuwe Tyd.[20]

Nieteenstaande die waarskuwing van Huizinga dat dit "een ijdel streven (is), den 'Renaissance-mensch' te willen beschrijven",[21] mag gekonstateer word dat hy nie meer tevrede was met sy politieke, sosiale en ekonomiese toestand nie. Hy sou voortaan alles in die stryd werp om sy omstandighede te verbeter. Die Humanisme van die Renaissance het die klem in 'n toenemende mate op die mens as vrygemaakte wese laat val. In hierdie nuwe gestalte het hy homself gesien as 'n natuurlike, aardse verskynsel wat hom nie meer in dieselfde mate as voorheen gebonde gevoel het aan sy goddelike roeping nie. Die wêreld het ook sy sakrale betekenis vir hom verloor. Een van die nuwe denkers wat hom teenoor die ou Middeleeuse lewensideaal stel, is graaf Giovanni Pico della Mirandola (1463 - 1494). In 'n rede wat later die titel "De hominis dignitate" ontvang en deur Jacob Burckhardt as "der edelsten Vermächtnisse jeder Kultur=epoche" beskou is, stel hy dit só: "God het die mens in die middel van die wêreld geplaas, sonder 'n vaste plek, sonder dat Hy 'n besondere gestalte of taak aan die mens gegee het soos Hy met ander dinge wat Hy geskep het, gedoen het. Die mens is nòg volkome aards, nòg volkome hemels. Die mens kan tot 'n dier ontaard of hy kan na die hemel opstyg, dit hang suiwer en alleen van die mens se wil af. Die mens het die moontlikheid om te besit wat hy wil, om te wees wat hy wil."[22] Hierdie mens sou hom voortaan entoesiasties kon toewy aan die litterae humaniores van die Antieke, wat vir hom die voorbeeld en die norm geword het. Hy koester die begeerte van 'n absolute vryheid waarin die mens as indiwidu met sy intellektuele en estetiese gees vry is van die wette van die moraal. Dit is 'n hunkering na die vryheid wat eens in die Athene van Pericles[23] twee duisend jaar tevore geleef het en weer in die Florence van die Medici sou herleef.

'n Verdere wesentlike kenmerk van die Renaissance is die Italiaanse volksbesef wat tot bloei kom.[24] Die antieke nasionale gedagte het, te midde van vreemde oorheersing en politieke verskeurdheid, nooit heeltemal verdwyn nie. Die Italiaanse patriotisme word in 'n belangrike mate gestimuleer deur die onkeerbare ywer van die Humaniste om terug te keer na die Klassieke bronne. Hulle het onverpoos gesoek na manuskripte van profane en kerklike skrywers wat in

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

verskillende kloosters vergete gelê het. In die soektog spoor hulle tot hul groot vreugde onbekende tekste op van profane skrywers soos Tacitus en Plautus asook dié van kerklike skrywers soos Tertullianus en Irenaeus. Verder is die Renaissance-gees verryk deur baie Grieke wat voor die val van die Bisantynse Ryk in 1453 gevlug en na Italië verhuis het. Hulle het 'n rykdom van manuskripte met hulle daarheen saamgeneem.

Die bewussyn vir die Klassieke en die herlewing van 'n Italiaanse patriotisme is verder ook aangewakker deur die reste van die antieke boukuns en erfenis wat oral om hulle sigbaar was en deur die intelligentsia geïdentifiseer is as die vergane glorie van die Italiaanse volk. 'n Onuitblusbare begeerte ontwaak om die sierade van weleer te besit en te bewaar. Tussen 1450 en 1550 is 'n ontsaglike skat van kunswerke in Rome en omgewing opgedelf. Beramings in die verband wissel van 60 000 tot 170 000 beelde wat die plundertogte en vernietiging van Rome oorleef het. Tesame met muntstukke, medaljes en 'n menigte dokumente het hierdie antieke kunsskatte in versamelings, kabinette en musea beland wat as 't ware byna oornag oor die hele Europa ontstaan het.[25]

Die grootste en belangrikste versamelings is egter deur die ryk vorste en bourgeoisie-families opgestapel in hul paleise wat in die opkomende stadstate gesetel was. In ooreenstemming met die geestesklimaat van hul tyd versamel hulle nie alleen antikwiteite nie. Hulle gebruik ook hul mag en geldelike vermoëns om beeldende kunstenaars, digters en geleerdes aan hul howe te verbind. Deur opdragte aan hierdie kunstenaars te gee stimuleer hulle die eietydse kunste en navorsing. So is dit byvoorbeeld bekend dat Michelangelo onder leiding van 'n Humanis soos Politianus, 'n studie van oudhede gemaak het om talle van sy opdragte te voltooi.[26] In Florence, waar die suiwerste uitdrukking van die Renaissance-gees gevind word, was die politieke mag in die hande van die familie De Medici wat hul mag en rykdom ook te danke gehad het aan die ekonomiese bloei wat deur die Kruistogte veroorsaak is en 'n lewendige handelsverkeer met Europa en die Nabye Ooste geskep het. Nadat hul mag onder Cosimo (1389 - 1464) gevestig is, het dit roemryk onder Lorenzo de Medici (1448 - 1492), wat deur sy tydgenote met die aanspreekvorm "Il Magnifico" vereer is, uitgegroei tot die hoogtepunt van die Italiaanse kunslewe en middelpunt van die Humanisme en die Renaissance. Hy versamel egter nie slegs objets d'art van sy tyd nie. Ook die versameling van manuskripte van die Klassieke outeurs wat reeds deur die geestelike vader van die Humanisme,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die digter en geleerde Francesco Petrarca (1304 - 1374) begin is, vind in Lorenzo sy hoogtepunt.

Hierdie versameling van Lorenzo wat ook sy edelstene insluit, staan bekend as "museo dei codici e cimeli artisci". Met die benaming "museo" is teruggegryp na die Griekse "mouseion" wat in die derde eeu v C in Alexandrië floreer het as 'n akademie vir wetenskap en navorsing. Alhoewel hierdie instelling ook nie 'n museum in die moderne sin van die woord was nie, is die gees van studie en navorsing wat daarin beliggaam is, op die "museo" oorgeplant. Voortaan sou die term "museo" of "museum" algemeen gebruik word. Beide Leonardo da Vinci en Michelangelo maak in die pallazzo van Lorenzo op die Via Larga kennis met die beroemde beeldhouers, digters en skilders van hul tyd. Met die dood van Lorenzo in 1492 het hy 'n magtige versameling byeengebring waarin kuns, kultuurgeskiedenis en natuurhistorie elk sy regmatige plek gevind het.[27] Hier lê die wortels van die ensiklopediese versamelings wat in die daaropvolgende eeue dwarsdeur die wêreld ontstaan het.

v Die Moderne Tyd

Die nadruklike belangstelling van die Renaissance-mens in die mens en sy leefwêreld het ook 'n verhoogde belangstelling in die natuurwetenskappe en die ontwikkeling van die tegniek tot gevolg gehad.[28] Een van die uitvloeisels daarvan is dat die era van die ontdekkingsreise betree is wat lei tot die oopstelling van die sogenaamde "Nuwe Wêreld". Die kennismaking met die ongerepte natuur en primitiewe volkere met hul wapentuig, gebruiksvoorwerpe, kledingstukke en vreemde lewenswyse het 'n nuwe versamelingswoede soos 'n veldbrand deur Europa versprei. Die reeds bestaande ensiklopediese versamelings is ruimskoots verryk deur hierdie rustelose drang tot ondersoek en die groeiende rykdom van verskillende wêrelddele wat hul weg na Europa gevind het.

Dit is begryplik dat hierdie toedrag van sake geleidelik 'n behoefte by versamelaars laat ontstaan het om hul uitgebreide versamelings te orden en sinvol in te rig. Dit gee aanleiding tot die verskyning van die eerste handboeke oor musea wat ywerig deur versamelaars gelees is. In dié verband was dit veral die twee medici, Ulisse Adrovandi van Bologna en die Vlaming Samuel von Quicchelberg, wat baanbrekerswerk verrig het. Laasgenoemde betoog in 1565 dat die museum 'n beeld van die ganse skepping behoort te vertoon deurdat die inhoud daarvan in gesistematiseerde vorm alle skeppings=

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

verskynsels behoort te verteenwoordig.[29] Die eerste "Society of Antiquaries" word in 1572 opgerig met die doel "to separate falsehood from truth and tradition from evidence" en om die geskiedenis te suiwer van die "sagacity of modern criticism".[30] Byna tweehonderd jaar later, in 1727, verskyn die belangrike en bekende werk van Caspar F Neickelius, "Museographia". Hy behandel die probleme van versameling, bewaring, reëling van die temperatuur en klassifikasie van voorwerpe. Hy deel voorwerpe in onder "naturalia" en "curiosa artificalia". Dit is trouens die indelingstelsel wat die meeste versamelaars van die sestiende tot die agtiende eeu volg. Die "naturalia" het bestaan uit voortbrengsels uit die diere- en planteryk asook delfstowwe. Die "curiosa artificalia" het hoofsaaklik bestaan uit meganiese toestelle, musiekinstrumente, kunswerke en sonderlinge voortbrengsels uit verre vreemde lande.[31]

Soos verwag kon word, sou die voortgesette belangstelling in die beoefening van die natuurwetenskappe wat in die Renaissance 'n aanvang geneem en sy hoogtepunt in die Wetenskaplike Rewolusie van die sewentiende en agtiende eeu bereik het, ook daartoe lei dat versamelings by universiteite byeengebring word. Dit sou immers 'n waardevolle rol kon speel in die onderrig van studente. Dit het byvoorbeeld gebeur aan die Universiteit van Leiden in Nederland wat op 8 Februarie 1575 geopen is. 'n "Theatrum Anatomicum" word in 1593 daar geopen. Benewens die anatomiese versameling het die Theatrum ook 'n uitgebreide versameling kultuurvoorwerpe onder andere van Egipte, Sjina en Siam. Baie waarde is daaraan geheg want "dit alles zou er veel toe bijdragen om de zeden der Oudheid te leren kennen".[32]

'n Tweede versameling wat aan 'n universiteit verbind kan word, word in Engeland aangetref. Dit is naamlik die Ashmolean Museum in Oxford wat 'n groot versameling "ethnographica" en "naturalia" bevat het wat vroeër aan John Tradescant (oorlede 1638) en Elias Ashmole (1617 - 1692) behoort het. Die museum is in 1683 geopen en was vir die gemeenskap toeganklik.[33]

Een van die beroemdste van hierdie vroegste versamelings van die sewentiende en agtiende eeu wat as voorlopers van die moderne museum gesien kan word, is dié van sir Hans Sloane in Engeland. Dit is juis uit sy erflating aan die Engelse volk waaruit die eerste amptelike museum, naamlik die Britse Museum in Londen, voortspruit. Die Britse parlement besluit in 1753 om £20 000 aan

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

sy erfgename te betaal en die verantwoordelikheid te aanvaar om 'n museum op te rig. 'n Unieke versameling word in 1759 op 'n beperkte skaal vir die publiek oopgestel.[34]

In teenstelling met die ontstaan van die Britse Museum het die eerste openbare musea op die vasteland van Europa voortgespruit uit koninklike hofversamelings. In die onstuimige tye van opstand en ontevredenheid van die massas, ontstaan die neiging by die adel om op uiters beperkte wyse meer voorregte te deel met minderbevoorregtes. Die Franse versameling wat uiteindelik in die Louvre byeengebring sou word, word reeds van 1750 tot 1779 in die Luxembourg aan belangstellendes vertoon. Die Louvre is in 1793 vir die gemeenskap oopgestel.[35]

Een van die vrugte van die Franse Rewolusie was dat die proses om privaat= versamelings in 'n toenemende mate vir die publiek oop te stel, versnel is. Die slagkreet van die Rewolusie was immers die gelykheid van alle burgers. Die ganse samelewing en al sy instellings is ingrypend omvorm en verander om die filosofie wat deur die Rewolusie gedra is, tot gestalte te laat kom. In die nuwe samelewing was daar nie ruimte vir versamelings wat slegs vir die elite gereserveer word nie. Die museum is ook vrygemaak van sy eeue-oue hebsug en selfsugtige versamelingsdrang. Die besittings van vorste en die "ancien regime" het openbare besit geword wat gaandeweg uitgroei tot nasionale besit, die trots van die ganse volk. Die Museo del Prado in Madrid kom in 1819 tot stand,[36] terwyl in 1852 die Hermitage een van die laaste koninklike versamelings is wat aan die publiek oopgestel word. Onder die regering van Nicholas I, van 1825 tot 1855 tsaar van Rusland, is die publiek onder streng voorwaardes toegelaat in die museumgebou wat van 1840 tot 1849 opgerig is.[37]

In eertydse paleise en vorstelike verblyfplase is die skatte uitgestal en sommige lande het ook geboue begin oprig wat waardig moes wees om die nasionale prestige-versamelings te huisves en aan die wêreld te vertoon. Van die eerste museumgeboue wat vir dié besondere doel opgerig is, is die Altes Museum in Berlyn, ontwerp deur die argitek Karl Friederich Schinkel. Met die opening van die museum in 1830 was dit reeds te klein om die bestaande versameling te huisves.[38] In 1847 word die hoofgebou van die Britse Museum voltooi,[39] en in 1885 die Rijksmuseum wat sedert 1876 beplan is deur die Nederlandse argitek, dr P J H Cuypers.[40]

Die moderne museum is gebore!

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Die nuwe fenomeen het die negentiende-eeuse mens se verbeelding aangegryp. Oral in Europa het honderdduisende mense na musea gestroom om kunsskatte, kultuurhistoriese erfenisse en wonders uit die diere-, plante- en mineraleryk te betrag, wat voorheen alleen vir die bevoorregte elite beskore was. Die belangstelling word verder ook geprikkel deur die verskillende wêreldtentoonstellings wat in groot stede aangebied is. As die Great Exhibition in die Crystal Palace, Hyde Park in Londen, sy hekke op 11 Oktober 1851 sluit, toon die amptelike statistiek dat meer as ses miljoen mense in vyf maande die uitstalling besoek het.[41] Byna elke tentoonstelling lei tot die totstandkoming van nog 'n formidabele museum wat voorwerpe voortaan permanent sou uitstal. Die Crystal Palace-uitstalling loop juis uit op die vestiging van die "Victoria and Albert Museum".[42] Dit veroorsaak 'n hele deining wat uitgroei in 'n soort kompetisiegees tussen volkere om die pronkstukke, meesterwerke en "museum pieces" wat vanweë hul estetiese en historiese waarde versamel is, uit te stal.

Die museum word ook nie beperk tot net die kuns, geskiedenis en natuur= wetenskappe nie. Met die Crystal Palace-uitstalling het dit ook die terrein van die industrie betree. Nywerheidskuns vorm 'n belangrike deel van die versameling en dien ook die doel om kunshandwerkers, nywerheidsfabrikante en studente te inspireer en te voorsien van voorbeelde wat tot die hoogste kwaliteit sou aanspoor.[43]

Die byna onbeskryflike erfenis van Europese musea wat deur die eeue in versamelings opgegaar is, het ook baie vrae na vore gedring wat voorheen nie ter sake was nie. Musea was nou immers nie meer die liefhebberye van vermoënde vorste of belangstellendes wat uit eie vermoë in ledige ure hul tyd met versameling verwyl het nie.[44] Dit was nou openbare instellings wat afhanklik was van staatsgeld en blootgestel aan die openbare mening. En juis daarom het die gees van die tyd vir die eerste keer werklik indringend sy invloed op die museum laat geld. Wat moes byvoorbeeld die beleid voortaan wees ten opsigte van versameling? Alles versamel waarop die hand gelê kon word? En hoe moes die ontsaglike versamelings wat in vertoonlokale en pakkamers opgestapel lê, gekatalogiseer en toeganklik gestel word? Watter maatreëls moes getref word dat die voorwerpe nie deur stof, vogtigheid en insekte vernietig raak nie? En miskien die dringendste vraag: Hoe moes die publiek gehanteer word wat geduldig in lang rye voor musea gestaan en wag het vir hul beurt om die sale te betree? Daar was egter geen kitsoplossing vir al

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

dié probleme nie en sommige daarvan sou eers in die loop van die twintigste eeu indringende aandag ontvang. Dit geld veral die probleem oor die rol wat die besoeker en belangstellende in die museum moet speel en daarteenoor die taak van die museum in die gemeenskap. Die wetenskaplike denkarbeid van die twintigste eeu het in dié verband 'n ingrypende wysiging in die hand gewerk.

B Opelugmusea: die ontstaan

Maar die museum was geen statiese instelling nie. In die loop van die negentiende eeu het betekenisvolle ontwikkelings hul verskyning in musea gemaak. So het byvoorbeeld 'n nuwe belangstelling van die kultuurhistoriese museum in die volkskultuur aanleiding gegee tot die geboorte van 'n dinamiese nuwe fenomeen: die opelugmuseum. Hierdie gebeure verteenwoordig onteenseglik die betekenisvolste ontwikkeling in die kultuurhistoriese museum die afgelope eeu.

i Faktore wat 'n aanleidende rol gespeel het

a Die belangstelling van die museum in die volkskultuur

Die belangstelling in die volkskultuur staan in skrille teenstelling met dit wat tot die middel van die vorige eeu in kultuurhistoriese musea gebeur het. Die versamelings wat deur die eeue tot stand gekom het en in kultuurhistoriese musea opgeneem is, is gekenmerk deur die feit dat die voorwerpe beperk was tot die mooiste en kosbaarste voorbeelde van vorstelike weelde soos wat dit in die "opperkultuur" neerslag gevind het. In die reël was dit 'n weerspieëling van die kultuurperiodes soos die Renaissance, die Barok en die Rococo. Uit die aard van die saak was dit 'n eensydige beeldvorming en geen lewensgetroue wetenskaplike weergawe van die totale kultuurlewe en verlede nie. Die volkskultuur, wat sedert die Renaissance in 'n toenemende mate van die "opperkultuur" geskei is, het geheel en al ontbreek en is op geen wyse tentoongestel nie.[45]

Hierin kom daar geleidelik verandering. Voorwerpe wat voortaan ook hul weg na musea vind, word nie juis vanweë hul estetiese, historiese en intrinsieke waarde versamel nie. Dit is voorwerpe wat uit die eenvoudige leefwêreld van die gewone volksmens afkomstig is. Agter glaswande en in vertoonlokale was slaapkamers, kombuise en woonvertrekke met meubels, werktuie en kleredrag

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

uitgestal. In musea en internasionale tentoonstellings is selfs verder gegaan en huise ingerig om die kunsmatige effek van woonkamers agter glaswande te bekamp[46]. 'n Tipiese voorbeeld van hierdie pogings is die "Boerewoning" uit Suid-Afrika wat in 1900 op die Wêreldtentoonstelling in Parys opgerig is. Die meubels in die verskillende kamers was almal afkomstig uit Suid-Afrika. Dit was 'n poging om die leefwêreld van 'n Transvaalse Boer te herskep.[47] Dit spreek byna vanself dat dit, museumkundig gesien, 'n logiese stap sou wees om hierdie huise buite die museum in die vrye natuur op te rig om daarmee die leefwêreld meer konkreet uit te beeld. En dit is presies wat gebeur het.

b Die Romantiek

As mens net die ontwikkelingsgeskiedenis van die museum-fenomeen sou nagaan - sonder inagneming van die heersende geestestrominge en die algemene kultuurgeskiedenis - sou dit uitloop op 'n eensydige beskouing. Dit sou selfs kon voorkom of daar 'n anomalie is in die latere ontwikkeling. Indien alle omliggende faktore egter in perspektief gebring word, blyk dit dat die nuwere ontwikkeling byna vanselfsprekend was.

'n Geestestroming wat groot invloed uitgeoefen het is die Romantiek wat veral in die negentiende eeu gangbaar was. Die Romantiek was 'n reaksie teen die barre rasionalisme van die voorafgaande Aufklärung wat so 'n hoë premie geplaas het op die onbegrensde moontlikheid van die menslike ratio.[48] 'n Verdere aspek van hierdie geestestroming is die sterk historiese gerigtheid wat lei tot die ontdekking van die eie nasionale geskiedenis waarin die eie volk op die voorgrond kom. Die geskiedenis bied 'n vorm van ontvlugting waarin krag en besieling geput word vir die toekoms. Dit is juis dié bewuswording van die waarde van die nasionale kultuur wat die oog vir die museum as kulturele instelling open. Daarin kon die trots van die volk en sy grootse verlede sigbaar weerspieël en beleef word soos op geen ander plek in die samelewing nie. Die internasionale tentoonstellings soos dié in Londen (1851), Parys (1855), Kopenhagen (1879) en Amsterdam (1881)[49] en nasionale musea[50] wat oral verrys het, word dan juis die uitstalvenster om die eie trots en prestige aan burger en vreemdeling te projekteer. Die magtige invloed van die museum om hierdie nasionale verlede, trots en vaderlandsliefde aan te wakker, word nêrens beter besef en aangewend nie as juis in Duitsland.[51] Dit lei uiteindelik tot die oprigting van "Heimatmuseen" in elke streek om te dien as sentra vir die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

algemene opvoeding van die volk. Dit was so effektief dat in die jare tussen die twee Wêreldoorloë meer as twee duisend van hierdie musea opgerig is wat kon dien as 'n "Spiegel deutscher Kultur" waarin elke Duitser homself en sy afkoms kon besigtig om sy taak en sy toekoms te bepaal.

'n Verdere komponent van die Romantiek wat in noue verband met die historisme staan, is die opkoms van die negentiende-eeuse nasionalisme wat ewe-eens 'n besondere invloed op musea en veral die ontstaan van opelugmusea uitgeoefen het. Die gedagte wat in die geestesklimaat van die agtiende-eeuse Aufklärung leef: dat die mensheid 'n eenheid vorm en dat daar van 'n mensheidsgeskiedenis gepraat kan word, word ingrypend weerspreek deur onder andere Jean-Jacques Rousseau (1712 - 1778), Johann Gottfried von Herder (1744 - 1803) en Giuseppe Mazzini (1805 - 1872). Die gedagte kom nou sterk na vore dat die mens in historiese perspektief geen eenheid vertoon nie en dat daar ook geen sprake kan wees van 'n mensheidsgeskiedenis nie. Volgens Herder het elke gemeenskap van mense wat 'n gemeenskaplike taal praat, 'n unieke "Geist" wat op unieke wyse ontwikkel moet word. Die nasionale kultuur moet sy inspirasie put uit die eie volk om sy uniekheid te bewaar. Die faktore wat dié uniekheid van elke volk bepaal, word ook geïdentifiseer: die geskiedenis, die tradisie, taal, kultuur, lewensbeskouing en die godsdiens. Só groei die nasionalisme wat die eie volk in die middelpunt plaas.[52] Uit die aard van die saak het hierdie gedagtegang die museum as 'n handige instrument geag om sy doeleindes te bevorder.

c Die ontstaan van die Volkskunde as wetenskap

Die Romantiek ken ook 'n belangrike rol toe aan die taal. "Language was believed to be the most vital criterion of national uniqueness."[53] Met groot ywer het Romantici hierdie uniekheid in elke volk se nasionale oorsprong en tradisies nagevors om die uniekheid van verskillende kulture aan te dui. Dit lei tot 'n indrukwekkende navorsing in die filologie. Hierdie navorsing was in die besonder gerig op die landelike bevolking en boeregemeenskap aangesien hulle oënskynlik die minste deur die ontwikkeling van die eie tyd aangetas is.[54] Die eerste van hierdie pogings om die unieke geskiedenisse van volke te skrywe, die volkskarakter te bepaal en belangstelling in die tradisionele kleredrag en kunstig versierde huisraad te toon, dateer uit die tyd van die Humanisme.[55] James Macpherson (1736 - 1796) se "Tales of Ossian" het reeds in 1760 verskyn,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

waarin hy die oorlewerings van die boerebevolking opteken. Thomas Percy (1729 - 1811) het Engelse volksliedere versamel en in 1765 'n bundel "Reliques of Ancient English Poetry" gepubliseer.[56]

Dit was egter veral die Duitse Romantici wat in navolging van Johann Gottfried von Herder ongekende hoogtes bereik het. Herder was 'n bewonderaar van alle volkspoësie. Alhoewel hyself geen oorspronklike poësie geskryf het nie, het sy "Stimmen der Völker in Liedern" (1778) invloed uitgeoefen op ander skrywers en digters - onder andere op Johann Wolfgang von Goethe (1749 - 1832), een van die grootste skrywers en digters in die geskiedenis van die Duitse literatuur. Dan was daar Ludwig Joachim von Arnim (1781 - 1831) en Clemens Brentano (1778 - 1842) wat ywerig volkspoësie, sages en sprokies versamel en uit die volksmond opteken. Hulle gee ongeveer seshonderd Duitse volksliedere in vrye verwerking uit onder die titel "Des Knaben Wunderhorn" (1805 - 1808).

Die Volkskunde, 'n naam wat vir die eerste keer in laasgenoemde werk verskyn, word egter deur die Germaanse navorsing van Jacob en Wilhelm Grimm as wetenskap gevestig. Veral Jacob (1785 - 1863) wat in 1812 sy "Kinder- und Hausmärchen" publiseer, slaag op 'n besondere wyse daarin om die eienaardighede en unieke uitinge van die volk aan die lig te bring. Hy word diep ontroer deur die eenvoud van die sprokies, sages en legendes wat hy onder die boerebevolking aantref en opteken. Vir hom is dit belangrike getuienisse van 'n beskawingsvorm wat reeds eeue lank agter die rug lê. En daarmee het hy ook die sleutel gevind om die oudste verlede van die "deutschen Nationalgeist" te ontbloot.[58]

Hierdie belangstelling in die volksoorleweringe brei uit na Engeland, Frankryk, Skandinawië en die Slawiese volkere. Dit bly egter nie beperk tot mondelinge oorleweringe nie. Die Volkskunde se belangstelling brei mettergaan uit om alle lewensuitinge van volkere te bestudeer, met inbegrip van boerewonings, gebruiksvoorwerpe, kleredrag, werktuie en so meer. In Engeland neem John Thoms die voortou deur 'n oproep te rig tot sy landgenote om die voorbeeld van die gebroeders Grimm na te volg en volksoorleweringe te bestudeer. Hierdie oproep verskyn in die Londense weekblad The Athenaeum van 22 Augustus 1846, onder die opskrif "Folklore". Die reaksie was baie gunstig, maar eers op 19 Desember 1877 hou "The Folklore Society" sy eerste vergadering om die bestudering van "Folklore" op vaste bane te plaas.[59]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Die term "Folklore" is egter nie slegs tot Engeland beperk nie. Dit het ook in Nederland inslag gevind. In 1887 skryf L Knappert sy proefskrif met die titel "De betekenis van de wetenschap van het Folklore voor de godsdienst-geschiedenis getoets aan de Holda-mythen", waarin hy dié term die eerste keer gebruik. In Duitsland word die term "Volkskunde" gebruik en in Frankryk "arts et traditions populaires".[60]

Hierdie wetenskaplike ondersoek het ongetwyfeld 'n belangrike bydrae daartoe gelewer dat die volkskultuur in musea tereggekom en die opelugmuseum uiteindelik tot stand gekom het.

d Die Industriële Rewolusie

Die belangstelling wat tydens die era van die Romantiek vir die volkskultuur gewek is deur 'n nostalgiese verlange en heimwee na 'n rustige landelike lewe te skep en wat verder deur die beoefening van die Volkskunde as wetenskap gestimuleer is, is ook deur 'n ander ontwikkeling verskerp. Dit geskied deur die bedreiging wat die Industriële Rewolusie vir die volkskultuur ingehou het.[61] Die gebruik van stoomkrag en die meganisasie van industrieë wat aanvanklik na 1750 in Engeland plaasvind en later in alle lande van Europa baie handearbeid vervang, het nie alleen ingrypende verandering in die produksieproses teweeggebring nie, maar ook die sosiale struktuur indringend verander. Huisbedrywe en ander ambagte wat eeue lank beoefen is, verdwyn langsaam omdat dit nie met moderne tegnieke kan meeding nie. Tradisionele boerewonings en plase word deur noodsaaklike uitbreidings van fabrieke en woonbuurte verswelg. En selfs die geboue verander geleidelik. Kortom, die tradisionele woonwyse en leefwêreld wat vir soveel eeue deel van die alledaagse lewe van die volkere van Europa was, was stadig besig om te wyk voor die nuwe wat die Industriële Rewolusie gebring het.[62] Skielik is besef dat dit nie maar net 'n tydsgees of gier is nie maar dat die veranderings wat intree, die oue onherroeplik vernietig. Dwarsdeur Europa sou mense ywerig pogings aanwend om tog iets van hierdie verlede te bewaar. Die kultuurhistoriese museum was die aangewese bondgenoot in dié stryd.

ii Artur Hazelius (1833 - 1901) in Swede

Die resultate van die navorsing van die Duitse Romantici het wyd uitgekring ver buite die grense van hul eie vaderland. In die meeste lande van Europa het die belangstelling in die oorleweringe van die eie volk teen 1850 sterk ontwaak.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Van Noorweë tot Italië, van Frankryk tot Rusland was geesdriftige manne besig om in die beste tradisie van Herder, die Grimms, Alexander von Humboldt, Wolf, Lachmann en andere die lank verwaarloosde oes in te samel. Oral word tydskrifte opgerig om belangstelling by die breë lae van die bevolking te wek, en wetenskaplike verenigings gestig om navorsing te bevorder.[63]

Dit alles gebeur ook in die Skandinawiese lande, met dié verskil dat dáár iets nuuts tot stand kom. Dit was, soos later ook dikwels elders gebeur het, hoof= saaklik toe te skryf aan die moeitevolle arbeid van 'n indiwidu.

In Swede tref ons vir Artur Hazelius (1833 - 1901) aan. Hy verdien die onderskeiding dat hy beskou word as die stigter van die wêreld se eerste opelugmuseum.

Dr. Artur Hazelius is op 30 November 1833 te Stockholm gebore. Hy was 'n kind van sy tyd, 'n Romantikus met 'n diepgewortelde liefde vir sy vaderland en die kultuurgeskiedenis van sy mense. In hom brand ook 'n hardnekkige hunkering na die natuur en die buitelewe. Dit was juis hierdie liefde vir die natuur wat aanleiding gee tot 'n beslissende wending in sy lewensideaal. Met die rugsak op die rug deurkruis hy die ryk landstreek wat tussen die Schoonen en Norrbotten geleë is en stap die ganse Dalecardië deur. Dit is veral die reis wat hy in die herfs van 1871 en die somer van 1872 deur die land onderneem, wat 'n onherroeplike indruk op hom gemaak het. Hy vertoef tussen gewone boeremense en word oorweldig deur die prag van die tradisionele kleredrag en ryk kultuurlewe. Hy bewonder die huise, meubels en werktuie van die boere en leer ontsaglik veel van hul lewensgewoontes. Dit is juis in hierdie tyd dat die vrees in hom begin knaag dat alles wat hy met soveel deernis betrag, spoedig mag verdwyn. Die moderne tyd met sy voortuitgang gebring deur spoorweë, paaie, telegraafpale en skole, sou alles ingrypend verander. Daarvan was daar reeds genoeg bewyse elders waar die proses sy tol begin eis het.[64]

Vir Hazelius was alles ineens baie duidelik. As hy self 'n reddingspoging wou aanpak, sou hy dadelik moes begin om 'n studie te maak van elke aspek van die kultuur wat hier nog betreklik ongeskonde bestaan het. Maar van die begin af besef hy dat hy alleen daarin kon slaag om die siel van hierdie mense bloot te lê as hy oor genoegsame kennis beskik van hul leefwêreld. Daarom sou hy elke aspek van hul daaglikse lewe noukeurig moes bestudeer,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

soos hul kleredrag, die inrigting van hul wonings, boerderymetodes, ambagte en boutegnieke. In November 1872 vertrek hy na Södermanland om met sy navorsing te begin.[65]

Hazelius was 'n onvermoeide werker wat nie berus het in teenslae en teenkanting nie. Daarvan getuig die feit dat hy reeds op 24 Oktober 1873 die eerste pawiljoen van sy pas gestigte Nordiska Museet open. Hy was toe maar veertig jaar oud.[66] Teen 1880 moes 'n nuwe gebou beplan word as gevolg van die vinnige uitbreiding van sy versameling. Van hierdie poging skryf hy: "Dit is my vaste oortuiging dat hierdie jong stigting eenmaal 'n groot etnografiese en kultuurhistoriese museum sal word. Want dit sal die algemene belangstelling opwek vir huise en kleredrag ensovoorts uit Ou Swede. Die hele Sweedse volkslewe sal daarin tentoongestel word en mense sal 'n indruk kry van die wese, die gemoedslewe en die sedes van ons volk."[67]

In die Nordiska Museet het Hazelius interieurs van kamers van boerewonings ingerig wat spoedig wêreldwye erkenning geniet het - veral ook vanweë die feit dat hierdie kamers in 1878 tydens die Internasionale Tentoonstelling in Parys groot bewondering ontlok het.[68] By dié geleentheid het ook die Nederlandse insending van 'n Hindeloopenkamer en interieur 'n geesdriftige ontvangs geniet. Hierdie kamers het baie daartoe bygedra dat die sogenaamde "Struben-periode" 'n populêre plek in musea verower het.

Nieteenstaande die aanvanklike sukses wat Hazelius met sy uitstallings behaal het, moes hy tog die leemte en beperking van die konvensionele uitstalling, naamlik drie wande agter 'n glasvenster, aangevoel het. Die begeerte was immers om voorwerpe in funksionele verband ten toon te stel sonder die geringste sweem van kunsmatigheid. In die groot museumgebou was dit egter net nie moontlik om die realiteit tot sy reg te laat kom nie. "Zo leerde men inzien, dat men in een of andere museumboerenkamer alleen detail= indrukken kreeg en dat men geheele boerenhuizen met pronk-, huis-, en slaapkamers, stallen en schuren als museums moest inrichten, waarbij uiterlijk en inhoud harmonisch samenstemmen, het huis niet alleen het middel is om die museumvoorwerpen te conserveren, doch gelijkelijk doel mag heeten, als typisch verteenwoordiger van een of ander locale bouwtraditie."[69]

Van 1880 af begin Hazelius dan ook die moontlikheid ondersoek om sekere

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

betekenisvolle geboue uit landelike omgewings, vanweë hul wetenskaplike waarde, oor te plaas na 'n geskikte omgewing.[70] Die terrein van sy keuse is geleë op die eiland Djugärden. Hier op Skansen, 'n naam wat daarop dui dat daar vroeër 'n vesting gestaan het, het Artur Hazelius sy opelugmuseum opgerig. In 1885 het hy die beroemde woonhuis Mora-hof aangekoop en in 1891 herbou. Op 11 Oktober 1891 word die eerste amptelike opelugmuseum ter wêreld formeel geopen. Tot met sy dood op 27 Mei 1901 het hy met onvermoeide ywer plaashuise van verskillende groottes uit die veertiende eeu en later, herehuise, skilderagtige houtkloktorings en 'n kerk uit 1729 na die terrein oorgeplaas. Selfs 'n "Stadkvateret" of stadsgedeelte met tipiese geboue, huise, strate en werkswinkels, 'n apteek, kruidenierswinkel en 'n broodbakkery is herbou om die besige stadslewe van 'n eeu tevore lewendig en eg voor te stel. Die mense wat daarin besig is om die bedrywe en tuisnywerhede van ouds te beoefen, maak die skouspel nog meer realisties. Verskillende feeste word nou nog in Skansen gehou. Dit het reeds die uitwerking dat dié feeste tans ook elders in die land weer gevier word. Dit is trouens ook die geval met volksdanse uit verskillende streke.[71]

Met die stigting van Skansen is die lewenstaak van dr Artur Hazelius voltooi. Hy het op 'n merkwaardige wyse daarin geslaag om 'n spieëlbeeld van 'n kultuurgeskiedenis vir 'n nageslag te skep wat dit andersins nooit sou kon beleef nie. Hy het egter nie alleen sy eie volk hierin verryk nie, maar vir ander 'n voorbeeld gestel wat ook inderdaad nagevolg is.

iii Bernard Olsen in Denemarke

Terwyl Hazelius in Swede besig was om pionierswerk te verrig, was twee ander tydgenote van hom ook besig om in hul onderskeie lande gestalte te gee aan die nuwe museumtipe. Die eerste van dié twee was Bernard Olsen. Hy was die stigter van beide die Dask Folkemuseet te Kopenhagen wat in 1885 vir die publiek oopgestel is, asook die eerste opelugmuseum van Denemarke. Olsen was een van die duisende mense wat in 1878 die Internasionale Tentoonstelling te Parys bygewoon het en geïmponeer is deur die uitstalling van die Nordiska Museet en die Hindeloopenkamer. Die Deense "Frilandsmuseet" verrys aanvanklik in 'n park in Kopenhagen in 1897 maar word later verskuif na 'n groter terrein buite die stad, naamlik na Lyngby, Sorgenfri. Dié museum word in 1901 geopen en ontwikkel inderdaad in een van Skandinawië se mooiste opelugmusea.[72]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Stavekirke in Maihaugen, Lillehammer.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

iv Anders Sandvig (1862 - 1950) in Noorweë

Nog 'n tydgenoot wat voortreflike baanbrekerswerk verrig het, was Anders Sandvig (1862 - 1950), 'n tandarts uit Lillehammer in Noorweë. Hy voltooi sy studie in Berlyn maar is genoodsaak om weens swak gesondheid na die binneland te verhuis. Hy vestig hom in Lillehammer. Tydens reise oorsee in die tagtigerjare van die vorige eeu, merk hy ook hoe die industriële ontwikkeling in die meeste lande soos 'n vloedgolf die volkskultuur wegvee. Dit bring hom tot die besef dat dit ook spoedig die geval sal wees in die afgesonderde dele van Noorweë waar hy woonagtig is. Vanaf 1887 begin hy om stelselmatig elke ding te versamel waarop hy die hand kon lê. Op sy besoeke aan sy pasiënte, veral by die boere uit die nabygeleë Gudbrandsdal, ontglip niks sy aandag nie. Dikwels het hy voorwerpe van dié mense ontvang as betaling vir mediese dienste gelewer. Só versamel hy letterlik duisende voorwerpe uit die daaglikse volkslewe wat hy in sy tuin ten toon stel en graag aan besoekers toon. Teen 1904 is sy versameling wat aangegroei het tot 30 000 voorwerpe en 100 geboue, aan 'n vereniging oorgedra en na Maihaugen by Lillehammer oorgeplaas en opgerig.[73]

Dit is insiggewend om te let op die doelstelling wat Sandvig vir die stigting gestel het, aangesien dit insae bied in die gedagtewêreld van hierdie vroeë pioniers. Hy stel dit só: "In my opinion Maihaugen should be a collection of homes, where it is possible to come close to the people who lived in them, to learn to know their way of life, their tastes, and their work. A home in its form and equipment provides a picture of the people who lived in it and in the old manor farms not only are the individuals reflected, but the family itself, generation upon generation. But my aim is not merely to preserve a haphazard collection of old houses. No, I would like to include the whole parish as a complete entity, in my great picturebook. Not only the manor farm with its many buildings, and its family heirlooms, but also the homes of the small farmers and the crofters, the crafsman's cottage up the hill and the outfarm deep in the forest. And the old parish church will peal its chime of bells in memory of bygone generations."[74]

Hier het ons weer 'n Romantikus in die negentiende-eeuse tradisie aan die woord. 'n Romantikus soos trouens al hierdie pionierstigters van opelugmusea inderdaad was en waarvan die woorde en dade van Sandvig 'n goeie voorbeeld is. Hierdie manne is aangevuur deur 'n opregte liefde vir die volkseie en 'n

1658591
1244411

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

pynlike bewustheid van die feit dat die voortstuwende ekonomiese en industriële omwenteling besig is om die ou-wêreld waaraan hulle só verknog geraak het, te verteer. Daaruit spruit die nostalgiese verlange om iets van hierdie dinge wat vir hulle mooi en waardevol is, in 'n "prenteboek" in te plak sodat die idilliese landelike lewe en "goeie ou dae" na willekeur weer en weer "deurgeblaai" en geniet kan word. Dit is in 'n sekere opsig niks anders nie as 'n begeerte om te ontvlug na 'n vervloë tyd en 'n verbygegane geslag vir wie daar in die nuwe tyd nie meer bestaansruimte is nie.

Hierdie emosionele belewing van die verlede en die kulturele erfenis verander egter niks aan die feit dat hulle voortreflike baanbrekerswerk van hoë wetenskaplike waarde verrig het nie. Dit is egter wel so dat hulle geneig was om elke struktuur as 'n selfstandige eenheid te beskou sonder om rekening te hou met die "ganzheitliche" voorstellingswyse wat eers etlike dekades later nagestreef is. Die woorde van Sandvig wat aangehaal is, dui egter daarop dat dié tekortkoming van hierdie eerste fase wel deeglik besef is en dat hy minstens daarna gestrewe het om die totale leefwêreld te weerspieël. In uitstallings leef ook die oortuiging dat 'n voorwerp eers tot sy volle reg kom indien dit in funksionele of natuurlike verband ten toon gestel word. Dáárin is 'n belangrike uitgangspunt vir die toekoms vasgelê.

v Ander lofwaardige pogings

Dit sou egter nie 'n volledige beeld van die ontstaangeskiedenis van die opelugmuseum bied as volstaan word met net die bydraes van die drie pioniers Hazelius, Olsen en Sandvig nie. Alhoewel reeds gekonstateer is dat Hazelius die stigter van die eerste opelugmuseum is, moet dit tog vermeld word dat daar ook ander aansprake op hierdie eer was. Die kunshistorikus te Lund, Sön Karlin, het byvoorbeeld daarop aanspraak gemaak dat hy reeds enkele maande voordat Hazelius die terrein aangekoop het, in die openbaar betoog het vir die "paviljoen-systeem bij musea-inrigting".[75]

Dit gaan natuurlik nie hier om uitsluitsel te verkry waar en by wie die gedagte eerste ontstaan het nie. Hazelius en sy tydgenote het immers in 'n tyd geleef en gewerk toe bepaalde gedagtes in 'n besondere geestesklimaat geleef het. Dit kan dus met sekerheid aanvaar word dat daar ook ander sou wees wat gepoog het om uitdrukking te gee aan die ideale van die tyd.

Maar dit is selfs moontlik om verder terug te gaan in die geskiedenis as die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

negentiende eeu. Daar is byvoorbeeld die ywerige poging van Hadrianus wat in die Klassieke era van Rome 'n soort opelugmuseum naby Tibur noord-oos van Rome opgerig het. Hy het 'n mikrokosmos van sy ganse ryk op sy uitgestrekte landgoed laat verrys.[76] In die Renaissance was dit ook 'n algemene verskynsel om beelde in tuine op te rig. Hierdie mode het weer herleef teen die einde van die agtiende eeu, asook in die negentiende eeu onder die invloed van die Romantiek met sy hunkering na die vrye natuur.

Dit is ook bekend dat Marie Antoinette in die tuine van die Petit Trianon 'n plattelandse villa laat oprig het.

Dieselfde gebeur eweneens in Engeland waar sulke plattelandse wonings ook in parke opgerig is. Te Henbury naby Bristol is so 'n voorbeeld te sien. John Nash het dáár vir die eienaar van die Blaise Castle-landgoed, John Scandrett Harford, in 1811 die huise laat bou. Die huise wat nog bewoon word, grens aan die terrein waarom die Blaise Castle House Folk Museum opgerig is.[77] Verder moet melding gemaak word van die Switser, Charles de Bonstetten, wat teen die einde van die agtiende eeu 'n tyd lank in Denemarke vertoef het. Hy was besonder beïndruk deur 'n sestigtal beelde in die koninklike tuin te Fredensborg. Hierdie beelde het tradisionele kleredrag uit verskillende streke uitgebeeld. By aanskouing daarvan het dit by hom opgekom dat dit tog aantreklik sal wees as 'n deel van die tuin ingerig kan word "wo die Hütten der Lappländer, die Häuser von Ferroë, und die aus Rasen fest und warm gebauten grünen Wohnungen der Isländer mit dem Haus- und Landgeräth aller dieser Völkerschaften vorgestellt wären. Ein Fussteig im Wald hätte mich dann bald an eine isländische Wohnung, bald in eine finn-markische Hütte geführt. Die Zusammenstellung dieser Gegenstände würde zu vielen nützlichen Vergleichungen Anlass geben".[78]

Uit hierdie aanhaling is dit tog duidelik dat Von Bonstetten meer in die oog gehad het as om die park vir ontspanningsdoeleindes beter te benut. Die gedagte om oorspronklike geboue af te breek en weer op te rig het egter nog nie by hom posgevat nie.

Hierdie gedagte dring wel deur tot 'n welgestelde Noorweër wat in 1867 'n paar boerewonings oprig buite Christiania, die toenmalige hoofstad van Noorweë. Dit kon moontlik aan koning Oscar II (1872 - 1907) die idee gegee het om tussen die jare 1884 en 1888 die middeleeuse "Stavekirke" en enkele boerewonings

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

te verskuif na sy landgoed, die pragtige buiteverblyf Oscarhall te Bygdöy. Dit vorm die kern van die van die Norsk Folkemuseum te Oslo, wat in 1902 vir die publiek oopgestel is.[79]

In dié verband is daar ook 'n noemenswaardige poging vanuit Nederland. Enkele huise uit verskillende dele van Indonesië is spesiaal opgerig vir die Koloniale Tentoonstelling te Amsterdam in 1883. Vanaf 1885 is dit op die terrein by die Sterrewag te Leiden bewaar en staan dit bekend as die "Kampong". Tot in 1903 vorm dit 'n afdeling van die Rijks Ethnographisch Museum, maar in dié jaar word die huise deur 'n storm vernietig. In 'n sekere sin sou die "Gids voor het Rijksmuseum voor Volkenkunde", 1961, dus wel kan verklaar dat die "Kampong" "wellicht het eerste openluchtmuseum ter wereld" was.[80]

vi Die sukses van opelugmusea in die Skandinawiese lande

Die filosofie van die opelugmuseum en die neerslag daarvan in die praktyk ontwikkel hoofsaaklik in die Skandinawiese lande. Naas die musea wat reeds genoem is, het Finland in 1908 sy opelugmuseum op die eiland Fölis opgerig. In die Skandinawiese lande sou in die daaropvolgende jare letterlik honderde musea van hierdie tipe tot stand kom. In Swede alleen is meer as sewe honderd opelugmusea oor die land versprei. In 1909 het Denemarke weer die voortou geneem met 'n nuwe ontwikkeling. Tot dusver het musea hoofsaaklik gekonsentreer op die landelike kultuur met sy plaasgeboue en boerewonings. In 1909 het Peter Holm egter die inisiatief geneem om enekele dorpselemente saam te groepeer. Hy rig hierdie museum op in Aarhus, Jutland, en noem dit "Den Gamble By" (Die Ou Stad). Die pragtige ou dorpshuise langs nou straatjies, 'n markplein, waterbron, winkels en werkswinkels waarin daar gewerskaf word, slaag eweeens daarin om nog 'n faset uit die kultuurgeskiedenis lewendig te verbeeld.[81]

Die vraag ontstaan waarom hierdie museumtipe nou juis in die Skandinawiese lande so 'n dinamiese inslag gevind het. Dit kan daaraan toegeskryf word dat dáár by uitstek indiwidue was wat hulle geheel en al aan hierdie lofwaardige saak gewy het. Waarskynlik sou manne soos Hazelius en Karlin van Swede, Hans J Aall en Anders Sandvig van Noorweë, Bernhard Olsen en Peter Holm van Denemarke, en Axel Olai Heikel van Finland op enige ander plek in die wêreld dieselfde hoogtes bereik het. Maar daar is ook nog 'n heel eenvoudige praktiese verklaring vir hierdie verskynsel: die wonings en ander houtkonstruksies is gebou volgens tegniek wat "blokbou" heet, sodat dit baie makliker van die een plek

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

na 'n ander verskuif kan word as byvoorbeeld geboue van steen en klip. Dit was trouens 'n algemene verskynsel in die samelewing van hierdie omstreke dat mense destyds met huise en al getrek het. Heroprigting van hierdie konstruksies in opelugmusea was dus minder ingewikkeld - én veel goedkoper - as op ander plekke waar geboue met groot kundigheid steen vir steen of klip vir klip afgetakel moes word om dit dan weer elders op te bou.[82] Dit verklaar waarskynlik waarom van die sowat ses duisend geboue wat as gedenk= waardighede in groter of kleiner opelugmusea opgerig is, sowat 80% te vind is in Noorweë, Swede en Finland.[83] Nog 'n faktor is die feit dat die Nordiese lande in die verlede 'n sterk ontwikkelde nasionaliteitsgevoel besit het terwyl die musea in dié lande oor die algemeen 'n verligte beleid gevolg het. Hierdie faktore het ongetwyfeld baie daartoe bygedra dat die nuwe fenomeen dáár gouer inslag gevind het as elders in die wêreld.

Daarmee mag egter nie die indruk gewek word dat die pioniers op die gebied van die opelugmuseum nie voor baie probleme te staan gekom het nie. Selfs in die Skandinawiese lande is dié museumtipe nie sonder protes aanvaar nie. Baie museumkundiges was ook daar van mening dat 'n voorwerp slegs in 'n museum opgeneem mag word indien dit intrinsieke waarde besit. Só het die direkteur van die nasionale museum van Denemarke, Sophus Müller, by 'n geleentheid toe hy ingelig is oor die moontlikheid om 'n volkskundige museum te stig, opgemerk: "Rubbish is rubbish even if it's old rubbish."[84] Nieteenstaande teenkanting van hierdie aard het die opelugmuseum ongetwyfeld ongeëwenaarde belangstelling ontlok.

C Verspreiding van opelugmusea na ander lande

i Nederland

Twee dekades nadat die museale fenomeen in die Skandinawiese lande sy verskyning gemaak het, het dit ook wortel geskiet op die Vasteland van Europa. Die voorbeeld word in Nederland gestel waar die ywerige oud-artillerieoffisier, Frederic Adolphe Hoefer (1850 - 1938), sy aandag aan die saak wy. Hy ontvang die heelhartige steun van die toenmalige burgemeester van Arnhem, A J A A Baron van Heemstra. Beide Hoefer en Van Heemstra word geïnspireer deur wat reeds in Skandinawië vermag is. Na 'n gesamentlike reis daarheen in 1910 kon hulle met die voorbereiding begin. 'n Terrein langs die Schelmseweg, "De Waterberg" te Arnhem, is verkry om die museum tot

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

stand te bring. Daarna word op 24 April 1912 die vereniging "Het Nederlands Openluchtmuseum" gestig met die doelstelling om 'n studie te maak "van de beschaving der plattelandsbevolking van Nederland, zooals die zich uit in woningbouw, dorpsaanleg, kleederdracht, huisraad, werktuigen enz". Om benewens hierdie doelstelling ook te streef na "het stichten en in standhouden van een Openluchtmuseum". As gevolg van die vertraging wat die Eerste Wêreldoorlog meebring, open die museum eers op 13 Julie 1918 sy hekke vir die publiek.[85]

ii Die ganse wêreld

In die daaropvolgende ongeveer sestig jaar het opelugmusea oor die hele wêreld hul verskyning gemaak. Sommige van hierdie inrigtings het in 'n besondere mate daarin geslaag om vanweë hul wetenskaplike waarde en hul skoonheid roem te verwerf ver buite die grense van die eie land. In sy voortreflike gids waarin hy die opelugmusea van Europa bekendstel, toon Zippelius aan hoe 183 opelugmesea in 21 Europese lande tot stand gekom het.[86]

Die verspreiding is egter nie beperk tot Europa nie. So het Kanada byvoorbeeld in 1959 sy eerste opelugmuseum gekry, wat bekend staan as Upper Canada Village.[87] Maar dit is veral Amerika wat uitmunt met sy "Restoration Villages". Een van die bekendes is New-Salem State Park. Die nedersetting New-Salem wat in 1820 gestig is, beleef teen 1832 sy hoogbloei maar word in 1840 verlaat. Die later befaamde president Abraham Lincoln was ook een van die inwoners. In 1920 word 'n genootskap gestig wat die ganse dorp herstel en weer in sy oorspronklike toestand restoureer.[88] Henry Ford I het ewe-eens 'n besondere bydrae gelewer toe hy besluit het om Greenfield Village, sy geboorte= dorp, 18 km van Detroit, te restoureer. Agtiende- en negentiende-eeuse geboue is hier opgeknap om 'n pragtige beeld van "the American way of life" uit hierdie era te weerspieël. Dit was die doelstelling van die stigting om voorwerpe te versamel wat deur hulle beskou word as "the history of our people as written into things their hands made and used". Die stigting beskik ook oor 'n onoortreflike navorsingsmuseumbiblioteek en argief wat meer as veertien miljoen dokumente bevat.[89] Die kroon word egter deur Colonial Williamsburg gespan wat in die staat Virginia geleë is. Die dorp is in sy agtiende-eeuse gewaad opgetower deur die insig en inisiatief van John D Rockefeller Jr. Nie minder nie as 616 huise is van elders daarheen oorgeplaas. In die dorp waai slegs

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die Union Jack aangesien dit in die agtiende eeu Engelse gebied was. Vir hierdie vergunning moes spesiale wetgewing ingedien word.[90] In baie opsigte word die prestasie van Williamsburg nêrens in die wêreld geëwenaar nie.[91]

Die belangstelling in die opelugmuseum dwarsdeur die wêreld word baie mooi geïllustreer deur die bywoning van kongresse en simposia wat in verskillende lande gehou is. Sedert die eerste konferensie wat op inisiatief van Icom gereël is en van 5 tot 9 Julie 1957 deur 24 opelugmuseumkundiges bygewoon is, was daar verskeie ander byeenkomste soos byvoorbeeld dié te Parys in 1960, Bokrijk 1966, Roemenië 1966, Aarhus - Kiel 1970 en Helsinki 1972. Die vergadering te Bokrijk in April 1966 was 'n belangrike gebeurtenis. By dié geleentheid is besluit om 'n werksgemeenskap te stig met die naam "Arbeitsgemeinschaft europäischer Freilichtmuseen". Insiggewend is ook die presensielys van die vergadering in Roemenië wat van 7 tot 15 September 1966 gehou is. Die lande wat daar verteenwoordig was, met die aantal afgevaardigdes tussen hakies genoem, toon duidelik hoe die fenomeen reeds versprei het: Albanië (1), België (1), Brasilië (1), Bulgarye (4), die Sjinese Volksrepubliek (2), Denemarke (1), Oos-Duitsland (4), Wes-Duitsland (6), Egipte (1), Finland (1), Frankryk (2), Griekeland (1), Hongarye (1), Italië (1), Joego-Slawië (4), Kameroen (1), Nederland (1), Pole (20), Noorweë (1), Rusland (3), Tsjeggo-Slowakye (5), Turkye (1), Viëtnam (1) en Switserland (1). Altesaam dus 65 deelnemers uit 23 lande. Dit spreek vanself dat dit nie 'n volledige opgawe is van lande waar opelugmusea tot stand gekom het nie. Lande soos onder andere Wallis, die VSA en Kanada was nie teenwoordig nie.[92]

Die ontstaan, ontwikkeling en verspreiding van opelugmusea oor bykans die hele wêreld sedert die einde van die vorige eeu is een van die mees dramatiese en dinamiese gebeure in die ontwikkelingsgeskiedenis van die museumwese. Die stigter-pioniers kon dit seker nooit voorsien nie. Artur Hazelius het wel 'n groot toekoms vir sy stigting voorspel, maar hy sou skaars kon droom dat meer as twee miljoen mense jaarliks deur die hekke van sy museum sou stroom om hulle te verlustig in die vergane eeue wat deur sy toedoen lewendig en realisties voor hulle oë verbeeld word. Die twee miljoen van Skansen en die een en 'n half miljoen van Greenfield Village is nie uitsonderings nie. Op die openings= dag van Upper Canada Village het 20 000 mense die dorp besoek en reeds in die eerste jaar van sy bestaan is die miljoen-kerf bereik.[93] En dit geskied in 'n tyd waarin konvensionele musea en ander opvoedkundige inrigtings

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

dikwels behendige kunsgrepe moet toepas om die trae stroom besoekers nie te laat opdroog nie. Na bykans 'n honderd jaar het die opelugmuseum nog nie sy bekoring verloor nie. En dit geld nie slegs die museum as toeriste-aantreklikheid nie, maar veral ook as "kultuurreservaat" en navorsingsentrum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

VERWYSINGS

1 Horatius: Epistolae 11.2.55. "Die jare in hul gang berowe ons van dinge een vir een."

2 J Huizinga: De Wetenschap der Geschiedenis, bl 95.

3 A w, bl 121 - 122; P S Dreyer: Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis, bl 42 - 43.

4 Douglas A Alan: The Museum and its Functions (Museums and Monuments IX (Unesco), bl 13).

5 H de Vos: Inleiding tot de Wijsbegeerte, bl 161 - 164.

6 Th P van Baaren: Doolhof der Goden, bl 88; A de Buck: Egyptische Godsdienst (De Godsdiensten der Wereld II (red G van der Leeuw), bl 7).

7 C Blok: Doolhof of Museum, bl 6; G Ellis Burcaw: Introduction to Museum Work, bl 15; Douglas A Allan: The Museum and its Functions (Museums and Monuments IX (Unesco), bl 13); Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 3; Dillon Ripley: The Sacred Grove, bl 17 - 23.

8 Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 4. Dr Wittlin toon aan dat versamelings deur die eeue hoofsaaklik tot stand kom as gevolg van ses motiverings by versamelaars.

9 Martin Heidegger: Sein und Zeit, bl 392.

10 J Huizinga: Nederland's Geestesmerk, bl 7; Sien ook P S Dreyer: Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis, bl 15; H de Vos: Inleiding tot de Wijsbegeerte, bl 166.

11 M Magnusson: Introducing Archaeology, bl 15; C Blok: Doolhof of Museum, bl 6.

12 P H Pott: Het Museum als Sociaal-culturele Instelling, bl 7; Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 75.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

13 Plinius: Historia Naturalis XXXV.11.10.

14 A w, XXXV.9.26.

15 H Brugmans: De Middeleeuwen, bl 95; K Sneyders de Vogel: De Cultuur der Middeleeuwen (Hoogtepunten van Cultuur, bl 79); J Huizinga: Verzamelde Werken IV, Cultuurgeschiedenis II, bl 110.

16 A D R Polman: De Kerk der Middeleeuwen (Geschiedenis van de Kerk IV (red G P van Itterzon en D Nauta), bl 68 vv); H Brugmans: De Middeleeuwen, bl 195.

17 G S Wagner: Die Lewende Kerk, bl 110 - 111; J Schouten: Stijlkamers in Nederland, bl 65.

18 C C de Bruin: De Middeleeuwen (Handboek der Kerkgeschiedenis II (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom), bl 77 - 85); Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 20 - 21; G Ellis Burcaw: Introduction to Museum Work, bl 18; Germain Bazin: The Museum Age, bl 29 - 30; David Murray: Museums their History and their Use I, bl 39 - 77.

19 J Huizinga: Herfsttij der Middeleeuwen, bl 380.

20 J Huizinga: Verzamelde Werken IV, Cultuurgeschiedenis II, bl 231; C C de Bruin: De Middeleeuwen (Handboek der Kerkgeschiedenis II, (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom), bl 258 - 271).

21 J Huizinga: Verzamelde Werken IV, Cultuurgeschiedenis II, bl 275.

22 Aangehaal deur A D Pont: 'n Oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis en die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, bl 83; Sien ook C C de Bruin: De Middeleeuwen (Handboek der Kerkgeschiedenis II (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom), bl 264); Jacob Burckhardt: Die Kultur der Renaissance in Italien, bl 203 - 204.

23 A G Roos: De Griekse Cultuur (Hoogtepunten van Cultuur, bl 48 - 52).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

24 C C de Bruin: De Middeleeuwen (Handboek der Kerkgeschiedenis II (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom), bl 260 - 262).

25 David Murray: Museums their History and their Use I, bl 13; Germain Bazin: The Museum Age, bl 43; W W Taylor: A Study of Archaeology, bl 9; Jacob Burckhardt: Die Kultur der Renaissance in Italien, bl 105 - 106.

26 P H Pott: Het Museum als Sociaal-culturele Instelling, bl 9.

27 Vincent Cronin: Florence en de Medici (Renaissance Bakermat van de Moderne Mens (red Kenneth M Setton), bl 42); Sj de Vries: Renaissance en Humanisme (Fasen en Facetten (red M B van der Hoeven), bl 33); Niels von Holst: Creators, Collectors and Connoisseurs, bl 65; J Schouten: Stijlkamers in Nederland, bl 67; Robert Ergang: The Renaissance, bl 81.

28 H Butterfield: The Origins of Modern Science, bl 163.

29 David Murray: Museums their History and their Use I, bl 28.

30 Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 42.

31 Henner Menz: The Dresden Gallery, bl 7 - 8; C Blok: Doolhof of Museum, bl 8.

32 Rijksmuseum Amsterdam 1975: Leidse Universiteit 400, katalogus van tentoonstelling 27 Maart - 8 Junie 1975, bl 114; Sien verder bl 100 - 121.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

33 Dillon Ripley: The Sacred Grove, bl 30; G Daniel: The Origin and Growth of Archaeology, bl 19.

34 Sir Frank Francis (red): Treasures of the British Museum, bl 9; Frank Herrmann: The English as Collectors, bl 23; British Museum: British Museum Guide, bl 7 - 8; G Daniel: The Origin and Growth of Archaeology, bl 22; Edward Miller: That Noble Cabinet, bl 63; Olive Cook: Die Britse Museum, beroemde instelling in sy 200ste jaar (Lantern, Junie 1959, bl 314 - 323).

35 Dillon Ripley: The Sacred Grove, bl 42; Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 81 - 84.

36 Manuel Lorente: The Prado Madrid II, bl 5 - 8; Harry B Wehle: Great Paintings from the Prado Museum, bl 13 - 31; F J Sanchez Canton: The Prado, bl 13 - 27.

37 Pierre Descarques: Hoogtepunten der Schilderkunst in De Hermitage, bl 61 - 78.

38 Germain Bazin: The Museum Age, bl 195; C Blok: Doolhof of Museum, bl 11.

39 British Museum: British Museum Guide, bl 8.

40 Ton Koot: Amsterdam, bl 102; Hermine van Guldener: Rijksmuseum, bl 5; A F E van Schendel: Voorwoord (Art Treasures of the Rijksmuseum (B Haak), bl 17).

41 Hugh A Auger: Trade Fairs and Exhibitions, bl 14.

42 A w, bl 14; G Ellis Burcaw: Introduction to Museum Work, bl 23.

43 Kotie Roodt-Coetzee: Klasaantekeninge vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde aan die Universiteit van Pretoria, 1978, bl 2.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

44 K C Peeters: Museologie, bl 21 - 23.

45 S P E Boshoff: Beskouinge en Feite, bl 14.

46 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 24; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 132.

47 P J de Beer: Die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht 1902 - 1921, bl 45.

48 J J Oberholster: Die Neerslag van die Romantiek op ons Geskiedskrywing - Gustav Preller (Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 6 nr 4 en Jaargang 7 nr 1, bl 314); P G Nel: Die Betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners, die Afrikaanse Patriot en Ons Klijntji (Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner (red P G Nel), bl 1).

49 J M Bos: Afdrukken van Indrukken (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 35, 1972 nr 2, bl 29).

50 Germain Bazin: The Museum Age, bl 193 - 238.

51 Wilhelm Pessler: Heimatmuseen of Germany (Museum, Vol IV, nr 2, 1951, bl 97 - 103); Wilhelm Pessler: Das Heimatmuseum im deutschen Sprachgebiet als Spiegel deutscher Kultur.

52 P S Dreyer: Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis, bl 45; Charles Breunig: The Age of Revolution and Reaction 1789 - 1850, bl 159; H J Elias: Geschiedenis van de Vlaamse Gedachte 1780 - 1914 I, bl 125; Eugen Lemberg: Geschichte des Nasionalismus, bl 21.

53 Harry Elmer Barnes: A History of Historical Writing, bl 179; F M Barnard: Herder's Social and Political Thought, bl 55 - 62.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

54 H J Elias: Geschiedenis van de Vlaamse Gedachte 1780 - 1914 I, bl 3.

55 Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 6.

56 Abel Coetzee: Die Afrikaanse Volkskunde, bl 14; Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 6.

57 Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 7.

58 Harry Elmer Barnes: A History of Historical Writing, bl 178 - 201.

59 J H Kruizinga: Lewende Folklore in Nederland en Vlaanderen, bl 5; Jos Schrijnen: Nederlansche Volkskunde, Eerste Deel, bl IX; J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification, bl 6.

60 J H Kruizinga: Lewende Folklore in Nederland en Vlaanderen, bl 5; Wim Roukens: Volkskunde en Folklore. Een naam een gevaar? (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 20, 1955 nr 1, bl 2 - 9).

61 Charles Breunig: The Age of Revolution and Reaction 1789 - 1850, bl 196.

62 Margaret Bauts: The Sandvig Collections, bl 14; Twintig Eeuwen Vlaanderen III, bl 227 - 272; Sutterland-Pontier: Geschiedenis der Bouwkunst, bl 29; Adelhart Zippelius: Führer und Schriften des Rheinischen Freilichtmuseums in Kommern, nr 1, bl 10 - 11; Petra Clarijs: De Wooncultuur (Volkskunst der Lage Landen, Deel 3 (red Tj W R de Haan), bl 9 - 10).

63 Mats Rehnberg: The Nordiska Museet and Skansen, bl 12; Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 24; Germain Bazin:

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

The Museum Age, bl 237.

64 Ir Wilco Meijer Cluwen: Artur Hazelius, de Stichter van het Eerste Openluchtmuseum (Haagsch Maandblad, Deel XXXIX nr 6, Junie 1943); J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification, bl 15; Sigurd Curman: Artur Hazelius, bl 291 - 294.

65 Bengt Thordeman: Swedish Museums (Museum, Vol II, 1949, bl 9); Sigurd Curman: Artur Hazelius, bl 295 - 298.

66 Mats Rehnberg: The Nordiska Museet and Skansen, bl 12 - 13.

67 Sigurd Curman: Artur Hazelius, bl 299.

68 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 24.

69 D J van der Ven: Neerlands Volksleven, bl 152 - 153.

70 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 25.

71 Mats Rehnberg: The Nordiska Museet and Skansen, bl 122 - 128.

72 Kai Uldall: Frilandsmuseet ved Sorgenfri (1958), bl 4 - 9; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 133.

73 F Valen-Sendstad: Die Sandvigschen Sammlungen, bl 13 - 15; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 131; Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 11 - 12.

74 Margaret Bauts: The Sandvig Collections, bl 7 - 8.

75 D J van der Ven: Neerlands Volksleven, bl 146.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

76 D J van der Ven: Neerlands Volksleven, bl 146; Trewin Coppelstone (red): World Architecture, bl 73.

77 J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification, bl 14 - 15; Ella Reitsma: Hoe Knusjes Leefde Eens de Visser (Kijken, Jaargang 38, 4 Junie 1977).

78 K V von Bonstetten: Neue Schriften, bl 38; Ook aangehaal deur A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 130; Kai Uldall: Open Air Museums (Museum, Vol X, 1957, bl 68); Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilicht= museen, bl 279.

79 Kai Uldall: Open Air Museums (Museum, Vol X, 1957, bl 68 - 69).

80 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 133; Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilicht= museen, bl 142.

81 Bengt Thordeman: Swedish Museums (Museum Vol II, 1949, bl 20).

82 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 11.

83 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 28.

84 J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification, bl 17 - 18.

85 A J Bernet Kempers: Het Nederlands Openluchtmuseum zoals het Groeide en Nu is 1912 - 1962 (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 25, 1962 nr 1, bl 4 - 9); A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 1 - 18.

86 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 27.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

87 J H Kruizinga: Canada heeft ook een Openluchtmuseum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1, bl 1 - 5).

88 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 18; J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification, bl 19.

89 The Henry Ford Museum Staff: Greenfield Village and the Henry Ford Museum, bl 6 - 7; Joh J Schilstra: Fords "Zuiderzeemuseum" (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie, nr 3, April 1953, bl 43 - 44).

90 A Lawrence Kocher and Howard Dearstyne: Colonial Williamsburg, bl 1 - 5; A J Bernet Kempers: Het Sprookje van Colonial Williamsburg (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 1 - 12).

91 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 18.

92 Icom News, Vol II nr 1, Februarie 1958, bl 22; A J Bernet Kempers: Het Begon in Bokrijk (Volkskunde, 74e Jaargang, nr 3, 1973, bl 201 - 208); A J Bernet Kempers: Openluchtmusea in Roemenië (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 2, bl 29 - 45); Vir opelugmusea in Brittanje sien F Atkinson: New Open-air Museums (Museum, Vol XXIII, nr 2, 1970/1, bl 99 - 102).

93 J H Kruizinga: Canada heeft ook een Openluchtmuseum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1, bl 1).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK II

'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE AARD VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE MUSEUMWESE IN SUID-AFRIKA

In die eerste hoofstuk is aangetoon dat die opelugmuseum-fenomeen oor bykans die hele wêreld versprei het en gevestig is. Ons moet egter nou ons verbasing uitspreek dat Suid-Afrika in 1978 nog nie sy nasionale opelugmuseum opgerig het nie. Hierdie verbasing is nog groter as ons in aanmerking neem dat Suid-Afrika by uitstek in 'n besonder gunstige posisie verkeer om hierdie museum-tipe te ontwikkel en te vestig. Ons hoef hier maar net 'n paar faktore te noem waarmee Suid-Afrika die meeste ander lande, veral dié in Wes-Europa, voor is.

Eerstens is daar die besonder gunstige klimaat waarvoor Suid-Afrika algemeen bekend is. Menige opelugmuseum in Europa moet eenvoudig sluit gedurende die wintermaande, gewoonlik van November tot April. Selfs in die somer moet ook buitengewone maatreëls getref word om boukonstruksies en ander voorwerpe teen oormatige klammigheid en wisselende temperature te beskerm. Daarby bied die gunstige klimaat van Suid-Afrika besondere geleenthede aan sy inwoners en veral aan toeriste om belang te stel in buitemuurse aktiwiteite.

In teenstelling met baie ander lande het Suid-Afrika ook relatief meer ruimte beskikbaar vir so 'n onderneming. Enige stad in Suid-Afrika kan byvoorbeeld soveel makliker vyftig hektaar vir 'n opelugmuseum afstaan as 'n soortgelyke stad in Engeland, Nederland of die Skandinawiese lande.

'n Derde faktor wat in die guns van Suid-Afrika tel en moeilik deur enige land ter wêreld geëwenaar kan word, is sy geweldige rykdom aan natuurskoon en plantegroei, verskeidenheid dierelewe en wisselende geografie. Verder ook die aanwesigheid van 'n groot aantal inboorlingstamme en die bestaan van 'n Blanke gemeenskap wat op sigself nie homogeen is nie. En dit is juis hierdie verskillende aspekte wat eeue lank reeds die belangstelling van

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die wêreld en in die besonder van die wetenskap geniet, wat so gunstig deur museumkundiges in die opelugmuseum benut kan word. Geen opelugmuseum ter wêreld kan so 'n verskeidenheid kulture in eie geledere verbeeld, as wat in Suid-Afrika tot beskikking van die museumkundige is nie. Voeg hierby nog die argeologiese rykdom wat 'n voortreflike voorraad primitiewe kuns aan die lig gebring het, en voorafgaande bewering is gestaaf.

Nieteenstaande hierdie en ook nog ander onweerlegbare getuienis oor die uiters gunstige omstandighede vir die totstandkoming van 'n opelugmuseum, teenoor dié in baie ander lande, moet die droewige werklikheid gekonstateer word dat dit nog nie in Suid-Afrika gebeur het nie.

Die logiese vraag wat nou beantwoord moet word is: waarom nie?

Daar is nie 'n enkelvoudige antwoord op hierdie vraag nie. Dit is egter gebiedend noodsaaklik dat ons die hoofoorsaak vir hierdie ongelukkige toedrag van sake moet bespreek. En sonder vrees vir teëspreek lê die hoofrede in die ewe droewige feit dat die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika sedert die volksplanting skroomlik agterweë gelaat is. Dit lê dus voor die hand dat die ontwikkeling van 'n opelugmuseum eenvoudig nie kon plaasvind nie, aangesien dit, soos reeds aangetoon is, juis 'n gevorderde fase in die ontwikkeling van die kultuurhistoriese museum verteenwoordig. Dit is dus nodig om hierdie agterstand van die kultuurhistoriese museum in historiese perspektief te plaas. Dit kan egter alleen sinvol gedoen word deur die aard van die ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika te beskryf.

i 'n Ongeëwenaarde belangstelling van wetenskaplikes, reisigers en amptenare in die natuur en inheemse bevolking van Suid-Afrika

Tydens die Wetenskaplike Rewolusie wat Europa gedurende die sewentiende en agtiende eeu beleef het, was Suid-Afrika, vanweë sy ongerepte natuur en die besondere aard daarvan, een van die gebiede van die Nuwe Wêreld wat in die gesigveld van die Europeër gekom het. Sedert die eerste ontmoeting met die nuwe omgewing was dit veral die fauna en flora van die Kaap wat 'n onuitwisbare indruk gelaat het. En hoe meer die nuus van hierdie ontdekking versprei het, hoe groter het die drang na meer kennis oor die onbekende gegroei; asook 'n neiging tot die avontuur om op 'n reis die binneland in,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

nog een van die talle onbekende spesies te ontdek. Só word 'n byna konstante stroom reisigers tot in die negentiende eeu na Suid-Afrika gelok. Sommige van hierdie belangstellendes doen dan die moeite om reisbeskrywings te publiseer wat soms baie noukeurig en dikwels ook baie onnoukeurig 'n beskrywing van veral die fauna en flora van die land gee. Hierdie reisbeskrywings bied 'n waardevolle aanvullende bron oor die reaksie van die reisigers teenoor die nuwe omgewing en ook teenoor die groot aantal inboorlingstamme en die nuwe Blanke volk wat hier ontstaan het. In die bibliografie wat Pelzer van hierdie reisbeskrywings opgestel het,[1] verskyn 370 titels van sulke werke, terwyl hy self nie op volledigheid aanspraak maak nie.

Een van die eerste beskrywings wat aandag skenk aan die besondere plantegroei dateer reeds uit 1624 uit die pen van die Nederlandse sendeling Justus Heurnius (1587 - c1653).[2] Hy stap in Tafelbaai aan wal op sy reis na Oos-Indië en onderneem 'n kort ekspedisie na Tafelberg. Hy versamel 'n aantal plante en skets ook ander wat hy sien.

Dit word egter algemeen aanvaar dat Paul Herman (Hermannus) (1646 - 1695), professor in Botanie aan die Universiteit van Leiden, die eerste plantkundige was wat iets van die botaniese rykdom van die Kaap openbaar het.[3] Hy het tussen 1670 en 1677 'n reis na Ceylon onderneem en by die Kaap aangedoen.

Die belangstelling in die natuurkunde aan die einde van die sewentiende en begin van die agtiende eeu word ook weerspieël in die beskrywings van onder andere Francois Valentyn (1666 - 1727) wat tussen 1685 en 1714 die Kaap vier keer besoek het[4] en Peter Kolbe (1675 - 1725) wat van 1705 tot 1713 aan die Kaap vertoef het.[5] Hulle albei het goeie beskrywings van fauna en flora asook van inboorlinge in hul werke nagelaat.

In die sewentigerjare van die 18e eeu besoek twee prominente Sweedse geleerdes die Kaap, naamlik Anders Sparrman (1748 - 1820) en Carl Peter Thunberg (1743 - 1828). Albei was geneeshere en voortreflike natuurkundiges wat elk 'n besondere bydrae tot die kennis van die natuurkunde van Suid-Afrika gelewer het. In teenstelling met Thunberg wat in sy "Travels in Europe, Africa and Asia made between the years 1770 and 1779" hoofsaaklik die klem laat val op die plantkunde, lewer Sparrman in sy geskrif "Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de Landen van den Zuid Pool en rondom de

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Wereld; doch voornaamlijk in de Landen der Hottentotten en Kafferen; in de jaaren 1772 tot 1776 gedaan" besonder lewendige en akkurate kommentaar oor inboorlingrasse, aardrykskundige, plant- en dierkundige waarnemings. Dit is ook bekend dat albei nie slegs aan beroemde wetenskaplikes soos Carl Linnaeus (1707 - 1778), prof Joh Burman (1707 - 1779) en sy seun en opvolger N L Burman (1733 - 1793), uitgebreide versamelings uit die Kaap gestuur het nie, maar dat hulle self ook voortreflike versamelings na Europa teruggeneem het.[6] Die herbarium van Thunberg het meer as drie duisend soorte plante uit die Kaap bevat. Baie van hierdie plante was nog nie aan die wetenskap bekend nie. Op sy beurt het Sparrman, toe hy die Kaap in 1776 verlaat, 'n omvangryke versameling plant-, dier- en volkekundige monsters met hom na Stockholm meegeneem.[7] Soos verwag kan word is albei hierdie manne deur wetenskaplikes, uit erkenning vir die kosbare bydrae tot meerdere kennis van die natuurkunde, vereer deur verskeie spesies Kaapse plante na hulle te noem. Die stroom besoekers aan die Kaap het ononderbroke in die 19e eeu voortgeduur op 'n rustelose speurtog na nog meer kennis, avontuur en een of ander spesie wat nog nie aan die wetenskap bekend was nie. Onder hulle was die pynlik noukeurige natuurkenner en kunstenaar, Burchell (1781 - 1863) wat werk van hoogstaande gehalte gelewer het.[8] Hiervan getuig nie alleen sy enorme versameling plantkundige, geologiese, dierkundige en entomologiese voorwerpe nie maar ook sy manuskripte en kosbare sketse van allerlei aard. Veral sy herbarium, wat op ongeveer 140 000 velle aangebring was en uit 15 000 verskillende plantsoorte bestaan het, het nie alleen die Royal Botanical Gardens, Kew, verryk nie maar ook die werk van baie ander mense. Sy werk as natuurnavorser is ongeëwenaar in die geskiedenis.[9]

Ander bekende besoekers wat in die 19e eeu goeie bydraes gelewer het was onder andere James Backhouse,[10] Thomas Baines,[11] Lichtenstein,[12] Andrew Steedman[13] en M D Teenstra.[14] Hulle, en baie ander, het met hul geskrifte, sketse en versamelings die belangstelling in die natuur en die mense van Suid-Afrika oor lange jare lewendig gehou.

Dit is egter nie slegs die werksaamhede van hierdie reisigers wat die belangstelling in veral die ongerepte natuur van Suid-Afrika openbaar nie. Vanaf die begin van die volksplanting was daar ook voortdurend mense wat hulle oor korter of langer tydperke aan die Kaap en elders in Suid-Afrika gevestig het, wie se belangstelling daartoe gelei het dat voortreflike

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

natuurkundige versamelings byeengebring is. Die meeste van hierdie versamelings of die grootste gedeelte daarvan het uiteindelik in Europa beland.

Soos verwag kan word, het baie amptenare ook belangstelling in die natuur geopenbaar. Die resultaat van hierdie belangstelling was dan gewoonlik dat 'n natuurkundige versameling byeengebring is. En dit gebeur reeds in die fort wat deur Jan van Riebeeck gebou is. Verskillende reisigers onder meer Wouter Schouten,[15] Johan Nieuhof,[16] Johan Jacob Saar,[17] Jean-Baptiste Tavernier,[18] Johann Wilhelm Vogel[19] en Elias Hesse[20] maak melding van die velle, horings en opgestopte diere wat in die fort besigtig kon word.

Amptenare wat in 'n uitstekende posisie verkeer het om hul aandag aan sulke versamelings te wy, was die Kompanjie-tuiniers. Benewens die voortreflike versamelings van die Deen, Heinrich Bernhard Oldenland (c1663 - 1699?)[21] en sy opvolger Jan Hartog (c1663 - 1722),[22] het die ywerige plantkundige Johann Andreas Auge (1711 - 1805) ook 'n groot herbarium byeengebring. Hy onderneem verskillende reise die binneland in[23] en vergesel ook vir Thunberg in 1772 op sy eerste reis na Kaffraria. Die agting wat Auge geniet het, word weerspieël deur die feit dat Lichtenstein kort voor Auge se dood hom in 1804 op die plaas Rotterdam in die omgewing van Swellendam gaan besoek het.[24] Thunberg het ook sy waardering teenoor hom betuig deur die Suid-Afrikaanse genus Augea (Zygophyllaceae) na hom te noem.[25]

Tydens die bewind van Ryk Tulbagh, 1751 - 1771, is daar ook voortreflike werk verrig wat die belangstelling in die natuur weerspieël. Met die hulp van onder andere die tuinier Hendrik Christoffel Prisky word indrukwekkende insamelingstogte onderneem[26] waarna toegesien word dat 'n menigte plante, sade, kruie en so meer, noukeurig verpak en na Europa versend word. Hierdie ywer van Tulbagh het vir hom nie alleen bekendheid in Europa verwerf nie maar ook die erkenning van beroemde geleerdes. Carl Linnaeus het onder andere 'n genus van die Liliaseë, Tulbaghia na hom genoem terwyl die professor in Botanie te Leiden, David van Rooyen, ook sy bewondering betuig vir 'n versameling wat hy ontvang het. Hy skryf aan Tulbagh dat hy in al die tyd wat hy hom aan die botanie wy en seldsame plante en gewasse bestudeer, "nooyt sulk een fraaye, rykelyke en voor my zoo leerzame als gewenschte collectie heb bekommen als deeze uwe Caapsche Herbarias".[27]

Ten slotte kan hier nog drie ander versamelings vermeld word wat ook lig

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

werp op die voortgesette belangstelling in die versameling van natuurhistoriese materiaal. Die eerste is dié van die sekretaris van die weeskamer, Joachim von Dessin (1704 - 1761). Sy versameling het 'n ryk verskeidenheid voorwerpe geberg, tipies soos die agtiende-eeuse burgerlike versamelings. Daar was rariteite uit die natuur, etnologiese materiaal, skilderye, wiskundige instrumente, silwerware en 'n muntversameling. Hierdie versameling is in die Kosterhuis onderdak gebring en kon dáár van 1764 tot 1821 besigtig word.[28] Dan was daar ook nog die versameling van die Fransman Charles Mathurin Villet (1778 - 1856) wat besoekers baie interessant gevind het.[29] Lady Anne Barnard maak ook melding van die besonder waardevolle versameling wat sy in die huis van ds. Robert Nicolaus Aling (1751 - 1800) besigtig het.[30]

Uit die voorafgaande is dit tog baie duidelik hoe groot die belangstelling in die natuurlike omgewing van die Kaap en binneland sedert die volksplanting was. Dit lewer verder genoegsame getuienis dat hierdie belangstelling ook aanleiding gegee het tot ywerige versameling van natuurkundige materiaal waarvan 'n groot deel na Europa gestuur is. Geen blywende resultate is egter deur al hierdie pogings in die Kaap in die sewentiende en agtiende eeu opgelewer nie. 'n Besondere poging is egter wel in die negentiende eeu aangewend wat verreikende gevolge het.

ii Die stigting van die formele museumwese in die Kaapkolonie.

Die koms van dr. Andrew Smith (1797 - 1872) na Suid-Afrika was van besondere betekenis. Die jong militêre chirurg wat van jongs af 'n intense belangstelling in die gedragspatrone van diere en voëls getoon het, is betower deur die fauna en flora van die Oostelike Provinsie waar hy diens moes doen.[31] Enkele jare later sou hy sy gewaarwording as volg beskryf: "If there is one spot on the surface of the globe better adapted than another for furnishing interesting objects of Natural History to a Public Museum, doubtless that spot is Southern Africa. Nature to it has been liberal beyond description ..."[32] Dit kan aanvaar word dat Smith die moontlikheid van die oprigting van 'n museum vroeg in 1825 met lord Charles Somerset bespreek het toe laasgenoemde Grahamstad besoek het. By sy terugkoms in Kaapstad het Somerset 'n proklamasie uitgevaardig waarin verklaar is: "Daar Zyne Excellentie de Gouverneur overtuigd is van de verschillende bestaande bronnen van eindelooze verscheidenheid en nieuwigheden der Natuurlyke Voortbrengsels dezer Kolonie, is dus ten hoogsten begeerig om dezelve in het toekomende een ontwerp van byzondere

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

attentie te maken. Het heeft derhalve Zyne Excellentie behaagd te gelasten, dat in de Kaapstad een Etablissement worde opgerigt, onder den titel van "Zuid-Afrikaansch Museum", voor den ontvangst en klassificatie der verschillende voorwerpen van Dieren, Gewassen en Mineralen, die in Zuid-Afrika gevonden worden ..."[33] Verder word vermeld dat dr Andrew Smith aangestel word as superintendent en dat die museum in 'n vertrek in die "Publieke Lees-Bibliotheek" ingerig sal word. En só ontstaan die eerste amptelike museum in Suid-Afrika.

Smith het hom onmiddellik beywer om koloniste te inspireer om te help met die versameling van voorwerpe. Hy publiseer gereeld die name van skenkers en aanwinste[34] terwyl hy self reise onderneem om die versameling uit te brei.[35]

Ongelukkig het die Suid-Afrikaanse Museum wat tot 1836 onder andere die skitterende versamelings van Andrew Smith, die natuurkenner en diere-opstopper Jules Verreaux (1807 - 1873) en dié van die ryk baron C F H von Ludwig bevat het, na hierdie datum begin kwyn. In Januarie 1837 verlaat dr Smith die Kaap en onttrek sy privaat versameling aan die museum om dit saam te neem na Londen. Hy word gevolg deur Von Ludwig wat ook sy herbarium, versameling insekte en waardevolle versameling voëls aan die museum onttrek en dit na Europa saamneem. Daarna vertrek Verreaux ook in 1838 om kurator van voëls in die Muséum d'Histoire Naturelle in Parys te word. Na 'n kwynende bestaan van byna twintig jaar onder die sorg van die South African Literary and Scientific Institution, word die museum aan 'n nuwe stigting oorgedra wat as die Suid-Afrikaanse Museum op 15 Januarie 1856 geopen word. Edgar Leopold Layard (1824 - 1900) word as kurator van 1855 tot 1872 aangestel.[36]

In 1855, dieselfde jaar waarin die Suid-Afrikaanse Museum formeel gestig is, ontstaan ook die tweede museum in Suid-Afrika. In September 1855 word die Albanie-Museum te Grahamstad gestig deur die besondere ondernemingsgees van die "Eastern Province Literary, Scientific and Medical Society".[37] Die derde museum word in die daaropvolgende jaar, 1856 in Port Elizabeth opgerig en in 'n enkele vertrek in die Munisipale Markgebou gehuisves.[38]

iii Die rigting waarin die eerste musea ontwikkel

Hierdie stigtings dui die begin van die formele museumwese in Suid-Afrika aan.

Die belangrike gevolgtrekking wat egter gemaak moet word na 'n studie van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

algemene belangstelling en die ontwikkelingsgeskiedenis van versameling in Suid-Afrika tot in die negentiende eeu, is onteenseglik dat die natuurgeskiedenis konsekwent in die middelpunt van alle bedrywighede gestaan het. Daarnaas was daar ook belangstelling vir die argeologie en die etnologie. Die museum-tradisie in Suid-Afrika het byna uitsluitlik hierdie dissiplines omvat sonder dat daar enige noemenswaardige ruimte vir die kultuurgeskiedenis van die Blanke bevolking en in besonder van die Afrikaner gelaat is. Dit geld ook die twee musea wat in Grahamstad en Port Elizabeth as "algemene" musea opgerig is. Hulle bedrywighede het ook spoedig getoon dat die oorvloedige dier- en plantkundige, mineralogiese en etnologiese materiaal ook dáár oorbeklemtoon is ten koste van die algemene kultuurgeskiedenis.

'n Tweede gevolgtrekking wat ook reeds hier gemaak moet word en in noue verband staan met die vorige is dat die museum-tradisie wat in die loop van die negentiende eeu in die twee Britse kolonies, die Kaap en Natal ontstaan, volledig die Britse imperiale stempel dra. Daarom word nie slegs bedoel dat die inrigtings ontstaan het deur die toedoen van Britse onderdane en dat dit ook deur hulle ontwikkel en uitgebou is en daarom 'n besondere Britse gees geadem het nie, maar dat dit ook op dieselfde lees geskoei is as die Britse model. Die stigting van "algemene" musea het vrywel algemeen in Engeland voorkeur geniet teenoor die neiging byvoorbeeld in Nederland om gespesialiseerde musea op te rig.

iv Die stigting van musea in die Republikeinse Noorde.

Met die stigting van die eerste musea in die Republikeinse Noorde merk ons tog wel 'n klemverskil. Die verskil in hul uitgangspunt is hoofsaaklik geleë in die feit dat die twee staatsmusea wat in Bloemfontein in 1877 en in Pretoria in 1892 opgerig word, 'n besonder belangrike plek aan die kultuurgeskiedenis toeken. Ongelukkig het hierdie twee inrigtings in die bedeling waarin hulle tot stand gekom het, nie genoeg tyd gehad om tot wasdom te groei nie. Die ideaal om aan die kultuurgeskiedenis sy regmatige plek toe te ken, word saam met die Boererepublieke vernietig en in die nuwe bedeling ná 1902 in ooreenstemming gebring met wat in die Koloniale Suide reeds tradisie geword het.

Dit kan as 'n feit gekonstateer word dat dieselfde faktore wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die kultuurhistoriese museum in Europa, ook in

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die Republikeinse Noorde die deurslag gegee het. Dit is naamlik die besondere manifestasies van die Romantiek van die negentiende eeu. In die Boererepublieke merk ons in dié tyd ook 'n ontwakende historiese gerigtheid en Romanties-nasionalistiese geskiedskrywing, die drang na vryheid en die gepaardgaande nasionale bewuswording. Die Republikeinse Noorde is in hierdie tyd in 'n geweldige krisis gedompel in sy konfrontasie met Britse Imperialisme. Dit loop uit op die anneksasie van Basoetoland (1868), die Diamantvelde (1871) en die Transvaalse Republiek (1877) en die daaruitvolgende Eerste Vryheidsoorlog (1881).[39]

Verskillende historici, soos onder andere Van Jaarsveld[40] en Scholtz,[41] het afdoende aangetoon dat die nasionale bewuswording van die Afrikaner sy aanloop gedurende die jare 1868 tot 1877 gehad het terwyl die ontstaan daarvan tussen die jare 1877 tot 1881 geïdentifiseer kan word. Hierdie proses van nasionale bewuswording het in die Vrystaat begin en vandaar het die gedagte van één Afrikaanse volk in één vaderland en met één bestemming vir die toekoms oor die ganse Suid-Afrika uitgebrei. Hierdie gedagte is deur niemand beter ge=formuleer nie as deur ds S J du Toit, die groot teoretiese politikus van die negentiende eeu.[42] Juis in dié tyd het die Afrikaner vrae oor sy eie herkoms en bestemming in die toekoms begin vra en gepoog om 'n antwoord te verskaf. Daarvoor wend hy hom na die verlede en die geskiedenis. Hy voel gebeld om te ontdek dat die "Cape History" die indruk by die kinders in die onder=wys wek dat die Engelse altyd reg is en waarin "die arme boer wort mar altyd sleg gemaak ... hulle verdraai die dinge net so's hulle wil".[43] Die dringende belangrikheid van geskiedenishandboeke in die landstaal word besef.[44] Só ontstaan die stryd om 'n eie geskiedenisbeeld[45] te vorm wat uitloop op die eerste boeke met die geskiedenis as tema, wat in die Vrystaat,[46] Kaapkolonie[47] en Transvaal[48] verskyn. Die historiese bewustheid vind byvoorbeeld ook in Die Patriot sy neerslag waarin 'n spesiale rubriek "Afrikaanse geskiedenis" geplaas word. In Het Volksblad word by die jeug gepleit om die "erfdeel onzer vrome voorvaderen" te bewaar.[49] Lesers word ook in Die Patriot aangemoedig om 'n oorspronklike Afrikaanse geskiedenis te skryf "waarin onze huislike lewe, sedes en gewoontes, karakter en nasionaliteit, verlede en toekoms, taal en reg teen o'er vreemde indringers ten volle gehandhaaf wort ..."[50] Verder word lesers aangespoor om bronne te versamel sodat "die nagedachtenis van ons voorouers ... nie uitsterwe nie".[51]

Die stigting van die Nasionale Museum in Bloemfontein en later ook die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Staatsmuseum in Pretoria moet gesien word binne hierdie geestesklimaat en nasionale bewuswording, binne die raamwerk van hierdie krisistyd en worsteling om voortbestaan.

Op Vrydag 20 Julie 1877 vind daar 'n vergadering in die Bloemfonteinse stadsaal plaas om die wenslikheid om 'n Nasionale Museum te stig, te bespreek. Die Hoofregter en latere President van die Vrystaat, F W Reitz (1844 - 1934), is versoek om as voorsitter van die vergadering op te tree. Ter ondersteuning van die mosie ter tafel: "Dat dit die mening van die vergadering is dat dit wenslik is om 'n Nasionale Museum op te rig", spreek die Hoofregter die volgende mening uit: "This was an effort to preserve such antiquities as might still exist in this country. If not preserved, even such memorials of ancient times as yet to be found would be entirely lost. Such memorials were not numerous amongst us; we did not inherit any great past: our noble mission was to create a future. Still there were certain monuments which told tales of their own, and before these disappear it would be well to establish a Museum, so as to catch what is just on the eve of passing away, to give place ... to a more glorious future."[52]

Op Maandag 20 Mei 1878 geskied die opening van die Museum, wat in die ou Raadsaal gehuisves is.[53] Op daardie stadium was die pioniersgeboutjie met sy grasdak, wit mure en "moddervloer"[54] reeds 'n historiese gebou wat nie baie geskik was vir die doel waarvoor dit aangewend is nie. Die Raadsaal is in 1849 gebou deur die Britse Resident, majoor H D Warden, en het indertyd as skool gedien. Vanaf 1849 tot 1852 is dit as kerk gebruik. Dit is juis in hierdie era dat ds Andrew Murray jr deur sy vader as predikant van Bloemfontein georden is. Dit gebeur op 6 Mei 1849. Die geboutjie het ook van 1849 tot 1854 gedien as vergaderplek vir die Wetgewende Raad van die Oranjerivier Soewereiniteit.

Van 1854 tot 1859 het die Vrystaatse Volksraad in die gebou byeengekom en dáár is J P Hoffman in 1854 en J N Boshof in 1855 ook as Vrystaatse presidente ingehuldig. Die ou Raadsaal het vanaf 1877 tot 1915 as museumgebou gedien waarin die Nasionale Museum gehuisves is. Daarna het die Museum die huidige gebou in Aliwalstraat betrek. Gedurende 1975 het die Museum weer die Raadsaaltjie van die staat terug ontvang en is dit gerestoureer. Tans word dit weer ten volle benut vir uitstallings.[55]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Dit is tog merkwaardig dat daar ook in Transvaal reeds in die sewentigerjare van die negentiende eeu 'n beweging ontstaan het om 'n museum in dié Republiek gevestig te kry. Die negentiende eeu was immers 'n droewige tyd in die kultuur= geskiedenis van die Afrikaner ten noorde van die Vaalrivier. Die onbestendige politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande het in hierdie pioniersomstandighede grootliks daartoe bygedra dat die kultuurakker in dié geweste 'n dorre landskap vertoon. In dié tyd kon nouliks van so iets as behoorlike onderwys gepraat word. Ondersoek toon dat daar byvoorbeeld in 1873 slegs 500 skoolgaande kinders in Transvaal was terwyl dié getal ses jaar later slegs 838 was.[56] Dit is dus begryplik dat in dié "worsteljare" daar weinig sprake van kulturele instellings soos onder andere musea kon wees.

Die koms van ds T F Burgers (1834 - 1881)[57] wat in 1872 tot President van die Transvaal verkies is, bring ook hierin 'n wending. Die feit dat hy 'n Europese opvoeding geniet het, het ongetwyfeld by hom die besef ingeskerp dat hy, te midde van 'n legio probleme waarmee hy te kampe gehad het, so spoedig moontlik maatreëls moes tref wat veral daarop gemik was om die opvoeding van die jeug te verbeter. Sy inisiatief om onder andere 'n gimnasium na Neder= landse voorbeeld in Pretoria op te rig, moet in dié lig beoordeel word. Hier sou kinders die voorreg geniet om onderrig te ontvang in allerlei vakke soos moderne en ou tale, Wiskunde, Skeikunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, ensovoorts. Dit was dan ook onder die voorsitterskap van president Burgers dat daar op 'n ver= gadering in 1874 besluit is om die "Transvaalsch Letterkundig en Wetenschaplijk Genootskap" te stig wat hom sou beywer vir die oprigting van 'n museum.

Die feit dat die waarde van 'n museum vir die onderwys reeds besef is, word ook weerspieël deur die Onderwysverslag van 1873. In dié verslag word berig dat die stigting van skoolmusea aangemoedig moet word en dat pryse uitgeloof sal word vir die beste versamelings plante, voëls, diere, minerale en industriële produkte.[58] Hierdie aanmoediging het inderdaad vrugte afgewerp. In die "Gymnasium" wat op 5 Mei 1876 in die huis van dr Roorda Smit met vier leerlinge begin is, is reeds op 16 September 1876 met die oprigting van 'n museum 'n aanvang gemaak. Dieselfde onderwysnood het ook aanleiding gegee tot die stigting van 'n biblioteek en die botaniese tuin.[59]

Hierdie lofwaardige pogings om onder uiters moeilike omstandighede inrigtings van 'n blywende kulturele betekenis tot stand te bring, is egter met die anneksasie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van die Transvaalse Republiek op 12 April 1877 ingrypend versteur. Maar dit het ongetwyfeld die moontlikheid geskep vir 'n groter poging wat te midde van ewe moeilike omstandighede geloods sou word. Dit gebeur in 1892 met die stigting van die Staatsmuseum in Pretoria.

In die toespraak wat dr N Mansvelt (1852 - 1933), Superintendent van Onderwys, op Dinsdag 15 Mei 1894 by die opening van die Staatsmuseum gelewer het, meld hy onder andere dat die gedagte om 'n Staatsmuseum vir die Suid-Afrikaanse Republiek op te rig by hom posgevat het nadat hy die Nasionale Museum van die Oranje-Vrystaat besoek het. Hy is daarvan oortuig dat 'n land met 'n geskiedenis soos Transvaal, 'n ryk historiese versameling byeen kan bring. Verder het hy die regering en Volksraad bedank wat met soveel bereidwilligheid die onontbeerlike finansiële steun toegestaan het.[60] Die amptelike opening is deur president Kruger waargeneem.[61]

Die "Curatorium" van die Staatsmuseum wat op 1 Desember 1892 deur die regering aangestel is,[62] het sy eerste vergadering reeds op 24 Januarie 1893 gehou. Die lede was: dr N Mansvelt, Superintendent van Onderwys en ex officio voorsitter aangesien die Museum by sy departement ingeskakel is, dr G S W Lingbeek, dr H G Breijer, dr J W Fockens, George Leith en J Klimke. Die Raad het sy plig nougeset vervul tot die laaste vergadering wat op 4 Mei 1900 gehou is.[63]

Die museumversameling het aanvanklik baie onaansienlik en ongeordend daar uitgesien.[64] In hierdie stadium is dit in 'n kamer langs die kloktoring op die boonste verdieping van die Raadsaal op Kerkplein bewaar. Spoedig is besef dat die versameling meer aandag verdien en dat dit dus noodsaaklik is om 'n kurator daarvoor aan te stel. Dr H G Breijer, verbonde aan die Gimnasium en Direkteur van die "School of Mines", het toe die benoeming as era-kurator aanvaar.[65] 'n Volgende probleem wat dringende aandag vereis het, was die beperkte ruimte wat aan die Museum afgestaan is. Die versameling het vinnig uitgebrei en die bestaande kamer was heeltemal te klein en ondoelteffend. Met die goeie samewerking van die departement Publieke Werke is die museumver= sameling teen die einde van 1893 na die toentertydse Markplein oorgeplaas. Teen 'n koste van £155-17-3 is die "kleine markthal" vir die doel ingerig.[66]

'n Konsep van 'n omsendskrywe wat deur dr Mansvelt opgestel is om aan landdroste, vrederegters, veldkornette en ander amptenare van die Suid-Afrikaanse Republiek gestuur te word, bied ons 'n goeie beeld van wat die kuratore met die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Museum beoog het.[67] In die skrywe word amptenare versoek om in hul onderskeie distrikte behulpsaam te wees met die versameling. Wat die kultuur= historiese versameling betref, wys Mansvelt daarop dat daar sonder twyfel nog onder die Boere van die land diegene sal wees wat voorwerpe besit wat eens aan Voortrekkers behoort het of deur hulle uit die Kaapkolonie saamgebring is. Sulke voorwerpe is vir die teenswoordige en toekomstige geslagte van die grootste belang. Nadat hy verder gewys het op die belangrikheid dat hierdie voorwerpe in die Staatsmuseum bewaar moet word, gee hy vervolgens 'n aanduiding van watter voorwerpe benodig word. Hy noem onder andere 'n ossewa wat werklik in 'n laer gestaan het, ou kanonne en ander vuurwapens, Bybels en boeke wat destyds gebruik is. Dit mag selfs wees dat daar ook nog briewe en ander waarde= volle geskrifte mag bestaan. Ten slotte noem hy minerale, fossiele, geraamtes van slange, voëls en ander diere, kralewerk en potte van inboorlingstamme en inligting oor bouvalle en grotte wat deur inboorlinge bewoon kon gewees het en moontlik rotsgravure bevat.

Hierdie waardevolle omsendskrywe van Mansvelt bevestig sonder enige twyfel dat die Staatsmuseum van meet af aan as 'n algemene museum gestig is. Daar is wel in die verlede verkeerdelik gemeen dat dit uitsluitlik as 'n kultuurhistoriese museum opgerig is wat gaandeweg vanweë die belangstelling in die natuur, omskep is in 'n algemene museum waarin die natuurhistoriese versameling die meeste aandag ontvang het.[68] Waarskynlik is dié misverstand toe te skryf aan die feit dat dr Mansvelt, president Kruger en ander van die begin af die belangrikheid van die kultuurhistoriese voorwerpe skerp beklemtoon het. Daarteenoor het die ywer van die amptenare van die Museum, wat hoofsaaklik natuurkundiges was, die ander aspek van die versameling beklemtoon. Dit bly egter 'n voldonge feit dat die Staatsmuseum as 'n nuttige instrument gesien is om kultuurhistoriese voorwerpe van beskadiging en verdwyning te red. Die uitdruklike doelstelling van die Museum was verder om die verlede vir toekomstige geslagte duidelik te verbeeld en onvermoeid te werk om 'n liefde vir die land en die heldegeslag van weleer te bewerkstellig.[69] En dit is ewe-eens onteenseglik dieselfde nuwe klank wat in die museumwese in Suid-Afrika gehoor is in teenstelling met dit wat in die Koloniale Suide tradisie geword het.

Reaksie het by die volk nie uitgebly nie. Die Jaarverslae van die "Curatorium van het Staatsmuseum" kon jaar na jaar berig van die goeie samewerking en skenkings wat ontvang is en dat die belangstelling oorweldigend was.[70]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Teen 1898 kon reeds gespog word met 'n besoekerstal van 60 964 vir die betrokke jaar. Teen hierdie tyd het die Museum waarskynlik die belangrikste kultuurhistoriese versameling in Suid-Afrika besit terwyl enkele mededelinge die ontsaglike omvang van die res van die versameling aandui:

"Zoogdieren: 228 soorten
Vogels: 320 soorten, 585 exemplaren
Kruipenden Dieren: ongeveer 500 exemplaren
Amphibieën: ongeveer 100 exemplaren
Visschen: ongeveer 250 exemplaren
Gelede Dieren: ongeveer 3300 soorten en 31 500 exemplaren
Weekdieren ongeveer 2000 soorten en 4000 exemplaren."[71]

Die res van die versameling het bestendig gegroei, terwyl van die plantkundige en insekteversameling gesê kan word dat dit wat netheid en noukeurigheid betref, vergelyk kan word met die beste Europese versamelings.[72]

Dit moet ook gemeld word dat dr Mansvelt altyd die grootste waardering teenoor die regering vir sy bereidwillige samewerking betoon het. Die regering het sover hy kon altyd positief op versoeke gereageer. Of dit nou was om toestemming aan amptenare te verleen om buite die jagseisoen te gaan jag om die beste eksemplare te bekom,[73] of om geld te stem vir hokke vir diere by die Museum[74] of vir die aankoop van voorwerpe vir Europese musea,[75] of om aansienlike bedrae te begroot vir die uitbreiding en instandhouding van die Museum. Die regering was altyd bereidwillig om sy plig na te kom. Hierdie goeie gesindheid word ook weerspieël wanneer die begrotings van verskillende jare vergelyk word. Die aanvanklike toekenning was slegs £500 per jaar en dit het aangegroei tot die aansienlike bedrag van £6 000 kort voor die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek het. Die salarisse van amptenare is nie by hierdie bedrae ingesluit nie aangesien dit uit die begroting van die Departement van Onderwys betaal is.[76]

Die Voorsitter van die Kuratorium het wel één probleem gehad. Die Museum het voortdurend 'n tekort aan ruimte ondervind.[77] Die regering was egter uiteindelik in Maart 1898 in die posisie om tenders vir die oprigting van 'n museumgebou te vra.[78] Die hoeksteen van die nuwe gebou wat op die plaas "Rus-In-Urbe" opgerig is, is op 22 Julie 1899 deur dr Mansvelt gelê. Die versameling het egter in die Marksaal gebly totdat dit in 1901 na die nuwe gebou oorgeplaas is waar die kultuurhistorise versameling vandag nog is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Besondere baken wat in die kort geskiedenis van die Staatsmuseum staan, is die aanstelling van die eerste voltydse Direkteur in die persoon van dr J W B Gunning (1860 - 1913). Hierdie pos het hy vanaf Februarie 1897 tot in 1913 beklee. Hy was 'n mediese dokter met 'n besondere belangstelling in die natuur= kunde. Die lewende diere wat hy agter die Marksaal in hokke aangehou het en wat tussen 18 en 22 Oktober 1899 ook na "Rus-In-Urbe" oorgeplaas is, sou die kern vorm waaruit die Dieretuin in die daaropvolgende jare ontwikkel het.[79]

Die laaste agt jaar van die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek was ongetwyfeld 'n tydperk van ongekende vooruitgang indien dit met die pioniersjare vergelyk word. Wat die onderwys en opvoeding van die jeug betref, sou dit selfs as 'n bloeitydperk beskryf kan word. Só het die buiteland ook die voor= uitgang beoordeel. Daarvan getuig die opspraakwekkende sukses wat die Republiek in 1900 behaal het met sy uitstalling op die Wêreldtentoonstelling in Parys. Twaalf toekennings en vermeldings, onder andere die "Grand Prix" vir hoër en laer onderwys, is aan die Suid-Afrikaanse Republiek toegeken.[80]

Naas hierdie besondere prestasie van die onderwys, staan ook ander kulturele manifestasies wat spreek van volhardende ywer en deursettingsvermoë van 'n geslag van mense wat volstrek geweier het om die aftog te blaas in die ongelyke stryd waarin hulle vasgevang was. In dié opsig sal die totstandkoming van die Staatsmuseum ook altyd tot eer van die Transvalers strek. Dit getuig immers van die strewe van die Boere-voormanne om verbetering in die opvoeding van die jeug te bring.

Maar ook hierdie lofwaardige poging word ingrypend versteur deur die nederlaag wat die Republikeinse Noorde toegedien is. In die nuwe bedeling na 1900 sou daar nog belangstelling in die opvoeding van die jeug wees, maar die doelstelling was gans anders. Die nuwe Direkteur van Onderwys, E B Sargant, laat geen twyfel daaroor nie: "One of my principal aims is to secure the services of men winning over the young generation of Dutch Afrikaner to English ways of thought and speech, and English ideas of truthfulness and loyalty."[81]

v 1902 - 'n nuwe begin

Die nuwe gebou in Boomstraat wat sedert 1901 betrek is, is in 1904 amptelik geopen deur die waarnemende Lt-Goewerneur, sir Richard Solomon. Die Museum sou voortaan bekend staan as "Transvaal Museum en Dieretuin", totdat die Diere= tuin in 1913 onder 'n eie direkteur selfstandig geword het. Dr Gunning het hom

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

gedurende sy ampstermyn voortdurend beywer vir 'n nuwe, meer doeltreffende museumgebou wat ook in 1913 voltooi is. Dit het daartoe gelei dat die natuurhistoriese versameling geskei is van die versameling wat sedert die vorige eeu byeengebring is. Die kultuurhistoriese, etnografiese en argeologiese versameling het agtergebly in die "Ou Museum" in Boomstraat. In die daaropvolgende halfeeu het die Museum op skouspelagtige wyse sy natuur= historiese versameling vergroot. In dié proses het die Museum daarin geslaag om belangrike versamelings te bekom, onder andere die Finch-Davies albums in 1920 wat oorspronklike voëlskilderye bevat en die Lepidoptera-versameling van dr A J T Janse in 1945. Verder kan die inrigting spog met 'n indruk= wekkende lys name van natuurwetenskaplikes wat deur die jare waardevolle wetenskaplike navorsing gedoen het en selfs internasionale erkenning geniet. Onder hierdie navorsers tel die bekende dr Austin Roberts (1883 - 1951),[82] dr Georges van Son (1898 - 1965),[83] die beroemde dr Robert Broom (1866 - 1951),[84] dr V F M FitzSimons (1901 - 1975)[85] en dr A J T Janse (1877 - 1970).[86]

Die kultuurhistoriese versameling van die Transvaal-Museum kan egter nie in dieselfde mate as die natuurhistoriese versameling op 'n skouspelagtige vordering aanspraak maak nie. Dit is wel waar dat die "Ou Museum" deur die publiek druk besoek is en dat skenkings van kultuurhistoriese voorwerpe nie afgeneem het nie. Kosbare erfstukke is van verskeie families ontvang. Gelukkig het dit ook nie aan skenkings uit die erflatings van volksleiers ontbreek nie. Teen 1958 kon die toentertydse Direkteur, dr FitzSimons skryf: "... material is pouring in at an everincreasing tempo and the position has now been reached when space for its safekeeping, let alone display, is no longer available."[87]

Dit moet egter gekonstateer word dat hierdie positiewe belangstelling van die kant van die publiek nie ook in die Museum self te bespeur was nie. In 'n sekere sin sou 'n mens kon begryp waarom hierdie tendens oor bykans vyftig jaar in die Museum voortgeduur het. Die direkteure en die oorgrote meerderheid van die personeel deur hierdie jare was opgeleide natuurkundiges wat waarskynlik nie werklik belangstelling in die kultuurhistoriese versameling gehad het nie. Dit is verder 'n skokkende feit dat die Transvaal-Museum tot in 1953 nooit 'n behoorlik wetenskaplik toegeruste vakkundige in sy personeel gehad het om die kultuurhistoriese versameling te versorg nie. Dit spreek dus vanself dat die kultuurhistoriese voorwerpe nie naastenby dieselfde aandag ontvang het as wat die geval met die natuurhistoriese versameling was nie. Van navorsing

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

was daar op hierdie terrein ook geen sprake nie. Daar sal aanstons aangetoon word dat daar in die vyftigerjare 'n skerp reaksie gekom het teen die skreiende verwaarlosing van die versameling.

Hier kan egter reeds gemeld word dat die kultuurhistoriese versameling in die eerste plek museumkundig afgeskeep is. Slegs 'n baie klein gedeelte van die versameling is uitgestal en die res is onder benarde omstandighede in ondoelmatige stoorkamers weggepak. In die tweede plek is nagelaat om die voorwerpe behoorlik te katalogiseer en die nodige gegewens by inwinning te bekom.

Die Transvaal-Museum het egter ook op die gebied van kultuurhistoriese navorsing jammerlik gefaal. In teenstelling met die formidabele navorsing op die terrein van die natuurkunde is daar geen navorsing van enige belang op die terrein van die kultuurgeskiedenis gedoen nie. Dit is jammer. Die begin van die twintigste eeu was immers 'n tydperk in die geskiedenis toe nog baie kennis en besonderhede oor voorwerpe en gebeure uit die vorige eeu beskikbaar was. Dit is egter nie benut nie. Voordat hierdie sake verder belig word, kan 'n enkele voorbeeld hier dien ter opheldering van hierdie onrusbarende situasie.

In 1921 het die versameling uit die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht, Nederland, in Suid-Afrika aangekom. Hierdie versameling wat in twee en veertig kiste verpak was, het vir een en twintig stormagtige jare intense internasionale belangstelling geniet. Duisende mense het die Suid-Afrikaanse pawiljoen by die Wêreldtentoonstelling in Parys besoek om die versameling te besigtig. Daarna het nog duisende mense gestroom na die Museum in Dordrecht waar dit vir bykans twintig jaar uitgestal is. En uiteindelik het Nederlandse vriende onder leiding van dr W J Leyds 'n stryd oor baie jare heen gevoer om dié versameling na Suid-Afrika terug te bring.[88] Dit het immers kosbare kultuurhistoriese oudhede uit die tydperk 1880 tot 1902 bevat wat 'n treffende beeld gebied het van die worsteling van die Boererepublieke, die Tweede Vryheidsoorlog, die lewe van die krygsgevangenes en die triomftog van president Kruger deur Europa.

Hierdie versameling is in die kultuurhistoriese afdeling van die Transvaal-Museum opgeneem. Die katalogi van die Museum uit dié tyd toon aan hoe sommige van die voorwerpe opgeneem is, terwyl 'n groot aantal voorwerpe vir meer as drie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

en twintig jaar nie uit die kiste gepak is nie. Dit is verder baie duidelik dat die katalogisering wat wel gedoen is, deur onopgeleide persone behartig is. Die resultaat was dat nie slegs die geskiedenis van die verskillende voorwerpe ver= lore gegaan het nie, maar dat die geskiedenis van hierdie roemryke versameling vir baie jare in die Museum vergete was. Tot vandag is dit bykans onmoontlik om aan te toon watter voorwerpe eens deel van hierdie besondere kultuur= historiese versameling was. Na noukeurige navorsing oor dié geskiedenis is die opmerking gemaak: "In Nederland is daar 'n hewige stryd gevoer om die behoud daarvan vir Suid-Afrika - in Suid-Afrika is dit eenvoudig versmaai."[89] Mnr F Horace Rose, die Redakteur van die "Natal Witness", het 'n insiggewende artikel in "The Times" van 5 September 1911 geskryf, wat moontlik 'n verklaring bied waarom hierdie belangrike versameling in Suid-Afrika en in die Transvaal-Museum geïgnoreer is. Rose spreek hom op geen onsekere wyse uit teen die pogings om dit na Suid-Afrika terug te bring, en skryf onder andere: "I am a South African myself, and I say for my countrymen of the Union that if any person has the temerity to cause this exhibition to be brought to South Africa, not a vestige of these precious exhibits will be left 24 hours after the first party of British South Africans has visited the place."[90] Hoe dan anders - dit was immers hoofsaaklik die kulturele erflating van Paul Kruger!

vi Die tydperk van bewuswording

Die verwaarloosde toestand en miskenning van die kultuurhistoriese afdeling van die Transvaal-Museum het uiteindelik verset uitgelok van veral kultuurbewuste Afrikaners in Pretoria wat nie langer die situasie wou duld nie. 'n Goeie voor= beeld van hierdie onrus oor die toestand is die stigting van 'n ad hoc-liggaam: Die Komitee insake die Historiese Museumwese in Pretoria. Die Komitee is op 19 Augustus 1948 gekonstitueer deur belangstellendes wat besorg was oor die onbevredigende toestand waarin die kultuurhistoriese versameling in die stad verkeer het. Die stigterslede was: prof A N Pelzer (voorsitter), dr F C L Bosman (ondervoorsitter), dr W J de Kock (sekretaris), dr C Beyers, dr P J du Toit, dr V F M Fitzsimons, dr P van Biljon, mnr W Punt, mnr H P H Behrens, mnr P J H Basson, dr H D van Broekhuizen, prof S P Engelbrecht en dr G Bigalke. By die stigtingsvergadering is besluit dat die Komitee dit as sy onmiddellike en vernaamste taak sou beskou om 'n memorandum op te stel om aan die Kommissie van Ondersoek na Musea voor te lê. Dié Kommissie was juis toe besig om getuienis aan te hoor.[91]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Uit hierdie memorandum blyk onder andere op grond van inligting wat deur die Transvaal-Museum verskaf is, dat baie skenkings wat deur die ou Staatsmuseum voor 1900 ontvang is, nog net so onaangeraak in die Museum lê. Dus vir bykans vyftig jaar! Verder getuig die Komitee dat die katalogi só onvolledig is dat dit onmoontlik is om vas te stel wat daar in die Museum behoort te wees. Ongeveer 20 000 voorwerpe lê eenvoudig daar en is nog nooit uitgestal nie. Aandenkings van genl Christiaan Beyers wat onder meer vlae, uniforms, wapens en foto-albums bevat, lê in kaste wat jare tevore oopgemaak en verder net so gelaat is. Dit is ook die geval met die Louis Botha-versameling. Dit is baie duidelik dat hierdie toestand onuithoudbaar geword het en dat die ganse ver= sameling besig was om tot niet te gaan.[92] Dit is voorwaar 'n droewige getuienis om aan te hoor veral as bedink word dat hier van die kosbaarste kultuurhistoriese versameling in Suid-Afrika gepraat word.

Die Komitee lewer verder 'n dringende pleidooi dat die versameling van totale vernietiging gered moet word. Die oplossing van die probleme wat aan die hand gedoen word, toon dat die Komitee insig en begrip van die toestand gehad het. 'n Vakkundige kultuurhistorikus moes onverwyld aangestel word om te red wat nog nie onherroeplik verlore was nie. Dit moes 'n historikus wees aangesien die eerste taak moes wees om duisende voorwerpe te identifiseer, te beskryf en daarna behoorlik te katalogiseer. So 'n vakkundige sou ook moes poog om as opvoedkundige beampte op te tree deur in die dringende behoefte te voorsien om studente en skoliere deur die Museum te begelei en inligting te verskaf.

Hierdie memorandum het sonder twyfel 'n belangrike rol gespeel in die formulering van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staatsondersteunde Inrigtings wat in 1950 verskyn het. Dit geld veral die minderheidsverslag wat deur dr G von W Eybers opgestel is en as hoofstuk IX: "Museums vir Geskiedenis en Algemene Kultuur" by die verslag gevoeg is. Dit is duidelik dat dr Eybers groot waarde geheg het aan die "sorgvuldig opgestelde en breedvoerige memorandum wat deur verteenwoordigers van die onlangs gestigte Komitee ter Bevordering van die Historiese Museumwese in Pretoria opgestel is ... en deur 'n aantal ander verteenwoordigende liggame kragdadig gesteun is".[93] Enkele sake uit hierdie minderheidsverslag van dr Eybers verdien hier die aandag.[94]

Eerstens is dit duidelik dat dr Eybers dit wil beklemtoon dat die ontevredenheid nie alleen tot Pretoria beperk is nie. Die ontevredenheid het wyd uitgekring.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Benewens die reeds genoemde Komitee in Pretoria maak hy ook nog melding van die Vereniging vir Geskiedkundige Museums wat in Kaapstad gestig is. Onder diegene wat hul klagtes geboekstaaf het, tel lede van subsidiërende stadsrade, indiwiduele kuratore en personeellede van musea en die Argief, baie studente, onderwysers, professore en veral navorsers.

Die tweede aspek wat kortliks genoem moet word, is die aard van hierdie klagtes wat deur die Kommissie ontvang is. Dr Eybers skryf: "Baie voel gebelg oor die skaarsheid aan stof, oor die algemene sienswyse wat daar in verband met die aansprake van die publiek op kulturele vooruitgang gehuldig word, oor die swak tipe lektorgidswerk wat verskaf word in die paar gevalle waar dit wel gedoen word, oor die swak uitstallings in vertrekke en uitstalkaste wat oorvol is, oor die ondoeltreffendheid van die etikettering wat, afgesien van onvolledigheid, dikwels slegs in een taal voorkom, oor die verdwyning of agter= uitgang van waardevolle en seldsame geskiedkundige stof wat aan die gang is, oor plundering, oor die gebrek aan bevoegde personeellede om met geskiedkundige en industriële versamelings te werk, oor die traagheid van party van die personeel en die gebrek aan toesig, en oor die algemene gebrek aan aandag aan ander kultuurgoedere as die wetenskap." 'n Benarder toestand as wat hier beskryf is, kan nouliks bedink word.

'n Derde aspek uit hierdie verslag moet ook beklemtoon word. Dr Eybers sluit hom sterk aan by 'n gedagte wat toe reeds by indiwidue gehoor is, naamlik dat daar so gou doenlik 'n skeiding moes kom tussen die natuurhistoriese en kultuur= historiese museum. Daar is getuienis aangehoor dat daar in verskillende sentra 'n weerstand opgebou het om voorwerpe aan natuurhistoriese musea te skenk. In baie dorpe het hierbeswaarmakers eerder met 'n eie klein geskiedkundige museum begin. Dr Eybers is ten gunste van hierdie standpunt. "Twee ver= skillende soorte inrigtings is nodig, want hulle het verskillende oogmerke, versamel en vertoon verskillende soorte stof en het verskillende soorte mense nodig om hulle te versorg."[95] Hieruit is dit baie duidelik dat die ondervinding oor 'n tydperk van 'n halfeeu onteenseglik uitwys dat natuurkundiges nie alleen nie belanggestel het om die kulturele erfenis van die volk te bewaar en te versorg nie, maar ook nie bevoeg was om dit na behore te doen nie.

Die belangrikheid van hierdie verslag kan nie genoeg onderstreep word nie. Dit spreek vanself dat dit nie oornag 'n verandering in die toestand kon teweegbring nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Op die lang termyn het dit wel aanleiding gegee tot twee belangrike gebeur= tenisse. Eerstens die aanstelling van vakkundige kultuurhistorici. En tweedens die skeiding van kultuur- en natuurkundige musea. Daaroor word later weer gehandel.

Op die kort termyn sou die toestand nie ingrypend verander nie. Dieselfde dr Eybers getuig bykans tien jaar nadat die genoemde verslag gepubliseer is, soos volg: "In Suid-Afrika het die klem dan duidelik op die natuurhistoriese afdelings geval terwyl die geskiedkundige afdelings orals in verval geraak het. Net verlede week het die Port Elizabeth-museum my meegedeel dat hul besig is om hul historiese afdeling af te sluit. Toe ons in Suid-Afrika wakker skrik as gevolg van die verslae van die Museumkommissie van 1950, was hierdie toestand van verwaarlosing al baie erg. En tog is aanbevelings in die verslag vervat om aparte museums vir die geskiedenis en vir die natuurkunde in te rig, wat toestande moes verbeter, nog selde aanvaar."[96]

'n Laaste dokument van belang wat in dié verband hier aangehaal moet word om die toestand van kultuurhistoriese versamelings tot in die sestigerjare van hierdie eeu te belig, is die vertroulike memorandum wat opgestel is deur die Historiese Genootskap na afloop van die kongres van die Genootskap in 1958, vir voorlegging aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.[97]

Die Genootskap spreek eerstens sy leedwese uit oor die treurige en verwaarloosde toestand van die kultuurhistoriese musea in die land. Na 'n deurtastende studie is bevind dat in elk van die vier groot musea in die Unie, te wete die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, die Nasionale Museum in Bloemfontein, die Transvaal-Museum in Pretoria en die Museum in Pietermaritzburg, die kultuur= historiese versamelings die onaansienlikste en agterlikste deel van die musea uitmaak. "Trouens in Kaapstad met sy rykdom aan kultuurvoorwerpe, bestaan daar nie eers 'n algemeen-kultuurhistoriese afdeling in die museum self nie en die Koopmans de Wet-huis bly maar 'n beperkte huismuseum." In Bloemfontein is daar geen kultuurkundige om die klassifikasie en katalogisering te behartig nie. Die memorandum toon vervolgens aan dat foutiewe datums wat aan voor= werpe in die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg toegedig word, talryk is. Ook hier is daar dus 'n gebrek aan wetenskaplikheid. Verder word aangetoon dat ontsaglike skade reeds aan die waardevolle versameling van die Transvaal-Museum berokken is. Oor baie jare is die werk deur onbekwame opsigters verrig. Hulle was gewoonlik "'n afgetrede polisieman of messelaar of garage=

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

werker" wat skenkings moes ontvang, inskrywe en verpak. Dit is dus begryplik dat hulle van verkeerde metodes gebruik sou maak en onkundig sou wees om wetenskaplike metodes aan te wend om museumpeste waaraan die kosbare voor= werpe blootgestel was, te bestry. "In baie gevalle is geen gegewens, selfs nie eers die naam van die skenker neergeskrywe nie. In Pretoria moet een vakkundige beampte dus die agterstand in die Ou Museum en die Krugerhuis van ongeveer 'n halfeeu hanteer." Die Genootskap maak dan ook die stelling dat die natuurwetenskaplike afdeling ver buite verhouding van personeel voor= sien is en dat ander staatsondersteunde musea nog swakker daaraan toe is as Pretoria. Verder betreur die Genootskap die feit dat musea geen doelgerigte versamelingsbeleid het nie. "Voorwerpe wat dikwels oorskietgoed is, oorbodig en 'n las, moet maar as geskenke ontvang word. Foutiewe klassifikasie, raap- en-skraapuitstallings waarin geen deurlopende gedagte is nie, geen of slegs onwetenskaplike voorligting aan skoolkinders, studente en volwassenes en geen navorsingswerk van kultuurhistoriese aard nie weens die gebrek aan opgeleide personeel - dit alles is die logiese gevolge van die huidige wantoestand."

vii Gevolgtrekking

In die lig van die voorafgaande kan gekonstateer word dat versamelings in Suid-Afrika en ook die formele musea wat later daaruit ontwikkel het, in die eerste plek gerig was op - en byna uitsluitlik belangstelling getoon het in - veral die natuurkunde. Daarnaas is ook plek vir etnografiese en argeologiese versamelings ingeruim. Van die begin af was daar egter weinig of geen belangstelling vir die kultuurgeskiedenis van die Blanke en in besonder die Afrikaner nie.

Tweedens moet die stigting van die twee Staatsmusea in die Republikeinse Noorde as 'n besondere kultuurhistoriese prestasie geboekstaaf word. Dit dra nie alleen die besef dat 'n kultuurhistoriese versameling 'n belangrike instrument in die vorming van 'n vaderlandsliefde en piëteit vir die eie kultuur en geskiedenis is nie, maar ook die dringende besef dat die museum vir die opheffing en uit= bouing van die onderwyspeil van die jeug en volk onontbeerlik is.

In die derde plek moet tot die gevolgtrekking gekom word dat die ideale wat met hierdie stigtings gestel is, saam met die twee Republieke vernietig is. In die daaropvolgende bykans sestig jaar kom daar immers van die kultuurhistoriese versamelings weinig tereg. Die algemene musea het wel afdelings vir die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

kultuurhistoriese versamelings behou en enkele van hulle, soos die Transvaal-Museum,[98] die Suid-Afrikaanse Museum[99] en die Port Elizabethse Museum[100] het historiese huise ontvang waarin kultuurhistoriese versamelings uitgestal is. Verder open genl J B M Hertzog op 30 September 1931 die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke op die terrein van die Vrouemonument in Bloemfontein[101] en die Africana-Museum in Johannesburg kom in 1935 tot stand.[102] Benewens enkele ander voorbeelde was daar origens weinig uitbreiding in die museumwese en getuig hierdie tydperk hoofsaaklik van 'n skreiende verwaarlosing van kultuur= historiese versamelings en 'n skokkende gebrek aan wetenskaplike navorsing en ontwikkeling.

Vierdens is dit noodsaaklik om kennis te neem van die verset wat sedert ongeveer 1950 teen dié ongelukkige toedrag van sake aan die oplaai was. Daar kan natuurlik bespiegel word waarom dié verset nou juis in hierdie jare so sterk gegroei het. Die belangrikste rede daarvoor is na my mening die oorwinning van die Nasionale Regering van dr D F Malan op 26 Mei 1948. Dit is opvallend dat die opdrag aan die Museumkommissie, wat volgens dr Eybers die volk laat wakker skrik het, op 23 September 1948 gegee is. Soos F A van Jaarsveld ook tereg aangetoon het, verteenwoordig die tydperk na 1948 ook die restourasie- of hersteltydperk "waarin daar na die verlede teruggekyk is met die oog op die toekoms. Die Afrikaners het doelbewus daarna gestrewe om hulle ideaal van 'n republikeinse staatsvorm wat op historiese herinnerings teruggaan, te verwesenlik."[103] Soos in die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek, is die Museum ook onder die Departement van Onderwys ingeskakel en het dit inderdaad in 'n toenemende mate prioriteit geniet. Hierdie waarneming is ook deur kol G R Duxbury, 'n vorige President van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging, in sy presidentsrede in 1977 gemaak. Hy het die Nasionale Regering geloof vir die fenomenale voor= uitgang wat dit in die museumwese van Suid-Afrika bewerkstellig het.[104]

Hiermee hang enkele gebeurtenisse saam wat in hierdie era van 'n nasionale ontwaking by die Afrikaner opnuut belangstelling vir die kulturele erfenis gewek het. Die eerste is seker die inwyding van die Voortrekkermonument in Pretoria in 1949 met die treffende voorspel van die Rapportryersonderneming wat sedert 10 Oktober van daardie jaar in vyftien roetes na Pretoria beweeg het. Hierdie Rapportryers het onder andere die boodskap gedra: "Rapportryers, herinner Suid-Afrika op pad monument toe weer aan die mylpale in sy geskiedenis en aan die boodskappe van vergange gebeurtenisse."[105] Die hoogtepunt van hierdie feesviering vind plaas op Vrydag 16 Desember 1949. By dié geleentheid was

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n kwart miljoen mense teenwoordig wat inderdaad getuig van 'n landswye opwelling van Afrikanervolkstrots en -nasionalisme.

In die daaropvolgende elf jaar was daar nog minstens vier feesgeleenthede wat ongetwyfeld ook 'n bydrae gelewer het om die oog vir die nasionale besit te open. Hierdie feeste was onder andere die Driehonderdjarige Van Riebeeckfees in 1952, die Honderdjarige Fees van Pretoria in 1955, die Uniefees in 1960 en Republiekwording in 1961. Hierdie gebeurtenisse het sedert 1948 'n onskatbare bydrae gelewer om die waarde van die kultuur= historiese museum in Suid-Afrika onder die aandag van die volk te bring. Dit gebeur in so 'n mate dat die kultuurhistoriese museum, in vergelyking met die voorafgaande jare waarin dit misken en skade berokken is, 'n "bloeitydperk" tegemoetgegaan het.

Die jare sestig van die twintigste eeu kan daarom die "goue jare" van die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika genoem word. Die goeie gesindheid van die Nasionale Regering en 'n breër bewuswording van die kosbare erfenis in verskillende versamelings, het medestryders in 'n "kulturele aanslag" verenig. Drie belangrike deurbrake is bewerkstellig.

Eerstens, die spontane stimulering van versameling wat aanleiding gee tot die stigting van 'n groot aantal musea op munisipale en provinsiale vlak. Een en veertig musea word tussen 1961 en 1971 in Suid-Afrika opgerig. Dit gaan verder gepaard met 'n besondere belangstelling op provinsiale vlak. Natal,[106] die Kaap[107] en Transvaal[108] se Provinsiale Museumdienste ont= wikkel in dié tyd in besonder effektiewe organisasies. Die groei in die Kaapprovinsie word duidelik deur statistiek aangetoon. Goedgekeurde provinsiale musea toon die volgende groei: 4 in 1913, 8 in 1957, 17 in 1966 en 36 in 1976.[109] Die ontwikkeling op provinsiale vlak in die Oranje-Vrystaat kom eers in 1977 op dreef maar het reeds onder leiding van die besonder geïnspireerde leiding van prof P J Nienaber merkwaardige vordering gemaak.

Die dinamiese invloed van prof Nienaber is egter nie tot die Vrystaat beperk nie. Dit is merkwaardig om daarop te let dat hy op 10 Junie 1960 ook die gesprek aan die gang gesit het aangaande die moontlikheid om versamelings oor skrywers wat op die Transvaalse platteland gewoon en gewerk het, byeen te bring. Die Raad van Advies insake 'n Transvaalse

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Provinsiale Biblioteekdiens het hierdie gedagte verder gevoer en die Biblioteekdiens se Direkteur versoek om die saak op te volg.[110] Dié onderhandelinge loop uit op die instelling van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens soos goedgekeur deur die Provinsiale Raad in Mei 1970 en in die Provinsiale Koerant van 30 September 1970 as Ordonnansie 12 van 1970 gepubliseer. Hierdie Museumdiens het sedertdien werk van voortreflike gehalte gelewer en onteenseglik daarin geslaag om die museumkundige gehalte van ingelyfde musea, waarvan daar reeds 20 in 1977 was, ingrypend te verhoog. Veral op die gebied van dokumentasie van museumvoorwerpe is reeds besondere hoogtes bereik.

Een van die betekenisvolste bydraes is egter die tema-afbakening vir Transvaal wat meebring dat elke omgewing in die provinsie van 'n toepaslike tema voorsien word. Só het Middelburg byvoorbeeld die opdrag ontvang om onder andere aandag te skenk aan die volkekunde en dan in die besonderedie Suid-Ndebele, kultuurgeskiedenis van die eie omgewing met besondere aandag aan Fort Merensky, die konsentrasiekampe, die sendingstasie en die landbou van die oostelike Hoëveld. Pietersburg se opdrag behels kuns, argeologie (Steentydperk), volkekunde met besondere aandag aan die Noord-Ndebele en Noord-Sotho.[111]

Hierdie afbakening sal ongetwyfeld tot gevolg hê dat plattelandse versamelings georden word en terselfdertyd verhoed dat klein, stereotiepe versamelings oral tot stand kom. Hierdie besondere werkswyse is ook deur die Vrystaatse Museumdiens oorgeneem en kan alleenlik verwelkom word. Die Transvaalse Museumdiens het verder ook 'n besondere leemte gevul met die publikasie van die nuusblaadjie, Overvaal Musea-Nuus, wat sedert 1974 verskyn. Die doel daarvan is om die publiek meer museum- en bewaringsbewus te maak. Daar word later verwys na enkele verbeeldingryke projekte wat reeds aan-gepak is.

'n Tweede deurbraak tydens die "goue jare" van kultuurhistoriese musea in Suid-Afrika is die aanstelling van vakkundige museumpersoneel wat aan kultuurhistoriese versamelings wetenskaplike aandag kon skenk. Daar is reeds na verwys dat die Transvaal-Museum tot in 1953 nooit 'n behoorlik wetenskaplik toegeruste vakkundige in sy personeel gehad het om die kultuur-historiese versameling te versorg nie. Sover vasgestel kon word was dit ook die geval in al die ander algemene musea in Suid-Afrika. In 1953 is mev

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Kotie Roodt-Coetzee aangestel. Dit is sonder twyfel een van die belangrikste mylpale in die geskiedenis van die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika. Hierdie vrou het, menslik gesproke, sedert hierdie heuglike datum wonders verrig. Sy het nie alleen 'n nuwe era ingelei ten opsigte van dokumentasie van kultuurhistoriese voorwerpe nie, maar ook 'n besondere rol gespeel in die bewaring van die belangrikste versameling in die land en 'n nuwe dimensie aan die uitbouing daarvan gegee. Daar kan ook in dié verband verwys word na die aanstelling van dr Mary Cook in 1959 op die personeel van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Alhoewel dr Cook 'n medikus is en dus nie 'n formele opleiding in kultuurgeskiedenis gehad het nie, het sy sedert haar koms uit Engeland 'n intense belangstelling in die vakgebied geopenbaar en 'n prysenswaardige studie van die Kaaps-Hollandse argitektuur en die algemene kultuurgeskiedenis van dié geweste onderneem. Haar aanstelling het ook gou vrugte afgewerp deurdat sy op wetenskaplike wyse aandag ge= skenk het aan die uitstallings in die Koopmans de Wet-huis. Die waardevolle dienste van hierdie dame het ook daartoe bygedra dat die Museum die bekende Heller-versameling van Kaapse silwer bekom het.[112]

Die derde en miskien ingrypendste en terselfdertyd betekenisvolste oorwinning wat behaal is, is die selfstandigwording van die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika. Hierdie oorwinning waaraan oor lange jare gewerk is, is die eerste keer in Transvaal gesmaak. In die Staatskoerant van 21 Augustus 1964 verskyn Goewerments Kennisgewing No. 1291, waarin verklaar word dat die Kultuurhistoriese Afdeling van die Transvaal-Museum selfstandig word. Dié Afdeling sou bestaan uit die Ou Museum in Boomstraat wat dateer uit die Republikeinse era, die Krugerhuis en die Opelugmuseum wat in Pretoria opgerig sal word, en sou voortaan bekend staan as "Die Nasionale Kultuur= historiese en Opelugmuseum". Dit is tog insiggewend om daarop te wys dat dit die wens en begeerte van die Bestuur van die Historiese Komitee van die Transvaal-Museum was dat die nuwe kultuurhistoriese museum die naam "Staats= museum" moes ontvang. Daarmee sou die historiese naam in ere herstel word, wat 'n verdere bewys is van die vurige begeerte wat in dié tyd bestaan het om die ou Republikeinse ideale in die nuwe era na 1961 weer te laat herleef. Die betrokke Minister het egter gemeen dat daar met die nuwe naam volstaan moes word.[113] Dit is jammer.

Die selfstandigwording van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het nie alleen 'n nuwe era vir die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

ingelui nie, maar ook die begin van die amptelike poging om 'n nasionale opelugmuseum op te rig.

Die voorbeeld wat in Pretoria gestel is, sou spoedig dwarsdeur die land weerklank vind. Die Albanie-Museum het in 1965 'n aparte gebou vir sy kultuurhistoriese versameling opgerig,[114] terwyl die Suid-Afrikaanse Museum se kultuurhistoriese afdeling ook in 1966 amptelik selfstandig geword het. Dit sou voortaan bekend staan as die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum en is in die Ou Hooggeregshofgebou aan die bopunt van Adderleystraat gevestig.[115] In dieselfde jaar kry Durban ook sy eie museum vir plaaslike geskiedenis wat ewe-eens in die Ou Geregshofgebou ingerig word.

Hierdie gebeure getuig voldoende van die merkwaardige agterstand wat die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika het. Dit toon ook dat 'n daadwerk= like poging tot die regstelling van hierdie historiese ontwikkeling eers in die vyftigerjare van dié eeu begin is. In die daaropvolgende dekade is betekenisvolle vordering gemaak.

Dit is juis hierdie historiese perspektief wat my aan die begin van hierdie hoofstuk genoop het om te beweer dat die ontwikkeling van 'n opelugmuseum in Suid-Afrika eenvoudig nie kon plaasvind nie. Die opelugmuseum is immers, soos reeds aangetoon, 'n gevorderde fase in die ontwikkeling van die kultuur= historiese museum. Die spreekwoordelike "kar wat nie voor die perde ingespan kan word nie" is ook in dié geval van toepassing. Die kultuurhistoriese museum moes éérs in Suid-Afrika in die posisie gestel word om sy taak na behore te verrig en moes éérs 'n belangrike rol vervul om die algemene publiek reg te stem en in te lig, voordat dit moontlik kon word om die owerhede en veral die amptenaar-burokrasie te oortuig van die belangrikheid en selfs noodsaaklikheid van die verdere ontwikkeling in die rigting van 'n opelugmuseum.

Hierdie fundamentele en belangrike aspek is in die verlede nie altyd besef nie. Die gevolg was dat daar soms verbittering tussen strydgenote ontstaan het, waar die een die ander verwyt dat deur sý of háár toedoen Suid-Afrika tot dusver beroof is van sy nasionale opelugmuseum.

Hierdie wanindruk kan egter alleen uit die weg geruim word as die lofwaardige pogings om 'n opelugmuseum op te rig in sy regte konteks geplaas word. In

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die lig van voorafgaande beskrywing van die aard van die ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika kan nou daartoe oorgegaan word om hierdie pogings om die opelugmuseum op te rig, te beskryf.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

VERWYSINGS

1 A N Pelzer: Reisbeskrywings in die Suid-Afrikaanse Historiografie (Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie (red G Cronjé), bl 58 - 92).

2 Mia C Karsten: Heurnius and Hermann, the Earliest Known Plant Collectors at the Cape (Journal of South African Botany, Vol XXIX Deel 1, Januarie 1963, bl 27); J P de Bie en J Loosjes (red): Heurnius (Justus) (Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland, Derde Deel, bl 789 - 796); P C Molhuysen en P J Blok (red): Heurnius (Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek, Vierde Deel, bl 746 - 747, asook die Vyfde Deel, bl 230 - 231).

3 Mia C Karsten: Carl Peter Thunberg. An Early Investigator of Cape Botany (Journal of South African Botany, Vol V, 1939, bl 87); Mia C Karsten: Heurnius and Hermann, the Earliest Known Plant Collectors at the Cape (Journal of South African Botany, Vol 33, April 1967, bl 117 - 132, en Vol 33, Julie 1967, bl 161 - 175); P Edwards: Some Manuscripts relating to South African Botany in the William Sherard Collection in the Bodleian Library at Oxford (Journal of South African Botany, Vol 30, Julie 1964, bl 103 - 105).

4 Francois Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende, V R V, sien inleiding van prof P Serton, bl 20.

5 Peter Kolbe: Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, bl 48 en 443.

6 Mia C Karsten: Carl Peter Thunberg. An Early Investigator of

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Cape Botany (Journal of South African Botany, Vol V, 1939, bl 4); Mia C Karsten: Sparrman as a Correspondent (Journal of South African Botany, Vol XXIII, April 1957, bl 43); J H Verduyn de Boer: Botanisten aan de Kaap (Die Huisgenoot, 15 April 1927, bl 29 - 31).

7 Mia C Karsten: Sparrman as a Correspondent (Journal of South African Botany, Vol XXIII, April 1957, bl 133).

8 W J Burchell: Travels into the Interior of Southern Africa.

9 Helen M McKay: William John Burchell, Botanist (Journal of South African Botany, Vol VII, 1941, bl 1vv); Helen M McKay: Sketch Map of Burchell's Trek (Journal of South African Botany, Vol IX, 1943, bl 27vv); Anon: William Burchell (1792 - 1863) (Die Huisgenoot, 23 Desember 1927, bl 47 - 51, en 6 Januarie 1928, bl 35 - 39).

10 James Backhouse: A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa.

11 Thomas Baines: Journal of Residence in Africa, 1842 - 1853.

12 H Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806.

13 Andrew Steedman: Wanderings and Adventures in the Interior of Southern Africa.

14 M D Teenstra: De Vrughten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden.

15 Wouter Schouten: Oost-Indische Voyagie, Derde Boek, bl 185.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

16 Johan Nieuhof: Gedenkweerdige Brasiliaense Zee en Lant Reize na en door Oostindien, bl 10.

17 Johan Jacob Saar: Funfzehen-Jährige Kriegsdienste ... (Cape Good Hope 1652 - 1702 (red R Raven-Hart), bl 64).

18 Jean-Baptiste Tavernier: De Zes Reizen ... (Cape Good Hope 1652 - 1702 (red R Raven-Hart), bl 70).

19 Johann Wilhelm Vogel: Ost-Indianische Reise-Beschreibung, bl 57.

20 Elias Hesse: Ost-Indianische Reisebeschreibung (Cape Good Hope 1652 - 1702 (red R Raven-Hart), bl 228).

21 Francois Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende, bl 116; Africana Aantekeninge en Nuus, Junie 1946, Deel III, nr 3, bl 97 - 98, en September 1946, Deel III, nr 4, bl 123 - 126.

22 Peter Kolbe: Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, bl 284 - 285; Francois Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende, bl 166 - 230.

23 Kaapse Staatsargief: C 704 Instructien 1775 - 1782, 29 Augustus 1776, 9 September 1778 en 15 September 1780.

24 H Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, bl 168.

25 A w, bl 171.

26 C 703 Instructien 1747 - 1764, 13 Mei 1754, bl 347.

27 C 488 Particuliere Brieven van en aan de Gouverneurs 1747 - 1776: Ink. Br. 14 Maart 1762, bl 389 - 393; Sien

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

ook C 488 Ink. Br. 10 Julie 1766, bl 451 - 453, en 10 September 1766, bl 457 - 458.

28 C Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika II, bl 298 - 302; J L M Franken: 'n Kaapse Huishoue in die 18de eeu uit Van Dessin se Briefboek en Memoriaal (Argief Jaarboek vir S A Geskiedenis, 1940, Deel I, bl 68); P C Coetzee: Die Nalatenskap van Von Dessin: die Begin van 'n Afrikaanse Biblioteektradisie (Historiese Studies, Universiteit van Pretoria, Jaargang III, 1942, bl 90 - 95); D H Varley: Joachim von Dessin and his Book Collection (Kwartaal= blad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Vol 16, nr 1, bl 8 - 21); D Bax: Zuid-Afrika's Eerste Openbare Verzameling op het Gebied van Kunst en Etnologie 1764 - 1821 (Verhandelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Afd Letterkunde, Nieuwe Reeks, Deel 75, nr 3, bl 5 - 132); A M Lewin Robinson: The History of the South African Library (Die Suid-Afrikaanse Biblioteek 1818 - 1968 (red C Pama), bl 1); R F M Immelman: Joachim von Dessin: Die Man en sy Boekery (Die Suid-Afrikaanse Biblioteek 1818 - 1968 (red C Pama), bl 15 - 34).

29 A M L Robinson: An American Girl at the Cape in 1834 (Kwartaal= blad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Deel 23, bl 84).

30 A M L Robinson (red): The Letters of Lady Anne Barnard to Henry Dundas, bl 88.

31 P R Kirby: Andrew Smith, M.D., Founder of the South African Museum (Annals of the South African Museum, Vol XXXVI, 1942 - 1947, bl 6 - 7).

32 Andrew Smith: A Descriptive Catalogue of the South African Museum, bl i.

33 Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter, Deel XX, Saterdag 25 Junie 1825.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

34 Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter, Vrydag 15 Junie 1825 en 12 Augustus 1825.

35 P R Kirby (red): The Diary of Dr. Andrew Smith; William F Lye (red): Andrew Smith's Journal of his Expedition into the Interior of South Africa 1834 - 36; Adrienne Sichel: Skatkis van Kennis (Suid-Afrikaanse Panorama, November 1975, bl 22 - 25).

36 P R Kirby: The South African Museum, as Exhibited in the Egyptian Hall, Picadilly, London, by Andrew Smith, M.D. in 1837 (SAMAB Vol IV, nr 5, Maart 1948, bl 113); R F H Summers: A History of the South African Museum 1825 - 1975, bl 11 - 21; Anon: The South African Museum Cape Town 1855 - 1955, bl 1; Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Obituary, Z. 29, bl 165(a); Report of the Trustees of the South African Museum, 14 Febuarie 1856, bl 1.

37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staats= ondersteunde Inrigtings, 1950, bl 75; Departement van Natuur= bewaring: Provinsiale Museums van Kaapland, bl 4.

38 H. Fransen: Guide to the Museums of Southern Africa, bl 78.

39 Die Patriot, 15 Junie 1877; De Express, 10 April 1884, hoof= artikel.

40 F A van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868 - 1881, bl 172 - 176.

41 G D Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel III 1854 - 1881, bl 599 - 601.

42 Die Patriot: 11 Oktober 1878, 20 Junie 1879, 30 Mei 1879, 22 April 1881, 4 Julie 1879, 6 Februarie 1880.

43 De Zuid-Afrikaan, 25 November 1874, 30 Junie 1878, 27 Maart 1875; Sien ook 19 Junie 1875.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

44 De Zuid-Afrikaan, 1 Julie 1874.

45 F A van Jaarsveld: Lewende Verlede, bl 61 - 69;
F A van Jaarsveld: Geskiedkundige Verkenninge, bl 40;
F A van Jaarsveld: Afrikaner Quo Vadis?, bl 71 - 72.

46 H J Hofstede: Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat in 1876;
C P Bezuidenhout: De Geschiedenis van het Afrikaanse Geslacht van 1688 tot 1882. (1883).

47 S J du Toit e a: Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk. (1877).

48 Weilbach en Du Plessis: De Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog. (1882); F Lion Cachet: De Worstelstrijd der Transvalers. (1883); Dr J A Roorda Smit: Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren. (1883).

49 Het Volksblad, 17 Februarie 1876.

50 Die Patriot, 7 Junie 1878.

51 Die Patriot, 1876, bl 44 en 87.

52 The Express, 26 Julie 1877: "National Museum"; Argief Nasionale Museum, Bloemfontein: Minutes of Meeting of the Museum Committee, 27th July 1877.

53 The Express, 23 Mei 1878.

54 Argief Nasionale Museum, Bloemfontein: "Memorial to His Honor the President and the Chairman and Members of the Volksraad, signed by the Committee, Bloemfontein 24 April, 1879".

55 Gegewens vervat in die huidige uitstallings in die ou Raadsaal.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

56 A H Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900, bl 93; J D du Toit: Ds S J du Toit in Weg en Werk, bl 63.

57 S P Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bl 99 - 142. Sien verder De Volksstem, 17 Januarie en 10 Oktober 1874.

58 A H Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900, bl 93; E G Malherbe: Education in South Africa, Vol 1 1652 - 1922, bl 241.

59 De Volksstem, 23 September 1876: 'n Oproep van dr Roorda Smit om voorwerpe te skenk vir die Museum en boeke vir die Biblioteek; Sien ook De Volksstem, 30 Desember 1876.

60 De Volksstem, 16 Mei 1894.

61 Eerste Volksraad Notule, 1894, bl 14, artikel 25; Tweede Volksraad Notule, 1894, bl 21 - 22, artikel 50.

62 ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 1 Desember 1892, artikel 934.

63 Argief van die Transvaal-Museum: Notule van die Curatorium.

64 De Volksstem, 16 September 1893.

65 ZAR 179, Staats-Almanak 1894, bl 79.

66 ZAR 141, Verslag van die Departement Publieke Werke, 1893, bl 4.

67 OD Band 438: Circulaire Het Staatsmuseum, Junie 1893.

68 Vergelyk byvoorbeeld Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum= argief: TM/OM 1, Memorandum vir voorlegging deur die Historiese

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Genootskap van Suid-Afrika aan Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, bl 3.

69 J W B Gunning: A Short History of the Transvaal Museum (Annals of the Transvaal Museum, nr 1, April 1908, bl 4); Transvaal-Museumargief: Lêer met Toesprake, Lesings en Dokumente van dr J W B Gunning.

70 ZAR 120, Jaarverslae van die Departement van Onderwys, 1893 - 1898; Vergelyk ook verslae wat in die pers gepubliseer is: Staats Courant, 30 Desember 1893; De Volksstem, 4 April 1896; Sien ook De Volksstem, 17 Januarie 1894.

71 ZAR 120, Jaarverslae van die Departement van Onderwys, 1898, bl 181.

72 A w, bl 180.

73 Eerste Volksraad Notule, 1893, bl 438, artikel 1247. Toestemming word aan Paul Krantz verleen om gedurende verbode tyd in belang van die Staatsmuseum te gaan jag.

74 ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 26 April 1899, artikel 438.

75 ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 19 Desember 1893, artikel 732.

76 V FitzSimons en L Brain: Geskiedenis van die Transvaal-Museum (Transvaal-Museum Bulletin, nr 13, 30 November 1972, bl 6).

77 ZAR 120, Jaarverslag van die Departement van Onderwys, 1897, bl 99.

78 Staats Courant, 2 Maart 1898; ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 18 April 1899, artikel 404.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

79 Transvaal-Museumargief: Lêer met Toesprake, Lesings en Dokumente van dr J W B Gunning.

80 P J de Beer: Die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht 1902 - 1921, bl 1 - 7; Joubert-versameling: Band 7, bl 743 - 745; 'n Volledige lys van dié toekennings verskyn ook in die Leyds-argief: Band 908, II, bl 276, en Leyds: "Derde Versameling: Correspondentie 1900", Deel I, bl 262 - 263; Nr 260: Kiewiet de Jonge aan Leyds, 14 Augustus 1900; Sien ook A Meyroos: Beknopte Beschrijving van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht, bl 47 - 51.

81 Transvaalse Argiefbewaarplek: Secretary to Transvaal Administration, 5186/01.

82 Austin Roberts: The Birds of South Africa (1940), en The Mammals of South Africa (1951); Sien Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 170.

83 Georges van Son: The Butterflies of Southern Africa; Sien Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 312.

84 Raymond A Dart: Robert Broom - His Life and Work (South African Journal of Science, Vol 48, nr 1, Augustus 1951, bl 3 - 19).

85 V F M FitzSimons: Snakes of South Africa en Field Guide to the Snakes of Southern Africa; Sien Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 207.

86 A J T Janse: Moths of South Africa; Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 234.

87 TM/OM I: Memorandum re Proposed New Museum of Cultural History, opgestel deur V F M FitzSimons, November 1958.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

88 Leyds-argief: Bande 909, 910 en 911.

89 P J de Beer: Die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht 1902 - 1921, bl 146.

90 Leyds-argief: Band 909, III, bl 650, koerantuitknipsel uit The Times, 5 September 1911. Die Nederlandse pers, onder andere die Nieuwe Rotterdamsche Courant van 7 September 1911, het skerp hierop gereageer; Sien Leyds-argief 909, III, bl 656.

91 Argiefstukke van die Genootskap Oud-Pretoria in die Transvaalse Argiefbewaarplek: A1266/1/1/W, 1948: Memorandum ingelewer deur die Komitee insake die Historiese Museumwese in Pretoria by die Kommissie van Ondersoek na Musea en sekere Staatsondersteunde Inrigtings, bl 1.

92 A w, bl 12.

93 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staats= ondersteunde Inrigtings, bl 39 - 40.

94 A w, bl 201 - 219.

95 A w, bl 209.

96 A1266/1/1/13R: G W Eybers: Kultuur uit ons Stamlande en uit Eie Bodem. 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum (Radiobespreking, 11 Januarie 1960).

97 TM/OM I: Memorandum vir voorlegging deur die Historiese Genootskap van Suid-Afrika aan Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, bl 1 - 4.

98 In 1934 is die Krugerhuis deur 'n komitee aangekoop en aan die Transvaal-Museum oorhandig.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

99 Die Bewaringskomitee het die Koopmans de Wet-huis in 1913 gekoop en aan die Museum oorhandig.

100 Castle Hill No 7, die oudste huis wat nog in Port Elizabeth staan, is in 1963 gekoop en aan die Museum oorgedra; C F Snyman: Huis op die Heuwel (Suid-Afrikaanse Panorama, Mei 1975, bl 8 - 11).

101 Die Volksblad, 30 September 1931; Die Volksblad, 2 Oktober 1931; The Friend, 1 Oktober 1931.

102 Hans Fransen: Guide to the Museums of Southern Africa, bl 142; Anna H Smith: Treasures of the Africana Museum, bl 8 - 9; Berna Maree: Hier lewe ons Voorvaders (Suid-Afrikaanse Panorama, Desember 1962, bl 22 - 25).

103 F A van Jaarsveld: Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966, bl 259.

104 G R Duxbury: Presidentsrede by die Jaarvergadering van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging in Durban, Mei 1977.

105 M C Botha: Die Huldejaar 1949, bl 30.

106 Ordonnansie Nr 26, 1973. Datum van inwerkingtreding van die Ordonnansie op Natalse Provinsiale Museums was 15 Februarie 1974.

107 D Hey en J L Steele: The Provincial Museums Service in the Cape Province (SAMAB Bulletin van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging, Deel 12, nr 5 1977, bl 188 - 193). Ordonnansie Nr 8, 1975, Die Museumordonnansie 1975, het op 1 Januarie 1976 in werking getree.

108 Ordonnansie 12 van 1970 waarvoor toestemming op 19 Augustus 1970 verleen is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

109 D Hey en J L Steele: The Provincial Museums Service in the Cape Province (SAMAB Bulletin van die Suider-Afrikaanse Museum= vereniging, Deel 12 nr 5, 1977, bl 191).

110 Notule van die Raad van Advies insake 'n Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens, 10 Junie 1960; Transvaalse Provinsiale Administrasie: Verslag oor die Museumdiens vir die jaar geëindig 31 Desember 1971, bl 3; Overvaal Museanuus: Debatte en Verrigtinge van die Transvaalse Provinsiale Raad (Overvaal Museanuus, nr 3, Desember 1976, bl 3).

111 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Verslag oor die Museumdiens vir die jaar geëindig 31 Desember 1973, bl 4; Transvaalse Provinsiale Administrasie: Verslag oor die Museumdiens vir die jaar geëindig 31 Desember 1974, bl 4.

112 Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Report of the South African Museum for the year ended 31st March, 1959, Dept of History, bl 9 - 10.

113 Notule van die eerste vergadering van die Kultuurhistoriese Komitee van die Transvaal-Museum, Donderdag 26 September 1963, bl 6; Notule van die vergadering van die Komitee van die Kultuurhistoriese Afdeling van die Transvaal-Museum, Vrydag 1 Mei 1964, bl 2.

114 Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Verslag van die Albanie-Museum, Grahamstad vir die jaar eindigende 31 Desember 1965, Voorsittersverslag, bl 1, en Verslag Departement Geskiedenis, bl 1.

115 Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Report of the South African Museum for the period 1st April 1963 - 31st March 1964, bl 3; Report of the South African Museum for the year ending 31st March 1967, bl 1; Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museumbiblioteek: Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad, Verslag April 1966 - Maart 1976, bl 1.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK III

DIE OPELUGMUSEUM-GEDAGTE IN SUID-AFRIKA

i Die ontstaan

Dit is begryplik dat die ontstaan van die opelugmuseum-gedagte in Suid-Afrika, soos elders, 'n lang aanloop gehad het en dat dit ook hier nie oornag posgevat het nie. Dit kan verder ook aanvaar word dat die wenslikheid en dringende noodsaaklikheid van so 'n museum vir Suid-Afrika by verskillende mense met verloop van jare posgevat het. Dit sou in die besonder geld vir kultuur=bewuste mense wat na Nederland gereis het vir studie of ander redes. Dit blyk tot vandag toe 'n redelik algemene verskynsel dat veral Afrikaners wat Nederland besoek, gewoonlik by die Opelugmuseum van Arnhem aandoen; asook by opelugmusea in die Skandinawiese lande, hoewel in 'n veel mindere mate.

Uit die verlede kan ons in dié verband minstens twee voorbeelde noem.

Eerstens is daar die skrywer, J F W Grosskopf (1885 - 1949). In sy toespraak op 25 Februarie 1938 by geleentheid van die jaarlikse opening van die Univer=siteit van Pretoria maak die professor melding van dié saak.[1] Hy vertel onder meer van die opelugmusea van Swede en spreek dan die gedagte uit dat die Universiteit die leiding moet neem om so 'n museum in Suid-Afrika op te rig. Miskien moet dit aanvanklik slegs "'n regte outydse Transvaalse boerehuis" wees om daarmee 'n aanskoulike beeld te gee van hoe 'n Transvaalse Voortrekker=gesin "maar net 70 of 80 jaar gelede gelewe het". Op grond van hierdie uitspraak van prof Grosskopf noem mev Kotie Roodt-Coetzee hom "die eerste pleitbesorger vir die stigting van hierdie soort kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika".[2]

Tweedens het dr G v W Eybers in sy reeds aangehaalde minderheidsverslag ook dié gedagte in sy betoog oor die kultuurhistoriese museum ingeruim: "Dit is nie 'n gees van foutvindery dat mens die toestand in Suid-Afrika, wat museums vir geskiedenis en algemene kultuur betref, met dié in verskillende oorsese lande vergelyk nie; maar ons moet nog baie verder vorder voordat ons selfs in die stof kan kom van sulke opvoedkundige strukture soos die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

museumdorpie van Henry Ford op Dearborn of die Sweedse Museumdorp op die Skansen-skiereiland of die Copenhagen-museum ..."[3] Hieruit is dit tog duidelik dat dr Eybers wat later in die sestigerjare 'n aktiewe rol gespeel het in die stryd om die stigting van 'n opelugmuseum, reeds voor 1950 ook met dié fenomeen kennis gemaak het.

Die eerste georganiseerde poging wat ek egter kon aantref, is dié van die Genootskap Oud-Pretoria.[4]

ii Die poging van die Genootskap Oud-Pretoria

Die stigting van die Genootskap Oud-Pretoria sou uiteindelik 'n besonder belangrike rol speel in die ontstaan en groei van die opelugmuseum-gedagte in Pretoria. Die Genootskap is op 22 Maart 1948 aan die huis van dr W H J Punt deur twaalf persone gestig.[5]

Uit die doelstellings van die Genootskap blyk dit baie duidelik dat hierdie groepie mense besorg was oor die vinnige vernietiging en sloping van veral historiese geboue in Pretoria en dat hulle 'n aktiewe bydrae wou lewer om die geskiedenis van die stad te bewaar deur veral dokumente, voorwerpe en materiaal van geskiedkundige belang te versamel. Verder wou hulle betrokke wees by geskiedkundige feesvierings wat veral Pretoria raak. As in gedagte gehou word dat hierdie stigting ongeveer sewe jaar voor die Eeufees van Pretoria plaasgevind het, dan werp dit 'n besondere lig op die totstandkoming van die organisasie.[6]

Reeds in September 1952 het dr Punt in "Pretoriana", die lyfblad van die Genootskap, 'n insiggewende artikel geskryf onder die opskrif "Ons stad groei".[7] Hy meld daarin dat daar oor 'n paar jaar geen enkele voorbeeld van die oudste huise van Pretoria, wat so kenmerkend van die stad was, meer oor sal wees vir die nageslag om te besigtig nie. "Indien so 'n huis met sy oorspronklike meublement en tuin kon bewaar word, sou besoekers, ook die van oorsee, 'n voorbeeld van 'n kulturele erfenis uit Transvaal se wordingsjare kan gaan sien. Wat 'n kunsskat sal die woning oor 'n paar eeue vir Pretoria en Transvaal wees!" Hy spreek ook verder die mening uit dat die Stadsraad van Pretoria die aangewese liggaam is om in oorleg met die Genootskap Oud-Pretoria so 'n outydse huis aan te koop.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Wat die invloed van hierdie artikel op die verdere verloop presies was, is vandag moeilik te bepaal. Die feit is egter dat so 'n ou woning vroeg in 1953 die onderwerp van menige gesprek en geskrif word[8] en dat dit juis 'n Stadsraadslid is wat die inisiatief in die besondere bewaringspoging neem. Die huis het behoort aan ene Bras Pidade Perreira, 'n vooraanstaande Portugese handelaar. Na die ontruiming van Schoemansdal in die sestigerjare van die vorige eeu, het Perreira na Pretoria verhuis en die betrokke huis op die hoek van Skinner- en die huidige Paul Krugerstraat gebou. Die huis was dus ten tye van die belangstelling daarin ongeveer 80 jaar oud en is allerweë beskou as die oudste huis in Pretoria.

Vir die volgende twaalf jaar sou die stryd om die behoud van hierdie huisie voortduur. Die Stadsraadslid wat die inisiatief geneem het, was die bekende mnr Leon Besaans. Hy het voorgestel dat die huis afgebreek en elders herbou moet word. Die saak was egter spoedeisend omdat die perseel waarop die huis gestaan het, te koop aangebied is. Die voorstel van mnr Besaans het dadelik groot byval gevind by die Genootskap. Die Stadsraad is in kennis gestel dat die Genootskap sy hulp aanbied om 'n geskikte perseel vir die heroprigting van die woning te vind. Die Genootskap sou ook beskikbaar wees om te help met die afbreek van die gebou en die inwinning van tegniese besonderhede van boumetodes asook met die insameling van geskikte meublement sodat die huis in alle opsigte in die regte kultuurhistoriese konteks geplaas kan word.[9]

Teen die einde van 1953 het die lede van die Genootskap verneem dat daar groot belangstelling by die Stadsraad vir die onderneming heers. Die gedagte het teen daardie tyd ook so ver gevorder dat die eienaars van die huis, mnr G N Heydenrych en sy moeder, dit gratis aan die Genootskap geskenk het.[10]

Verder het die mening ontstaan dat die huis by Du Preezhoek in die Fonteine-omgewing waar die Bronkhorst-familie in die veertigerjare van die vorige eeu die eerste hartbeeshuisies opgerig het, herbou moet word.[11] Die Genootskap sou die verantwoordelikheid aanvaar terwyl die Stadsraad die volgende twee voorwaardes gestel het: "1) Dat die Raad nie vir die onderhoud en sorg van die huis aanspreeklik gehou word nie. 2) Dat die grond waarop die huis heropgerig gaan word, die eiendom van die Raad bly."[12]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Intussen het die gedagte ook posgevat dat die huis gereed moet wees vir die Pretoriase Eeufees wat in 1955 gevier sou word. Die komitee het bestaan uit raadslid L Besaans, mnr G N Heydenrych, prof A L Meiring, mnr H Eaton en dr W Punt, en sou met die hulp van die Boumeestersvereniging alles in hul vermoë doen om "Fountain Lodge", só genoem vanweë 'n fontein op die perseel, vir die nageslag te bewaar.[13]

Die geskiedenis van hierdie bewaringspoging moet hier onderbreek word om melding te maak van 'n ander verwikkeling wat myns insiens die gang van die saak ingrypend beïnvloed het. Dit was naamlik die reis wat dr Punt in Augustus 1953 na Europa onderneem het. Hy het onder andere 'n besoek aan die Opelugmuseum van Arhhem gebring, wat 'n geweldige indruk op hom gemaak het. Dr Punt lewer op 29 Januarie 1954 op 'n Bestuursvergadering van die Genootskap verslag van sy reis en maak op die vergadering sy plan bekend om ook in Suid-Afrika 'n opelugmuseum te stig. Ten einde hierdie plan aan die publiek bekend te maak, word 'n algemene vergadering beplan waarby dr Punt as spreker sou optree.[14] Hierdie vergadering vind op 24 Februarie 1954 plaas in die Projeksiesaal van die Tegniese Kollege. Die onderwerp vir bespreking is: "Die moontlikheid om 'n Opelugmuseum vir Transvaal in Pretoria te stig." Die uitnodiging na hierdie vergadering meld verder dat die heroprigting van die "oudste tans bestaande huis in Pretoria" die begin moet vorm van die Opelugmuseum wat nou beplan word.[15] Die vergadering was 'n groot sukses en die volgende mosie wat deur dr Punt voorgestel en deur mnr L Besaans gesekondeer is, word 'n besluit van die vergadering: "This meeting requests, that the Executive Committee of the Association Old Pretoria in consultation and with the assistance of the City Council of Pretoria and other bodies proceeds to establish an Open Air Museum for the Transvaal in Pretoria."[16]

Alhoewel die hoop nog in Oktober 1954 bestaan het dat die Opelugmuseum tydens die Eeufeesjaar van Pretoria sy beslag sou kry deur die oprigting van die eerste huis op die terrein waaroor daar op daardie stadium onderhandel is, het die probleme reeds begin deurskemer.[17] Die Stadsraad van Pretoria aan wie die terrein in die Fonteinevallei behoort het, was meer as gewillig om met die Genootskap saam te werk om die doelstelling te verwesenlik. Tog moes presies bepaal word aan wie die terrein oorgedra moes word. Die Stadsraad moes beslis of die beheer daarvan nie op 'n breër basis gestel moes

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

word nie. Die probleem sou opgelos kon word as die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum by die aangeleentheid betrek kon word. Aangesien hierdie Raad immers 'n statutêre liggaam was, sou dit vir die Stadsraad baie aanneem= liker wees om 'n ooreenkoms met hulle aan te gaan in plaas van met 'n liggaam van ongeveer 130 vrywillige lede. Die Genootskap is dus deur die Stadsraad versoek om die aangeleentheid met die Raad van die Transvaal-Museum te bespreek.[18]

Hierdie samespreking het op 3 Desember 1954 plaasgevind. Alhoewel die verteenwoordigers van die Genootskap verseker is dat die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum intens belangstel in die poging om 'n opelugmuseum in Pretoria op te rig, kon hy egter nie sy oë vir die bestaande probleme sluit nie. Die Raad sien dus nie sy weg oop om verantwoordelikheid vir die onderneming te aanvaar nie. Só het die Eeufeesjaar dus aangebreek sonder die vooruitsig dat die einde van die onderhandelinge in sig was.[19]

Die onderhandelinge wat die Genootskap Oud-Pretoria veral met die Stadsraad van Pretoria in 1955 gevoer het, word oorheers deur twee sake: die moontlikheid om die terrein aan die Genootskap oor te maak, en die poging van die Genoot= skap om 'n aanvaarbare Beheerraad vir die Opelugmuseum daar te stel. Teen die einde van die jaar kon wel van 'n geringe vordering met albei sake melding gemaak word.

Volgens 'n besluit van die Stadsraad op 29 Julie 1955 sou 'n langtermyn-huurooreenkoms aangegaan word vir 'n pragtige stuk grond wat geleë is tussen die Delmas- en Fonteinepad. Die grond is 40 morge groot en het deel uitgemaak van die plaas Groenkloof nr 419. Aanvanklik is slegs 15 morge toegeken met dien verstande dat die ander 25 morge vir 'n tydperk van tien jaar vir verdere gebruik gereserveer sou word indien die onderneming suksesvol blyk te wees. Die Stadsraad het egter die voorwaarde gestel dat 'n goedgekeurde verteen= woordigende liggaam daargestel moet word, met magte om kontrakte te sluit en wat ook bewys kan lewer dat dit oor genoegsame finansiële steun beskik.[20] Hierdie besluit van die Stadsraad berus op 'n aanbeveling wat deur mnr N Cooper, die Stadsraad se Stadsbeplanner, gemaak is na sy besoek aan Arnhem in 1955. Hy het onder andere in sy verslag geskryf: "Ek wil dadelik sê dat die Arnhem-museum iets wonderliks is." Verder lê hy nadruk op die koste

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van so 'n opelugmuseum wat volgens hom baie hoog is. 'n Klein vereniging soos die Genootskap sou so 'n skema nie kon finansier nie. Hy beveel ook aan dat dit 'n nasionale poging moet wees wat deur die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap aangepak word. Die Stadsraad kan dan die grond skenk en die Genootskap kan propaganda maak vir die museum. "Kortom meen ek dat die Stadsraad slegs grond vir die opelugmuseum moet skenk as hy tevrede is dat daar genoeg geldelike stukrag vir so 'n skema is. Andersinds kan ek die toekenning van die grond nie aanbeveel nie."[21]

Die tweede saak wat in 1955 aandag geniet het, was die aanstelling van 'n Beheerraad. Die Stadsraad het gunstig gereageer op die voorstel wat deur die Genootskap gemaak is.[22] Die volgende instansies en liggame is uitgenooi om in die Beheerraad te dien:

Die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap
Die Stadsraad van Pretoria
Die Genootskap Oud-Pretoria
Die Suid-Afrikaanse Museumvereniging
Die Onderwysdepartemente van die vier Provinsies
Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
Die Genootskap van Meesterbouers
Die Argitektegenootskap
Die Kamers van Handel en Nywerheid
Die Kamer van Mynwese
Die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging[23]

In 1956 word die aangeleentheid van 'n Beheerraad nog 'n stap verder gevoer. Die betrokke liggame het op uitnodiging van mnr C L de Bruyn, 'n bestuurslid van die Genootskap, by 'n eetmaal in die Constantiaklub vergader.[24] By dié geleentheid is toe besluit om die Beheerraad saam te stel asook 'n grondwet vir die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum.[25] Hierdie konstitusie het in 23 artikels op 'n besonder behendige wyse die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum in Pretoria gedefinieer en die kontrole, beheer en bestuur, en ander sake uiteengesit. Enkele van dié bepalings verdien kortliks die aandag.

Ten eerste moet gemeld word dat die heel eerste besluit in verband met die oprigting van die Opelugmuseum wat geneem is tydens die algemene vergadering van die Genootskap op 24 Februarie 1954, bepaal het dat dit 'n "Opelugmuseum vir Transvaal" sou wees. Die konstitusie het egter baie duidelik bepaal dat dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

"die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum" sou wees wat hom rig op "die geskiedenis van Suid-Afrika en sy bevolking ..."

'n Tweede saak wat uit dié dokument gelig moet word is dat artikel 2, wat die name van liggame en organisaises noem wat verteenwoordig is in die Beheerraad, slegs die Transvaalse Onderwysdepartement vermeld en nie al die Onderwys= departemente soos aanvanklik bedoel is nie. Verder word die Kamer van Mynwese ook nie genoem soos in die vorige lys wat deur die Stadsraad goedgekeur is nie. Miskien is die insiggewendste feit egter dat die Transvaal-Museum in die hele konstitusie verswyg word.[26]

Die onderhandelinge van 1957 het feitlik niks konstruktiefs opgelewer nie. Alhoewel die hoop uitgespreek is dat 1957 die jaar sou wees waarin die Opelugmuseum 'n werklikheid sou word, het 1958 aangebreek met nie veel meer verrig as die konstitusie wat getuig van 'n droom wat maar net nie werklikheid wil word nie.[27]

iii Die Transvaal-Museum soek toenadering en samewerking

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat die kultuurhistoriese museum in die sestigerjare van hierdie eeu 'n betekenisvolle "oorwinning" behaal het toe dit in dié tyd tot selfstandigwording gevoer is. Daar is ook aangetoon dat die stryd in die besonder in die vyftigerjare gevoer is. Veral na die aanstelling van die eerste vakkundige in die Kultuurhistoriese Afdeling van die Transvaal-Museum, is die behoefte in die Museum ook dringender aangevoel vanweë die groot gebrek aan ruimte. Maar die besef van die belangrikheid van die kultuur= historiese versameling het uiteindelik deurgedring en daar is met nuwe oë na dié erfenis gekyk. Die toestand was inderdaad sorgwekkend: "On and above everything else, the existing Old Museum building, in which is housed what is probably the greatest and most valuable single assemblage of unique historical relics in South Africa, is totally unsuitable for the purpose, being old-fashioned, in constant need of repair and an ever present fire hazard."[28] Hierdie toestand van sake het die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum eenvoudig genoop om 'n uitweg te soek. Dit baan juis die weg vir nuwe samesprekings met die Genootskap Oud-Pretoria en die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum.

Die jarelange poging van die Genootskap Oud-Pretoria kon in dié omstandighede vir die Transvaal-Museum 'n uitkoms bied. Alhoewel hulle drie jaar vantevore

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

toenadering van die Genootskap afgewys het, het die situasie beslis verander. Die grond wat die Stadsraad aan die Genootskap toegesê het, was van onskatbare waarde. Indien die samewerking van die Genootskap verkry kon word, kon 'n gebou vir die Kultuurhistoriese Afdeling dáár opgerig word.

Op inisiatief van die Historiese Subkomitee van die Transvaal-Museum word 'n samespreking op 15 April 1958 met die Genootskap en die Suid-Afrikaanse Ope= lugmuseum gereël. Op dié vergadering het die voorsitter van die Historiese Subkomitee, prof A N Pelzer, die situasie van die Transvaal-Museum aan die vergadering verduidelik. Hy meld ook aan die vergadering dat dr E P Friede van Johannesburg 'n skema aan die Historiese Subkomitee voorgelê het, waarin hy pleit dat 'n uitstalling van prehistoriese klipgraverings op 'n koppie in die Opelugmuseum opgerig word.[29] Dié uitstalling van prehistoriese kuns moet dan die begin vorm van die Opelugmuseum terwyl 'n gebou vir die Kultuurhistoriese Museum ook op die terrein verrys. Verder verduidelik prof P J Coertze wat presies die versoek aan die Genootskap is. Die Transvaal-Museum vra dat die Genootskap sy eerste reg op die terrein wat aan hom toegesê is, aan die Museum moet oordra. Die Genootskap kan dan verteenwoordiging op die Raad van die Museum kry. Soos begryp kan word, sou dit vir manne soos dr Punt, dr Eybers en ander nie maklik wees om na soveel jare van stryd sommer hul voorkeur op die terrein af te sweer nie. By hulle het daar inderdaad die bedenking bestaan dat die Transvaal-Museum in sy poging om 'n groot kultuurhistoriese museum te bou uiteindelik die saak van die Opelugmuseum gaan nalaat en benadeel. Dit het egter nie beteken dat hulle onwillig was om saam te werk nie. Trouens, hulle was te vinde vir die voorstel van prof H M van der Westhuysen dat 'n Aksiekomitee die samewerking ondersoek.[30]

Hierdie en ander samesprekings loop daarop uit dat die Gesamentlike Komitee van die Transvaal-Museum en die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum op 19 November 1958 'n onderhoud voer met mnr J J Serfontein, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Die onderhoud is aangevra om die Minister in te lig oor die samewerking wat nou tussen die Transvaal-Museum en die Opelugmuseum bestaan. Beide inrigtings het uiters waardevolle bates wat, indien dit gesamentlik aangewend word, kan lei tot groot voordeel vir die kultuurhistoriese museumwese in Suid-Afrika. Die onderhoud het egter 'n groot teleurstelling ingehou aangesien die Minister nie gewillig was om hom te kompromitteer nie. Hy het aangevoer dat hy kort tevore die portefeulje by mnr M C de Wet Nel oorgeneem het en daarom nie op hoogte van sake is nie. Alhoewel daar in die verlede wel

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

memoranda aan die vorige Minister voorgelê is, moet die Gesamentlike Komitee tog onderneem om vir hom ook van so 'n memorandum te voorsien.[31] Dié dokument is deur die Direkteur van die Transvaal-Museum, dr V FitzSimons, vir die Minister gereed gemaak.[32]

Weer eens het die onderhandelaars en die gesamentlike poging in 'n skaak=matposisie beland. Die owerheid moes nou die beslissing maak terwyl die verteenwoordigers van die twee inrigtings niks kon doen om die saak te be=spoedig nie. Die Voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria, dr Eybers, het tog wel op 9 November 1959 'n brief aan die Stadsraad geskryf waarin hy versoek dat die Genootskap toegelaat moet word om by die Uniefees van 1960 ingeskakel te word. Die Genootskap en die Voorlopige Bestuur van die Beheer=raad van die Opelugmuseum sou graag alles in hul vermoë doen "om iets blywends tot stand te bring" tydens die Uniefees. Die bedoeling is dat die eerste gebou op die Opelugmuseum se terrein by dié geleentheid geopen moet word. Daarom versoek hy ook dat die Stadsraad nou die formele oordrag van die terrein wat aan die Opelugmuseum toegesê is, sal bewerkstellig.[33]

Die laaste vyf jaar, 1960 tot 1964, waarin die Genootskap Oud-Pretoria betrokke was in die stryd om die Opelugmuseum gevestig te kry, word gekenmerk deur 'n byna koorsagtige bedrywigheid. Dit vind plaas in die skaduwee van drie sake. Eerstens die feit dat die Stadsraad genoodsaak was om sy aanbod van die terrein in die Fonteinevallei te wysig en 'n ander stuk grond in die omgewing van die Voortrekkermonument in die plek daarvan aan te bied.[34] Tweedens moes die Genootskap en sy Opelugmuseum eenvoudig sit en wag dat die owerheid 'n besluit neem wat die toekoms sou bepaal.[35] Derdens was al hul pogings vrugteloos om 'n betekenisvolle finansiële bydrae van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap asook van die Provinsiale Raad te verkry, en kon hulle eenvoudig geen vordering maak nie.[36]

iv Die onderhandelinge van die Genootskap Oud-Pretoria loop ten einde

Gedurende hierdie tyd het die Bras Perreira-huis soos 'n swygsame getuie van die stryd bly staan.[37] Vroeg in September 1960 was die huis weer in die nuus. Die dokumente van Perreira is in dié tyd in die huis "ontdek". Terwyl opruimings=werk in die ou huis gedoen is, nadat 'n brand kort tevore die huis beskadig het, is die dokumente gevind. Daarna is dit aan die Transvaalse Argief oorgedra terwyl die meubels in die Transvaal-Museum geberg is.[38] Hierdie voorval het

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

weer opnuut die aandag gevestig op die huis wat reeds vir soveel jare die bron van inspirasie was om as eerste gebou in die Opelugmuseum heropgerig te word.

'n Verdere rede vir die nuwe belangstelling is geleë in die feit dat die Stadsraad die Genootskap reeds in kennis gestel het dat die huis voor 30 Junie 1962 gesloop moes wees. Daarop is besluit dat 'n laaste kragdadige poging aangewend moet om die huis te bewaar. Geld moes eenvoudig gevind word om dit te sloop vir die heroprigting. Die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap is genader om finansiële steun. Daarop is afskrifte van die pleidooi gerig aan alle verteen= woordigers van Pretoria-setels in die Volksraad en in die Provinsiale Raad.[39] Die Departement was nie bereid om 'n bydrae te maak nie en op al die briewe wat uitgegaan het, het benewens minister De Wet Nel slégs dr J C Otto, LV geantwoord. Daar is toe besluit om dringende vertoë tot die Provinsiale Sekretaris te rig - en as dit nie slaag nie, tot die Stadsraad.[40] Die versoek aan eers= genoemde het nie geslaag nie[41] en die Stadsraad het R50 bewillig.[42]

As laaste, byna wanhoopsdaad is besluit dat 'n afvaardiging bestaande uit mnr Andries Snyman, mnr Norman Eaton, dr Albert Hertzog, prof A L Meiring en dr G W Eybers hulle tot die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap sou wend.[43] Alhoewel die adjunk-minister, mnr Marais Viljoen, die deputasie op 10 September 1962 vriendelik ontvang en verseker het dat die Minister die saak van die Opelugmuseum goedgesind is, het daar verder niks van gekom nie.[44] In Oktober 1962 is die huis gesloop en die materiaal is op 'n parkeerterrein bewaar.[45] Mnr Norman Eaton het reeds gedurende die vorige jaar planne van die huis geteken en die nodige foto's vir die dokumentasie van die gebou ge= neem.[46]

Die slottafereel in die stryd om die behoud van die Bras Perreira-huis, wat bykans 12 jaar geduur het, word geskryf kort nadat verneem is dat die Minister dit goedgedink het om die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Augustus 1964 tot stand te bring.[47] In September 1964 het die Genootskap Oud-Pretoria die materiaal aan die Beheerraad van die nuwe Museum aangebied.[48] Op 15 Maart 1965 het mev Kotie Roodt-Coetzee namens die Raad van Kuratore die besluit aan die Genootskap bekendgemaak: "In opdrag van die Raad moet ek u Genootskap verder bedank vir die vriendelike aanbod van die materiaal van die Bras Perreira-huis en u meedeel dat die Raad tot sy leedwese nie kans sien om die materiaal in ontvangs te neem nie, aangesien hy teen die herbouing

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van die huis besluit het."[49] In die Jaarverslag aan die einde van 1965 skryf dr T S van Rooyen, Voorsitter van die Genootskap, die droewige slotwoord in dié geskiedenis: "Aangesien die Raad van die Opelumuseum nie sy weg oopgesien het om die materiaal van die Bras Perreira-huis vir heroprigting te aanvaar nie, was u Bestuur verplig om die materiaal te laat 'dump'."[50]

Uit die beskikbare dokumente oor bedrywighede tussen 1958 en 1964 is dit baie duidelik dat daar van samewerking tussen die Genootskap Oud-Pretoria en die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum nie veel gekom het nie. Alhoewel daar sedert 15 April 1958 samesprekings was en gemeenskaplike optrede na buite, soos selfs in die pers berig op Woensdag 29 Augustus 1962 onder die opskrif "2 liggame span kragte saam vir opelugmuseum",[51] is dit opvallend dat albei steeds besig was met 'n eie poging. Van die Genootskap se pogings is reeds melding gemaak. Een en ander kan ook van die Historiese Onderkomitee se pogings vermeld word.

v Die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum se bydrae

Sedert hierdie Komitee in 1958 sy belangstelling in die oprigting van 'n opelugmuseum betuig het en formeel samewerking met die Genootskap gesoek het, het dit veral in die persoon van die vakkundige beampte, mev Kotie Roodt-Coetzee, doelbewus daarna gestreef om die saak van die Opelugmuseum te be=vorder. Daarvan getuig onder andere eerstens die reis wat onderneem is na sekere dele van die Kaapprovinsie waar 'n verbasende aantal geboue, skure, watermeulens en ander kultuurhistoriese voorwerpe gevind is wat onontbeerlik is in 'n versameling waaruit 'n opelugmuseum moet ontwikkel.[52] 'n Tweede reis wat onderneem is, was dié na Europa waar mev Roodt-Coetzee waardevolle ondervinding en kennis opgedoen het wat ewe-eens onontbeerlik is.[53]

Hierdie verskerpte belangstelling van die kant van die Transvaal-Museum en veral sy Historiese Onderkomitee, het die oog vir iets anders geopen wat nog verder bygedra het tot ywer en toewyding vir die saak. Dit was die bewus=wording van die groot gevaar van die verdwyning van materiaal wat in dié tyd 'n onrusbarende werklikheid geword het.[54]

Teen hierdie agtergrond word 'n belangrike vergadering op 16 Augustus 1962 gehou deur die "Kleinkomitee Ad Hoc insake Opelugmuseum", waarvan mnr J J van Schaik die sameroeper was.[55] Die byeenkoms is 'n uitvloeisel van 'n

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

besluit wat die Raad van Kuratore op sy vergadering van 28 Mei 1962 geneem het. Die Kleinkomitee is gevra om ondersoek in te stel na die noodsaaklikheid om 'n opelugmuseum te stig en om 'n memorandum op te stel vir voorlegging aan die Stadsraad van Pretoria. Die konsep van dié memorandum is deur mnr H P H Behrens opgestel en op die vergadering behandel. Seker die belangrikste aanbeveling van hierdie vergadering was: "Dat die Raad van Kuratore die oprigting van 'n opelugmuseum waarmee so lank gesloer is, nou moet aanvaar as 'n onder= neming wat deur die Museum self deurgevoer moet word en dat die Stadsraad versoek moet word om 'n geskikte perseel wat vir die doel geskik is, aan die Raad te skenk." Hierdie versoek is vervat in die memorandum wat aan die Stadsraad gerig is. Daarin word onder andere vermeld: "Die Raad van Kuratore het die saak bespreek en die aanbeveling van sy Historiese Komitee eenparig aanvaar. Die Raad van Kuratore van die Transvaal-museum wil hiermee beleefd by die Stadsraad aansoek doen om die skenking van 'n perseel wat vir die oprigting van 'n opelugmuseum geskik sou wees."[56]

vi Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum tree tot die stryd toe

Hierdie besluite wat die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum in 1962 geneem het, was dan ook die begin van 'n lang, moeisame en frustrerende geskiedenis wat na sestien jaar nog nie tot 'n einde gevoer is nie - en as die voorafgaande jare van die Genootskap Oud-Pretoria se bemoeiing daarby gevoeg word, is dit ruim 25 jaar!

Die jare sedert 1962 word gekenmerk deur die eindelose geskryf van memoranda en briewe, eindelose vergaderings en samesprekings.[57] Hierdie onderhandelinge, wat eers deur die Historiese Komitee gevoer is en daarna deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum en dan veral deur mev Kotie Roodt-Coetzee, wat in April 1965 Direkteur van dié Museum geword het, is gerig op die só noodsaaklike navorsing en inwinning van materiaal, maar dan in die besonder op die stryd om 'n geskikte terrein van die Stadsraad van Pretoria te bekom. 'n Memorandum wat in 1970 opgestel is oor die onderhandelinge oor 'n terrein bevat onder andere die volgende insiggewende inligting:[58]

"In dertien jare se tyd het die Museum nou by terrein no. 13 aangeland.

Hierdie soektog moes minstens tien jaar gelede al end gekry het want daagliks krummel die ou geboue weg en daagliks word hulle platgevee deur moderne

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

uitbreiding. In die afgelope paar jaar het 'n aantal belangrike kultuurhistoriese wonings verlore geraak vir die Opelugmuseum. Ons noem slegs die ou Kaaps-Hollandse woning op Brakfontein naby Moorreesburg; "Rust-en-Vrede" op die grens van die Blanke en Nie-Blanke woonbuurtes naby die Paarl; 'n T-vormige huis op die plaas Vogelvlei naby Graaffwater; die Hofmeyer-woning van die jaar 1694 in Stellenbosch en 'n huis naby Vredendal. Etlike ander geboue wat vier jaar gelede aan die Museum geskenk is, is intussen tot niet gemaak net omdat daar nie 'n terrein was waarna hulle vervoer kon word nie. Ondertussen word die grootste kultuurversameling in Suid-Afrika gehuisves in een van die mees brandbare geboue in die Republiek.

Terreine wat aangebied was:

1. Grond wes van die Delmaspad (Maria van Riebeeckrylaan) en oos van die Fonteine, d.w.s. tussen die twee teerpaaie; grootte 15 morg; onderhandelinge was hoofsaaklik deur die Genootskap Oud-Pretoria gevoer en behandel in samesprekings met die Transvaal Museum in 1957 en 1962.

2. Grond oos van die Voortrekkermonument waar die snelweg na Johannesburg en Potgieterstraat tans kruis by die kruisoorpad. ('n Goeie terrein wat nie gekry kon word nie as gevolg van die bou van die snelweg).

3. Grond bo-op die rant, oos van die Voortrekkermonument. (Geskik maar Beheerraad is onwillig om terrein te skenk).

4. Grond op die Voortrekkermonumentterrein, aan die skuins hang vanaf die treinbrug, al langs Eeufeesweg. (Terrein is skuins en heeltemal te klein).

5. Grond op die weste punt van die Voortrekkermonumentterrein (te klein).

6. Grond van die S.A. Weermag, suid van Eeufeesweg. (Die Museumraad vind dit 'n onaantreklike kaal bult sonder enige boomgroei of afwisseling).

7. Terrein wes van Fort Klapperkop, al langs die Delmaspad (waar die toekomstige parkeerterrein gaan wees. 'n Besonder geskikte stuk grond maar die Stadsraad wil slegs 38 morg skenk).

8. Terrein suid van Fort Klapperkop. (In 1966 deur die Museumraad van die hand gewys na onaantreklik, eentonige skuins hang met min topografiese

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

verskeidenheid).

9. Terrein tussen spoorweg en snelweg na Johannesburg, naby Kloofsig= spoorweghalte aangrensend aan die militêre grond. (Eentonige, boomlose, dolomiet grond).

10. Doornplaat, 16 myl noord van Pretoria. (Te ver uit die stad veral wat die groot museumgebou betref).

11. Terrein waar die Inryteater op staan. (Gebroke grond, topografies vol interessante afwisseling wat ooreenstem met die verskillende landstreke van die Republiek; inheemse boomgroei. Die beste terrein ooit tot dusver vir 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum; geskenk deur die Stadsraad maar oordrag teengestaan deur sekere indiwidue.)

12. Terrein suid van Fort Klapperkop met 'n deel van no. 7, d.i. wes van die kop. (Hierdie keer groter as no. 8 maar nog nie so ideaal soos geskenkte no. 11 nie.)

13. Suid-ooste hoek van die Fonteinedal, aan die oostekant aangrensend aan Delmaspad. (Gebroke terrein, hoogland, koppies, gelyktes, vlei, dor klipperige dolomiet hoogte; vol afwisseling en moontlikhede.)"

Hierdie aanhaling bied 'n treffende blik op die gebeure oor die groot aantal jare waarin onderhandelinge gevoer is. Dit is begryplik dat die teenslae wat ondervind is, onherroeplike skade op verskillende vlakke berokken het. In 'n jaarverslag dui die Direkteur juis die belangrikste nadeel aan in dié woorde: "Die vertraging in die oordrag van 'n geskikte stuk grond belemmer die vooruit= gang van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum op meer as een gebied. Daar is ondervind dat boustrukture waaronder woonhuise, kerke, veekrale en meulens wat as die seldsaamste kultuurhistoriese "dokumente" beskou kan word, in die afgelope twee, drie jaar vernietig is omdat hulle nie betyds deur die Museum afgebreek en na die Opelugmuseumterrein vervoer kon word nie. Hierdie versuim waarvoor die Museum nie verantwoordelik gehou kan word nie, tel sy tol elke jaar."[59]

Die byna radeloosheid wat uit hierdie woorde van die Direkteur straal, was natuurlik nie slegs tot haar beperk nie. Dit sou ook beweer kan word dat dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

by die ander vakkundiges oor jare heen geleef het. En dit is begryplik. Verskillende navorsingsprojekte, soos dié na Namakwaland in 1970,[60] het op niks uitgeloop nie. Die vakkundiges kon hul navorsing nie in die praktyk toepas nie en die gevolg is dat die Museum oor die jare heen 'n groot erosie van bekwame mense ondervind het.

'n Baie belangrike sektor waar ook frustrasie gewek is vanweë die lang uitgerekte onderhandelinge, is die algemene publiek en sakemanne. Slegs één voorbeeld hoef hier genoem te word. 'n Briefskrywer aan 'n koerant haal die ou bekende refrein aan wat deur die jare gehoor is, dat "eersdaags begin gaan word met die oprigting van Suid-Afrika se eerste Opelugmuseum". Hy skryf onder andere: "Wat ek en duisende ander Pretorianers nou wil weet is wat het van hierdie museum geword? Waarom sloer dit so, wie is vir die sloerdery verantwoordelik en as die Staat dan nie die geld het om te bou nie, waar is die baie kultuur= bewuste mense wat kan bydra?"[61] Hierdie ongeduld raak twee vlakke. Eerstens die skenkers van kultuurhistoriese voorwerpe by wie daar oor die jare 'n agterdog gewek is oor die ongeloofwaardigheid van diegene wat die kosbaarhede kom vra - en onder andere sê "ons begin eersdaags te bou" en dan gebeur daar oor lange jare niks, behalwe dat uit ander bronne verneem word dat geskenkte materiaal "lê en oproes". Niks kan só fataal vir 'n museum wees as dié beeld eers geprojekteer is onder die publiek nie. Die tweede vlak waarop hierdie ongeduld 'n tragedie kan skep, is by die sakemanne wat ongetwyfeld 'n belangrike bydrae sal moet maak indien hierdie droom verwesenlik gaan word. By hierdie manne geld egter slegs één ding en dit is "resultate". As hulle geld vir 'n goeie saak gee of belowe, dan mag die resultaat nie uitbly nie. Die gesloerdery het ongetwyfeld op dié vlak ernstige gevolge gehad.

Alhoewel die verwesenliking van die ideaal met die aanbreek van die vyf en twintigste jaar sedert met die onderhandelinge begin is, nog 'n droom bly, het die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum tog ander suksesse gehad wat ongetwyfeld die "opelugmuseum-gedagte" in Suid-Afrika bevorder het. Twee van hierdie ondernemings kan kortliks hier bespreek word.

a Die Pioniersopelugmuseum, Silverton

Die Bras Perreira-huis wat in 1953 as die oudste bestaande huis in Pretoria soveel belangstelling gaande gemaak het, was nie die enigste pioniershuis wat in dié tyd onder bespreking gekom het nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Die Pioniersopelugmuseum in Silverton op die oostelike oewer van die Morelettaspruit.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

In Silverton, aan die buitewyke van Pretoria, het daar op die oostelike oewer van die Morelettaspruit 'n eenvoudige onpretensieuse Voortrekkerhuisie gestaan wat óók in 1953 weer onder die aandag van die publiek gebring is.[62] Dié grasdak-Voortrekkerhuisie is gebou op die oorspronklike plaas, Hartebeespoort, wat sedert 1 Maart 1858 behoort het aan die Voortrekker, David Alwyn Bota. Op dieselfde plaas ontwikkel die maatskappy "Silverton Estate Co" in die negentigerjare van die vorige eeu die "Silverton Township".[63] Die geskiedenis van hierdie huis verskyn in die vyftigerjare van ons eeu in verskillende koerante en tydskrifte en onder andere ook in "Pretoriana".[64] Die huis geniet ook die belangstelling van die Genootskap Oud-Pretoria[65] en die Stigting Simon van der Stel wat sedert 8 April 1959 hom beywer vir die behoud en bewaring van die argitektoniese erfenisse van Suid-Afrika.[66] By 'n geleentheid in 1961 het 'n bestuurslid van die Genootskap Oud-Pretoria selfs die voortvarende bewering gemaak dat dié huis die tweede huis sal wees wat na die Opelugmuseum oorgeplaas sal word. Die eerste huis was natuurlik die Bras Perreira-woning.[67]

Hierdie uitspraak het 'n heftige reaksie van onder andere die Stadsklerk van Silverton ontlok wat toe bekend gemaak het dat die Stadsraad van Silverton reeds die grond waarop die huis staan, vir R10 000 gekoop het met die doel om daar 'n opelugmuseum tot stand te bring. In September 1961 het die Stadsraad van Silverton begin om die terrein skoon te maak en mev Kotie Roodt-Coetzee genader om vakkundige hulp te verleen met die restourasie daarvan. Mev Coetzee het vasgestel dat die huis een van die oudstes in Transvaal is.[68] Met die hulp van argitek Albrecht Holm restoureer sy die huis in 1964. Die gang van sake word egter onderbreek deur die inlywing van Silverton by Groter Pretoria. Die huis sou tot in 1972 leeg staan. In dié jaar slaag die Raad van die Kultuur= historiese en Opelugmuseum daarin om na baie pogings die Voortrekkerhuisie by die Museum in te lyf. Die Stadsraad het 'n skenking gedoen van R15 000 om by te dra tot die koste om die drie hektaar grond te verbeter en die huis as museum in te rig.[69]

Dit was 'n heuglike dag toe die Staatspresident dit op 5 November 1975 as die Pioniersopelugmuseum open. Elke ingeligte kultuurmens het op daardie dag onwillekeurig teruggedink aan bykans 81 jaar gelede toe president Kruger in dieselfde stad die Staatsmuseum van die Ou Republiek geopen het. In sy skitterende toespraak het dr Diederichs nie alleen aangehaal uit die toespraak van president Kruger toe hy die nuwe gebou van die Staatsmuseum geopen het

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

nie, maar hy het ook in dieselfde gees as hy gepraat: "'n Museum bied die skakel wat 'n volk met sy verlede bind ... As 'n volk hom van sy verlede afskei, is hy soos 'n blaar wat van die boom afval en sterf. As ons nie as 'n nasie ontwortel wil word nie, is dit die plig van elke Suid-Afrikaner om in die verlede te delf en daaruit te neem dit wat mooi, skoon en edel is, en daarop voort te bou."[70]

Dit was dan die eerste geslaagde poging van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum op die weg na die verwesenliking van die groot ideaal. Sedertdien het dit oor en oor bewys dat dit 'n reuse sukses is. Die vraag ontstaan onwillekeurig: hoe groot sou die sukses nie gewees het as die "ware Jakob" ook al só verrys het nie?

Die grootste prestasie van hierdie projek is myns insiens egter die feit dat dit nie nodig was om die gebou af te breek nie, maar dat dit "opelugmuseum" is op die plek en in die omgewing waar dit werklik gestaan het.

b Die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum, Rayton

Die tweede poging van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum wat hier kortliks genoem moet word, is die "Willem Prinsloo-landboumuseum".[71] Hierdie onderneming spruit voort uit 'n skenking van 'n stuk grond van ongeveer 16 hektaar van die plaas Kaalfontein, distrik Rayton, aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.[72] Die skenker, mev M E le Roux,[73] is 'n afstammeling van die kleurryke Prinsloo-familie wat in die geskiedenis bekendheid verwerf het. Die Prinsloo's was reeds betrokke by die stigting van Graaff-Reinet waar hulle van die eerste intrekkers was, later by die opstand van Slagtersnek, die Groot Trek en Bloedrivier, om dan ook weer van die eerste intrekkers in Pretoria te word. Mev Le Roux se oorgrootvader, Willem Petrus Prinsloo, gebore in 1823, het die plaas Kaalfontein gekoop wat sedertdien deur die familie bewoon is.

Die onderhandelinge oor hierdie skenking wat uiteindelik die hele plaas van ongeveer 700 morg sal beslaan, het aanvanklik in November 1968 begin[74] en 'n belangrike fase betree toe sowel die Minister van Finansies as die Minister van Nasionale Opvoeding in Junie 1976 goedkeuring vir die aanvaarding van die skenking verleen het.[75] Dit is egter duidelik gestel dat, gesien in die lig van die ekonomiese toestand, daar vir die huidige geen hulp van Staatsweë verwag moet word nie.[76] Uit die dokumente blyk dit dat die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

aanvanklike beplanning en vergesig wat vir dié Opeluglandboumuseum in die vooruitsig gestel is, té ambisieus was. Die beraming wat deur die argitek in 1976 voorgelê is het gepraat van 'n koste van ongeveer R441 213.[77] Alhoewel hierdie beplanning grootliks laat vaar moes word, het die Museum teen die einde van 1977 reeds aansienlike vordering gemaak.

In die eerste plek is reeds daarin geslaag om die huis te restoureer. Hierdie huis dateer uit die sestigerjare van die vorige eeu. Dit was stille getuie van die lief en leed nie net van die betrokke familie wat dit sedertdien bewoon het nie, maar ook van die volk. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog word dié huis, soos die meeste ander wonings op die platteland, afgebrand sodat net die mure bly staan. Na die Oorlog is dit herstel en die oorspronklike grasdak is met 'n sinkdak vervang. Die Museum besit ook reeds verskeie meubelstukke wat vantevore deur die familie geskenk is en nou weer na die huis teruggeneem kan word.

Die werf en buitegeboue het reeds aandag ontvang. 'n Melkrondawel is opgerig, die oorspronklike slagrondawel is gerestoureer, en die nodige is gedoen aan die stal digby die huis. Bome en struike is aangeplant maar die vrugteboord en die druiweprieeltjie word net so gelaat soos wat dit was. Die Noormansmeule wat oorspronklik op die plaas gebruik is, word vervang met 'n meule wat in die distrik Ladismith (Kaap) herwin is. Verder is daar gesorg vir 'n boorgat, 'n huis vir die opsigter en verblyf vir 'n nagwag. Vordering is gemaak met die restourasiesentrum, waarin plaasimplemente gerestoureer en gestoor sal word. Die oproep aan die publiek om voorwerpe te skenk wat in so 'n museum uitgestal kan word,[78] was ook baie geslaagd. Baie skenkings is reeds ontvang.

Die verskillende skure waarin implemente en vervoermiddels uitgestal sou word, die lesingsaal en kafeteria wat alles deel gevorm het van die aanvanklike beplanning, is egter in dié stadium op die lange baan geskuif.

Die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum op die plaas Kaalfontein, ongeveer 37 km oos van Kerkplein, is dus in die proses van opbou en ongetwyfeld 'n pragtige onderneming wat belooof om net so 'n groot sukses soos die Pioniers= opelugmuseum te wees. As die boerdery-bedrywighede eers beoefen word soos dit in die jare 1860 - 1900 was, sal dit nog 'n instrument in die hand van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum wees om hierdie bewoë pioniersjare op 'n aanskoulike wyse voor te stel aan 'n geslag wat helaas, met enkele

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

uitsonderings, nog net vae herinneringe uit dié tyd het. Die boerdery-implemente en aktiwiteite, die koeie wat gemelk en skape wat geskeer word, die dorsvloer, beesdip, smidswinkel, bakoond, ensovoorts sal inderdaad weer eens bewys dat geen medium in die onderwys en algemene opvoeding kan meeding met die funksionele uitstalling van 'n opelugmuseum nie.

vii Ander bewaringsprojekte

Die opelugmuseum-fenomeen het egter nie slegs ontwikkel en gegroei binne die kader van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum wat die amptelike opdrag ontvang het om die nasionale opelugmuseum in Suid-Afrika tot stand te bring nie. Sedert die vyftigerjare het daar dwarsdeur Suid-Afrika bewaringsprojekte van groter en kleiner omvang ontstaan en gegroei.

Sommige van hierdie projekte is tans nog in die beplanningstadium. Dit geld onder andere 'n opelugmuseum wat moontlik op die terrein van die Cedara-landboukollege deur die Natal-Museum, Pietermaritzburg, opgerig gaan word. Dié Museum besit reeds 'n aansienlike versameling wat 'n groot bate vir 'n opelugmuseum kan wees. Dit is moontlik dat die historiese Andries Pretorius-woning wat in die huidige Edendale-Bantoedorp geleë is, daar herbou kan word. Tentatiewe beplanning beoog ook 'n Indiërdorpie en 'n Zoeloekraal. In die Kaapprovinsie word gedink aan 'n opelugmuseum op 'n gedeelte van die Groot Constantia-landgoed en 'n koringbedryfmuseum in Moorreesburg. Indien hierdie beplanning vrugte afwerp, sal dit voorwaar 'n groot bate vir die museumwese in Suid-Afrika wees.

Enkel ander projekte wat reeds verder gevorder het, kan ook vermeld word.

viii Die Kimberley-Mynmuseum

Die eerste voorbeeld wat hier genoem word is die Kimberley-Mynmuseum.[79] Dit is byna vanselfsprekend dat baie nuuskieriges by die Kimberleymyn sou saamdrom. Hier het immers die grootste met die hand uitgegraafde gat ter wêreld ontstaan. Maar die feit dat daar gereeld duisende gekom het om dit te besigtig, het ook probleme ingehou. Daarom besluit die De Beers Consolidated Mines Limited reeds vroeg in die vyftigerjare om 'n waarnemingsplatform op te rig.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Die kombuis in die replika van die De Beer-pioniershuisie en die binneplein in die Kimberley-Mynmuseum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Ander faktor wat bygedra het tot die byna spontane ontstaan van die Museum, is die feit dat baie van die oudste strukture van Kimberley eenvoudig gesloop is of in die gevaar van vernietiging verkeer het weens die vinnige uitbreiding van die stad. Só gebeur dit dan ook dat die oudste huis in Kimberley in Julie 1952 daarheen oorgeplaas word[80] - 'n opslaanhuis van hout wat in 1877 in Engeland vervaardig en per ossewa vanaf Kaapstad na Kimberley vervoer is. Dit is dus ongeveer dieselfde tyd waarin daar ook in Pretoria roeringe ontstaan om sý oudste huis op een of ander wyse te bewaar. In Oktober 1956 word die bekende vuisveg-akademie van die ewe bekende Barney Barnato na die sowat $3\frac{1}{2}$ acre langs die Oop Myn oorgeplaas. Só ontstaan dan die gedagte om 'n museum te ontwikkel wat sedert 1969 baie uitgebrei het. Mnr Basil Humphreys was hoofsaaklik die dryfkrag daaragter.

Tans bied die Museum 'n uitstekende oorsig van en insig in die ontwikkeling wat sedert die vroegste jare in Kimberley plaasgevind het. 'n Groot hoeveelheid outydse mynmasjinerie en werktuie word bewaar. Op sekere vakansiedae word van die delwers van die nabygeleë Nooitgedacht gebring om die werking en gebruik daarvan aan besoekers te demonstreer. Die Museum het ook 'n baie mooi versameling van die eerste vervoermiddels wat met verloop van jare in Kimberley aangekom het.

Dit is egter die geboue wat onmiddellik die aandag van 'n besoeker opeis. Die replika van die mynbestuurder se huis met sy Victoriaanse meublement staan in skrille kontras met die ander eenvoudige strukture, veral die replika van die broers De Beer se pioniershuisie, waarvan die oorspronklike nog op Vooruitzicht staan. Die Diggers' Rest-kroeg; die oudste kerkie wat in Kimberley gestaan het, die Duitse Lutheraanse kerk, St Martini wat reeds in 1875 gebou is; sir David Harris se balsaal; en die smidswinkel van H Coombes maak alles deel uit van die eenheid wat geskep is. Die binneplein waarin van die oudste winkels gerekonstrueer is met die oorspronklike name op die uithangborde en waarin ook 'n tipiese Victoriaanse smeedyster-orkesverhoog staan, is beslis die hoogtepunt van 'n besoek.

Die oorspronklike strukture en replikas word besonder behendig afgewissel met uitstallings in sekere van die geboue op die terrein. Daar is 'n fotografiese uitstalling van die sosiale lewe van Kimberley vanaf omstreeks 1871 tot 1900. Sekere myntoerusting kan met die plasing van 'n muntstuk in 'n gleuf in werking

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Die Tsonga-kraal waar die woon- en leefkultuur van die Tsonga voortreflik verbeeld word.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

gestel word terwyl, met die gebruikmaking van moderne hulpmiddels, die groei van die myn visueel verbeeld word. Dit skep vir die besoeker 'n beeld van hoe die gat gegroei het tot 'n diepte van nagenoeg 1066 meter waaruit 25 miljoen ton grond gegrawe is om drie ton diamante te lewer, waarvan sommige ook op uitstalling is.

Dit verbaas dus nie dat hierdie Opelugmuseum soos alle ander musea van sy soort, kan spog met 'n geweldige besoekerstal. Dit wissel tussen 150 000 en 180 000 per jaar. As in aanmerking geneem word dat die plaaslike Alexander McGregor-Gedenkmuseum ongeveer 17 000 besoekers trek, dan kan die sukses van ook dié Opelugmuseum beter na waarde geskat word. Ongelukkig laat die gehalte van die vakkundige werk wat hier verrig is veel te wense oor. Dit word egter later bespreek.[81]

ix Die Tsonga-kraal, Hans Merensky-natuurreservaat

Op 8 April 1975 het die Administrateur, mnr S G J van Niekerk, 'n unieke opelugmuseum in Suid-Afrika geopen:[82] die Tsonga-kraal, in die Hans Merensky-natuurreservaat digby die Eiland-vakansieoord. In hierdie merkwaardige Opelugmuseum word die hutte, gebruiksvoorwerpe, tradisionele ambagte, die godsdiens, danse, voedsel, musiek en ander kultuurelemente van die Tsonga ten toon gestel.

Hierdie onderneming is deur die Transvaalse Provinsiale Museumdiens aangepak en deurgevoer.[83] Hulle belangstelling in dié rigting is gewek deur die feit dat die argeologiese opgrawings van die Universiteit van die Witwatersrand sulke ryk neerslae potskerwe blootgelê het. Die ou soutterreine waar die opgrawingswerk gedoen is, word beskou as van die rykste Ystertyd-terreine in Suid-Afrika. Benewens die soutterreine kom ook talle ystersmeltterreine in die reservaat voor. Die Adviesraad insake Provinsiale Museumdiens wat die reservaat in September 1973 besoek het, het besef watter groot opvoedkundige waarde en kulturele verryking die projek kan inhou en het daarom die ontwikkeling daarvan aanbeveel. Sedert die oprigting daarvan het dit nie alleen bewys gelewer van die opvoedkundige waarde vir skoliere en studente nie, maar ook juis die belangrikheid daarvan onderstreep vir veral buitelandse toeriste wat graag sulke ondernemings wil besoek.[84]

x Die Breederiviervallei-plaasmuseum, Worcester

In die Kaapprovinsie het daar in die laat sestigerjare 'n gedagte ontwikkel wat

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

aanleiding gegee het tot die totstandkoming van 'n belangrike opelugmuseum: die Breederiviervallei-plaasmuseum. Hierdie Museum word tans opgerig op "Kleinplasie", Worcester. Dit is 'n gelukkige keuse want in Worcester kan feitlik al die boerderybedrywighede van die ganse Boland tot hulle reg kom. Dié Landboumuseum sal beskik oor 'n moderne museumkompleks met voldoende uitstalruimtes waarin die boerderyontwikkeling op die gebied van die wynbedryf, sagte- en droëvrugte, die suiwelbedryf en die verwerking van wol uitgebeeld kan word. Benewens die lesingsaal, argief, leeskamer, werk- en stoorplek asook 'n restourant, sal daar ook replikageboue wees waarin plaaswerktuie vertoon sal word. Op gesette tye sal demonstrasie gelewer word van onder andere die trap van druiwe, brandewynstokery, die maak van rosyne, kook van moskonfyt, dors van graan deur middel van perde op die trapvloer, brei van rieme en die skeer van skape.[85] Die koste van die onderneming beloop na raming R350 000.[86] Hierdie streeksmuseum beloof om tot een van die belangrikste opelugmusea in Suid-Afrika te ontwikkel.

xi Die restourasieprojek te Pelgrimsrus, Oos-Transvaal

Ten slotte kan die restourasie van die ou historiese myndorpie "Pelgrimsrust" hier genoem word. Wat my betref verteenwoordig hierdie bewaringsprojek die gevorderdste asook die mees gewenste ontwikkeling binne die raamwerk van die opelugmuseum-fenomeen. Dit kan sonder twyfel in dieselfde asem genoem word as bewarings- en restourasieprojekte soos dié van Graaff-Reinet, Beamisch en Ironbridge in Engeland, en Greenfield Village en die beroemde Colonial Williams= burg in Amerika. Die besondere kenmerk van dié ondernemings is dat die geboue op die oorspronklike plek van oprigting bewaar word. Daar is dus nie sprake daarvan om geboue uit hul oorspronklike konteks en die oorspronklike samehang met ander geboue en die omgewing te verwyder nie.

Ook hierdie puik projek word deur die Transvaalse Museumdiens onderneem.[87] Alhoewel daar reeds in die laat sestigerjare belangstelling aan die kant van die Provinsiale Administrasie in die projek bestaan het, sou die betekenisvolle ont= wikkeling eers vanaf 1972 plaasvind. Gedurende Augustus bring die Administrateur van Transvaal, die Uitvoerende Komitee en senior beamptes van die Transvaalse Administrasie 'n besoek aan Pelgrimsrus. Uit hierdie besoek spruit dan die beginsel= besluit dat die dorpie en die myngebied in sy geheel gekoop moet word. Daarna volg lang onderhandelings met die eienaars totdat die finale koopooreenkoms op

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

26 Maart 1974 onderteken is. Die eiendom is op 28 Maart 1974 onteien.[88]

Reeds sedert 1925 is daar sprake dat die ontginning van goud in Pelgrimsrus gestaak sou word, en werksaamhede by die minder lonende skagte het ook inderdaad tot stilstand gekom. Uiteindelik was dit nog net die Beta-myn op Pelgrimsrus wat in volle produksie was, maar op 30 Junie 1971 is dit ook gestaak. Dit spreek vanself dat die ou historiese dorpie wat sedert die sewentiger= jare van die vorige eeu duisende delwers van oor die hele wêreld gelok het, met minder as 'n honderd inwoners, bestem was om in 'n spookdorpie te verander.[89] In dié lig moet die besluit van die Provinsiale Administrasie gesien word.

Die dorpie sal gerestoureer word volgens die tydperk tussen 1880 en 1910 en daar sal gepoog word om 'n lewende gemeenskap daar te stel. Indien daarin geslaag kan word om uitvoering te gee aan hierdie projek, sal 'n waardevolle kultuurhistoriese beeldvorming van 'n besondere tydperk in die geskiedenis vir die nageslag bewaar word. Altesame 130 huise en ander geboue sal gerestoureer word. Daarvan is slegs enkeles van baksteen. Die oorgrote meerderheid is van die kenmerkende sinkplaat-en-houtkonstruksie.[90] Verder sal gepoog word om die omvattende mynbedrywighede van die omgewing met sy skagte, kabelspore, laaikaste, kragstasies en stampers vir die toekoms te red. Die koste is natuurlik enorm en sal beslis nie onder 1½ miljoen rand beloop nie.

As 'n mens egter die kultuurhistoriese waarde van Pelgrimsrus in aanmerking neem is hierdie uitgawe geregverdig. Dit was immers nie slegs Suid-Afrika se eerste myndorp nie. Die eerste elektriese spoorlyn is daar gelê. Die eerste hidroëlek= triese kragsentrale in die Suidelike Halfrond is daar gehou. Die eerste vooraf= vervaardigde geboue in die land is daar opgerig. En tydens die Engelse Oorlog was die Staatsdrukkery en die Staatsmunt daar gesetel.[91] Dit en veel meer, maak Pelgrimsrus 'n besondere stuk aarde waar 'n merkwaardige geskiedenis afgespeel het.

xii Terugblik

Uit die voorafgaande beskrywing is dit duidelik dat in die laaste dekade 'n merkwaardige vooruitgang te bespeur is. Die fenomeen opelugmuseum het uiteindelik in Suid-Afrika sy verskyning gemaak en is inderdaad in die proses van groei en ontwikkeling.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Verder is genoegsame bewyse aangevoer waarom die vestiging van die fenomeen in Suid-Afrika so traag plaasgevind het. Dit hang onteenseglik saam met die aard van die historiese ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika wat ook nie losstaan van die politieke en kultuurgeskiedenis van die land nie. Die kultuurhistoriese museum is in Suid-Afrika nie bestaansreg gegun nie. Indien die kultuurhistoriese museum tussen 1900 en 1950 normaal ontwikkel het en in dié vyftig jaar 'n dinamiese rol in die samelewing gespeel het, sou die uitkoms inderdaad anders gewees het. Die ontwikkeling van die nasionale gevoel sedert 1948 sou die totstandkoming van die opelugmuseum dan gouer verwesenlik het. Dit het egter nie gebeur nie. Die kultuurhistoriese museum moes eers tot sy reg kom alvorens hierdie spontane ontwikkeling kon plaasvind.

In die vyftigerjare ontwikkel dan 'n tweeledige stryd. Eerstens gaan dit om die voortbestaan van die kultuurhistoriese museum wat tot op daardie stadium 'n onbeduidende afdeling van 'n natuurhistoriese museum is. En wanneer 'n vakkundige aangestel word, groei die gedagte spontaan, ook binne die Museum, dat dié Afdeling nie slegs 'n selfstandige bestaansreg het nie maar dat dit ook in 'n eie, doeltreffende gebou gevestig moet word.

Naas hierdie stryd is daar ook 'n ander poging - om 'n opelugmuseum te stig. Die Genootskap Oud-Pretoria het in sý lang stryd uiteindelik gefaal. Waarin hulle wel geslaag het, was om die lewensbelangrike voorbereidingswerk te verrig.

Die aandeel van die Genootskap Oud-Pretoria in die totstandkoming van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in 1964 mag nooit onderskat of ontken word nie. Persoonlik twyfel ek of die opdrag ooit aan die nuwe Kultuur= historiese Museum gegee sou gewees het, was dit nie vir die volgehoue stryd wat die Genootskap aangeknoop het nie.

Dit was die Genootskap wat begin het met lesings oor die opelugmuseum deur onder andere dr W H J Punt,[92] dr G W Eybers,[93] mnr P F Coetzee[94] en mnr L I J H Roppe, goewerneur van die Belgiese provinsie Limburg, wat betrokke was by die oprigting van Bokrijk.[95]

Na aanleiding van die eerste pogings van die Genootskap het verskeie persone opelugmusea in Europa besoek, waaronder twee amptenare[96] van die Stadsraad van Pretoria wat waardevolle verslae saamgestel het.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Maar in die derde plek was die Genootskap daarvoor verantwoordelik dat die opelugmuseum-gedagte op twee vlakke bekend gestel is. Die eerste is in die pers. Verskeie waardevolle artikels het veral in die vyftigerjare verskyn wat beslis 'n positiewe invloed laat geld het. Ek kan hier byvoorbeeld verwys na die artikel van Johann Liebenberg wat op 21 November 1954 verskyn het onder die opskrif "Wil gister se dorp bewaar vir nageslag".[97] Hierdie artikel verwys na sekere geboue wat toe nog in Pretoria gestaan het en in die Museum opgerig kon word, soos adv Hollard se huis en die huis van kommandant-generaal Joubert. Boonop toon dit reeds in hierdie tyd merkwaardige begrip vir wat in 'n Suid-Afrikaanse opelugmuseum vermag kan word. Die ander vlak wat ook deur die toedoen van die Genootskap voorberei is, is die Volksraad. Daarvan getuig nie alleen verskillende skrywes van LV's nie[98] maar ook twee besonder belangrike toesprake wat in die Parlement gelewer is: dié van dr H Muller[99] en dié van dr J C Otto.[100] Albei hierdie parlementariërs het prominente aandag op die werk van die Genootskap gevestig. Van sy toespraak skryf dr Otto self: "Ek mag terloops daarop wys dat ek op 8 Mei 1962 reeds in die Volksraad in pleidooi gelewer het dat die Opelugmuseum aan Pretoria toegestaan moet word, want dit was op daardie tydstip geensins 'n uitgemaakte saak dat Pretoria die te stigte museum sou kry nie. In my toespraak het ek o.m. gesê: My belangrikste argument is dat die Stadsraad van Pretoria reeds in 1955 'n pragtige stuk grond ... in die natuurskone Fonteinedal beskikbaar gestel het vir die saak ..."[101]

Voortvloeiend uit bogenoemde feit dat die Genootskap so 'n geweldige bydrae gelewer het, is daar veral één saak wat tot groot droefheid stem: die feit dat die Bras Perreira-woning nie bewaar is nie. Dit is opmerklik hoe ander opelug=musea altyd met trots die huis of struktuur aandui wat eerste die aandag ontvang het, en na baie stryd as eerste gebou op die terrein opgerig is. Dink maar aan die "Wellenshoeve" van Bokrijk: "De Wellenshoeve werd zowat het uithangbord van het openluchtmuseum. Ze verscheen in illustrasies en kalenders. Ik gebruikte ze als motief voor ons eerste briefhoofd ..."[102] En in Pretoria, waar die oudste huisie in die stad vir bykans 12 jaar die middelpunt van belangstelling was en minstens aanleiding gegee het tot die gedagte om die Opelugmuseum op te rig, word die eerste stryders verplig om dit te laat "dump" (sic!).

Die "twee groepe" wat in Pretoria stryd gevoer het om die Opelugmuseum gevestig te kry, gaan uit van twee verskillende standpunte. Die een groep is oortuig,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

veral na 1958, dat die Opelugmuseum vanuit die Kultuurhistoriese Museum moet verrys nadat dié tot selfstandigheid gelei is. Daarteenoor meen die Genootskap Oud-Pretoria en in die besonder sy stigting, die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum, dat die Museum op die modelontwikkeling van die Opelugmuseum te Arnhem tot stand moet kom.[103] In Arnhem is 'n vereniging "Het Nederlandsch Openluchtmuseum" op 24 April 1912 gestig. Dié vereniging het geen museum besit nie, nog minder 'n terrein vir die Opelugmuseum. Hierdie vereniging het nadat hulle daarin geslaag het om die Opelugmuseum op te rig, dit eers in 1941 aan die Staat oorgemaak, en dit sou voortaan bestaan as 'n Rijksmuseum.[104] Dit was die gedagtegang wat in Pretoria byval gevind het. Dit kon miskien geslaag het indien die Stadsraad van Pretoria wat die troefkaart in die hand gehou het ten opsigte van die terrein, nie verkies het om die grond eerder aan 'n statutêre liggaam oor te dra nie.

Die een aspek wat die manne van die Genootskap Oud-Pretoria myns insiens nie besef het nie, was dat wat in Nederland suksesvol was, nie noodwendig in Suid-Afrika sou slaag nie. Om één rede: in Nederland het die kultuurhistoriese museum reeds sy volle ontwikkeling ondergaan - in Suid-Afrika moes dit nog sy regmatige plek in die samelewing verwerf. Iets van hierdie ontwikkeling vind tog in die vyftigerjare plaas. Natuurlik op 'n baie kleiner skaal en in 'n baie korter tyd as in Europa.

Sedert 1953, met die aanstelling van die eerste vakkundige, kom daar nuwe lewe in die ou verslete Kultuurhistoriese Afdeling. Die Museum en die publiek word daarvan bewus, juis as gevolg van die nasionale feeste en die uitwerking daarvan op die volk. In 1957 word egter 'n baie belangrike fase betree wat juis ook in Europa die stigting van opelugmusea voorafgegaan het. Dit is naamlik die inrigting van stylkamers. Dié fase breek dan juis in 1957 aan wanneer die uitstalling in die Voortrekkermonumentmuseum onder leiding van mev Roodt-Coetzee voltooi word.[105] Daarin word die pioniersgeskiedenis van die Voortrekkers besonder noukeurig en lewensgetrou verbeeld in 'n kamptoneel met 'n ossewa en in 'n reeks van drie stylkamers. 'n Slaapkamer, woonvertrek en kombuis van 'n pioniershuisie word ingerig met al die nodige meubels, gebruiksvoorwerpe en persoonlike besittings van die Trekkers.

In die ontwikkelingsgeskiedenis van die opelugmuseum in Europa was die volgende fase om hierdie uitstalling agter glaswande uit te neem en in die huisie met sy natuurlike omgewing te plaas. In Pretoria gebeur teoreties dieselfde. Kort na die voltooiing van hierdie pragtige uitstallings merk ons die nuwe belangstelling

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van die kant van die Museum wat aanleiding gee tot die onderhandelinge van 1958 om die volgende fase te probeer bewerkstellig.

Hierdie perspektief bring meer helderheid op die aktiwiteite van die "twee groepe". Ongelukkig het hulle die helderheid self nie gehad nie. Vandaar die spanninge wat tog soms bestaan het.

In 'n sekere sin kan 1964 as die "oorwinningsjaar" gesien word. Die Kultuur= historiese Museum kom uiteindelik tot sy reg. Voortaan kon hy vir sy eie belang beplan en die stryd aansê. Alhoewel die stryd nog nie tot 'n einde gevoer is nie, het die Direkteur en die Raad van die Museum 'n waardevolle en waardige stryd aangeknoop om die droom te verwesenlik.

Gedurende die lange jare van onderhandelinge het die Raad aan sekere vaste uitgangspunte vasgehou wat korliks aangedui moet word. Die eerste geld die terrein wat van die Stadsraad van Pretoria ontvang moes word. Die Raad was nie van plan om enige stuk grond in ontvangs te neem wat nie kon beantwoord aan die vereistes wat gestel is nie. 'n Tweede uitgangspunt wat konsekwent gehandhaaf is, was dat die Kultuurhistoriese Museum wat opgerig moes word nie los gesien is van die Opelugmuseum wat tot stand moes kom nie. Dit is as 'n eenheid gesien. Die één is as 'n gevorderde ontwikkeling van die ander gesien en daarom hoort die twee ook, afgesien van praktiese voordele wat dit inhou, in dieselfde omgewing of op dieselfde terrein. 'n Derde uitgangspunt het die ligging geraak: dit moes so naby moontlik aan Pretoria-stad opgerig word.

Die vierde en laaste uitgangspunt wat hier genoem word, wat eintlik as vanself= sprekend aanvaar is, is dat die Opelugmuseum 'n nasionale opelugmuseum sal wees. Dié Opelugmuseum het nog nie verrys nie. Na vyf en twintig jaar word nog steeds met die Stadsraad onderhandel om 'n geskikte terrein te bekom. Pas, in 1978, is besluit dat die terrein by Renosterkop wat reeds aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum geskenk is, deur 'n ander terrein vervang moet word. Op die huidige tydstip wil dit voorkom asof die verstandhouding bereik is dat die nuwe Kultuurhistoriese Museumgebou in die omgewing van die Voortrekkermonument opgerig sal word, terwyl die Opelugmuseum op die "Wolfaardt-plaas" ten ooste van Pretoria gebou sal word. Dit hou in dat daar 'n ruiltransaksie moet plaasvind. Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum sal die 53 hektaar in die Fonteinedal waarvan hy die kaart en transport besit, ruil vir 4 hektaar aan die hang van Schanskop waar die Kultuurhistoriese Museum gebou sal

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

word plus ongeveer 50 hektaar van die Wolfaardt-plaas vir die Nasionale Opelugmuseum.[106] Dit sal niemand wat die geskiedenis van die afgelope 25 jaar ken, verkwalik word as ook hierdie nuwe onderhandelinge met agterdog bejeën word nie.

Die Pioniersopelugmuseum en die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum is egter stille getuies van die vasbeslotenheid van die Direkteur en haar Raad om tog nog die Nasionale Opelugmuseum van Suid-Afrika iewers in die toekoms te bou.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

VERWYSINGS

1 Mededeling van mev Kotie Roodt-Coetzee. Die betrokke toespraak is in haar besit.

2 Kotie Roodt-Coetzee: 'n Opelugmuseum vir Pretoria (Pretoriana, nr 46, Desember 1964, bl 8).

3 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staats= ondersteunde Inrigtings, 1950, bl 214.

4 Die argiefstukke van die Genootskap Oud-Pretoria. Die dokumente is tans in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, verwysing A1266, Bande I/I/I - 3/3/7.

5 A1266, I/I/Z, 1948: Notule van die Vergadering gehou ten huise van mnr W Punt, St Patrickweg op 22 Maart 1948.

6 A1266, I/I/G, 1948: Eerste Konstitusie van die Genootskap Oud-Pretoria, bl 1.

7 W H J Punt: Ons Stad Groei (Pretoriana, Deel 2, nr 1, September 1952, bl 1 - 2).

8 W Punt: The Fountain Lodge (Pretoriana, Deel 2, nr 4, Julie 1953, bl 1 - 2).

9 A1266, I/I/6H, 1953: Brief Eresekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria aan die Stadsraad van Pretoria, 19 Maart 1953.

10 G W Eybers: 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum (Pretoriana, nrs 16 en 17, Julie - September 1955, bl 69).

11 A1266, I/I/6A, 1953: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria van 1953; Gustav S Preller: Voortrekkermense IV, bl 137.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

12 A1266, I/I/6H, 1953: Brief Waarnemende Stadsklerk aan die Sekretaris, Genootskap Oud-Pretoria, 4 Desember 1953.

13 A1266, I/I/6A, 1953: Jaarverslag 1953.

14 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Bestuursvergadering gehou op 29 Januarie 1954.

15 A1266, I/I/7V, 1954: Uitnodiging na 'n Algemene Vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria op Woensdag 24 Februarie 1954.

16 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Algemene Vergadering gehou op 24 Februarie 1954.

17 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Bestuursvergadering gehou op 21 Oktober 1954.

18 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Spesiale Vergadering van die Bestuur gehou op 5 Julie 1954; A1266, I/I/7A, 1954: Kennisgewing van 'n Bestuursvergadering op Donderdag 21 Oktober 1954.

19 Notule van Raadsvergadering van die Kuratore van die Transvaal-Museum, 3 Desember 1954; A1266, I/I/7V, 1954: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1954; A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Bestuursvergadering gehou op 31 Januarie 1955.

20 A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Bestuursvergadering gehou op 31 Januarie 1955; A1266, I/I/8V, 1955: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1955; A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 29 November 1955; Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Genootskap Oud-Pretoria: Memorandum Opelugmuseum; TM/OM I: "Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum: Voorgestelde Memorandum"; Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Stadsraad van Pretoria: Kennis

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van Vergadering van die Onderkomitee op Woensdag 4 Julie 1956, waarby aangeheg is 'n verslag van die Stadsklerk asmede 'n afskrif van die Raadsbesluit van 29 Februarie 1956.

21 Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Stadsraad van Pretoria: Kennis van Vergadering van die Onderkomitee op Woensdag 4 Julie 1956.

22 A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Bestuursvergadering gehou op 31 Januarie 1955.

23 Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Genootskap Oud-Pretoria: Memorandum Opelugmuseum; F J du Toit Spies: The Open-Air Museum (Pretoriana, nr 22, Desember 1956, bl 2 - 5).

24 A1266, I/I/9N, 1956: Notule van Bestuursvergadering gehou op 23 Augustus 1956.

25 A1266, I/I/9V, 1956: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1956.

26 TM/OM I: Die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria - Konstitusie.

27 A1266, I/I/10V, 1957: Kennisgewing van 'n Vergadering van die Bestuur van die Opelugmuseum op 16 Mei 1957; A1266, I/I/10V, 1957: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria 1957; A1266, I/I/10M: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 19 November 1957.

28 TM/OM I: Memorandum re Proposed New Museum of Cultural History, bl 2.

29 TM/OM I: Memorandum oor 'n Opelugmuseum vir Primitiewe Kuns.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

30 TM/OM I: Samesprekings oor voorgestelde Opelugmuseum naby Fonteine tussen Historiese Subkomitee van die Transvaal-Museum en die Genootskap Oud-Pretoria; TM/OM I: Verslag van Samesprekings gehou tussen lede van die Bestuur van die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum, die Genootskap Oud-Pretoria en die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum gehou op Dinsdagaand 15 April 1958 in die nuwe Museumgebou; A1266, I/I/11N, 1958: Notule van Bestuursvergadering Oud-Pretoria en die Komitee vir die Opelugmuseum gehou op 29 Mei 1958; A1266, I/I/11V, 1958: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1958.

31 TM/OM I: Verslag van die Onderhoud tussen Sy Edele Minister Serfontein en die Gesamentlike Komitee van die Transvaal-Museum en die Opelugmuseum van Suid-Afrika te Pretoria op 19 November 1958.

32 TM/OM I: Memorandum re Proposed New Museum of Cultural History.

33 TM/OM I: Die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria: Uniefees, 1960. Die Voorlopige Bestuur was op dié stadium: dr Punt (voorsitter), dr Eybers (ondervoorsitter), mnr Van Niekerk (sekr), mnr B L de Bruyn (penningmeester), mnr Gildenhuys en dr F du T Spies.

34 A1266, I/I/14A, 1961: Brief Stadsklerk aan Sekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria, 4 Mei 1961; A1266, I/I/14N, 1961: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 21 November 1961; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 12 Februarie 1962; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuurs= vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 22 Oktober 1962; Bylae tot die Transvaler, Saterdag 2 September 1961: "Twee persele vir

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

museum mits ..."

35 A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Vrydag 26 Februarie 1960; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962; A1266, I/I/16N, 1963: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 29 Oktober 1963.

36 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 24 Mei 1962; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 9 Augustus 1962.

37 A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Vrydag 26 Februarie 1960.

38 Die Transvaler, Saterdag 10 September 1960, bl 6: "Handelsdokumente van 90 jaar gelede in Hoofstad gevind"; A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 6 Oktober 1960; A1266, I/I/13P, 1960: Brief Senior Argivaris aan Eresekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria, 10 September 1960; A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 3 November 1960; Die Bras Perreira-versameling (1846 - 1932) verskyn by A1266, Bylaag E, Band I - 5.

39 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 12 Februarie 1962.

40 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 24 Mei 1962.

41 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 9 Augustus 1962.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

42 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962.

43 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 9 Augustus 1962.

44 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962.

45 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 22 Oktober 1962.

46 A1266, I/I/14N, 1961: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 21 November 1961.

47 Staatskoerant van 21 Augustus 1964, Goewerments Kennisgewing Nr 1291.

48 NKO I/65: Brief Sekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria aan die Voorsitter, Kultuurhistoriese en Opelugmuseumraad, 22 September 1964.

49 NKO I/65: Brief K Roodt-Coetzee aan dr T S van Rooyen, 15 Maart 1965; Notule van die Raad van Kuratore van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum gehou op Vrydag 26 Februarie 1965, bl 4.

50 Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962": Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria 1965.

51 Die Transvaler, Woensdag 29 Augustus 1962; Transvaal-Museumargief: Notule van Vergadering van die Historiese Subkomitee gehou op Woensdag 2 April 1958; Transvaal-Museumargief: Notule van Vergadering van die Historiese Subkomitee gehou op 20 Mei 1958, bl 3 - 4; Transvaal-Museumargief: Notule van 'n Spesiale Vergadering van die Transvaal-Museum se Raad van Kuratore gehou op Vrydag 30

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Mei 1958; Transvaal-Museumargief: Verslag van 'n Samespreking tussen verteenwoordigers van die Raad van die Transvaal-Museum en die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Donderdag 23 Augustus 1962.

52 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief TM/OM I: Voorgestelde Memorandum: Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum.

53 Mededeling van mev Kotie Roodt-Coetzee.

54 NKO (1) 70/1: Memorandum; Sien ook TM/OM 1: Voorgestelde Memorandum: Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum.

55 TM/OM 1: Verslag van Vergadering van Kleinkomitee Ad Hoc insake Opelugmuseum gehou op Donderdagmiddag 16 Augustus 1962.

56 TM/OM 1: Voorgestelde Memorandum: Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum.

57 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: NKO 1966 - NKO 1976.

58 NKO (1) 70/1: 'n Nasionale Opelugmuseum vir die Republiek van Suid-Afrika: Onderhandelinge oor 'n terrein.

59 Notules Raad van Kuratore van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum 1967/1968: Jaarverslag, 24 November 1967, bl 5.

60 NKO 70/1 (2); NKO 70/2 (2).

61 Hoofstad, 28 April 1975: Wat het van Opelugmuseum geword? Brief van H T Roelofse, Menlopark.

62 The Pretoria News, 7 Maart 1953: Silverton's Historical Landmark.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

63 B Auret en A Bester: Enkele grepe uit die Geskiedenis van Silverton (Pretoriana, nr 30, Augustus 1959, bl 17).

64 Die Vaderland, 13 Junie 1959; The Pretoria News, 7 Maart 1953; Pretoriana, nr 30, Augustus 1959; Pretoriana, nr 24, Augustus 1957.

65 A1266, I/I/9H, 1956: Brief Sekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria aan mnr S J Lubbe, Skoolhoof Gouwermentskool, Silverton, 16 Junie 1956.

66 Pretoriana, nr 30, Augustus 1959, bl 13.

67 Die Transvaler, 2 September 1961: Dit sal Eintlik 'n Dorpie wees.

68 The Star, 7 September 1961: Hands off Vermeulen House; Die Transvaler, 6 September 1961: Silverton kry sy eie Opelugmuseum; The Pretoria News, 6 September 1961.

69 K Roodt-Coetzee en W Louw: Die Pioniersopelugmuseum, Silverton, Pretoria, bl 6: NKS 66/1 en 67: K Roodt-Coetzee: Memorandum oor Pioniershuisie by Silverton, bl 1 - 4; Vasti Grové: In Vanmelewe se Nostalgie Vasgevang (Hoofstad, Vrydag 14 Januarie 1977, bl 13).

70 NKPS 75/1, Pioniershuis, Silverton: Verslag oor die Toespraak van die Staatspresident, dr N Diederichs, by geleentheid van die Opening van die Pioniersopelugmuseum op 5 November 1975, bl 1.

71 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: NKLM 76/1 en 77/1.

72 NKLM 76/1: Brief M E le Roux aan Direkteur, 5 Junie 1974; Jaarverslag van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum vir die jaar geëindig 31 Maart 1970, bl 9; Jaarverslag van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum vir die jaar geëindig 31 Maart 1971, bl 2; Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief:

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

73 W J Berg: Prinsloo-familiegeskiedenis, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

74 NKLM 77/1: Brief Direkteur aan Departement van Nasionale Opvoeding, 20 Januarie 1977; NKLM 76/1: Skenking van 'n gedeelte van die plaas Kaalfontein.

75 NKLM 76/1: Brief Departement van Nasionale Opvoeding aan Direkteur, 5 Julie 1976.

76 NKLM 76/1: Brief Tesourie aan Sekretaris van Nasionale Opvoeding, 28 Junie 1976.

77 Beplanning en begrotings: NKLM 76/1, NKLM 77/1; NKLM 77/1: Koste: Argitek aan Direkteur, 29 Junie 1977.

78 NKLM 77/1: Koerantartikel: Boerdery, Bylaag tot Western Transvaal Record; Die Stellalander; Die Noordwester; Vista; Wes-Transvaler en OVS Herald (almal 22 Oktober 1976) en Potchefstroom Herald (19 Oktober 1976): Landbou kry sy Eie Museum; Jan Badenhorst: Bewaar Asb ons Boere-erfgoed (Land= bouweekblad, 23 Mei 1975, bl 64 - 68).

79 Inligting verskaf deur mej R M Tietz, onderdirekteur van die McGregor-Museum, Kimberley, tydens besoeke aan die Mynmuseum, 19 - 20 Augustus 1977 en 16 - 18 Augustus 1978. Tydens die laaste besoek was mnr D E Schaefer ook teenwoordig. Laasgenoemde is aangestel as vakkundige beampte by die Mynmuseum vanaf Mei 1978.

80 Inligting voor die huisie aangebring.

81 Sien hoofstuk V, bl 206 - 207.

82 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Museumdiens Verslag 1975, bl 9.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

83 Transvaalse Provinsiale Administrasie: U K Besluit nr 2382 van 19 Desember 1972; Transvaalse Provinsiale Administrasie: Memorandum Provinsiale Sekretaris aan Die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee, 19 Desember 1972; Sien ook Transvaalse Provinsiale Administrasie: Provinsiale Museumdiens, B4-4-3 Deel 1: Amptelike Opening van die Tsonga-kraal, Toespraak gelewer deur sy Edele die Administrateur.

84 Udo Küsel: Oorsig oor die Ontwikkeling van die Tsongakraal-Opelugmuseum (Ongepubliseerde referaat gehou by die Algemene Jaarvergadering van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging in Durban, Mei 1977, bl 1 - 9); Tsonga-kraal (Overvaal Musea=nuus, nr 3, Maart 1975, bl 3); Transvaalse Provinsiale Museumdiens: Tsonga-kraal, bl 1 - 8; Inligting is aan my verskaf op verskillende besoeke in 1976 en 1977 aan die Kraal deur die hoof- vakkundige beampte, mnr Udo Küsel, en mej L Immelman, vakkundige beampte van die Transvaalse Museumdiens.

85 NKLM 77/1: Memorandum Breederiviervallei-plaasmuseum, en argiteksplan van dié Museum geteken deur G T Fagan.

86 The Pretoria News, 27 Oktober 1975.

87 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Museumdiens: U K Notule 2186 van 27 November 1972: Memorandum Voorgestelde aanskaffing van Pelgrimsdorp vir gebruik as 'n openbare oord, bl 4; U K Notule 1201 van 28 Junie 1973, par 24.1, bl 6.

88 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Werkedepartement: B4/3/2/8/6 Deel 1: U K Besluit 2186 van 27 November 1972; Sien ook A Rautenbach: Pilgrim's Rest, ongepubliseerde gids vir toeriste, bl 2.

89 Peter Schafer: A 'little bit of heaven' up for rent (The Star, Vrydag 10 November 1972); Pilgrim's Rest still lives on (The Star, Donderdag 12 Maart 1970, bl 35); Le Roux Terblanche: Gouddorp of Spookdorp? (Die Huisgenoot, 17 Maart 1961, bl 58 - 61).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

90 Gus Clive en G Pieterse: Pelgrimsrus - 'n Nuwe Lewe Ontwaak (Die Transvaler, Saterdag 26 Oktober 1974, bl 9).

91 C Edwards: Pelgrimsrus - Verhaal van 'n Goue Era (Suid-Afrikaanse Panorama, Vol 18, nr 12, Desember 1973, bl 14 - 19; J Swanepoel: Pelgrims skud sy Vere reg vir Talle Toeriste (Hoofstad, Woensdag 23 Oktober 1974); J Buys: 'Spookdorpie' kan Paradys vir Toeriste word (Die Transvaler, 14 Junie 1969); Pelgrimsrust (Overvaal Museums nuus, September 1974, nr 1, bl 4).

92 A1266, I/I/7V, 1954: Uitnodiging na Algemene Vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria. Dr W Punt sou praat oor "Die Moontlikheid om 'n Opelugmuseum vir Transvaal in Pretoria te stig".

93 A1266, I/I/13R, 1960: Transkripsie van 'n radiopraatjie uitgesaai op Maandag 11 Januarie 1960: Kultuur uit ons Stamlande en uit Eie Bodem. 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum.

94 A1266, I/I/14N, 1961: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 21 November 1961. Mnr P F Coetzee se toespraak "Die Opelugmuseum te Arnhem" word gelees deur mnr Westra.

95 A1266, I/I/17N, 1964: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Woensdag 15 April 1964.

96 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Stadsraad van Pretoria: Kennis van Vergadering van Onderkomitee op Woensdag 4 Julie 1956, waarby aangeheg is 'n verslag van die Stadsklerk asmede 'n afskrif van die Raadsbesluit van 29 Februarie 1956. Verslag van mnr N Cooper, geskryf tydens sy besoek aan die Opelugmuseum van Arnhem; TM/OM I: Verslag van die Stadsklerk, mnr H Preiss, se buitelandse reis 1956.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

97 Johann Liebenberg: Wil Gister se Dorp Bewaar vir Nageslag (Fleur, Tydskrifbylaag tot Dagbreek, 21 November 1954).

98 A1266, I/1/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 12 Februarie 1962.

99 H Müller tydens bespreking van die begrotingspos Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1959. Hansard Kolomme 8028 - 8030; H Müller: Die Suid-Afrikaanse Museumwese (Pretoriana, nr 30, Augustus 1959, bl 3 - 7).

100 Hansard Kolomme 5370 - 5372, 8 Mei 1962.

101 NKO 70/1 (1): Brief dr J C Otto, LV aan die Direkteur, 26 Januarie 1970.

102 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 27.

103 Die Transvaler, Woensdag 29 Augustus 1962.

104 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 1 en 43.

105 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Voortrekker-monumentmuseum 1953 tot 1964; Geskiedenis en Voortrekkermonument-museum-verslae: 1967 - 1970.

106 NKO (1) 78/1: Brief Direkteur aan die Sekretaris Departement van Nasionale Opvoeding, 12 April 1978.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK IV

'N SPIEËLBEELD VAN 'N KULTUURGESKIEDENIS

i Die evolusie van die opelugmuseum-fenomeen

Uit die ontstaansgeskiedenis van die opelugmuseum blyk dit duidelik dat dié museumtipe sy ontstaan te danke het aan die onvermoeide arbeid van mense wat 'n belangstelling in die Volkskunde getoon het. 'n Besondere kenmerk van die Volkskunde dwarsdeur die negentiende eeu en selfs in die twintigste eeu, is 'n intense belangstelling in die plattelandse bevolking. In hul poging om die geskiedenis van die daaglikse lewe van die volk aan te teken, die volkskarakter te bepaal en kennis van die volk in te win, wend volkskundiges hulle na die boerebevolking. Hierdie groep mense is immers in 'n veel mindere mate as die stadsbevolking oorval deur vreemde sedes en gewoontes.[1] Ondanks al die veranderings waaraan die negentiende-eeuse Europese gemeenskap blootgestel is, kon die refrein nog gehoor word: "En de boer, hij ploegde voort."[2] Die boerehoewe was dus 'n belangrike bron van kennis. Daarheen het die navorser hom gewend om die boerehuise van verskillende streke te bestudeer en meer te wete te kom van die huisvlyt, volksgebruike, implemente en ambagte. Maar daarheen het ook die digters en skrywers gegaan om stof te versamel om hulle gedigte, ballades en literêr-bewerkte sprokies te skryf. Die boeregemeenskap was ook die bron waar versamelaars gebruiksvoorwerpe uit die volkskultuur en artikels wat die volkskuns verbeeld, bekom het.

Hierdie klemlegging van volkskundiges op die boeregemeenskap, wat eintlik beteken dat Volkskunde "boerekunde" geword het,[3] het uit die aard van die saak die ontwikkeling van opelugmusea skerp beïnvloed. Dit het nie slegs aanleiding gegee tot die besorgdheid dat die omskakeling na die nuwe tegnologiese era hierdie leefwyse gaan verdring en uiteindelik vernietig nie, maar dit het ook die voorwaarde geskep dat die bewaringspoging juis gerig sou word op die bepaalde werksaamhede, tegnieke, voorwerpe en geboue wat in die daaglikse lewe op die platteland 'n essensiële en funksionele betekenis gehad het. Die resultaat was dat die sogenaamde "park-tipe" landelike opelugmuseum tot stand gekom het. In 'n ruim park waar 'n rustieke atmosfeer geskep word deur landerye, weidings en oop ruimtes word

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

geboue afkomstig uit die platteland naas mekaar opgerig. Aanvanklik vorm hierdie strukture geen eenheid nie en staan in geen organiese of kultuurhistoriese verband met mekaar nie. Elkeen moet op sy eie waarde beoordeel word. Verder word elke struktuur alleen begrens deur 'n kerk, kloktorings of verskillende soorte windmeulens wat mekaar afwissel.

'n Verdere ontwikkeling in hierdie pioniersfase is dat daar wel 'n groepering van geboue ontstaan waar plaashuise byvoorbeeld ook van skure en buitegeboue voorsien word.[4] Al hierdie geboue word sover moontlik voorsien van meublement en gebruiksvoorwerpe wat in funksionele en kultuurhistoriese verband ingerig word. Dit is trouens 'n grondbeginsel van opelugmusea dat elke gebou juis toegerus moet word met voorwerpe uit die besondere omgewing waaruit dit afkomstig is. Die voorwerpe kan immers van streek tot streek en van die een kultuurlandskap tot die ander verskil.[5] Hierdie groepering van geboue en onderlinge verband wat vervolgens tussen hulle gelê word, impliseer ook dat daar met die omgewing en in besonder ook die natuur rekening gehou moet word. Die wisseling van die jaargety, die blomme en struike in die tuin en die plante in die kruietuin maak ook deel uit van die "uitstalling". En daarmee is die só nastrewenswaardige "drie-eenheid" geskep, naamlik gebou, interieur en milieu wat die unieke "ganzheit=liche" voorstellingswyse van museumeenhede behels.

Maar soos verwag kan word, sou daar nog 'n verdere ontwikkeling intree. Dit gaan gepaard met die groeiende besef, ook in die Volkskunde as wetenskap, dat die volkskultuur nie slegs tot die landelike beperk is nie. Die kultuurgeskiedenis behels immers ook die dorp en stad. 'n Volk bestaan ook nie net uit plattelanders nie. Die fabriekswerker, soldaat, student, tegnikus en winkelier maak ook deel uit van die volk. By die studie van die volkslewe en die weerspieëling daarvan deur die museum, moet met dié realiteit rekening gehou word. In Denemarke het Peter Holm die inisiatief geneem om ook elemente van die stadskultuur te verenig in die kleurryke stadjie wat met die stigting van "Den Gamble By" tot stand kom. Verdere voorbeelde van hierdie ontwikkeling word ook aangetref by "Den Fynske Landsby" te Odense, by Cloppenburg se "Museumdorf" en selfs by Williamsburg. Die opelugmuseum te Bokrijk en later te Enkhuizen het ook 'n besondere bydrae gelewer in die verdere ontwikkeling van hierdie uitgangspunt.

Dit spreek natuurlik vanself dat opelugmusea nie in waterdigte kompartemente van "park-musea" en "dorp-musea" ingedeel kan word nie. Die meeste van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

"park-tipe" musea besit ook dorpsnedersettings of minstens suggesties daarvan, terwyl die "dorp-tipe" ook weer losstaande eenhede bevat. Arnhem wat normaal= weg 'n goeie voorbeeld van 'n "park-museum" is, het in 'n latere ontwikkeling 'n Drentse en Zaanse buurt ingerig wat 'n dorpsgemeenskap of woonwyk suggereer. Dieselfde geld ook Bokrijk. Die Oos- en Wes-Vlaamse gedeelte daarvan behoort kennelik tot die "park-tipe".

Beide die "park-" en "dorp-tipe" wend egter 'n poging aan om aan die besoeker "een beeld te geven van die geschiedenis van het dagelijks leven ... Het is daarby ons doel de mens in al zijn uitinge naar voren te doen komen ... De nadruk werd meer gelegd op de sociale en economische achtergrond van de mensen die doorgaans in dergelijke gebouwen hebben gewoond en gewerkt".[6]

Dié evolusie van die opelugmuseum word pragtig verbeeld in die drie opelugmusea wat die kultuurgeskiedenis van die Nederlandssprekendes van Europa weerspieël. 'n Bespreking van dié drie musea bied nie slegs 'n oorsig oor die ontwikkeling van opelugmusea die afgelope sestig jaar nie maar ook 'n indringende beeld van die moontlikhede wat dié fenomeen bied.

ii "Het Nederlands Openluchtmuseum" te Arnhem

Wanneer die besoeker deur die hekke van die "Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum" binnestap, word drie moontlike roetes aan hom voorgehou. Die roetes is gebaseer op die tydsduur wat die besoeker in die museum kan vertoef. Só behels die sogenaamde "Rode Route" ongeveer één uur, die "Groene Route" ongeveer twee uur, en die "Blauwe Route" ongeveer vier uur. Laasgenoemde beslaan die hele terrein en bring die besoeker na al die belangrikste geboue en ander besienswaardighede.

Volg die besoeker nou die blou roete dan is die eerste ontmoeting dié met die vertoonsaal waarin die tradisionele tweejaarlikse kleredragtentoonstelling gehou word. Baie faktore maak so 'n saal wenslik. Die belangrikste is dat kleredrag nie in die huise en geboue uitgestal kan word nié vanweë klimatologiese en beveiligingsprobleme.

Die Museum besit 'n uitgebreide kleredragversameling waarvan die belangrikste deel 'n bruikleen-versameling van H M Koningin Wilhelmina is. Hierdie versameling is oorspronklik met die inhuldiging van die Koningin in 1898 tot

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Aandkuiertjie op Duiveland omstreeks 1910. Kleredragtentoon= stelling van 1961 - '62: "Het Platteland Thuis".

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

haar beskikking gestel. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is dit byna geheel en al vernietig. Die huidige versameling is na die oorlog byeengebring en in 1949 aan die Koningin geskenk. Alhoewel dit weens gebrek aan betroubare bronne baie moeilik is om veel verder terug te versamel as eksemplare uit 1800, besit die Museum tog wel kledingstukke uit die einde van die sestiende eeu, Dit geld egter hoofsaaklik stadsmodes. 'n Verdere probleem wat die versameling van kleredrag oplewer, is dat dit gewoonlik slegs pronk- en kosbare stukke is wat vanweë piëteit of die kosbaarheid daarvan versamel is. Alledaagse kleding= stukke word in die reël nooit bewaar nie.[7]

Dit is gebruiklik dat die kleredragtentoonstellings tweejaarliks geskied en voorsien word van 'n tema, soos "Nederland in Bruilofstooi" 1955 - '56; "Marktgang" 1957 - '58; "De Blijde Gebeurtenis" 1959 - '60; "Het Platteland Thuis" 1961 - '62. Met die laasgenoemde tentoonstelling is juis die moeilike probleem aangepak om die daaglikse kleding en werksdrag te verbeeld. Die onderneming het sy probleme opgelewer. Benewens die feit dat "die daaglikse kleding" in die verlede selde versamel of bewaar is, was dit ook, wat die huidige situasie betref, 'n hele onderneming om byvoorbeeld 'n fotodokumentasie aan te lê. Om met "gewone" kleding te poseer vir vreemdes is nie altyd aanvaarbaar nie: "Zoiets dóét men niet." Die tentoonstelling het egter baie genoegdoening verskaf aangesien dit juis hierdie gewone, alledaagse kleredrag is wat die beste insig in die sleurgang van die daaglikse lewe van die bevolkingsgroep verskaf.[8]

Die afdeling "Kleredrachten" van die Museum het onder leiding van die hoof van dié afdeling, mnr J Duyvetter, besondere hulpmiddels ontwikkel om die uitstallings baie lewendig en geslaagd te maak.[9] Onder andere is weggedoen met die konvensionele "etalagepop". Poppe is saamgestel uit los koppe, hande, arms en bene. Die liggaamsdele is gerangskik om 'n standaard romp. Die afwerking van die kop- en handvorms, gemaak van "papiermaché", is besonder effektief. By die opstel van die uitstalling word die illusie gewek dat 'n handeling so pas afgehandel is of enige oomblik 'n aanvang gaan neem. Die afwagting en spanning word dan ook inderdaad aangevoel. Daarmee slaag die vakkundige daarin om die besoeker by die "toneel" te betrek. Dit is meer as 'n gewone tentoonstelling van kledingstukke wat die besoeker boei, want voor hom speel 'n lewensverhaal af wat in 'n besondere kultuurhistoriese milieu geplaas is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Treffende voorbeeld van so 'n vormgewing vind ons in die tentoonstelling van 1975 - '76 met die tema "Van hoofdbrekens en kopzorgen".[10] Eerstens moet daarop gelet word dat die tema eintlik 'n dubbele betekenis dra om 'n sekere "speelruimte" te skep. Eg-menslike situasies word verbeeld wat enersyds die sorge van die "hoofdtooi" weerspieël - die tentoonstelling handel immers oor hooftooisels in tradisionele kleredrag. Maar andersyds vertoon die uitstalling ook die sorge van die alledaagse lewe: finansiële sorge, sorge in die skoolklaskamer, gesondheid, sielesorg, ensovoorts.

In nommer ses van die twintig vertoonruimtes sien die besoeker die toneel van die "opperwachtmeester" wat 'n seun gevang het terwyl hy appels "steel". Met die seun in die hand vertolk hy die erns van die saak aan die moeder terwyl 'n vriendin die situasie angstig staan en dophou. Die toneel speel af in die ingangsportaal van die huis. In die gesigsveld staan die dienaar in volle mondering, terwyl die kleredrag van die seun, moeder en vriendin ook besigtig kan word. Die moeder is geklee in die drag van die sogenaamde "boeren-Axel" wat soms nog in die omgang gedra word, en die vriendin in "burger-Axelse" drag wat byna heeltemal uitgesterf het.

In nommer 18 bied 'n toneel in die wagkamer van die tandarts ewe-eens 'n blik op die sorge van ses mense in die aangesig van die arts. Treffend word die kleredrag en veral hooftooisels van verskillende bewoners van Noord-Veluwe uitgebeeld.

Hierdie tentoonstellings is besonder geslaagd: die lokale is effektief ingerig met ameublement en dien as funksionele milieu vir die klere. En wanneer die besoeker die vertoonsaal verlaat, neem hy 'n beeld van die daaglikse lewe soos dit in 'n besondere tydperk kon afgespeel het, met hom mee om nog meer uit hierdie leefwêreld te gaan besigtig.

Die wandelpad voer die besoeker vervolgens na die eerste klein boerderytjie en verplaas hom ineens na die begin van die agtiende eeu in Twente. Dié boerdery verteenwoordig 'n byna uitgestorwe boerehuistipe, naamlik die "los hoes", 'n woning wat slegs uit één ruimte bestaan. Daar is dus geen skeiding tussen mens en dier wat saam in die vertrek onderdak is nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Hierdie woning herinner onwillekeurig aan die heel eerste boerehuis wat met soveel geesdrif op die museumterrein opgerig is.[11] Dit was 'n klein woning afkomstig uit "Teuse" te Vasse, gemeente Tubbergen in Twente. Op 5 April 1919, 'n jaar na die opening, brand die woning helaas af terwyl 'n fotograaf besig was om daarin foto's te neem. Die groot teleur= stelling is egter spoedig oorkom toe 'n soortgelyke woning te Beuningen opgespoor is. Met die bruikbare materiaal van hierdie huis wat erg ver= waarloos was, en die oorblyfsels van die vorige woning, kon die huidige Twentse "los hoes" herbou word. En daarmee is 'n seldsame woning, boutegniek en argitektuurvorm vir die nageslag bewaar.

Die leefwêreld wat hier verbeeld word, bestaan nêrens meer nie. Dit behoort reeds aan die geskiedenis van twee honderd jaar gelede. Die "los hoes" skep egter 'n baie duidelike beeld van die verarmde kleinboere en arbeiders wat 'n sukkelbestaan moes voer. Die boutegniek en huisinrigting getuig daarvan. Die huis was waarskynlik aanvanklik as "lieftochtshoes" opgerig: dit is 'n aparte woning vir die ou boer en sy vrou wat reeds die bedryf aan die seun oorgelewer het maar tog nog reg het op lewens= onderhoud, "lijftocht". Dit kon ook 'n landarbeidershuis wees wat bewoon is deur 'n arbeider uit die besitlose plattelandse proletariaat wat in Twente bestaan het. Behalwe hierdie "los hoes" uit Beuningen besit die Museum onder andere ook eksemplare uit Zeijen en Lichtenvoorde.

Op my het hierdie huis 'n geweldige indruk gemaak. Ek het onwillekeurig gedink aan die pragtige beskrywing van Stijn Streuvels in sy boek "De Landsche Woning in Vlaanderen"[12] waarin hy die wese van die bouer van so 'n huis blootlê: "De landman die zijn huis bouwt heeft iets van de begaafdheden die eigen waren aan den middeleeuwschen boumeester. In alles gebruikt hij overleg en gezond verstand en hij streeft er naar om met 't minste middelen, het grootst mogelijk uitwerksel te bekomen. Hij bekommert zich niet om pracht of praal - een huis dient enkel om er in te wonen en alzoo ziet hij er niet naar of denkt er nooit aan dat zijn huis langs de straat moet staan ... om gezien te worden, maar als 't zoo gelegen komt, bouwt hij het met den achterkant naar de straat om 't met den voorkant naar 't Oosten of 't Zuiden te keeren en alzoo licht en warmte op te vangen - twee dingen die hem van groote waarde zijn."

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)





Die "los hoes" uit Vasse met die agterkant na die straat gekeer en daarbinne die woongedeelte, die domein van die boerevrou.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Op tipiese Twentse wyse is die grasgevlegte voorgewel van die straat weggekeer en die mure - of meer korrek - die wande dui aan watter karige materiaal voorhande was. Die woord "wand" kom van die werk= woord "winden", "wenden" in die sin van "vlechten". Tussen die horisontale balke word wilge- of berkelatte deurgevleg wat dan vervolgens met 'n mengsel van grond en kraalmis besmeer is om dit dig te maak.[13]

Toegang tot die huis word verkry deur 'n groot agterdeur en dan word die groot onverdeelde ruimte betree. Die woongedeelte, die domein van die boerevrou, kom dadelik in die gesigsveld. Die strakke eenvoud vertoon tog indrukwekkend. Op die voorgrond word die oop haard opgemerk wat eenvoudig 'n kuil in die grond is. Daar rondom staan die turf-brandstof en die kookgerei. Die vuur het hier maar altyd gebrand, veral in die lang koue wintersaande. Die vuurstolp (veurkoarf) wat daarnaas staan, suggereer egter ook die vrees vir daardie einste vreugdevolle vuur. Dis oor die vuur geplaas om die brandgevaar te beperk wat die vuur vir die huis en gesin én vir die ganse dorp ingehou het.[14] Tevergeefs word gesoek na 'n skoorsteen: die rook en vuurdampe moes eenvoudig ontsnap deur die dak en ander openings.

Van al die ander gebruiksvoorwerpe is die swart gietysterketel miskien die prominentste. Dit hang aan 'n kettingvormige "haal" wat 'n besondere rol gespeel het in die daaglikse lewe van die huisgesin. Dit was dikwels die middelpunt van interessante plegtighede. Hierheen het die jong boer sy bruid op die huweliksdag gelei, en haar dan volgens Indo-Germaanse gebruik drie maal om die haard gelei en haar hand om die "haal" geplaas as teken dat sy daarvan besit neem. Vandaar die uitdrukking: "Zij wordt gehaald."[15] Op dieselfde wyse word die diensmeisie of kneg in die gesin opgeneem en word die kooptransaksie van die huis deur 'n nuwe eienaar bekragtig.[16]

Vir die besoeker wat hierdie woongedeelte betrag, kos dit nie veel inspanning om die daaglikse doen en late te rekonstrueer nie. Die spek, vleis en wors wat buite die bereik van kat en muis aan die dakbalke hang, onderstreep die eenvoud van die lewens van die eertydse bewoners. Die spinwiel en weefspoel wat so staan dat die vrou daarvandaan uitsig oor die hele ruimte van die huis gehad het, getuig van haar arbeidsaamheid. En by die tafel en die karige liggie van die olielampie kan die besoeker hom ook die gesin op 'n koue wintersaand voorstel soos hulle luister na die ou verhale wat

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

vertel word - en sekerlik baie realisties in hierdie milieu moes klink waar die flikkerende vuurvlamme uit die oop haard skadubeelde teen die mure weerkaats.

Voordat die besoeker die huis verlaat, sal hy ook nog gaan stilstaan voor die klerekis, "tuugkiste", kunstig versier met oeroue motiewe wat van geslag tot geslag oorgelewer is. Gewoonlik was dit 'n geskenk van die bruidegom aan sy bruid. Daarin sou hulle hul beste klere berg vir Sondae en ander feesgeleenthede.

Dit is moeilik om die reaksie van die gemiddelde besoeker te voorspel wanneer hy uiteindelik weer buite die huis gaan staan by die put waaruit die water vir huisgebruik verkry is. Dit was immers 'n vreemde ontmoeting met 'n kultuurmilieu uit die verre verlede, 'n lewenswêreld so ingrypend anders as waaraan die moderne mens gewoond is. Waarskynlik sal 'n weemoedige stemming in die gemoed heers, want dit was 'n bra sombere bestaan van mense wat nie veel meer van die lewe verlang het nie as die daaglikse brood wat reeds 'n groot deel van hul kommer en sorge uitgemaak het. Maar miskien was dit juis daarom 'n sinvolle ontmoeting omdat die besoeker ontdaan is van die romantiese sentiment van die "goeie ou dae" wat nie altyd aan die idilliese verwagting voldoen nie.

Die wandelpad voer die besoeker nou verder, langs 'n grenspaal verby wat in die vorige eeu die grens van 'n jaggebied in Arnhem aangedui het, na 'n tolgaarderswoning. Die woning is afkomstig uit Zuidlaren naby die Groning-Drentse grens. Die rooi baksteenhuisie met versierde oorhangdak en hout-tolhek, verteenwoordig die duisende "tollen" wat eens oral gestaan het om "voor rij- of voertuigen met vier wielen voor elke aangespannen paard, ezel, muilezel of runderbeest fO.15" en "voor elken bok, geit of hond, gespannen voor rij- of voertuig met twee wielen fO.01½" ensovoorts op te eis.[17]

'n Klein entjie anderkant die Aula waar op gesette tye vergaderings gehou, tentoonstellings en filmvertonings aangebied word en verder by 'n vertoonsaal vir tydelike tentoonstellings verby, kan die besoeker 'n replika van 'n "handboogschietbaan" uit Roermond besigtig. Veral in die Suidelike provinsies was dit 'n besondere ontspanning wat met baie plesier en vrolikheid gepaard gegaan het.[18]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Die volgende gebou is 'n Zuid-Limburgse skuur uit Terstraeten wat oorspronklik omstreeks 1800 gebou is. Dit bied 'n mooi voorbeeld van geraamtebou wat voorsien is van vakwerkwande gevul met 'n mengsel van grond, strooi en kraalmis. Dit is 'n tipiese bouwyse van Zuid-Limburg. Hierdie soort wande het 'n besonder isolerende effek gehad. Binne die skuur is 'n aantal voorwerpe te sien wat betrekking het op die kook, uitpersing "en tot stroop indikken van appels en peren".[19] So 'n bedryf sou vry algemeen in Zuid-Limburg aangetref word, aangesien die gebied reeds lank bekend is vir sy vrugtebedryf.

Op weg na die volgende boerdery is nog 'n grenspaal uit Roosteren-Suteren wat uit 1600 dateer, asook 'n wegkapel uit Margraten.

'n Klein Zuid-Limburgse boerdery uit Krawinkel laat mens sien hoe 'n boerdery oor 'n lang tydperk ontwikkel het. Hierdie ontwikkeling blyk nie net uit die verskillende datums bo die gewelsteen en verskillende deure nie, maar ook uit die boutegniek. Die ou huise wat vroeër voorsien was van vakwerkwande met grondvulling, het in sommige gevalle waar herstel= werk verrig is, 'n baksteenvulling gekry. Dit het veral gebeur in die tydperk toe baksteen makliker bekombaar was en die prys daarvan gedaal het. In baie gevalle het die algemene welvaart ook baie verbeter, wat in die agtiende en negentiende eeu daartoe lei dat baksteenfasades vóór hierdie ouer mure gebou word. Dit verleen aan die huis ineens groter aansien.[20]

Die volgende drie geboue verplaas die besoeker na Noord-Brabant. Die eerste een gee insig in die sosiale aktiwiteite op die Brabantse platteland. Dit is 'n "brouwhuis" met 'n bakhuis uit Ulvenhout. Hollandse bier wat reeds voor 1500 bekendheid verwerf het, is op die platteland ook deur huisbrouers gemaak. Veral in die agtiende en negentiende eeu het daar in Brabant en Limburg in elke dorpie en gehug 'n brouery bestaan wat 'n eie karakteristieke bier gebrou het. So 'n brouery was dan gewoonlik gekombineer met 'n herberg-café.[21] Die tweede gebou in hierdie groep verteenwoordig 'n Brabantse boerdery en is oorspronklik afkomstig uit Budel, terwyl die derde uit Etten en Leur afkomstig is. Albei die boerderye dateer uit ongeveer 1700. Daar is tekens van latere wysigings aan die gebou. Die interieur van die langgewelboerdery uit Budel skep weer eens 'n sombere, armoedige indruk. Dit kom immers uit 'n omgewing van arm sandgrond wat oor die

University of Pretoria etd – De Beer P J (1979)



Die "Dorpsschooltje" uit Lhee dateer uit ongeveer 1750.

Die Plaggenhut uit Onstwedde is die primitiefste woning in die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

algemeen 'n skrale opbrengs gelewer het. Die "potstallen" wat niks anders is as uitgegraafde kuile in die grond nie, toon hoe die boere die mis van die vee versamel het om die arm grond te probeer verryk. Die boerdery uit Etten en Leur word ook 'n "Vlaamse schuur" genoem omdat dit vroeër met allerlei afmetings in Belgiese Kempen voorgekom het. Dié gebou kan slegs van buite bewonder word.[22]

Die volgende gebou wat die aandag vereis, is die "Dorpsschooltje" uit Lhee, gemeente Dwingeloo, Drente. Die skooltjie dateer uit ongeveer 1750. Die inrigting daarvan bestryk egter die tydperk 1800 tot 1830. In 'n kultuurhistoriese beeldvorming sou dit onmisbaar wees, gesien die vormende invloed wat van hier oor die gemeenskap gestraal het. Die boere van Lhee het die gebou in die agtiende eeu opgerig. Dit bestaan uit een lokaal waarvan die vloere met veldklippe uitgelê is. Die ruimte word deur 'n vuurherd in die middel van die vertrek verwarm. Die kinders het self die brandstof voorsien. Die skool is verder toegerus met tafels en banke waarop die skoliere gesit het. 'n Aantal houtskooltasse, kunstig versier met skilder- en houtsneewerk, hang teen die muur. Meester se lessenaar staan plegtig in die hoek, met 'n inkpot, gansveer en pennemes daarop wat altyd byderhand moes wees om die gansveerpunt skerp te hou. Vanuit die hoek waar die lessenaar staan kon Meester 'n onnutsige skolier met die "ongeluksvogel" gooi - en as dit deur die skuldige aan Meester terugbesorg word, is die nodige afronding met die "plak" verrig. Die "ezelbord" is om die nek van die knaap gehang wat die les nie alte flink gelees het nie, en herinner aan die dae toe dit aan dissipline nie ontbreek het nie.[23]

Die primitiefste woning in die Museum staan ook hier in die Drentse buurt. Dit is die Plaggenhut uit Onstwedde.[24] Dié hut is deur die allerarmste veenarbeiders bewoon tot aan die begin van hierdie eeu. Die hut is opgebou deur vlei-sooie wat opmekaargestapel is en het 'n skuins dak, gestut deur dennestamme. In die voorgewel wat van planke aanmekaargetimmer is, is twee raampies wat nie kan oopmaak nie. As gordyne dien netjies geknipte koerantpapier. In die sygewel is die enigste deur wat toegang verleen tot die agterste gedeelte van die hut waar die kleinvee onderdak gebring en bergplek ingeruim is. Die woongedeelte beslaan ongeveer drie by drie meter.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Die karige ameublement bestaan uit 'n ronde tafel, enkele stoele, 'n kas en 'n bedstede. Die oop herd verskaf hitte en 'n olielampie die flou ligstraaltjie. 'n Meer sombere "woning" in die beknopte, klam ruimte kan nouliks bedink word. Dit vorm 'n skrille kontras selfs met die "los hoes", die Drentse boerdery uit Zeiden wat daarnaas staan en uit 1700 dateer.

Op geen ander plek in die Opelugmuseum van Arnhem was ek meer bewus van die kulturele bande wat my as Afrikaner bind met dié geslag van mense wat hierdie armoedige huise eens bewoon het nie. Hulle was die bloed- en geesverwante van die eerste pioniers wat die onherbergsame binneland van Suid-Afrika moes tem. En so ver hulle getrek het, het hulle huise soos dié gebou wat nou reeds beskryf is. Natuurlik het dit nie in elke opsig ooreengestem nie. Die klimaat en materiaal wat in die omgewing gevind is om 'n woonoord aan te lê, het immers drasties verskil van dié wat die pioniers in Suid-Afrika aangetref het. Die ooreenkomste is egter onteenseglik daar. Die Suid-Afrikaanse pioniersomstandighede het ek reeds dáár in die "los hoes" aangevoel. Die gebruiksvoorwerpe en ornamente het "bekend" voorgekom. Selfs die "tuugkiste" het my laat dink aan die "wakis". Alhoewel laasgenoemde nie só kunstig versier was nie, het dit ook tog die "kisklere" geberg. Verder is daar 'n treffende ooreenkoms met die boumetode met pale en vlegwerk van die bekende kapstylhuis in Suid-Afrika, terwyl nie veel aan die verbeelding oorgelaat hoef te word om die ooreenkoms tussen die "plaggenhut" en "hartbeeshuisie", na voorkoms en inrigting, op te merk nie.[25] Dit was ook by die aanskoue van die dorpskooltjie uit Drente dat ek opeens in die gedagte weer vir 'n oomblik voor ons eie pionierskooltjies vertoef het. Hier in die vreemde het die Afrikaanse "Meester" wat so 'n geweldige groot invloed op die volkslewe uitgeoefen het, vir 'n wyle weer voor sy klas gestaan. Die feit dat ek hierdie gewaar-wordinge kon beleef, was vir my reeds die eerste aanduiding hoe effektief die uitstallings en dié museale fenomeen is.

Diep onder die indruk van die karige bestaanswyse van die veenarbeiders van veral Friesland, Groningen en Drente en die erbarmlike woontoestande waarmee hulle tevrede moes wees, nader die besoeker nou 'n boerdery uit Friesland. Vergeleke met die Drentse buurt is dit 'n hele avontuur om die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

boerdery uit Midlum voor jou te sien. Die Museum het die gebou in 1961 aangekoop. Dit word dikwels ook getipeer as 'n kop-hals-rompmodel vir akkerbou en veeteelt op die vrugbare seeklei-polders ten noordooste van Harlingen.[26]

Die Dokumentasieafdeling van die Museum het uit argiefstukke vasgestel dat dit reeds in 1664 beskryf is. Sedert 1778 toe dit vergroot is deur die toenmalige eienaar, dr S Stinstra, het dit die huidige afmetings aangeneem. Soos die geval met die meeste Friese boerderye, was hierdie ook 'n "pacht= boerderij". Die eienaars het gewoonlik elders gewoon en 'n aansienlike huurgeld ontvang van boere wat die boerdery benut het.[27]

Die "kop"-gedeelte van die gebou is eintlik 'n aparte woonhuis met 'n pronkkamer. In die "hals" is die melk- en karringkamer en die kombuis. Daaragter lê die "romp" waarin die bedryfsgedeelte ingerig is. In hierdie kolossale skuur kan verskillende ruimtes onderskei word. In die middel is die "tasruimte" waar die hooi en oes geberg word. Op die regterflank is die koei- en perdestal waar ook 'n dorsruimte afgesonder is. Die sogenaamde "kippenlopen" langs die sygewel het vir die hoenders gedien as loopvlak na die "nacht-" en "leghok".

Uit Daarle is 'n skaapstal heropgerig.[28] Van hierdie bygeboue is daar in die Museum ook ander voorbeelde, soos dié uit Ederveen. Die eenvoudige konstruksie van hierdie geboue is dikwels langs groter boerderye aangetref, maar soms is dit sommer in die veld opgerig. Snags is die skape daarin gejaag. Dit het die voordeel gehad dat die kosbare bemesting wat vir die sandgrond nodig is, op dié wyse opgevang is. Die stal is eintlik nie veel meer as "potstallen" wat van 'n dak voorsien is nie. Die flanke is van binne met planke toegemaak en van buite met sooie versterk. Aangesien die skaapstal slegs van buite besigtig kan word, stap besoekers verby in die rigting van die kruietuin wat digby aangelê is.

Dit is inderdaad een van die interessantste eenhede van die ganse versameling. Die agtiende-eeuse hek en vywer met sy hardesteen-pomp uit Zwolle en honderde verskillende plante, elk met sy eie geur en kleur, skep reeds by die aankoms 'n boeiende atmosfeer. Die tuin is reeds in 1926 aangelê deur die inisiatief van die Nederlands Vereeniging voor Geneeskruidtuinen. Die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat dit in

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die vyftigerjare herbeplan is. Sedert 1955 bestaan "De Kruidetuin" uit vier afdelings. Die eerste is 'n kloostertuintjie na die voorbeeld van 'n kruidhof uit die negende eeu by die klooster van St Gallen in Switserland. Die westelike deel van die tuin bevat geneeskundige kruie. Die oostelike deel bestaan uit twee afdelings: in die een word plante gekweek wat verband hou met die Volkskunde; en in die ander deel kombuiskruie asook "tegniese" gewasse wat onder andere gebruik is by die bereiding van kleurstowwe.

In die tuin staan ook 'n baksteenhuisie. Dit het onder andere 'n oond waarin kruie gedroog word en 'n uitstalling wat die suggestie van 'n agtiende-eeuse apteeklaboratorium skep. Verdere uitstalruimte word benut om die gebruik van kruie en gewasse toe te lig.[29]

Binne die grense van die muur wat die tuin omring, is 'n geweldige skat van volkswysheid byeengebring. Dié volkswysheid wat geleidelik ontwikkel het uit die drang tot selfbehoud, ontleen sy inhoud aan kennis wat berus op empiriese waarneming uit die ondervinding of wat oorgelewer is. Wanneer geen raad meer geweet is met kwellende pyne en ander siektetoestande nie, het die mens hom na die natuur gewend om hulpmiddels te soek.[30] Reeds in die literatuur van die Middeleeue kan genoeg bewyse gevind word om aan te toon hoe onwrikbaar in hierdie geneesmiddels geglo is en dat dit inderdaad menige lyding versag het. 'n Middeleeuse geneeskundige het die wonderwerkende krag van die salie (Salvia officinalis), wat teen vrywel alle kwale ingespan is, só besing: "Waarom zou iemand sterven, die salie in zijn tuin heeft staan? Alleen omdat er nu eenmaal tegen de dood geen kruid gewassen is! Salie staalt de zenuwen, maakt dat je handen niet beven en dat koortsaanvallen verdwijnen." En Dodonaeus wat ruim vier eeue later geleef het, sou beslis nie met moderne geneeshere saamgestem het wat geen hoë waardering vir die salie as geneesmiddel het nie. Hy het in die sewentiende eeu daarvan geskryf: "De Savie verwarmt merckelijck ghenoegh/ende verdrooght insgelijck oock seer wel; ... Sy heeft oock een weynighsken tesamen-treckinghes in haer."[31] Daarby nog kan die salie gegorrel word, as poeier oor wonde getrooi en in die mond gebruik word om ontsteking te stuit, om nie te praat van die feit dat dit vette en swaar voedsel maklik verteer nie. Dié boererate ken g'n einde nie. Daar is

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

ywerig gesoek na die geneeskundige werking van plante wat nog onbekend was. Die gedagte lewe immers by mense dat die siekte 'n straf is uit die hand van God. Maar die genade van God lê daarin dat Hy naas die straf ook die genesing bied, wat verskuil is in die plante. Daar moes slegs na die genesende krag gesoek word. Juis daarom kon Hondius só dig:

> God geeft de cruyden oock met eenen
> om de straffe die hij sent
> te versoeten en vercleenen
> als men haere deuchden kent.[32]

Die plante was egter nie net in die siekekamer diensbaar nie. Ook in die kombuis waar die huisvrou gepoog het om die soms karige dis smaakliker te maak, was kruie en gewasse 'n onontbeerlike hulpmiddel.[33] En natuurlik het dit ook neerslag gevind in die taalgebruik van mense. Segswyses, poësie, raaisels en vertellings is daarvan deurspek.[34] Miskien is die versameling juis so geslaagd omdat wat hier gesien word so 'n groot deel van die leefwêreld van weleer gevul het en in menige opsig daaraan gestalte gegee het.

Na die aangename ondervinding en verkwikking in die kruietuin word die besoeker vervolgens verplaas na Hindeloopen, een van die elf stede van Friesland wat aan die Zuiderzee geleë is.[35] Die huis en die interieur daarvan roep 'n grootse verlede in herinnering toe die bewoners welvarende koopvaarders was. Die pronkkamer is ingerig na die tipiese Hindeloopense styl met geskilderde meubels, Sjinese en Japannese porselein en ander weelde= artikels. Die voorkeur vir gesnede eikehoutmeubels en beskilderde kaste wat by die welgesteldes van Holland in die loop van die sewentiende eeu ontwikkel het, is ook in dié pronkkamer te sien. Die wande van die pronkkamer is verfraai met die kenmerkende wit, pers en blou teëls met afbeeldings uit die skeepvaart, Bybelgeskiedenis, kinderspel en dierewêreld. Dit skep die indruk van keurige smaak wat ongetwyfeld beïnvloed is deur die welvaart waarin die mense gedeel het.[36]

Die volgende groep geboue kan slegs van buite besigtig word. Die eerste is 'n boerdery uit Gelderland uit omstreeks 1800 en 'n landarbeidershuisie uit Beemster, Noord-Holland. In die arbeidershuisie uit Zandeweer, Groningen,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

wat omstreeks 1850 gebou is, word grofsmedery nog beoefen wat tegelyk die voordeel bied dat voorwerpe van die museumversameling daar aangehou en gerestoureer kan word. 'n Hoefstal uit Scherpenzeel, Gelderland, laat baie realisties sien hoe die hoefsmid 'n perd maak staan wanneer hy beslaan moes word. 'n Baie insiggewende ambag wat ook in 'n skuurtjie ingerig is, is 'n "klompenmakerij". Daarin is ook die gereedskap te sien wat in hierdie huisnywerheid gebruik is. Weer eens kom 'n mens onder die indruk van die uiters swak werks- en leeftoestande wat selfs nog aan die begin van hierdie eeu geheers het in byvoorbeeld 'n Overijselse dorp soos Enter, waar byna die hele bevolking klompe gemaak het. In die klein bedompige skuurtjie, swak verlig en klam, is die werk verrig; dikwels ook in die eenkamer-woonhuis. Daar moes uit die ruwe wilge- of populierstomp met behulp van die byl, saag, dissel, paalmes en boorbank, bruikbare klompe geskep word. Vir sy arbeid kon die vervaardiger ongeveer dertien sent per paar verdien. As hy dus van 6-uur die oggend tot 7-uur in die aand daarmee besig was, kon hy gemiddeld 10 paar klompe die dag maak. Sy verdienste was dan sowat 1½ gulden. Verder is bereken dat 'n man, vrou en een kind se lewensonderhoud ongeveer 5,50 gulden per week was. Hieruit spreek wel in watter benarde omstandighede hierdie ambagslui moes lewe.[37]

Daar is ook ander huisies in dié omgewing wat die leefwêreld van die arbeiderbevolking verbeeld. Daar is byvoorbeeld die drie arbeidershuisies uit Tilburg, Noord-Brabant, wat reeds ongeveer 'n honderd jaar oud is. Dit bied 'n goeie voorbeeld van die huisvesting van die Brabantse stedelike arbeiderbevolking uit dié era. 'n Skuurtjie uit Woold gee insig in die leefwyse van Gelderland, en 'n klein burgerwoning uit Bedum is kenmerkend van die omgewing van die stad Groningen so ongeveer 1850. Verder is daar 'n skaapstal uit Texel, Noord-Holland, waarin skape oornag het en 'n palingleurdershut wat tot 1918 in die omgewing van Amsterdam gestaan het. Hierdie hutte is bewoon deur Vollendamse palingleurders wanneer hulle hul palings en ander vis in Amsterdam kom verkoop het.[38] Hierdie besondere hut is bewoon deur ene Gerrit Vlak totdat die Museum dit bekom het.

Reeds in 1930 is die Markense visserhuise aangekoop wat soos alle huise op die eiland geheel en al van hout gemaak is. Dit was toe reeds die enigste

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Die "Zaanse buurt" - vir menige die hoogtepunt van 'n besoek aan die Museum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

eksemplaar van die sogenaamde "rookhuis" wat nog op Marken gestaan het. Die huisie het dus geen skoorsteen nie. Die rook word beheer deur 'n luik wat in die skuins dak aangebring is. Verder bestaan die huis uit twee vertrekke, naamlik 'n woonruimte en 'n pronkkamertjie. Die geel en blou geverfde houtwande is oordadig behang met allerlei erdewerk en porselein, gebruiksvoorwerpe en aandenkings uit Skandinawië, Engeland en Skotland wat getuig van die kontak wat vissers met die buitewêreld gehad het.

Langs die huisie is 'n skeepswerf met skeepshelling ingerig. Hierdie werf, "De Hoop", dateer uit 1885 en was in gebruik tot in die veertigerjare toe dit na die Museum oorgeplaas is.[39]

Maar vir baie besoekers is dit 'n uitgemaakte saak dat die sogenaamde "Zaanse buurt" die hoogtepunt van 'n besoek aan die Museum is. In baie opsigte sou 'n mens wil saamstem. Hier is gepoog om met behulp van 'n aantal geboue uit 'n besondere omgewing 'n rekonstruksie te maak sodat belangstellendes 'n indruk kan vorm van die oorspronklike omgewing waarin die funksie en inrigting van die geboue vir hulself spreek. Die geboue is dan ook só geplaas dat die ekonomiese, sosiale en kultuurhistoriese agtergrond ineens meespreek.[40] Wat hier getoon word,[41] is 'n "Koopmanshuis" en die daarby behorende "overtuin". Naas die tuin is die koetshuis van die koopman, en daaragter staan 'n skuurwoninkie, die "kets", wat gebruik is deur die koetsier en sy gesin. Die geheelbeeld wat geskep word, is dié van 'n ryk, welvarende Zaanse ondernemer wat langs die middelstander en die arbeider woon.

Die woonhuis bestaan uit verskillende vleuels. In die oudste gedeelte wat uit 1686 dateer, is tans 'n aandenkingswinkel ingerig. Die tweede vleuel is in 1740 aangebring en die derde in 1780. Skertsenderwyse word na hierdie uitbreiding verwys as "goedejaarshuis" aangesien dit waarskynlik in voorspoedige jare aangebou is. Die "pronkkamer" is aan die straat geleë. Hierin is die beskilderde meubels, die deftige en ryk gevulde "glazenkast" met kosbare erdewerk, asook die "zware geldkist" van die welvarende Zaanse koopman. Die "luchthuis", wat gewoonlik apart staan en uitsig oor die Zaan bied, was 'n plek van ontspanning. Wat hier gerekonstrueer is, het oorspronklik los van mekaar aan één kant van die straat in 'n "Dubbele Buurt" in "Koog aan de Zaan" gestaan. Dit was egter nie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die normale ligging in die Zaanstreek nie, maar het ontstaan as gevolg van die watersnood van 1666 waartydens die dyk oorspoel is. Na verstewiging van die dyksloot ontstaan die Dubbele Buurt, 'n straatjie met huise aan albei kante.

Die Zaanse buurt in die Museum het 'n veelbewoë geskiedenis beleef. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is uitgebreide skade aan die geboue berokken toe dit deur 'n bom getref is.[42] Daarna het die groot brand gekom.[43] Op Vrydag= oggend 9 Januarie 1970 is aansienlike skade aangerig toe die noordelike deel van die geboue in puin gelê is. Hierdie tragiese verlies is egter spoedig te bowe gekom. Met volhardende ywer is die verwoesting herstel.

Die Zaanse buurt word verder versier deur die dubbele ophaalbrug uit Ouderkerk aan die Amstel. Die brug is in 1938 aan die Museum geskenk deur die Gedepu= teerde Staten van Noord-Holland. Die brug wat uit omstreeks 1800 dateer en 'n tipiese Hollandse brugkonstruksie met houthefbome en kontragewigte verteen= woordig, is ook gedurende die Tweede Wêreldoorlog erg beskadig. In 1957 is besluit om die houtwerk in sy geheel te vervang.[44]

Maar daar is nog 'n paar geboue en konstruksies wat besigtig moet word. Die eerste is 'n pragtige, tipiese Noord-Hollandse boerdery met sy puntige dak. Die ontwikkelingsgeskiedenis van hierdie boerderytipe is die benaming "stolp-" of "stelp-boerderij" afwisselend gebruik.[45] Die besondere gebou wat hier in die museum staan, uit Zuid-Scharwoude en is in 1745 deur Jacob van Twuyver opgerig. Die boerdery toon die interieur van 'n boerehuis van 'n welvarende veeboer uit die tweede helfte van die agtiende eeu, en wat doelmatige inrigting betref verteenwoordig dit tegelyk die eindfase van 'n eeue-oue ontwikkeling. In die nagenoeg vierkantige gebou is die woonvertrekke, werk- en stalruimte rondom die "hooitas" gebou. 'n Baie interessante aspek van die leefwyse in hierdie en soortgelyke wonings is die versiering van die koeistalle in die somer wanneer die koeie nie in die stalle oornag nie. Die stalle, wat ruimte bied vir ongeveer agtien tot twintig koeie, word dan afgewit en behang met veelkleurige opge= poetste kopervoorwerpe en "boerendelfts". Beskilderde gebruiksvoorwerpe word ook uitgestal, onder andere die kaaspers wat gebruik is om kaasprodukte soos die beroemde Edammers te maak.[46]

In dieselfde omgewing waar hierdie sonderlinge boerdery is, lê onder meer die handboog- en geweerskietbaan waar na houtvoëls geskiet is, asook verskillende boerderye soos dié uit Giethoorn, die land van Vollenhove uit Kadoelen en uit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Staphorst. Daarbenewens is daar die kasteelagtige boerdery uit Oud-Bijerland, Suid-Holland, waarvan die woongedeelte reeds in 1617 gebou is. Verskillende geboue uit Gelderland bied ook 'n beeld uit hierdie landstreek: die skaapstal uit Erdeveen, die Betuwse boerdery uit Varik, die klein Veluwse boerdery uit Vierhouten, en 'n daglonershuisie uit Nunspeet wat reeds 'n verbetering toon in die lewenstandaard vergeleke met ander soortgelyke wonings wat reeds beskrywe is.

Dit is gans ondenkbaar dat die Nederlandse Opelugmuseum wat so 'n pragtige oorsig bied van plattelandse bouwerke en die Nederlandse kultuur, sou nalaat om 'n ereplek toe te ken aan "de molens, eens de glorie van Nederland, maar nu de onttroonden door te macht der electriciteit".[47] Sedert die meule in die gryse verlede sy verskyning gemaak het,[48] waarskynlik in die twaalfde eeu, het dit in vele opsigte 'n belangrike rol gespeel in die daaglikse lewe. Dit was deel van die stryd teen die water; daarmee is graan gemaal, hout gesaag, papier vervaardig. Die industriemeulens het 'n belangrike rol gespeel in die ekonomiese welvaart van verskillende streke in die sewentiende en agtiende eeu.

Belangrike uitvindings in die tweede helfte van die negentiende eeu bring 'n verandering in die lewenswyse. Wind- en waterkrag kon helaas nie standhou teen stoomkrag en elektrisiteit nie en uiteindelik moes die meulens die aftog blaas.[49] Verval en verwaarlosing het in 'n betreklike kort tydsbestek onrusbarend toegeneem. In die eerste helfte van die twintigste eeu het van die sowat 8 000 meulens wat nog aan die begin van die eeu bestaan het, slegs 1 300 oorgebly.[50] Sprekend van hierdie onvervangbare verlies is die feit dat die Museum die enigste oorgeblewe waterradpapiermeule van Veluwe besit. In 1740 was daar 171 van hierdie tipe meulens.[51]

Die tiental meulens wat in die Museum vertoon word, bied egter 'n mooi beeld van hierdie ryk kultuurskat wat die Hollandse landskap eens verfraai het. Benewens verskillende "windwatermolen", "windkorenmolen", en die "Tjasker-watermolen" wat die eenvoudigste vorm van die windwatermeulens was, is die opwindendste seker die "waterradmolen voor papierfabricage op de Veluwe". Dié papiermeule vervaardig nog papier soos dit gedoen is sedert ongeveer 1600. Dit is 'n belewenis om te aanskou hoe "linnen lompen", tou, seildoek en nette fyn= gestamp en in papier omskep word.[52]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Laaste aspek van die Museum wat hier genoem word, is die verskillende tydelike tentoonstellings wat van tyd tot tyd aangebied word, 'n onmisbare aktiwiteit van 'n opelugmuseum. Dit bied 'n uitstekende geleentheid om uitgebreide versamelings wat in stoorkamers geberg word, aan die publiek bekend te stel. Alhoewel landbouwerktuie,[53] voertuie,[54] keramiek[55] en ysterwarevoor= werpe wel in funksionele verband in geboue uitgestal word, dien dit tog 'n belangrike doel om selfstandige tentoonstellings van hierdie voorwerpe te hou om die onderlinge en oorsigtelike verband te laat spreek. Uitstallings soos "Goedbruikbaar, vaak Breekbaar", "Magazijn van Ijzerwerken" en "Des gerusten Lantmans"[56] slaag uitmuntend daarin om hierdie verband te lê. Laasgenoemde uitstalling het byvoorbeeld aan die hand van tekste, prente, foto's, modelle en voorwerpe 'n pragtige beeld gebied van die ontwikkeling van die landbou deur die eeue heen. So 'n uitstalling bied die besoeker die geleentheid om onder andere te sien hoe nuwe werktuie en gereedskap oues vervang het, en hoe kragbronne vir die boer ontwikkel het om woeste grond, moerasse en die ongerepte natuur te bewerk.

Dit vorm alles deel van die poging van die Opelugmuseum om die leefwêreld van 'n verbygegane eeue te verbeeld en die ontwikkeling sigbaar aan te dui. Dit is immers juis hierdie ontwikkeling wat die hedendaagse leefwyse tot op groot hoogte verklaar. As die museum daarin slaag om iets van die verlede so te laat spreek in die hede dat die besoeker die sin daarvan kan raaksien, dan het dit in 'n belangrike mate in sy vooropgestelde doel geslaag.

'n Deeglike studie van die "Nederlands Openluchtmuseum" in Arnhem openbaar onmiddellik waarom hierdie Museum vir bykans sestig jaar menige kultuurhistorikus aangespoor en besiel het om in sy eie land ook so 'n museum te gaan oprig. Dit is merkwaardig hoe dikwels die navorser in argivale bronne die bewondering in geskrifte ontdek wat kultuurhistorici en ander belangstellendes uitgespreek het. Dit is ook die geval in Suid-Afrika. Elke ondersoeker wat daarvandaan terug= gekom het, het besondere lof betuig vir die verdienstelike werk wat in Arnhem verrig word. Dit verbaas dan ook nie dat die Opelugmuseum wat die afgelope vyf en twintig jaar vir Suid-Afrika beplan word, geskoei is op die lees van Arnhem.

Die één leemte wat ek wel in Arnhem aangevoel het, is die afwesigheid van 'n konvensionele kultuurhistoriese museum. Die opelugmuseum kan eenvoudig nie reg laat geskied aan al die aanvullende inligting wat 'n besoeker vra nie. Dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

is wel waar dat die museumkundiges op 'n waardige wyse in hierdie behoefte probeer voorsien met die uitstalling van kleredrag en veral met die tydelike tentoonstellings wat gereeld op die terrein gehou word. Die leemte bly egter bestaan.

Naas die voortreflike uitstalling en die algemene inrigting van die Opelugmuseum is daar nog twee aspekte wat besondere vermelding verdien. Eerstens die voortreflike wetenskaplike navorsing en publikasies wat deur die personeel behartig word. Dit verleen 'n nastrewenswaardige beeld aan die Museum as navorsing- en opvoedkundige sentrum. En tweedens verdien die Direkteur en sy personeel besondere lof vir die wyse waarop die reserwe-versameling, biblioteek en argief tot die beskikking van navorsers gestel word. Ook in dié opsig het die Opelugmuseum te Arnhem daarin geslaag om die hoogste ideale van die moderne museum te verwesenlik.

iii Bokrijk, die Vlaamse Opelugmuseum

Bokrijk is geleë in die provinsie Limburg, België. Aanvanklik is van die gedagte uitgegaan om die Museum op 'n provinsiale grondslag in te rig. Dit het egter spoedig geblyk dat die benadering verruim moes word sodat nie slegs Limburg daarin verbeeld sou word nie maar die ganse Vlaamse volkskultuur.[57] Sedert 12 April 1958 toe die Museum vir die publiek oopgestel is,[58] is reeds in 'n groot mate in hierdie doelstelling geslaag.

Dit lê voor die hand dat die Vlaamse volkskultuur, veral ten opsigte van die argitektuur en inrigting van boerderye en woonhuise, nie in enkele voorbeelde saamgevat kan word nie. Om die probleem te oorbrug, is besluit om drie kultuurlandskappe in die landelike gedeelte van die Museum te onderskei.

Die eerste van hierdie drie streke is die armoedige heidelandskap, Kempen. Hierin word geboue gegroepeer uit die provinsie Antwerpen en die noordelike deel van die provinsie Limburg. In die tweede landskap moes egter 'n vrugbare heuwelland geskep word sodat geboue uit Limburgse Haspengouw en Brabant daarin tot hul reg kon kom. Die derde streek suggereer Oos- en Wes-Vlaandere wat 'n vrugbare laagland as milieu verg om onder andere die kenmerkende meerledige boerderygeboue te rekonstrueer. In teenstelling met die eerste twee streke waarin geboue in nedersettingsverband ingerig sou word, moes Oos- en Wes-Vlaandere

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

in die "park-tipe" idioom gevestig word.

Maar sou dit moontlik wees om dit alles op één beperkte terrein van ongeveer 500 hektaar te verwesenlik? Miskien is dit juis die unieke van Bokrijk dat die terrein hom nie alleen natuurlik leen tot so 'n indeling nie, maar ook vanweë sy bome- en plantegroei die drie streke van mekaar isoleer om drie afsonderlike eenhede te skep. Kempen is daarom in die noordoostelike hoek, Haspengouw en Brabant in die suidelike en Oos- en Wes-Vlaandere in die westelike hoek ingerig.[59]

Die drie streke toon 'n wye verskeidenheid geboue wat deur die loop van die eeue aan mens en dier ruimte verskaf het om in te woon en te werk.[60] Dit bied tegelyk 'n kultuurhistoriese uitsig oor die verskillende maatskaplike lae van die bevolking asook die kultuurhistoriese ontwikkeling van geboue wat betref boutegniek, bou= materiale en die verskillende boerderybedrywe. Die een oomblik kan mens in die Kempense streek vertoef by die kelderhut wat deur die lyfeienes en uiters armlastiges sedert die Middeleeue bewoon is, om later weer voor 'n imposante vierkanthoewe uit Haspengouw in verwondering te staan. 'n Oorsig oor die ontwikkelingsgang van die landelike huis, bygeboue en skure is ewe indrukwekkend. As bedink word dat die oudste en eenvoudigste vorm, naamlik "de georiënteerde langgestrekte bouw", reeds nagevors is tot ongeveer ses duisend jaar gelede toe dit in dié omstreke gebou is, dan word dit 'n hele avontuur om die ontwikkeling daarvan sigbaar waar te neem. En na sestig eeue het dit nog nie verdwyn nie. Maar waarom sou dit? Dit hou eenvoudig te veel praktiese voordele in. Die huise is so gebou dat die langste gewel na die son gekeer is om die meeste lig en warmte op te neem. Tegelyk is die groot kwesbare dakvlak weggekeer van die westewind. Net die kort sygewel is daaraan blootgestel. Op dié wyse is ver= wering en ramp effektief bekamp. Hierdie eenledige boutegniek kom oor bykans die hele Vlaamse landskap voor, hoewel die suiwerste vorm aangetref word in Kempen, Brabant en Oos-Vlaandere.[61]

As gevolg van die brandgevaar en omrede die boerderybedryf gaandeweg uitgebrei het, ontstaan later ook die tweeledige bou. 'n Los skuur is ewewydig met die woonstalhuis gebou en daarin is hoofsaaklik bergruimte vir die oes geskep. 'n Verdere ontwikkeling lei tot die meerledige bou-inrigting wat aan drie of vier sye om 'n reghoekige of vierkantige binneruimte opgestel is.

Die fenomeen opelugmuseum is in 'n belangrike opsig deur die ontwikkeling by Bokrijk verryk deurdat dit pertinent die klem verskuif het van die afsonderlike

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Die Kempense dorpie wat as nedersetting rondom 'n driehoekige plein in Bokrijk opgerig is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

geboue na die nedersetting. Soos reeds vermeld, is sulke pogings vroeër ook in Denemarke aangewend, en onder andere deur dr Heinrich Ottenjann by Clopenburg. Onder leiding van dr Jozef Weyns het Bokrijk hierdie gedagte verder ontwikkel. Waar die pioniers op hierdie gebied slegs 'n aantal komponente van 'n nedersetting naas mekaar opgerig het, het Bokrijk aan die ganse aanlegvorm van die dorp gestalte gegee. Die nuwe ontwikkeling het dus nie slegs 'n verband tussen die museumeenhede geskep nie maar 'n "werklijke nederzettings-infrastructuur" uitgebou.[62] Die verdienste van dié uitgangspunt blyk duidelik uit die inrigting van die twee dorpe in die Museum.

By die aanleg van die "Kempen-dorpie" is rekening gehou met die eeue-oue en tipiese Frankiese aanlegvorm wat kenmerkend van Kempense dorpe is.[63] Die nedersetting ontstaan rondom 'n driehoekige plein. Hierdie plein wat "biest", "dries", "opstal", "heuvel" en "plein" heet, was aanvanklik die versamelplek van die vee. Die gehuggies het 'n gemeenskaplike veeherder gehad wat smorens vandaar op die horing geblaas het as teken dat hy gereed was om te vertrek. Die staldeure van die wonings wat op die grens van die plein geleë was, is dan oopgemaak en die "heerd" versamel op die plein om na die weivelde begelei te word. Die huise om die plein word 'n "gehooft", "gehucht" of "heerdgang" genoem. Elkeen van hierdie plaashuise was netjies omhein of "omtuind" en met "veken", "valgader" of "valveken" afgesluit. Hieruit kan afgelei word dat die plein 'n belangrike rol gespeel het in die lewe van die inwoners van die nedersetting, veral toe dit in omvang en belangrikheid toegeneem het. Op die plein het ook gewoonlik groot lindebome gestaan waaronder die "stenen of de banken" vir die volksvergadering of gereg ingerig is wat vanmelewe in die opelug plaasgevind het. Soos verwag kan word was die "kaak", "justitiestaak" of "schandpaal" hier ingeplant. Daarvan getuig talle afbeeldings van Pieter Breugel. Menige skuldige sou daar vir 'n uur of meer aan die "schand=paal" tot sy skande deurbring. En aan die houtpaal is ook menige dief aan die kaak gestel - of liewer aan die oor vasgenael van waar hy hom maar moes los=skeur. Op die plein, waar die dorpsvywer ook staan, is die nuwe verordeninge en geldende voorskrifte in die openbaar afgekondig. As hierby in aanmerking geneem word dat die kerk ook vlakby die plein gestaan het, kan aanvaar word dat die plein inderdaad die sentrum van die oudste dorpslewe in al sy uitinge was.

Dit is hierdie kultuurhistoriese inhoud wat in die aanleg van die Kempense dorpie vasgevang is. Die eenheid is nie alleen kultuurhistories-wetenskaplik verantwoord

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

nie, maar ook museumkundig vorm dit 'n interessante en opwindende geheel. Die plein bied uiteraard ook 'n uiters waardevolle ruimte vir verskillende feeste. In die geval van die museumdorpie is die driehoekige plein afgemeet rondom 'n groot eikeboom. Daarby is dit voorsien van sosiale en juridiese elemente "als de valvekens, de brandpoel, de gerechtsboom, de schepenbank, de schandpaal, de herberg, de kerk en die pastorij ... en bevat een watermolen, een smidse en een windmolen naast de boerderijen".[64]

Vanaf die plein kry die besoeker 'n pragtige uitsig oor die verskillende kultuur= komponente wat uitstekend uitgebeeld word naas die geboue. Vandaar kan 'n mens na die geboue beweeg: mens wandel as 't ware van die een eeu na die ander om die boustyl, woninginrigting en leefwêreld van elke besondere tydperk te besigtig en te beleef. So kan die boerehuis uit Vorselaar uit die sestiende eeu betree word wat die werk- en leefwêreld van Pieter Breugel (1525 - 1569) in herinnering roep. Dié besondere huis is in die Breugeljaar, 1969, opgerig. Dan is daar aan die westekant 'n klein boedery, Heist-op-den-Berg, wat uit die sewentiende eeu dateer. Die skuur en woonhuis staan hier ook onder dieselfde dak.[65] Op die bodrumpel is, benewens die kruis wat in die hout uitgesny is om die bose en die noodlot te verdryf, ook die datum 1679 gegraveer. Die vensters is nog nie met glas toegerus nie. En op die dak is die sogenaamde "donderbaard" te sien: 'n plant wat in die Germaanse oudheid gewy is aan die dondergod, Thor. Volgens die algemene volksgeloof sal die aanwesigheid daarvan op die "dakvorst" die huis beveilig teen 'n noodlottige weerligstraal.

Die laaste bewoner van die huis was Janneken Coechelberghs, (1866 - 1952), "een merkwaardig man, een soort 'Dichter und Bauer' ... Hij was zeer bescheiden, zeer vroom, zeer dichterlijk, zeer arm. Hij heeft dagelijks gebeden om te mógen arm blijven en hij heeft het uur van zijn dood voorspeld".[66] In dieselfde kamer waar hy eenmaal die hartroerende gedig "Het Vaderhuis" geskryf het, hang dit nou vir besoekers om te lees:

Het is niet groot, het is niet mooi,·
Drie eeuwen oud, wat scheef gezakt,
Van hout en leem, met kalk beplakt,
Zijn weegt en wand; het dak van strooi.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Het staat daar eenzaam in 't geboomt
En 't groen van palm en hulst en mast
En wijngaardrank die weeldrig wast;
Het staat daar stil alsof het droomt.

En toch heb ik dit huisje lief
En ruilde 't voor géén andre woon
Al was die zevenmaal zo schoon
En ingericht tot mijn gerief.

Hier speeld' ik eens als kind en 'k zat
Er aan den heerd, bij 't avondvuur,
Te staren in het vlammend vuur,
Wen vader, saam met moeder, bad.

Toen gingen moeder, vader, heen,
Maar niet hun beeld, dat bleef me bij,
En alles hier herinnert mij
De dagen van het vér verleên.

En ééns verlaat ook ik ons huis,
En ga de weg, hoe hard het zij,
Waar niemand keert. Vriend, bid met mij
Opdat ik vind' een beter thuis.

Naas hierdie huisie uit die sewentiende eeu staan die groot agtiende eeuse "abdijhoeve uit Oevel".[67] Die boerdery dateer uit omstreeks 1200 toe die monnike van die Tongerlo-Antwerpen-klooster die geboue opgerig en dit bekend geword het as "Uitschoolhoeve". Die name van al die bewoners sedert 1393 is bekend. Alhoewel die geboue deur die eeue heen verander en herbou is, het die oorspronklike geboue behoue gebly. En uit die negentiende eeu pryk die pragtige groot Limburg-Kempense boerdery, die Kilbershoeve uit Meeuwen.[68]

Slegs nog twee geboue in die Kempense dorpie moet genoem word.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Gesellige hoekie langs die "Leuvense stoof" in die landelike drankhuis, Wetshuis "In Dolphin, Estaminet".

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Die eerste is die kerkie uit Erpekom, wat digby die plein opgerig is. Waarskynlik die enigste oorgeblewe voorbeeld van die sogenaamde klein Rijnlandse saalkerke. Die skip en koor dateer uit die elfde eeu en die toring uit omstreeks 1550. Rondom die ou kerkie is 'n pragtige versameling ou grafstene as kerkhof ingerig.[69]

Die ander noemenswaardige gebou is die mooi landelike herberg "In Sint-Gummarus" uit Lier.[70] Die ou afspanning was op die punt om gesloop te word toe dit deur dr Jozef Weyns raakgesien is. Die gebou dateer uit omstreeks 1780. Vandag dien dit weer as herberg in die Museum waar besoekers hulself kan laaf en trakteer op 'n tradisionele dis wat moontlik nêrens elders meer te geniet is nie.

Uit hierdie kort beskrywing van die Kempense dorpie is dit duidelik dat ons hier nie met 'n konkrete historiese situasie te doen het nie, maar met 'n idealistiese sintese. Boonop bied dit 'n historiese oorsig oor die evolusie van die boerderygeboue, wat só gerangskik is dat die sosiale strukture en leefwêreld ineens sigbaar word. Dit alles vloei saam tot 'n eenheid van onskatbare didaktiese en kultuurhistoriese waarde.

By die aanleg van die tweede dorpie in die Museum, naamlik dié van Haspengouw, het ander oorwegings gegeld.[71] Hier het die klem wel op 'n bepaalde historiese voorbeeld geval. Om op 'n besondere voorbeeld te besluit, is na die kadasterkaarte van ongeveer 1845 gegaan om 'n geskikte uitleg te vind. Die keuse is egte, beïnvloed deur sekere uitdruklike voor= waardes. Die dorpie moes 'n plein besit. Soos in die geval van die Kempense dorp, hou dit vir dié museale funksie besondere voordele in. Die ruimte bied 'n goeie uitsig op geboue en dit kan aangewend word om samekomste te reël. Verder is gevoel dat die voorbeeld waarna gesoek word nie te uitgebreid moet wees nie, aangesien dit dan nie meer binne die vermoëns van die Museum sal wees om dit te ontwikkel nie. Die mikpunt is op ongeveer tien geboue gestel. 'n Ander baie belangrike voorwaarde was dat die beperkte aantal geboue verteenwoordigend van die besondere streek moes wees. Dit sou impliseer dat daarin minstens 'n eenledige lang= gestrekte, 'n tweeledige, 'n hoefystervormige, en 'n geslote vierkanthoeve opgeneem moes word. Uiteindelik is op die grondplan van die dorpie Ulbeek

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

besluit, aangesien dit volgens die kadasterplan in 'n besondere mate aan die verwagtinge voldoen het. Van die oorspronklike geboue uit 1845 was daar egter nie meer één beskikbaar nie. Die museumkundiges was dus nou op die omgewing aangewese om die spesifieke tydperk in die geskiedenis van die nedersetting museaal te rekonstrueer. Dit bied 'n besondere uitdaging aan die vernuf van kultuurhistorici om die daaglikse lewe in die geweste so indringend na te vors dat die beeld wat in komende jare daarvan geprojekteer gaan word, sal strook met die werklikheid van 'n eeu gelede. Alles dui reeds daarop dat die onderneming lewensvatbaar is.

Sedert 1959 is ook aandag geskenk aan die moontlikheid om naas die landelike gedeelte van die Museum 'n "Oude Stad" op te rig.[72] Die verwesenliking van hierdie "nuwe" ideaal sou jare lank uitbly. Die nood het egter in omvang toegeneem. Nie alleen is die erfgoed in die landelike gebiede bedreig nie, maar sedert die einde van die vorige eeu was dit in toenemende mate ook die geval in stedelike gebiede. Soos in die res van die Westerse wêreld is ook in België ondervind dat dit juis die ou stadskern is wat met sloping bedreig word en in baie gevalle reeds vernietig is. Die besluit om 'n grootse plan uit te werk om hierdie kultuurskatte te red, was dus tydig. Die rekonstruksie van "de Oude Stad" in die Museum het op 30 Augustus 1972 'n aanvang geneem.

Die Museum het hom die taak gestel om waardevolle stadsgeboue te bekom sodat 'n oorsig gegee kan word van die evolusie van die stedelike argitektuur van die laat Middeleeue tot in die negentiende eeu. Natuurlik sal ten alle koste gepoog word om historiese en ander geboue wat vanweë hul argitektoniese waarde bewaar moet word, eerder op die plek van oprigting ongeskonde te laat.

Die ervaring het egter ook in België geleer dat dit gewoonlik maar net 'n droom bly om ou geboue só te bewaar. Indien 'n gebou dus noodwendig gesloop moet word, is die logiese en ook die laaste alternatief om dit in die openlugmuseum op te rig en dit sodoende tog vir die nageslag te bewaar. Dit sal selfs nodig wees om sommige geboue wat nie meer bestaan nie, te herskep. Dit moet gebeur wanneer die komposisie van die geheelbeeld die toevoeging van 'n besondere struktuur vereis. Ter wille van die didaktiese waarde van so 'n geheelbeeld is 'n replika verkiesliker as om die besondere

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

gebou eenvoudig weg te laat.[73]

Intussen is die eerste huise reeds in "de Oude Stad" opgerig.[74] Ten aanvang is 'n Brabantse kern ontwerp. Die huis wat onder bespreking gekom het, is "de (Witte) Engel" wat uit omstreeks 1459 dateer. Dit is afkomstig uit die Zwartzustersstraat in Antwerpen waar dit in 'n toestand van verval geraak het en noodgedwonge gesloop moes word. Hierdie huis is van besondere kultuurhistoriese waarde. Ander outentiek verplaaste huise is "de dry Mollen" uit 1617 en twee "achterhuizen" uit "de Kuiperstraat" in Antwerpen. Daar is ook huise waarvan gedeeltes wat beskadig of vernietig is, herbou en die voorgewels gerekonstrueer moet word.[75]

Bokrijk is inderdaad een van die merkwaardigste opelugmusea en hierdie laaste toevoeging tot die versameling kan dit in die toekoms een van die belangrikste musea maak. In Bokrijk het die opelugmuseum-gedagte 'n besondere fase in die rypwordingsproses betree. Die feit dat museumkundiges van dié Museum bereid was om op goeie wetenskaplike gronde te eksperimenteer met verskillende moontlikhede, het die Museum ten goede gekom. Die volgende aanhaling uit die pen van dr Jozef Weyns toon in watter belangrike mate daar reeds geslaag is om 'n spieëlbeeld van die volkskultuur te skep: "Het openluchtmuseum schrijft zichtbare, waarneembare geschiedenis met relikten van ons voorgeslacht. De geschiedenis vertelt niet van vorsten en veldslagen, omwentelingen en verdragen. Neen. Van het leven van alledag: van het bouwen en wonen, het koken en eten, het vuurmaken en slapen, het waterputten en dorsen, het vee verzorgen en de oogst opbergen, het bestrijden van het vuur en het afweren van de boze invloeden, het rechtspreken en het bestraffen van de overtredingen, en honderden feiten en feitjes meer."[76] Voeg hierby die argitektoniese ontwikkeling sedert die laat Middeleeue wat in die "Oude Stad" verbeeld word met die ambagte en ander stadsbedrywe van koop en verkoop wat nog gestalte moet kry, en 'n mens raak liries oor die omvang van dié grootse onderneming.

Die skepping van die verskillende afdelings van die Museum waarin die "park-", "dorp-" en "stad-tipe" 'n plek gevind het, het in 'n groot mate daartoe bygedra dat die eenheid van die kultuurgeskiedenis in stad en platteland, op 'n besondere wyse eerbiedig en geïntegreer is. Die beroemde dr Heinrich Ottenjann het by 'n geleentheid na afloop van sy besoek aan Bokrijk teenoor

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

dr Jozef Weyns, die buitengewoon kundige en ywerige vorige Direkteur van dié Museum, opgemerk: "Mit diesem Freilichtmuseum, lieber Herr Kollege, können Sie ruhig herantreten."[77] Met dié uitspraak wil ek my volkome vereenselwig!

iv Die Buitemuseum van die Zuiderzeemuseum te Enkhuizen

Die ontstaan van die Opelugmuseum te Enkhuizen as 'n afdeling van die Zuiderzeemuseum bevestig op 'n besondere wyse die unieke aard van dié museumtipe. Tot dusver het ons nagespeur hoe verskillende musea nie alleen daarin geslaag het om besondere geboue van sloping te red nie maar ook beeldvorming van samelewingspatrone op die platteland, in dorpe en in stede te bewerkstellig. Wat tans in Enkhuizen tot stand kom, betree 'n verdere dimensie. Hier het ons te doen met 'n spesifieke kultuurpatroon wat gedoem is om spoorloos te verdwyn en in die vergetelheid te raak. Dit sou die lot wees van die buitengewoon ryk Zuiderzeekultuur.

Alhoewel die wordingsgeskiedenis wat oor duisende jare strek, deur verskillende navorsers nagespeur en tot in prehistoriese tye ontleed is, vind ons die eerste verwysings in geskrewe bronne uit die Romeinse tyd.[78] In hierdie era staan dit bekend as die "Mare Flevum". Die naam verander egter later om in die Middeleeue "Aelmere" en sedert die veertiende eeu "Sudersee" te wees. Hierdie binnesee in die hart van Nederland was bestem om een van die belangrikste handelseë van die Westerse wêreld te word. Sedert die Middeleeue sou handel= sentra daar bloei en ten gronde gaan. Die West- en Oost-Indische Compagnie wat ook hul setels hier gevestig het, het hul bloeitydperk in die sestiende en sewentiende eeu hier tegemoet gegaan. Florerende sosiale en kulturele lewe ontwikkel rondom verruklike handels- en woonhuise, monumentale kerke en sierlike stadshuise. Hierdie sierade van weleer is tans nog te sien in die verskillende Middeleeuse stede soos Edam, Enkhuizen, Harderwijk, Hoorn, Medemblik en Naarden.

Reeds in 1667 het die plan begin posvat om die Zuiderzee van die Noordzee te skei. Dit was Hendric Stevin wat voorgestel het: "Hoe het gewelt en vergif der Noordzee uytte verenigt Nederlant te verdrijven sy."[79] Veral teen die middel van die vorige eeu het die besef weer eens deurgedring dat die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

afsluiting en drooglegging van die Zuiderzee aansienlike voordele inhou. In hierdie tyd is groot grondgebied, onder andere die Haarlemmermeer (1848 - 1852), van die see herwin.[80] Nie alleen sou nuwe ruimte vir bewoning, landbou, industrie en ontspanning geskep word nie, maar die gevaar van vernietigende oorstromings sou effektief bekamp kon word. Vir hierdie grootse onderneming het verskillende ingenieurs sedert Stevin hul planne bekend gemaak, onder andere J A Beyerinck (1865), Stieljes (1870) en Leemans (1877).[81] Deur die inisiatief van die Zuiderzeevereniging wat in 1886 tot stand kom, word die plan van C Lely bekend. Hierdie plan sou dan ook in hooftrekke deurgevoer word.[82] Vanaf 1892 word die uitvoerbaarheid van die plan ook deur 'n staatskommissie ondersoek[83] maar dit sou nog enkele jare duur voordat daar werklik vordering gemaak is. Eers op 14 Junie 1918 word die afsluiting en drooglegging van die Zuiderzee deur die wet gemagtig.[84] Die besluit is in 'n groot mate deur die oorstromings van 1916[85] en die voedselskaarste na die Eerste Wêreldoorlog beïnvloed.[86]

Reeds lank voor die afsluiting, wat in 1932 'n werklikheid word, is besef dat hierdie onderneming nie slegs aansienlike ekonomiese, maatskaplike en sosiale voordele inhou nie, maar ook besliste negatiewe gevolge vir die kulturele lewe wat deur die eeue langs die Zuiderzee tot stand gekom het. Die eenvoudige rede hiervoor is dat die Zuiderzee opgehou het om see te wees en omskep is in die Ijsselmeer wat voortaan 'n varswatermeer sou wees. Daarmee het die Zuiderzeekultuur sy voedingsbron verloor. Klein visserhawens het geleidelik in "villes mortes" verander, tipiese geharde Nederlandse vissers moes in fabrieke en industrieë 'n heenkome gaan soek, jongmanne is nie meer deur die see bekoor nie, en eeue-oue tradisies en 'n leefwêreld wat gevoed is deur die see, het begin kwyn om uiteindelik in die niet te verdwyn.[87] Dit is begryplik dat die ekologie en die natuur wat so kenmerkend van die gebied was, ingrypend geraak sou word, want "de open inham van de Noordzee, die dagelijks door bewegingen van eb en vloed ververst werd, is een dode binnezee geworden, waarin het vuil zich begint op te hopen".[88] Die ryk seelewe, waaronder die ruim vier en twintig vissoorte soos "de haring, de ansjovis, de bot, de aal en de spiering en garnalen" sou ook nie onaangetas bly nie.[89] En die tegnieke om vis te vang met "schakels" te Huizen, Spakenburg, Elburg, Harderwijk, Durgerdam en Urk, met "wonderkuilen" te Volendam en Urk, met "reepnetten" te Hoorn, Marken, Enkhuizen en langs die Oostwal, met "fnuiken" en "zegens" te Urk, sou ewe ingrypend gewysig word, want die "botschuit", "vletten",

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

"gondels" en "punters" trotseer nie meer die golwe en wind om die vangs in te bring nie. En op land het baie aktiwiteite soos dié van die seilmakers, maste= makers en skeepsmede en verskillende bedrywe soos die "zouterijen", "rokerijen" en "pellerijen" tot stilstand gekom.

Die gevolge van hierdie ontbinding van die samelewing lê voor die hand. Die houtskepe wat nie meer in gebruik was nie en onversorg blootgestel was aan wind en weer het spoedig tot niet gegaan en kon op geen wyse weer vervang word nie. Dieselfde geld die katoennette en ander gebruiksvoorwerpe wat in onbruik geraak het en aan snelle verwering blootgestel is. Die eenvoudige hout- en baksteen= huise wat op die kenmerkende wyse dig teenmekaar gebou was, het weinig nut gehad in die nuwe konteks waarin hul geplaas is. Die armoedige eenkamer-visserwonings was nie in die moderne samelewing tot enige nut nie. Teen 'n versnellende tempo is hulle op groot skaal gesloop. En toe die eertydse bewoners daarvan elders 'n heenkome moes gaan soek, het die lewensvorme wat so ken= merkend van hierdie mense was, ook verdwyn.[90]

'n Goeie voorbeeld hiervan is die pragtige streekkleredrag wat in so 'n ryk verskeidenheid rondom die Zuiderzee gedra is. Hierdie verskeidenheid wat deels toe te skryf is aan die betreklike isolasie waarin die mense gewoon het, het ook 'n lang geskiedenis. Die bruiduitrusting van die dame uit Marken,[91] die "pijp= broek" van die Vollendammer en hoofbedekkings van Urk wat nog aan die begin van dié eeu gedra is, dateer dikwels uit die sestiende en sewentiende eeu. In die nuwe tuistes waarheen die eens trotse draers daarvan verhuis het, sou dit aan bespotting grens om dit daar te dra. "Met de Zuiderzee-visscherij staat of valt de kleederdracht."[92]

So het die afsluiting in 1932 die gebied, sy mense en hul kultuur met sy tallose vorme van bygeloof, sosiale lewe aan boord, in die hawens en in die dorpe ingrypend verander en in menige opsig onherroeplik tot 'n einde gebring. Één dorp wat wel die afsluiting oorleef en die ou bestaanswyse voortgesit het, is die vroeëre eiland Urk. In die nuwe bedeling het dit deel van die Noordoostpolder geword. Die groepsgemeenskap is daardeur egter nie verbreek nie - daarvan getuig 'n kennisgewingbord op die grens van die stad wat nuuskierige besoekers maan om die inwoners op Sondae nie lastig te val nie.[93]

Bykans vyftig jaar gelede toe die inwonders van die Zuiderzee besef dat daar aan

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die noodlot van hulle bestaan niks te verander is nie, het hulle besluit dat hulle "met eenige plechtigheid van verleden en heden afscheid wilde nemen". Die geleentheid word dan geskep met die "Zuiderzee-Visscherij-Tentoonstelling" van 25 Augustus tot 6 September 1930. Hierdie tydelike tentoonstelling is gereël met die besef dat die afsluiting van die Zuiderzee 'n keerpunt in die geskiedenis van die gebied en sy kultuur sou meebring en daarom wou hulle "al het mooie van bedrijf en leven op en om de Zuiderzee verzamelen, om het Nederlandsche volk als in één greep te laten zien, wat het zou gaan verliezen".[94]

Vir die doel van hierdie uitstalling is 'n groot en uitgebreide versameling byeenge= bring. Skilderye, skeepsmodelle, visserskepe en visgerei is tentoongestel terwyl die bewoners van verskillende streke en dorpe rondom die Zuiderzee hul tradi= sionele kleredrag aangehad het vir die geleentheid. Maar die treffendste van die tentoonstelling was ongetwyfeld die vissersdorpie wat opgerig is om 'n beeld te bied van die besondere lewenswyse en omstandighede. Daar is nie slegs rekening gehou met die woontoestande nie maar die verskillende ambagte en bedrywe is ook op realistiese wyse gedemonstreer. Hierdie demonstrasies was saam met die huisinrigting - meubels, gebruiksvoorwerpe, wandbedekkings en huisvlyt - 'n besondere besienswaardigheid. Dit het nie alleen die gasvryheid van die bewoners verbeeld nie maar ook daarin geslaag om die groot verlies van 'n tydvak van 'n pragtige Hollandse kultuurlewe wat afgesluit word, te betreur.

Dit is begryplik dat die verlies van die "oude Zuiderzeecultuur" by bewuste kultuurdraers nie ongemerk verby sou gaan nie. Baie van hulle kon hul nie met die gedagte versoen dat niks hiervan vir die nageslag behou sal word nie.

Een van die persone wat so gevoel het was S J Bouma, Direkteur van die "Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum". Hy spreek reeds in 1942 die mening uit "dat het niet aanging om al deze kleurige, karakteristieke uitingen van leven, werken en wonen langs onze vroegere Zuiderzee te laten afsterven".[95] Die logiese kreet wat gehoor sou word is dus: "Er moet een Zuiderzeemuseum komen." Die gedagte en visie van Bouma was baie ambisieus want hy koester die vergesig dat dit meer as net 'n konvensionele museum moet wees. Hy skryf onder meer: "Het moet een levend dorp worden met werkende mensen, met in- en uitvarende schepen, waar de zaagramen van de molen op en neer gaan, waar de scheepstimmerman de houten flanken van een botter bewerkt, waar de smid op het aambeeld klopt, waar de vissers op de rand van de kade bezig zijn met het tanen van netten en zeilen en waar de rokerij

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

haar pikante geuren vermengt met die van teer en harpuis tot dat ondefiniëerbare parfum, dat iedere vakantieganger in de Zuiderzeeplaatsen tot verrukking heeft gebracht."[96]

Op hierdie stadium, tien jaar na die afsluiting, het die hoop nog geleef dat die Zuiderzeevissery en aanverwante bedrywe in 'n sekere mate, hoe gering ook al, kunsmatig aan die gang gehou sou kon word. Daar was immers nog vissers, skuite en mense om die ambagte en bedrywe te beman. Na 1945 het dit egter duidelik begin word dat dit alles 'n droom was.

'n Meer realistiese benadering tot die probleem was nodig. Dit sou egter eers twintig jaar later gebeur. In die veertigerjare het verskillende kommissies 'n aantal planne oorweeg wat al die probleme rondom die opbou van so 'n groot projek in ag geneem het. Uit hierdie besprekings het minstens voortgevloei dat die Zuiderzeemuseum op 14 Januarie 1948 formeel tot stand gekom het[97] en dat Enkhuizen, die "vermaerde zee- en koopstad" wat sedert 1355 stadsreg besit,[98] as die plek aangewys is waar die Museum moes verrys. Aanvanklik was daar besware teen die gedagte omdat gevrees is dat die see-aansig van die stad ver= steur sou word. Gedurende die vyftigerjare sou verdere vertraging in die uitvoering van die planne intree. In 1956 was daar weer verskil van mening of die plan van Bouma ten uitvoer gebring moes word. Die kommissie het uiteindelik besluit dat die Opelugmuseum nie 'n bewoonde dorp moet wees soos Bouma voorsien het nie, maar 'n museum wat die kultuurpatroon rondom die Zuiderzee van omstreeks 1900 moes weerspieël. Dit sou immers toenemend moeiliker word om gesinne te vind om in moderne tye 'n tradisionele lewenswyse op kunsmatige wyse te handhaaf. Kleredrag en ander voorwerpe wat moeilik tot hul reg sou kom in 'n opelugmuseum, kon in elk geval in die Binnemuseum uitgestal word. Hierdie konvensionele Museum is in "Het Peperhuis" ingerig, wat in 1625 opgerig is en sedert 1682 as pakhuis vir die Vereenigde Oost-Indische Compagnie diens gedoen het.[99]

Die nuwe benadering vind in die sestigerjare algemene byval en lei daartoe dat die histories-stedeboukundige argitek van die Ryksdiens vir monumentesorg, N Heijligenberg, in 1968 die opdrag ontvang om 'n werkplan daar te stel. Hierdie struktuurplan sou as uitgangspunt dien vir die bou van die Museum. Die heer Heijligenberg het homself op die standpunt gestel dat dit slegs sinvol kan wees om die Museum op die basis van historiese strukture van die Zuiderzee- en Waddenzeegebied in te rig.[100] Dit het beteken dat die geboue en ander

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

strukture so gegroepeer sal word soos wat dit in werkikheid in die gebied gevind is. Om die struktuurplan op te stel, moes dus opnuut noukeurige navorsing gedoen word deur die nog bestaande strukture sorgvuldig op te meet en vas te stel watter veranderings in die loop van die jare deur verbouing en uitbreiding op persele aangebring is. Die ondersoek was tog nie so onmoontlik as wat dit wil voorkom nie. Alle veranderings is immers in die vorige eeu volgens wet op die kadastrale planne aangebring. Danksy hierdie wetlike bepaling wat sedert 1 Oktober 1811 gegeld het toe die koninkryk van Holland by die Franse keiserryk ingelyf is, kan woonhuis en ander geboue noukeurig teruggevoer word tot 'n sekere jaartal. Aangesien onderverdelings en die verwisseling van eiendomme ook op die kadaster aangebring is, was dit oor die algemeen moontlik om bykans 'n volledige geskiede= nis van elke afsonderlike huis te rekonstrueer.[101]

Die eerste deel van die plan wat so tot stand gekom het, is die "museumhaventje". Na sorgvuldige navorsing is besluit om die Buurthaven as model te gebruik. Dit is in 1830 te Marken opgerig. Dit was moontlik om met behulp van tekeninge wat die ingenieur van die Waterstaat, J van Asperen, in die dertigerjare van die vorige eeu gemaak het, die hawe te rekonstrueer. In die buurt van die hawe sal ook 'n taanhuis met taanketels opgerig word. 'n Taanhuis wat uit Hoorn afkomstig is en in elk geval gesloop moes word, is vir die doel bekom. Ten noorde van die hawe is 'n dykbebouing ontwerp ooreenkomstig die huidige situasie wat in Kolhorn aangetref word.[102]

Nadat die werkplaas gebou is waar voorrade en materiale geberg word, was die tweede projek wat aangepak is die oprigting van 'n kapel uit Den Oever.[103] Die kapel was reeds baie verwaarloos en het op die punt gestaan om in duie te stort. Dit was dus onvermydelik dat dit gesloop moes word. Vir die Buite= museum was dit 'n groot aanwins. Alhoewel die geskiedenis van die kapel nie baie volledig is nie, dateer die oudste deel daarvan duidelik uit die vyftiende eeu. Op die plek van herkoms is volgens gebruik 'n baie noukeurige opname van die gebou gemaak. Die pleister is van die mure verwyder om verdere bedekte spore van verandering na te speur. In hierdie soektog is onder andere wandskilderye gevind wat ongelukkig nie met die oorplasing bewaar kon word nie. Die kapel is tans pragtig gerekonstrueer en is beskikbaar gestel aan gemeentes om daarin dienste te hou. Dit word ook beoog om kulturele byeenkomste daarin aan te bied om dit opnuut weer in 'n plegtige sfeer te plaas soos wat dit eens was toe dit die geestelike sentrum was van die gemeenskap wat daarin

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

aanbid het.

Die straatjie wat toegang tot die kapel verleen, is ontwerp na die voorbeeld van die Vuldersstraat te Harderwijk. Enkele huise sal ook vandaar oorgeplaas word na die Museum. Aan die noordekant van die kapel sal 'n huis uit Den Oever verrys. Verdere beplanning sluit in dat verskillende huise uit onder andere Staveren, Zwartsluis, Edam en 'n boerderytjie uit Zuiderwoude[104] op die terrein heropgerig gaan word. Die eenvoudige vissershuise sal oorgeplaas word in die vissersdorp terwyl met behulp van foto's uit ongeveer 1900 ook strate en brûe dienooreenkomstig gebou sal word. Natuurlik word die beplanting van die terrein ook so onderneem dat dit aan wetenskaplike eise sal beantwoord.[105] Verder sal, soos die gebruik in ander opelugmusea, die woonkultuur, ambagte en bedrywe soos "sigarenmakerij", kuiperij", "smederij", "skuitenmakerij", "victualiën= handel", "scheepswerf", ensovoorts daar wees. 'n Aantal van die geboue sal ingerig word om as uitstalruimte te dien vir bepaalde versamelings soos klein boere- en visserbote, skildergereedskap en kruideniersinventarisse.[106]

Aangesien die Opelugmuseum te Enkhuizen tans nog in aanbou is, het dit onder andere met één probleem te kampe wat die ouer opelugmusea nie in so 'n besondere mate getref het nie, naamlik die geweldige kostestruktuur van die moderne tyd. Begrotings wat op verskillende tye gemaak is, skets duidelik die probleem. Die begroting van Bouma in 1940 het f700 000 beloop.[107] In 1955 moes dit vergroot word na f3 000 000[108] en in 1971 het dit reeds aangegroei tot f7 000 000.[109] In 1977 het die Direkteur van die Museum verklaar dat ongeveer f24 000 000 benodig word om die ambisieuse projek te voltooi. Hy het daarop gewys dat dit in 1965 die Museum f50 000 gekos het om 'n huisie na die terrein oor te bring. In 1977 kos dit ruim f150 000.[110]

Nieteenstaande hierdie en ander probleme wil dit tog voorkom asof hierdie Museum, wat een van die mees resente ondernemings in die museumgeskiedenis is, tog daarin gaan slaag om iets vir die nageslag te red van die byna onbeskryf= bare kulturele epog van die stryd van 'n volk met die see. Die blote bestaan van hierdie Museum is bewys van die ontsaglike moontlikhede wat dié fenomeen bied. Hier het ons te doen met 'n bewaringspoging van 'n ganse streekskultuur wat in sy geheel besig was om tot niet te gaan. Vanweë die hoë wetenskaplike kwaliteit van die werk wat in Enkhuizen verrig word, sal dit inderdaad moontlik wees om 'n besondere spieëlbeeld van die kultuurgeskiedenis te gee. Ek was in

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die besonder beïndruk met die ondersteuning wat die konvensionele "Binne"-museum in dié poging verleen. Juis hier in Enkhuizen het ek tot die besef gekom dat dit die aspek is wat ek in Arnhem en in Bokrijk as 'n leemte aan-gevoel het. Dit was vir my 'n onteenseglike bewys dat die opelugmuseum die ondersteuning en aanvulling van 'n konvensionele kultuurhistoriese museum nie kan ontbeer nie.

'n Laaste indruk van Enkhuizen wat reeds hier gestel moet word, raak die omvang van 'n opelugmuseum. Uit die aard van die saak verkeer 'n streeksmuseum in 'n baie gunstiger situasie as 'n museum wat gestalte moet gee aan die kultuur-geskiedenis van 'n ganse volk. As 'n mens nou die enkele visserhuise en ander strukture uit die Zuiderzeegebied wat in Arnhem opgerig is, vergelyk met die doelstelling van die Opelugmuseum wat in Enkhuizen verrys, dan moet 'n mens dadelik toegee dat die beeldvorming te Arnhem baie skraler en miskien selfs "oppervlakkig" voorkom. Alhoewel hierdie vergelyking nie billik is nie, bewys dit tog dat die resultate wat bereik sal word wanneer daar in 'n betrokke land 'n aantal streeksmusea opgerig word, wensliker sal wees as wanneer gepoog word om in 'n enkele "nasionale" opelugmuseum die kultuurgeskiedenis van die volk te verbeeld.

Die struktuurplan van Enkhuizen bied 'n opwindende uitdaging. Omdat dit kultuurhistories 'n geslote eenheid vorm en verantwoord is, bied dit nie slegs die ruimte om aan hoë estetiese eise te voldoen nie maar om ook stedeboukundig tot interessante oplossings te kom. En binne hierdie raamwerk is daar voldoende geleentheid om die mense wat eens om hierdie seestrande geleef het en die woeste branders van die Zuiderzee daagliks getrotseer het, te verbeeld in hul leefwêreld wat nie meer bestaan nie, in hul ambagte wat tot die historiese verlede behoort en in hul eenvoudige visserhuisies wat slegs nog as "museumvoorwerpe" te sien is. As die kultuurhistorici en museumkundiges van Enkhuizen hierin gaan slaag, dan het hulle tegelyk 'n waardige monument daargestel wat 'n kleurryke verlede in herinnering roep.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

VERWYSINGS

1 J H Kruizinga: Levende Folklore in Nederland en Vlaanderen, bl 7; Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 6; Jos Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, Deel I, bl vii - ix.

2 Petra Clarijs: De Wooncultuur (Volkskunst der Lage Landen Deel 3 (red Tj W R de Haan), bl 9).

3 Jan de Vries: Wetenschap der Volkskunde, bl 6; K C Peeters: Een Stad in het Museum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten XI, bl 3); Abel Coetzee: Die Afrikaanse Volkskultuur, bl 14.

4 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 17.

5 Jozef Weyns: Het Boerenhuis uit de Voerstreek in het Vlaamse Openluchtmuseum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten XII, bl 35).

6 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 8.

7 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 107 - 109; J Duyvetter: Van Hoofbrekens en Kopzorgen, bl 5 - 7.

8 J Duyvetter: Het Platteland Thuis (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 24, 1961 nr 1, bl 1).

9 J Duyvetter: Van Hoofbrekens en Kopzorgen, bl 8 - 9.

10 A w, bl 10 - 70.

11 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 12; H Hagens: Het Twentse lösse hoes "Olde Bubbelink" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 13 - 20); Jan Jans: Landelijke Bouwkunst in Oost-Nederland, bl 34.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

12 Aangehaal deur Jos Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, Deel I, bl 28.

13 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 67.

14 H Hagens: Het Twentse lösse hoes "Olde Dubbelink" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 17).

15 Jos Schrijnen: Nederlandsche Volkskunde, Deel I, bl 35 en 257.

16 H Hagens: Het Twentse lösse hoes "Olde Dubbelink" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 16).

17 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 64 - 65.

18 A w, bl 18.

19 A w, bl 15 - 17.

20 A w, bl 17 - 19.

21 A w, bl 65 - 67; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 39.

22 Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum: Boerderijen van Nederland, bl 21; Vereniging Vriende van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 13; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 95 - 96.

23 M A van der Wijst: Hoe wij aan ons Dorpsschooltje kwamen (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1, bl 7 - 16); Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 24.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

24 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 39; Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 22; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 15.

25 Sien die beskrywing van William Shaw: The Story of my Mission in South Eastern Africa, bl 40 - 42; B Spoelstra: Ons Volkslewe, bl 66; F Th Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsch Volksover= leveringen, bl 72.

26 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 55; Rijksmuseum voor Volkskunde, Het Nederlands Openluchtmuseum: Boerderijen van Nederland, bl 5.

27 J de Kleyn: Onze Friese Boerderij in Midlum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 24, 1961 nr 2, bl 44 - 47); Anon: De Friese Boerderij uit Midlum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 27, 1964 nr 1, bl 23).

28 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 75 - 85; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 40.

29 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 28 en 98 - 102.

30 M C Blöte-Obbes: De Geurende Kruidhof, bl 5; A J Bernet Kempers: Van Salvia tot Jan Salie (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 27, 1964 nr 1, bl 7 - 13).

31 A w, bl 10.

32 M C Blöte-Obbes: De Geurende Kruidhof, bl 8.

33 A J Bernet Kempers: Het Kruidentuinhuisje (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 25, 1962 nr 2, bl 42 - 64); A J Bernet Kempers: Bitter in de Mond (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 34, 1971 nr 1, bl

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

19 - 31).

34 A J Bernet Kempers: Om onze Mispelboom (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 23, 1960 nr 2, bl 27 - 33).

35 G R Kruissink: Bloei en Verval van Hindeloopen (Uit Het Peperhuis, Tweede Serie nr 4, Mei 1958, bl 59 - 68).

36 Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 19; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 59.

37 A w, bl 34.

38 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 15.

39 A w, bl 33 en 76; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 61 - 63; Vereniging Vrienden van het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 20 - 21.

40 A W Francken: Het Leven onzer Voorouders in de Gouden Eeuw, bl 45 - 52.

41 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 40 - 41; B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 58; Vereniging Vrienden van Het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 16 - 17; Anon: Aan den Heer "opkooper" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 36, 1973 nr 2, bl 31 - 32); S Honig Jz: Een Zaanse "Tuin van Vermaak" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 1, bl 24 - 31); S Honig Jz: Drie Huizen uit Koog aan de Zaan (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1, bl 13 - 16).

42 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 59.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

43 A J Bernet Kempers: Brand in de Zaanse Buurt: een Harde Slag voor het Openluchtmuseum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 32, 1969 nr 2, Byvoegsel); A J Bernet Kempers: Na die Brand (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1, bl 1 - 7); A J Bernet Kempers: De Verloren Gegane Gebouwen uit de Zaanse Buurt (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1, bl 9 - 12).

44 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 41.

45 L Brandts Buys: De Landelijke Bouwkunst in Hollands Noorderkwartier, bl 20 - 23.

46 B Wander (red): Nederlands Openluchtmuseum, bl 53; Vereniging Vrienden van Het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland van Nederland, bl 11; L Brandts Buys: De Landelijke Bouwkunst in Hollands Noorderkwartier, bl 37 - 40; G R Kruissink: Wieringer en Westfriese Zomerstallen (Uit Het Peperhuis, Tweede Serie nr 11/12, Oktober 1961, bl 213 - 223).

47 J M Stikvoort: Onze Standerd is Flink Veranderd (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 39, 1976 nr 1/2, bl 37).

48 C Visser e a: Onze Hollandse Molen, Deel 1, bl 5; K Boonenburg: De Windmolens, bl 9.

49 A Bicker Caarten: De Molen in ons Volksleven, bl 7.

50 K Boonenburg: De Windmolens, bl 7.

51 Nederlands Openluchtmuseum: Waterradmolens van Nederland, bl 15.

52 J M Stikvoort: Onze Standerdkorenmolen uit Huizen/NH (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 2, bl 64 - 65); J M Stikvoort: Dijkma's Laaste Tjasker (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 28, 1965 nr 2, bl 25 - 32); J M Stikvoort: De Paltrok Houtzaagmolen (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 26, 1963 nr 2, bl 37 - 45); Nederlands

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Openluchtmuseum: Waterradmolens van Nederland, bl 14 - 15.

53 Nederlands Openluchtmuseum: Landbouwwerktuigen in het Verleden, bl 3.

54 Nederlands Openluchtmuseum: Voertuigen van het Platteland, bl 2; J M G van der Poel: De Boerenwagens van de Landbouwtentoonstelling van 1913 (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 32, 1969 nr 2, bl 27 - 36).

55 J de Kleyn: Ceramiek in het Openluchtmuseum van Aankledingsmateriaal naar Studieobject (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 1, bl 1 - 15).

56 Sien Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 39, 1976 nr 1/2, bl 55 - 64.

57 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 7.

58 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 29; Jozef Weyns: Beknopte Gids van het Vlaamse Openluchtmuseum in het Limburgse Pronvinciedomein Bokrijk, bl 1.

59 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 55 - 56; Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 15.

60 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 38 - 39.

61 A w, bl 40 - 42.

62 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11.

63 Jozef Weyns: Bokrijk, het Eerste Openluchtmuseum van het Land (d i België) (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 215 - 216); Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 162 -

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

165; Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 16 - 23.

64 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11.

65 Jozef Weyns: Bij Breugel in de Leer voor Honderd-en-een Daaglijkse Dingen (Bokrijkse Berichten IX, bl 1).

66 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 24 - 27; Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 169 - 170.

67 Jozef Weyns: De Uitschoolhoeve uit Oevel, bl 11.

68 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 20.

69 Jozef Weyns: Beknopte Gids van het Vlaamse Openluchtmuseum in het Limburgse Provinciedomein Bokrijk, bl 28.

70 Jozef Weyns: Afspanning "In Sint-Gummarus" uit Lier (Bokrijkse Berichten IV, bl 2).

71 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 16 - 18; M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11; Jozef Weyns: Het Vlaamse Openluchtmuseum na 20 jaar (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 235).

72 F van Winkel: De "Oude Stad" in het Openluchtmuseum te Bokrijk (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 237 - 248); K C Peeters: Een Stad in het Museum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten IX, bl 1 - 8).

73 M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 11 - 12.

74 L de Barsée: Het Eerste Huis in de "Oude Stad" (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 251); L de Barsée: Het huis "De (Witte) Engel" (Vlaanderen, Jaargang 24, 147, Julie - Augustus 1975, bl 199 - 212); M Laenen: Openluchtmuseum en Monumentenzorg, bl 13.

75 A w, bl 16.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

76 Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 19.

77 Jozef Weyns: Het Vlaamse Openluchtmuseum na 20 jaar (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3, bl 235).

78 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 30 en 148; G D van der Heide: Van Landijs tot Polderland, Hoofstuk 1 tot 10; A Schaper: De Zuiderzee als Schakel en Scheiding tussen de Gewesten (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 4, Julie 1953, bl 45).

79 G D van der Heide: Van Landijs tot Polderland, bl 395; Vereeniging "Nederland in den Vreemde": De Afsluiting en Gedeeltelijke Droog= making van de Zuiderzee, bl 14; H S van Wickevoort Crommelin: Nederlands Oorlog tegen de Zee, bl 8.

80 G D van der Heide: Van Landijs tot Polderland, bl 484.

81 A w, bl 484.

82 A Koolhaas: Portret van een Nederlander (De Groene Amsterdammer, 26 Maart 1949); K Jansma: Lely, de Bedwinger der Zuiderzee, bl 29 - 30.

83 A w, bl 71.

84 A w, bl 226.

85 A w, bl 252 - 253.

86 E den Herder: De Steenen spreken: De Zuiderzee kan niet drooggelegd worden, bl 13.

87 S J Bouma: The Zuiderzeemuseum a "Museum Village" to be erected in Enkhuizen Netherlands (Museum, Vol III nr 1, 1950, bl 254).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

88 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 190.

89 A w, bl 177; E den Herder: De Drooglegging der Zuiderzee - Een Ramp voor Nederland, bl 5; Th Fruithof: Enkele gegevens over Leven en Werken te Koehool (Het Peperhuis, Jaargang 1975, bl 44 - 45).

90 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 168 - 190.

91 Anton van Oirschot (red): Kijken naar Klederdrachten, bl 10.

92 E den Herder: Domme Golven, bl 21; Constance Nieuwhof e a: Klederdrachten, een Reis langs de Levende Streekdrachten van Nederland, bl 15.

93 Ph M Bosscher e a: Het Hart van Nederland, bl 218 - 219.

94 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 10 - 14.

95 A w, bl 14 - 16.

96 A w, bl 16.

97 S J Bouma: Hoe Ontstaat de Museumverzameling? 1 (Uit Het Peperhuis, Eerste Jaargang nr 1, September 1952, bl 5).

98 F G Boulonois: Enkhuizen 600 jaar stad (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 9, Junie 1955, bl 148).

99 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 16 - 18; P M Rooker: Thuis in Enkhuizen, bl 17 - 19; Douglas Dixon: Descriptive Guide of the Zuyderzeemuseum at Enkhuizen, bl 1; S Spoelstra: Het Enkhuizer Havenplan, Spiegel der Historie van de

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Zuiderzee (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 9, Junie 1955, bl 139); S J Bouma: The Zuiderzeemuseum a "Museum Village" to be erected in Enkhuizen Netherlands (Museum, Vol III nr 1, 1950, bl 254).

100 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 38 - 44.

101 S J Fockema Andreae: Geschiedenis der Kartografie van Nederland van den Romeinschen tijd tot het midden der 19de eeuw, bl 81.

102 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 46 - 48; Ella Rietsma: Hoe Knusjes Leefde eens de Visser (Kijken, Jaargang 38, 4 Junie 1977).

103 S Spoelstra: Kerkbouw in het Buitenmuseum (Uit Het Peperhuis, Serie 3 nr 7, Junie 1967, bl 181).

104 U E E Vroom: Het Boerderijtje uit Zuiderwoude (Uit Het Peperhuis, Jaargang 1969 nr 3, Oktober 1969, bl 110 - 122).

105 Anon: Verplanten van Bomen in het Buitenmuseum (Het Peperhuis, Jaargang 1976 nr 2, bl 5).

106 U E E Vroom: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording, bl 54 - 84.

107 A w, bl 28.

108 A w, bl 30.

109 A w, bl 84.

110 Ella Rietsma: Hoe Knusjes Leefde eens de Visser (Kijken, Jaargang 38, 4 Junie 1977).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK V

DIE TAAKOMSKRYWING VAN OPELUGMUSEA

i Die formulering van 'n internasionale taakomskrywing

Die verspreiding en vestiging van die opelugmuseum-fenomeen oor bykans die ganse wêreld, het die behoefte aan 'n taakomskrywing van hierdie museumtipe laat ontstaan. Alhoewel verskillende indiwiduele museumkundiges reeds vir hul eie inrigtings doelstellings geformuleer het, het 'n aanvaarbare internasionale taakomskrywing bykans sestig jaar nadat die eerste opelugmuseum geopen is, nog ontbreek. Die vraag het onder andere ontstaan of enige museum in die "opelug" aanspraak kon maak op die benaming "opelugmuseum". As voorbeeld kan die Rijksmuseum Kröller Müller op die Hoge Veluwe in Nederland genoem word.[1] Hier het ons 'n museum wat sy versameling beelde in die "opelug" uitstal. Sou dit dus as 'n "opelugmuseum" beskou kan word?

Die International Council of Museums (Icom) het reeds in 1956 kennis geneem van die behoefte aan 'n taakomskrywing.[2] Op die vierde algemene vergadering wat in Julie 1956 in Genève gehou is, is aan hierdie probleem aandag geskenk. By dié geleentheid is in 'n verklaring onder andere gemeld dat die opelugmuseum as taak het: "To select, dismantle, transport, reconstruct and maintain in an appropriate site, and with their original equipment, authentic architectural groups or elements which are characteristic of the ways of life, the dwellings, the agricultural activities, the crafts, etc. ... of disappearing cultures ..."[3]

Dié bespreking het aanleiding gegee tot die besluit om 'n buitengewone vergadering te reël om die probleme waarmee opelugmusea te doen kry, te bespreek. Hierdie belangrike en historiese vergadering vind plaas van 5 tot 9 Julie 1957 in Kopenhagen, Sorgenfri, Aarhus en Stockholm. Die samesprekings is deur 24 van die wêreld se mees vooraanstaande opelugmuseumkundiges bygewoon. Aangesien die verklaring wat na afloop van die vergadering uitgereik is die eenparige steun van hierdie wetenskaplikes geniet het, kan enkele van die besluite wat daarin vervat is hier kortliks genoem word, terwyl later ook weer na ander daarvan verwys sal word.

Dit is eerstens belangrik om op te merk dat hierdie vergadering 'n prinsipiële

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

voorwaarde stel waaraan onverbiddelik voldoen moet word voordat 'n gebou afgebreek word vir oorplasing na 'n opelugmuseumterrein. Hulle stel: "The preservation of a specimen of popular architecture on the site where it was erected is the most satisfying solution from the historic and artistic points of view and should always be given priority."[4] Eers dan, wanneer elke poging aangewend is om die gebou of struktuur op die plek van oprigting te bewaar en op geen wyse daarin geslaag kon word nie, mag dit gesloop word vir herop= rigting.

Tweedens kan hier ook verwys word na die definisie van 'n opelugmuseum wat redelik uitvoerig aangehaal word: "An open air museum can be defined as follows: a collection of buildings a) open to the public, b) composed as a rule of elements of popular and pre-industrial architecture: the dwellings of farmers, shepherds, fishermen, craftsmen, shopkeepers and labourers, with their outhouses (barns, sheds, etc.), places of business (mills, potteries, etc.), shops, and in general a variety of examples of rural, urban, secular, ecclesiastic, private or public architecture of this kind, c) comprising eventually: • examples of great architecture (manor houses, chapels, historic houses, etc.) which it has not been possible to preserve in situ • architectural examples dating from the industrial era. These various items are displayed with their appropriate furniture and equipment ..."[5] Verder omskrywe die definisie die noodsaak= likheid om opvoedkundige fasiliteite daar te stel asook onder andere 'n opelug= teater waarin volksdanse en ander opvoerings aangebied kan word.

'n Derde besluit wat vermelding verdien handel oor die feit dat 'n opelugmuseum ook replikas of rekonstruksies van geboue in sy versameling mag opneem. Twee voorwaardes word egter gestel:

a) dat dit slegs aangewend word indien oorspronklike eksemplare nie bekom kon word nie,

b) dat die replikas of rekonstruksies volgens die strengste wetenskaplike metodes gebou moet word.[6]

Soos die meeste definisies toon ook hierdie een sekere leemtes. 'n Nederlandse museumkundige het byvoorbeeld opgemerk dat 'n essensiële element nie genoegsaam beklemtoon is nie, naamlik "de passende omgeving voor elk van de gebouwen of voor hele complexen. Het punt waarom een definitie m.i. vooral moet

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

draaien, is de drie-eenheid van gebouw-interieur-omgeving ..."[7] Met hierdie standpunt vereenselwig ek my graag.

Naas die Icom-besprekings wil ek nog twee uitsprake aanhaal wat as riglyne kan dien vir die bespreking van die taakomskrywing van die opelugmuseum-fenomeen. Die eerste uitspraak is dié van die besonder kundige dr Jozef Weyns, die groot "argitek" van Bokrijk. Hy stel die feit dat die opelugmuseum "met wetenschappe= lijke ernst dient opgevat".[8] Met hierdie uitspraak wil hy dit beklemtoon dat 'n opelugmuseum slegs op wetenskaplike gronde uitgelê, beplan en ontwikkel kan word. Niks word aan willekeur, die opspraakwekkende en die algemeen populêre oorgelaat of uitgelewer nie. Wetenskaplike kundigheid, verantwoordelikheid en objektiwiteit moet in elke besluit die deurslag gee.

By hierdie uitspraak van dr Weyns vind die Vereniging van Europese Opelugmuseums in 1972 ook aansluiting as hulle die opelugmuseum soos volg omskryf: "Unter Freilichtmuseen werden hier wissenschaftlich geführte oder unter wissenschaftlicher Aufsicht stehende Sammlungen ganzheitlich dargestellter Siedlungs-, Bau-, Wohn- und Wirtschaftsformen in freiem Gelände verstanden."[9] Die aksent val hier baie duidelik op die feit dat die museumkundige aktiwiteit onder wetenskaplike toesig en leiding moet geskied. Baie inrigtings wat dus op hierdie punt te kort skiet, moet die naam "opelugmuseum" ontbeer.

Die tweede ewe belangrike aanhaling kom uit die pen van prof A J Bernet Kempers: "Een openluchtmuseum is en blijft een museum."[10] Die belangrike konsekwensie van dié uitspraak wat die museum-wees van die opelugmuseum konstateer, is dat die taakomskrywing van dié fenomeen ook uitdruklik rekening sal moet hou met dié van die konvensionele museum.

ii Die bepaling van uitgangspunte by die oprigting van 'n opelugmuseum

Na die voorafgaande oriëntering ten opsigte van sekere kardinale vraagstukke wat die opelugmuseum raak, kan ons nou enkele opmerkings maak oor die vasstelling van 'n uitgangspunt in die bepaling van die beginsel waarvolgens 'n opelugmuseum opgerig moet word.

Oor die eerste stap wat die verantwoordelike liggaam, hetsy 'n vereniging of 'n beheerraad van 'n kultuurhistoriese museum, moet volg, mag daar meningsverskil bestaan. Die logiese eerste stap is egter dat daar 'n noukeurige, goed beplande

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

wetenskaplike ondersoek en navorsing onderneem moet word. Die twee sake wat veral in hierdie ondersoek belig moet word, is om allereers vas te stel wat die omvang van die nog bestaande geboue en ander strukture is wat in 'n opelugmuseum tereg kan kom. Hierdie navorsing behoort dan in die tweede plek aan die lig te bring wat die aard van die museum moet wees en die beginsel waarvolgens dit ingerig moet word. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die opelugmuseum het egter geleer dat hierdie voorbereidende navorsing selde, indien ooit, tot sy reg kom. Die rede hiervoor is gewoonlik eenvoudig dat die besluit om 'n opelugmuseum op te rig, eers in 'n krisissituasie geneem word. Die slopingswoede van die twintigste eeu onder die dekmantel van "vooruitgang", die ontwikkeling van die wetenskap en tegniek, en die vinnige uitbreiding van industrieë verwoes kultuurgoedere op die platteland en in die stad met die geweld en die spoed van 'n orkaan. In so 'n krisissituasie ontbreek die tyd en geleentheid gewoonlik om die nodige navorsing te doen. 'n Goeie voorbeeld van dié situasie is deur "das Rheinische Freilichtmuseum" in Kommern ondervind.[11] Met die oprigting van die museum in 1958 is beplan om vier tot vyf geboue per jaar af te breek, te verskuif en weer op te rig op die museumterrein, dog binne twee en 'n half jaar moes 32 geboue afgebreek word wat anders onder die slopingswoede vernietig sou word.

Onder gunstige omstandighede sal die voorbereidende navorsing duidelik bepaal watter geografiese gebied in die museum betrek moet word. Daar is minstens drie moontlikhede, wat uit die aard van die saak van land tot land sal verskil. Die drie gebiede kan in algemene terme verdeel word in 'n nasionle, provinsiale en plaaslike gebied. Dit behels dan die oprigting van 'n nasionale of sentrale opelugmuseum, of 'n provinsiale of streekopelugmuseum, of 'n plaaslike opelugmuseum. Dit is dadelik duidelik dat die keuse van één moontlikheid totaal sal verskil van 'n ander. Dit geld nie alleen die inhoud daarvan nie maar in die besonder ook die keuse van 'n geskikte terrein. In dié verband moet ook weer rekening gehou word met die aard van die strukture wat moet verrys: dit kan natuurlik òf landelik van aard òf stedelik wees. Die nuutste ontwikkeling soos wat dit onder andere in Bokrijk aangetref word, bied natuurlik nog 'n derde moontlikheid, naamlik dat dit elemente van beide stad en platteland sal omvat.

Daarna moet ook besluit word volgens watter beginsel die opelugmuseum ingerig gaan word.[12] Ook hier kan verskillende moontlikhede oorweeg word aan die hand van die voorbereidende navorsing wat hierdie moontlikhede aan die lig sal bring.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Daar is eerstens die moontlikheid om 'n opelugmuseum op te rig op die plek waar besondere gedenkwaardige geboue aangetref word. Dit beteken dan dat die klem nie in die eerste plek geplaas word op die verskuiwing van geboue nie, maar die bewaring daarvan op die plek van oprigting. Soos reeds aangetoon deur die aanhaling van die Icom-besluit, verskaf hierdie metode die meeste genoegdoening. Behalwe die voor-die-hand-liggende voordele wat dit inhou, skakel dit ook die probleem uit om 'n ietwat kunsmatige sintese te vind tussen gebou-interieur-omgewing. Die moontlikheid bestaan verder ook dat bestaande geboue as kern van 'n opelugmuseum bewaar kan word terwyl daar aanvullende uitbreidings geskied deur addisionele geboue daarheen oor te plaas. Verskillende voorbeelde van opelugmuseums wat reeds op hierdie wyse in die wêreld tot stand gekom het, kan genoem word.[13] Daar is onder andere sulke musea in Finland en ook in Rusland te Kostroma waar kerke en kloosters op die oorspronklike plek van oprigting bewaar is en later aangevul is deur ander geboue daarheen te verskuif.

Die tweede beginsel waarvolgens 'n opelugmuseum ingerig kan word is deur gebruik te maak van replikas. Dié geboue bestaan dan geheel of gedeeltelik uit 'n rekonstruksie wat vasgestel is na aanleiding van wetenskaplike navorsing van die oorspronklike. Dit was 'n gelukkige besluit van die Icom-konferensie om hierdie toegewing vir museumkundiges te maak. Dit kom veral handig te pas in gevalle waar uitgestorwe kulture en prehistoriese konstruksies verbeeld word. Verder is dit ook nuttig waar geboue en hutte van materiaal gebou is wat uit die aard van die saak nie vir 'n tweede keer aangewend kan word of in sy geheel verskuifbaar is nie.

Die derde beginsel waarvolgens 'n opelugmuseum opgerig kan word, blyk die populêrste te wees. Die meeste opelugmusea wat in die afgelope drie of vier dekades opgerig is, is volgens dié beginsel aangepak. Dit behels die verskuiwing van geboue van die oorspronklike plek na 'n nuwe terrein waar dit onder museum= kundige omstandighede heropgerig, beskerm en bewaar kan word. Soos reeds aangedui, het daar 'n duidelike ontwikkeling in opelugmusea plaasgevind wat volgens hierdie beginsel opgerig is. Aanvanklik was dit die park-tipe, wat volgens die prototipe Skansen-Arnhem tot stand gekom het. Daarna volg die neiging om ook dorpseenhede in hul konkrete historiese konstellasie saam te voeg en as 'n eenheid te rekonstrueer. Bokrijk en Enkhuizen het in dié verband as voorbeelde gedien. Dit spreek vanself dat dit gewoonlik nasionale of sentrale

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

opelugmusea is wat volgens hierdie beginsel opgerig word. Dié uitgangspunt bied die geleentheid om eenhede van oor 'n baie wye gebied bymekaar te bring en skep 'n uitmuntende situasie vir navorsing en vergelykingsmoontlikhede.

Die indeling van opelugmusea in hierdie drie kategorieë moet egter nie die indruk wek dat dit 'n waterdigte verdeling is nie. Elemente van die een kom wel seker in die ander voor en dit mag selfs gebeur dat 'n besondere opelug= museum aldrie elemente bevat. Die meeste opelugmusea kan egter gewoonlik onder een van bogenoemde noemers geplaas word.

iii Die uitgangspunte wat reeds in Suid-Afrika beslag gekry het

Hierdie beginsels waarvolgens opelugmusea opgerig word, het reeds in enkele gevalle in Suid-Afrika in die praktyk neerslag gevind. Enkele voorbeelde kan hier bespreek word.

In Kimberley het die museumkundige arbeid reeds verder as die eksperimentele stadium gevorder.[14] Eerstens is daar die Opelugmuseum op die terrein van die De Beers Consolidated Mines. Hier tref ons 'n plaaslike opelugmuseum aan wat in 'n historiese konteks opgerig is. Die keuse van 'n terrein het dus geen probleem gelewer nie. Dit kon heel paslik vlak langs die Groot Gat opgerig word. Die "museumstukke" dek 'n wye verskeidenheid wat beslis nie hinder nie deurdat oorspronklike geboue wat van elders oorgeplaas is langs replikas opgerig is. Verder het die Alexander McGregor-Museum 'n besondere vakkundige prestasie behaal in die restourasie van twee herehuise wat op die oorspronklike plek van oprigting bewaar is. Die eerste is Dunluce in Lodgeweg 10. Die pragtige bouwerk uit die Eduardse tyd wat onder andere die tuiste van John Orr van 1902 tot 1932 was, is pragtig gerestoureer. Die ander huis het aan 'n sekere Rudd behoort. Alhoewel die huis nog in 'n erg verwaarloosde toestand verkeer sal dit uiteindelik 'n pragtige beeld bied van 'n besondere tydperk van die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis. Veral vanweë die feit dat die oorspronklike opslaanhuis wat Rudd bewoon het voordat hy "geluk" gevind het, op dieselfde terrein as die herehuis staan. Dit bied 'n besondere insig in die "draai van die geluk", waarvan soveel in dié tyd gedroom het.

Verdere voorbeelde van projekte in Suid-Afrika waar gedenkwaardighede op die plek van oprigting bewaar en gerestoureer is, is veelvuldig. Die Pioniersopelug= museum in Silverton is 'n pragtige voorbeeld van hoe suksesvol so 'n onderneming

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

kan wees, terwyl die Transvaalse Provinsiale Museumdiens met die Pelgrimsrus-restourasieprojek bewys het dat die omvang en verbeeldingrykheid selfs ruimer kan wees, om selfs 'n hele dorp en uitgebreide reduksiewerke in te sluit. Die voorgenome ontwikkeling van Suikerbosrand, Heidelberg, waar ook 'n ou plaas=opstal is, belowe om net so suksesvol te wees as wat Pelgrimsrus reeds is. Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het ook reeds die ou plaaswoning uit die sestigerjare van die vorige eeu gerestoureer op die familieplaas waar die Willem Prinsloo-opelugLandboumuseum tans in wording is.

Vervolgens kan 'n enkele voorbeeld genoem word van 'n huis wat deur 'n museum afgebreek en weer op 'n museumterrein opgerig is. Dit is die prestasie van die Drostdy-Museum in Swellendam.[15] Dié Museum het 'n administratiewe sentrum benodig maar kon nie 'n nuwe gebou bekostig nie. Zanddrift, 'n plaashuis wat vir die afgelope 25 jaar nie bewoon is nie, het 'n oplossing vir die Museum gebied. Die plaas waarop die huis gestaan het, is vir die eerste keer in 1723 bewoon en die eerste gebou op die plaas is ongeveer in 1757 opgerig. Teen 1768 het die oorspronklike drie kamers uitgegroei tot 'n T-vormige huis met ses kamers. Na 'n deeglike voorafgaande studie van die outydse boumetode is die kleimure op identiese wyse met bekisting weer opgerig. Daarmee het die Museum 'n verbasend goeie eindresultaat bereik. Die sukses wat met die herbouing van Zanddrift behaal is, is 'n goeie aanduiding dat menige ou huis en ander strukture in Suid-Afrika op dié wyse gered kan word.

Die Transvaalse Museumdienste het ook met die oprigting van die Tsonga-kraal ten opsigte van die Bantoekulture in Suid-Afrika 'n besondere voorbeeld gestel. Die hutte wat in dié Kraal opgerig is, is almal replikas. Dit is immers onmoontlik om oorspronklike hutte van een plek na 'n ander te verskuif. Die replikas is egter van hoogstaande wetenskaplike gehalte en het voldoende bewys gelewer dat dieselfde werkswyse in die toekoms gevolg kan word in opelugmusea waar woon- en leefkultuur van die Bantoe verbeeld moet word.

iv Die wenslikheid van 'n "nasionale" opelugmuseum vir Suid-Afrika

Uit bogenoemde kan ons aflei dat vakkundiges in Suid-Afrika reeds bewys het dat die beginsels waarvolgens opelugmusea elders aangelê is, ook hier te lande met vrug aangewend kan word. Daar is egter nog een implikasie van 'n besondere beginsel wat hier bespreek moet word, naamlik die implikasie van die "besluit"

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

om 'n nasionale opelugmuseum vir Suid-Afrika na die voorbeeld van Arnhem op te rig.

Alvorens hierdie saak egter bespreek word, moet eers vir 'n wyle teruggekeer word na die terreine van die drie opelugmusea wat in die vorige hoofstuk bespreek is.

Ten opsigte van Enkhuizen en Bokrijk wil ek baie positief reageer. Eintlik kon Enkhuizen nie veel probleme met hul terrein verwag nie. Dit is immers 'n streekopelugmuseum wat in een van die ou Zuiderzee-stede opgerig is. Ek het persoonlik die beplanting van die terrein meegemaak en kan daarvan getuig dat dit nie veel probleme opgelewer het nie. Die Museum het enkele jare gelede reeds bome in 'n gordel langs die terrein geplant en kon dus die mooiste bome en struike slegs oorplant op die nabygeleë terrein om die nodige effek te bekom. Verder kon die terrein na hartelus ingerig word.

Bokrijk was nog gelukkiger. Die terrein is inderdaad uniek. Ek het reeds verwys na die besondere drieledige indeling van die kultuurlandskap wat op natuurlike wyse op die terrein ingerig kon word. Daarby het die natuurlike plantegroei meegehelp om hierdie drie streke besonder doeltreffend van mekaar te skei.

Wat Arnhem betref, wil ek twee opmerkinge maak. Eerstens oor die geboue en hul interieurs. Hier het ek inderdaad die Nederlander ontmoet met wie ek in die literatuur en kultuurgeskiedenis kennis gemaak het. Die mens wat "in een jong verleden, van vier of hoogstens vijf eeuwen"[16] tot selfstandige eenheid in die Europese volksgemeenskap gegroei het. Waar ek van huis tot huis, van boerdery tot boerdery beweeg het, het ek die Nederlander voor my gesien van wie Huizinga geskryf het toe hy oor die karaktertrekke van dié volk sy bekende sewe woorde opmekaargestapel het om hul begrip van netheid en sindelikheid vas te lê: "Zindelijk, proper, frisch, net, helder, suiver, rein, schoon" - al voeg hy daaraan toe - "meer op huis en kleeren dan op eigen lichaam."[17] In hierdie geboue, in hierdie kamers, in hierdie werksplekke het hierdie mense geleef, ont= span en gewerk. Die aanvoeling leef in jou dat die bewoners en die arbeiders "net even weg waren". Die beeste, skape en hoenders wat rustig om die huis wei en die goedversorgde huistuintjie voor die huis verskerp hierdie gewaarwording.

Die tweede opmerking geld die terrein van die Opelugmuseum. Dit het my nie aangestaan nie. Dit is wel 'n pragtige park, en as sodanig bekoor dit sonder

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

twyfel enige besoeker. Dit is egter nie 'n tipiese Nederlandse kultuurlandskap nie. Daarvan getuig die vreemde gesig van die Twentse en Drentse boerdery onder die pragtige beukebome op 'n golwende landskap. Toe ek iewers op hierdie terrein staan, kon ek nie anders nie as wonder: waar is die mens wat eenmaal só beskrywe is?: "Ein Niederländer ist ein Mensch, der sieht. Woher dies Übergewicht des Auges beim niederländischen Menschen? Ich kann hierauf nur antworten: Ich glaube, es kommt daher, dass er in einem flachen Lande mit weitem Horizont und unter einem immer wechselnden Himmel lebt, aber zugleich auf engem Raum in dem schnell wachsenden Städten."[18]

Iets hiervan het op die terrein van Arnhem verlore gegaan. Na vele gesprekke met die Direkteur dr Jager Gerlings, en van sy vakkundiges wat vir my uitgewys het wat "verlore" moes gaan by die Zaanse buurt en onder andere ook by die vissershuisie en skeepswerf uit Marken, waar hoogstens gepoog kon word om 'n suggestie van egtheid te bewerkstellig, het die probleem my werklik gekonfronteer. Arnhem is 'n nasionale museum waarin dit byna onmoontlik is om die karakteristieke van elke streek en elke landskap by strukture uit die geweste te projekteer. En as dit 'n bykans onmoontlike saak was vir Arnhem om 'n spieëlbeeld te projekteer van die kultuurgeskiedenis van die relatief klein geografiese gebied, Nederland, met 'n homogene bevolking, wat dan van Suid-Afrika?

Terwyl ek my verdiep het in die probleem waarmee Arnhem te doen gehad het, kon ek reeds daar in die vreemde aanvoel dat die probleem in Suid-Afrika honderdvoudig groter sal wees. Ek het gedink aan die Afrikaner wat hom versprei het oor die ontsaglike ruimte wat gestrek het van Kaap Agulhas in die suide tot aan die oewers van die Limpopo in die noorde, en van die monding van die Oranjerivier in die weste tot aan die heuwels van Zoeloeland in die ooste. Suid-Afrika, met sy vinnig wisselende topografiese en klimatologies verskillende omstandighede wat so 'n geweldige rol gespeel het in die karakter- en kultuurvorming van die mense wat hulle in die verskillende streke gevestig het. Elke streek met sy eie boerderystelsel, woninginrigting en lewenswyse op die boereplaas. En hierdie Blanke bevolking wat die ongerepte natuur moes tem en vir hom bewoonbaar maak, berus in sigself ook nie op 'n homogene grondslag nie. Dan is daar ook nog die aanwesigheid van 'n groot aantal inboorlingstamme.

Dit alles het my genoop om te vra: Arnhem se probleem is groot, maar wat van Suid-Afrika? Wat sal in Suid-Afrika "verlore" moet gaan, as die "nasionale"

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

twyfel enige besoeker. Dit is egter nie 'n tipiese Nederlandse kultuurlandskap nie. Daarvan getuig die vreemde gesig van die Twentse en Drentse boerdery onder die pragtige beukebome op 'n golwende landskap. Toe ek iewers op hierdie terrein staan, kon ek nie anders nie as wonder: waar is die mens wat eenmaal só beskrywe is?: "Ein Niederländer ist ein Mensch, der sieht. Woher dies Übergewicht des Auges beim niederländischen Menschen? Ich kann hierauf nur antworten: Ich glaube, es kommt daher, dass er in einem flachen Lande mit weitem Horizont und unter einem immer wechselnden Himmel lebt, aber zugleich auf engem Raum in dem schnell wachsenden Städten."[18]

Iets hiervan het op die terrein van Arnhem verlore gegaan. Na vele gesprekke met die Direkteur dr Jager Gerlings, en van sy vakkundiges wat vir my uitgewys het wat "verlore" moes gaan by die Zaanse buurt en onder andere ook by die vissershuisie en skeepswerf uit Marken, waar hoogstens gepoog kon word om 'n suggestie van egtheid te bewerkstellig, het die probleem my werklik gekonfronteer. Arnhem is 'n nasionale museum waarin dit byna onmoontlik is om die karakteris= tieke van elke streek en elke landskap by strukture uit die geweste te projekteer. En as dit 'n bykans onmoontlike saak was vir Arnhem om 'n spieëlbeeld te projekteer van die kultuurgeskiedenis van die relatief klein geografiese gebied, Nederland, met 'n homogene bevolking, wat dan van Suid-Afrika?

Terwyl ek my verdiep het in die probleem waarmee Arnhem te doen gehad het, kon ek reeds daar in die vreemde aanvoel dat die probleem in Suid-Afrika honderdvoudig groter sal wees. Ek het gedink aan die Afrikaner wat hom versprei het oor die ontsaglike ruimte wat gestrek het van Kaap Agulhas in die suide tot aan die oewers van die Limpopo in die noorde, en van die monding van die Oranjerivier in die weste tot aan die heuwels van Zoeloeland in die ooste. Suid-Afrika, met sy vinnig wisselende topografiese en klimatologies verskillende omstandighede wat so 'n geweldige rol gespeel het in die karakter- en kultuur= vorming van die mense wat hulle in die verskillende streke gevestig het. Elke streek met sy eie boerderystelsel, woninginrigting en lewenswyse op die boereplaas. En hierdie Blanke bevolking wat die ongerepte natuur moes tem en vir hom bewoon= baar maak, berus in sigself ook nie op 'n homogene grondslag nie. Dan is daar ook nog die aanwesigheid van 'n groot aantal inboorlingstamme.

Dit alles het my genoop om te vra: Arnhem se probleem is groot, maar wat van Suid-Afrika? Wat sal in Suid-Afrika "verlore" moet gaan, as die "nasionale"

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

opelugmuseum in die koppies rondom Pretoria op ongeveer sestig hektaar grond opgebou word? Hierdie dringende vraag mag deur niemand negeer word nie!

'n Tweede vraag verskerp die probleem: het kultuurhistorici en museumkundiges bogestelde vraag in diepte bespreek en uitsluitsel daaroor gegee? My bevinding is dat sodanige navorsing nog nie gedoen is nie! Daarmee wil ek nie beweer dat daar nog nie oor die probleem "nagedink" is nie. Daar word egter meer lig op hierdie probleem gewerp indien dit weer eens in historiese perspektief geplaas word.

Daar is reeds aangetoon dat toe die gedagte om 'n opelugmuseum in Suid-Afrika tot stand te bring vir die eerste keer in die openbaar in 1954 bespreek is, dié gedagte beslis 'n opelugmuseum vir Transvaal behels het.[19] Aanvanklik was die bedoeling dus 'n streekmuseum. Die gedagte is egter spoedig verruim tot 'n opelugmuseum vir Suid-Afrika. Dit sou natuurlik nie die eerste en laaste keer wees dat so 'n verruiming van die vergesig intree nie. Trouens, dit vind in presies dieselfde tydperk in België plaas. In Desember 1953 word op 'n ver= gadering van die "Voorlichtingscomité van het Openluchtmuseum" besluit om die aanvanklike opdrag om "een Limburgs Kempisch Dorp" te bou, te verruim om die Opelugmuseum "een nationaal karakter te geven".[20] Gesien vanuit die Belgiese staatsbestel is hierdie "algemeen Vlaams openluchtmuseum" dus tog nie 'n "nasionale" opelugmuseum nie, maar veel eerder 'n streekopelugmuseum wat 'n streekkultuur behels.

Ek moet ook daarop wys dat daar 'n belangrike verskil bestaan tussen die "verruiming" van die vergesig van Bokrijk en dié van Pretoria. In die geval van Bokrijk was die eerste huis op daardie stadium reeds oorgeplaas op die terrein van Bokrijk,[21] terwyl die "gesprek" in Pretoria op daardie tydstip nog "teoreties" van aard was.

Daar is egter 'n meer indringende rede waarom die twee besluite van mekaar verskil. Die besluit van Bokrijk berus op prinsipiële grondslag. Dr Jozef Weyns skryf in dié verband: "De ontvangen opdracht luide toen: een openluchtmuseum uit te denken voor de provincie Limburg. Ik heb reeds toen ingezien dat de gehele Kempen er moest bij betrokken worden: het beste Kempische bouwbestand is niet in Limburg doch in de provincies Antwerpen en Noord-Brabant te vinden."[22] Die besluit van Pretoria berus eerstens op die feit dat Arnhem as besliste uitgangs= punt geneem is en tweedens op 'n bloot praktiese rede. Die eerste kampvegters vir die ideaal van 'n opelugmuseum, asook die amptenare wat namens die Stadsraad

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van Pretoria 'n studie van die onderwerp gemaak het, waarna reeds verwys is, is oorweldig deur die omvang van 'n nasionale opelugmuseum (Arnhem) wat toe reeds 'n geskiedenis van ruim vyftig jaar agter die rug gehad het. Veral die verslae van die Stadsbeplanner[23] en die Stadsklerk[24] het uitdruklik verwys na die omvang en finansiële implikasies, en vervolgens tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n nasionale poging moet wees. Uit die aard van die saak was hierdie twee welmenende here nie bevoeg om hierdie aanbeveling op vakkundige en wetenskaplike gronde te maak nie. Vir hulle het dit bloot gegaan om die praktiese uitvoerbaar= heid van die skema. Sedertdien is die stryd aangeknoop om 'n gepaste terrein te bekom en is bloot van die standpunt uitgegaan dat die Opelugmuseum wel 'n "nasionale" museum sal wees. En as sodanig is dit ook aangekondig by die selfstandigwording van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in 1964.

Ek het reeds gepoog om vanuit die ontwikkelingsgeskiedenis van die opelugmuseum in Suid-Afrika aan te toon watter faktore daartoe bygedra het dat die Opelugmuseum in Pretoria na 25 worsteljare nog nie tot stand gekom het nie. Hier moet ek nóg één faktor vir oorweging byvoeg. Lê die vertraging om 'n "geskikte" terrein te kry vir die "nasionale" Opelugmuseum, nie juis in die feit van die "besluit" dat dit 'n "nasionale" museum móét wees nie? Ek het by 'n geleentheid, in ligter luim, opgemerk dat die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum nie op soek is na 'n geskikte terrein nie - maar na 'n wonderwerk! En dié wonderwerk moet daarin geleë wees dat daar iewers in die omgewing van Pretoria sestig hektaar grond gevind moet word waarop die ganse kultuurgeskiedenis van al die volkere van Suid-Afrika, in sy wye verskeidenheid, in sy wisselende topografiese en klimatologiese omstandigheid, verbeeld kan word. Verder moet terselfdertyd rekening gehou word met die wetenskaplike eis van "de passende omgeving voor elk van de gebouwen of voor hele complexen ... de drie-eenheid van gebouw-interieur-omgeving". Die vraag wat dus hier aan die orde gestel word, is eenvoudig of die beginsel waarvolgens die "nasionale" opelugmuseum in Suid-Afrika aangelê word, nie 'n onvervulbare eis stel nie?

Ek meen dat dit wel die geval is.

My kritiek op die huidige stand van sake impliseer nie dat die betrokke museumkundiges onkundig is oor bogenoemde eise wat aan 'n nasionale opelug= museum vir Suid-Afrika gestel word nie. Trouens, die hieropvolgende aanhaling uit 'n amptelike dokument van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

toon juis besondere insig van die implikasie van die beginsel waarop die "besluit" gebaseer is. My kritiek is egter dat die eis wat gestel word volkome onrealisties is. In alle billikheid twyfel ek of aan die volgende eise voldoen kan word:

" B. Vereistes van 'n terrein vir 'n S.A. Opelugmuseum.[25]

1. Verskeidenheid in Topografie.

Enige nasionale opelugmuseum behoort die kern van die hele land in klein formaat te wees. Dit behoort tiperend te wees van die verskillende geografiese streke. Hoe meer verskeidenheid 'n land in sy voorkoms het, hoe groter moet die topografiese afwisseling van die museumterrein wees. Meer as enige land in Noordwes-Europa waar die opelugmuseum die verste ontwikkel het, het Suid-Afrika 'n veel groter verskeidenheid in topografie, met sy bergland en grasvlaktes, sy boomryke streke en dorre Karoowêreld.

Die grond vir 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum moet in sy aardryks= kundige verskeidenheid iets van hierdie streke hê.

2. Verrassingselement.

Saam met hierdie veelvuldigheid van landskappe moet die onverwagte en die verrassende element teenwoordig wees. Hierdie verskeidenheid moet nie van ver af oopgevlek lê nie (soos aan die suidehang van Fort Klapperkop) maar dit moet versteek wees agter 'n bultjie, 'n bos en koppietjie. Om elke draai moet die nuuskierigheid van die besoeker opnuut geprikkel word, en elke streek moet deur 'n afskorting van die aangrensende afgesonder word.

3. 'n Geskikte terrein is essensieel.

Die aard van die terrein is 50% van die sukses van 'n opelugmuseum en 50% die soort geboue. Die beste boustrukture ter wêreld kan so 'n museum nie red as die terrein ongeskik is nie. Miljoene rande kan 'n opelugmuseum nie aantreklik maak as sy grond eentonig, onvrugbaar, oninteressant en nie verteenwoordigend van sy land is nie. Anders as enige groot gebou, is die sukses van 'n opelugmuseum afhanklik van sy soort standplaas.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

4. Bereikbaarheid.

Die terrein moet maklik bereikbaar wees deur skoolgroepe en besoekers te voet, per motor, bus of trein. By die meeste opelugmuseums in Europa is dit 'n probleem (behalwe by Arnhem, Nederland) omdat redelik groot onbeboude terreine aan die buitewyke van die stede lê en munisipale transport minimaal is (soos by Kopenhagen)."

Verdere kommentaar is myns insiens oorbodig.

Ongelukkig moet hierdie kritiek ewe-eens uitgebrei word tot die stigting van die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum wat ook as 'n nasionale opelugmuseum ingerig word. Aanvanklik sou hierdie Museum as streekopelugmuseum tot stand kom.[26] Hierdie aanvanklike gedagte is egter spoedig verruim omdat die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum 'n groot hoeveelheid landbou-implemente besit het wat die ontwikkeling van die landbou in die hele Suid-Afrika verteenwoordig. Verder is aangevoer dat die Museum waaraan die grond geskenk is, 'n nasionale museum is, en dat dus verwag kon word dat die nuwe stigting ook 'n nasionale museum moet wees.[27]

Hierdie stigting openbaar nie slegs die koddige situasie waarin die museumwese hom in Suid-Afrika bevind nie maar beslis ook 'n onverwagte wending.

In die eerste plek illustreer dit die gebrek aan koördinasie op provinsiale vlak asook die gebrek aan 'n nasionale strategie. Hier het ons die situasie dat 'n nasionale museum wat in Pretoria gevestig is, 37 km daarvandaan in die omgewing van 'n plattelandse dorp 'n nasionale museum oprig. Die vraag ontstaan nou of dit 'n nasionale museum vrystaan om 'n museum op te rig op enige plek binne of buite die provinsie waarin dit gesetel is, ongeag die plaaslike of provinsiale beplanning. Dit is juis in hierdie verband dat ek die aanbeveling van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak, van harte steun, dat Suid-Afrika voorsien moet word van 'n Adviesraad vir Museums om beter koördinasie tussen museums te bewerkstellig.[28]

Tweedens openbaar hierdie instelling 'n onverwagte wending. Ek verwys na 'n vorige geleentheid toe die Stadsraad van Pretoria 'n stuk grond, Doornplaat,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

wat 26 km noord van Pretoria geleë is[29] aan die Raad van Kuratore aangebied het. Hierdie grond kon die Raad nie aanvaar nie omdat dit, begryplik ook, te ver buite die stad is. Daar was natuurlik ook baie ander praktiese probleme in dié verband. En tog het hierdie probleme nie vir die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum gegeld nie. Ek meen dieselfde probleme geld wel vir die Opeluglandboumuseum en dit is steeds ter sake.

In die derde plek wil ek weer eens die mening uitspreek dat dit vir my bykans onmoontlik lyk om op die plaas Kaalfontein, in die distrik van Rayton, 'n "nasionale" opeluglandboumuseum wat 'n spieëlbeeld van die ganse Suid-Afrika se landboubedrywighede moet vertoon, op te rig. Die feit dat die Museum in Pretoria toevallig 'n uitgebreide landbou-implementeversameling besit en dit op die terrein gaan uitstal, verklaar nie dié Museum 'n "nasionale" museum nie. Dit is nie die uitstalling in 'n geslote ruimte wat bepaal of 'n museum 'n "nasionale" opelugmuseum is al dan nie. Dit strek veel verder as dit. Ek is van mening dat hierdie stigting meer geslaagd kan wees as dit soos in die geval van die Breederiviervallei-plaasmuseum as streekmuseum ontwikkel word.

Met hierdie betoog, waarin die wenslikheid van die oprigting van "nasionale" opelugmusea in Suid-Afrika bevraagteken word, word gewis nie beoog om eise wat so 'n nasionale museum stel aan die terrein, af te water nie. Ek wil dit trouens benadruk dat ek die Raad van Kuratore van die Museum steun in die hoë eise wat hulle stel. Ek bevraagteken wel die wenslikheid om in die Suid-Afrikaanse konteks "nasionale" opelugmusea in die omgewing van Pretoria op te rig. 'n Provinsiale opelugmuseum en 'n streek-opeluglandboumuseum bied na my mening ruimer moontlikhede om in die onderneming te slaag. Dit geld beide die wetenskaplike en praktiese mikpunte. Ek pleit vir 'n herwaardering van 'n ideaal wat bykans 25 jaar gelede spontaan ontstaan en gegroei het. Ons beskik na die verloop van baie jare oor 'n beter perspektief van dit waarna gestreef is. Maar boonop verkeer Suid-Afrika in 'n gans ander posisie as enkele jare gelede, en ongelukkig het dit 'n belangrike faktor geword. Die ekonomiese posisie, vanweë die situasie waarin die land hom bevind, is sodanig dat groot en omvangryke projekte noodwendig herwaardeer moet word. En in hierdie herwaardering lê tegelyk die moontlikheid opgesluit dat iets van hierdie droom werklikheid sal word.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Tans is die gesprek rondom hierdie saak wel in die Nasionale Kultuur-historiese en Opelugmuseum aan die gang, alhoewel die klem op 'n ander aspek daarvan geplaas word. Na afloop van sy studiereis deur Europa het mnr B Cronje, Onderdirekteur van dié Museum, die mening uitgespreek dat die Opelugmuseum op veel "kleiner skaal" gebou moet word omdat hy in Europa gesien het hoe onmoontlik dit is, met 'n tekort aan personeel en fondse, om baie boustrukture in stand te hou.[30] Ek stem hiermee volmondig saam, maar ek moet tog daarop wys dat die uitgangspunt nie korrek is nie. Wesenlik gaan dit nie om "'n kleiner of groter skaal" - dus om dertig of vyftig plaas-huise wat opgerig word nie. Die probleem lê by die vertrekpunt: moet dit 'n "nasionale" of 'n "provinsiale" opelugmuseum wees wat opgerig word. Hierdie vertrekpunt bepaal die "skaal" waarvolgens die Museum opgerig sal word. 'n Volledige en goed verteenwoordigende provinsiale museum is tog verkiesliker as 'n onvolledige en swak verteenwoordigende nasionale museum.

v Die taak van 'n museum binne 'n gemeenskap

Nadat hierdie uitgangspunt en beginsel waarvolgens opelugmusea opgerig word, bepaal is, kan vervolgens aandag geskenk word aan die meer formele taak-vervulling van die fenomeen. Die taakomskrywing van die konvensionele museum kan moontlik die beste geformuleer word deur te let op die diens wat dit verrig.

In die eerste plek versamel die museum voorwerpe wat van historiese, artistieke en wetenskaplike belang is.[31] Hierdie aktiwiteit hou egter ook in dat die versamelde voorwerpe nie aan hulle eie lot oorgelaat word nie. Dit moet op die beste wyse, met gebruikmaking van beproefde wetenskaplike metodes, deur verantwoordelike vakkundiges gerestoureer en bewaar word.

Tweedens moet die versamelde voorwerpe bestudeer word.[32] Dit behels die opbouing van 'n volledige dokumentasie van elke voorwerp wat noukeurig geïnventariseer is. Elke moontlike stukkie inligting ten opsigte van plek van ontstaan, vorige eienaars, skenkers, ensovoorts moet aangeteken word.

Eers wanneer die navorsing noukeurig afgehandel is, kan die derde funksie verrig word, naamlik om dit wat versamel is vir opvoedkundige doeleindes aan te wend.[33] Hierdie opvoedkundige funksie van die museum word op

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

verskillende vlakke voltrek. Die voorwerpe word toeganklik gestel deur middel van uitstallings, leendienste, publikasies, radio en televisie. En die mense wat baat vind by hierdie opvoedkundige dienste verteenwoordig die hele spektrum van die samelewing. Kinders binne en buite skoolverband, volwassenes, toeriste, jeugklubs, verenigings, bejaardes, huisvroue, gestremdes en so meer kom in die gesigsveld van die museum wanneer hy sy opvoedkundige funksie verrig.

Hierdie algemene taakomskrywing kan nou op die opelugmuseum van toepassing gemaak word.

vi Die versamelings- en bewaringsfunksie van 'n opelugmuseum

"Een openluchtmuseum is en blijft een museum." Die waarheid van hierdie reeds aangehaalde sitaat word duidelik onderstreep wanneer die eerste taak van die opelugmuseum beskryf word. Soos elke ander museum het dit 'n versameling, en is die museum nog voortdurend besig om te versamel. Die besondere karakter van hierdie versameling lê egter in die buitengewone "voorwerpe" wat dit versamel - geboue, woonhuise, skure, veekrale, meulens en die bybehore wat by elke struktuur te pas kom. Alhoewel die opelugmuseum in medewerking met ander bewaringsliggame daarop ingestel is om alles in sy vermoë te doen om hierdie strukture op die oorspronklike plek van oprigting te bewaar, leer die ondervinding dat die stryd in die reël verloor word. Baie selde word daarin geslaag om 'n bedreigde gebou op die oorspronklike plek van oprigting te red.

Die opelugmuseum bied hier dan die laaste redding. Daarin skuil natuurlik ook 'n gevaar. Alle ou geboue kan nie eenvoudig na 'n opelugmuseumterrein oorgeplaas word nie. Alhoewel die opelugmuseum dus 'n uitdruklike bewarings= funksie vervul, moet dit tog ook oordeelkundig en met insig geboue versamel. Soos enige ander museum moet die opelugmuseum dus ook 'n duidelik omskrewe versamelingsbeleid hê waarvolgens geboue wat aangebied word, gekeur kan word. Soos reeds aangetoon bestaan die moontlikheid verder dat replikas van geboue wat nie meer bekom kan word nie, opgerig word volgens die voorwaardes wat daaromtrent bestaan.

Net so belangrik as die regte keuse van geboue is die keuse van die plek waar hierdie geboue bewaar moet word. Daar is reeds gewys op die streng

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

eise wat vir so 'n terrein gestel word. Die plasing van die strukture is ewe belangrik. Daar kan natuurlik verskillende uitgangspunte in die verband bestaan. Byvoorbeeld die voorkeur vir 'n chronologiese volgorde waarby selfs temas aangewend kan word om 'n sekere ontwikkelingslyn aan te toon. 'n Ander moontlikheid is om geografies te werk te gaan en die mees tipiese strukture van verskillende streke naas mekaar uit te beeld. In dié geval moet op 'n behendige wyse gebruik gemaak word van die natuurlike moontlikhede wat die terrein bied, en moet inheemse struike en bome aangeplant word om die nodige atmosfeer te skep én die een streek van die ander af te sonder.

Die beplanning van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum op die terrein te Renosterkop digby Pretoria het laasgenoemde voorbeeld van ontwikke= ling gekies.[34] Hierdie terrein is waarskynlik een van die beste terreine waarop tot dusver beplan is en leen hom uitstekend vir die kombinasie van 'n opelugmuseum met 'n natuurpark. Wat hierdie aspek betref, vergelyk dit baie goed met die situasie van Arnhem en Bokrijk. Die aanvanklike beplanning lyk baie interessant en uitdagend. Voordat een en ander uit hierdie beplanning bespreek word, kan melding gemaak word van verskillende fasiliteite wat naas die opelugmuseum beplan word. Dit sluit onder andere 'n feesterrein in met 'n klein amfiteater waar volksfeeste aangebied kan word. Verder is daar ook 'n mooi natuurlike ruimte onder 'n oorhangende krans waar 'n swempoel en waterval aangebring kan word. Verder word daar ruimte vir 'n wildtuin, voëlpark en visvywers voorsien. Hierdie deel van die beplanning is uiters noodsaaklik omdat die ontspanningselement van die hele onderneming nie geminag word nie.

Wat die formele indeling van die verteenwoordigende kultuurlandskappe betref, is vir die volgende streke voorsiening gemaak:

Die eerste kultuurlandskap is die Boland, waar die atmosfeer geskep moet word van vrugteboerdery in 'n vrugbare omgewing met sy kenmerkende winter= reën en natuurlik die berge en welige bome. Die kenmerkende strukture wat hier moet verrys is die argitektoniese juwele uit die Suid-Afrikaanse kultuur= geskiedenis: die gewelgeboue in die beste tradisie van Boschendal, La Rhone en Weltevreden. Die witgekalkte mure van klip, 60 tot 90 cm dik bedek met 'n pleisterlaag van klei, die dakbedekking van riet en golwende gewels van die Kaaps-Hollandse boustyl[35] kan uit die aard van die saak nie in 'n nasionale

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

opelugmuseum ontbreek nie.

Vervolgens is ruimte ingerig vir 'n duinelandskap waar 'n groot verskeidenheid gehuggies opgerig kan word, onder andere die kapstylhuisies.[36] Baie van hierdie skilderagtige huisies waarin vissergemeenskappe gewoon het, bestaan nog. Die kapstylhuise getuig nog van die onbestendige lewe in die afgesonderde binneland. Die woning van die veeboer wat die binneland in trek op soek na weiveld vir sy vee. Maar hierdie huisies met hul grasdakke wat tot op die grond reik, getuig ook van 'n eeue-oue Europese erfenis aangesien hierdie eenvoudige wonings ook oor 'n wye gebied van Wes-Europa gevind word.

Die derde gebied behels die Overberg-koringland. 'n Landskap met heuwels en min bome. Die geboue wat hier opgerig word, sal onder andere 'n spierwit afgekalkte platdakhuisie met sy strakke eenvoud, simmetrie en baie eenvoudige kroonlys bevat.[37]

Wanneer die volksargitektuur van 'n land herskep word, dan is een gebied nie belangriker as die ander nie. Daarom kan die dorre, boomlose Karoo ook nie uitgelaat word nie. Die strukture van hierdie gebied vertel sy eie boeiende verhaal van hoe mense wat blootgestel was aan uiterste klimaattoestande vir hulle 'n woning moes aanlê met die beskikbare boumateriale in hul omgewing. As daar nie hout was nie, moes hulle eenvoudig daarsonder klaarkom. Daarom kan daar vir hierdie besondere landskap van ons land die eenvoudige, reghoekige huis bedek met 'n plat brakdak opgerig word.[38]

Die Oos-Kaap en Natal wat in die vyfde landstreek uitgebeeld word, skep 'n goeie geleentheid om die invloed van die Britse Setlaars op die karakter van die argitektuur in Suid-Afrika uit te beeld.[39] Dié invloed was natuurlik nie slegs tot hierdie streek beperk nie. Die Britte was die stedebouers in Suid-Afrika en daarom kan verwag word dat die meeste geboue in veral die groter stede merkbaar dié karakter dra. Die 1820-Setlaars het hulle egter in die oostelike deel van die Kolonie gevestig en daarom kan verwag word dat die Britse argitektoniese gebruike hier besondere inslag gevind het. Eintlik kan beweer word dat die Britse vakmanne wat hul huisies van strooiklei of klip gebou het en oral dorpshuise laat verrys het, spoedig die plattelandse Brittanje in Suid-Afrika herskep het. Die huise lewer egter ook getuienis

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van die moeilike dae wat hierdie mense in hul nuwe vaderland beleef het. In hul stryd om oorlewing moes hulle eenvoudig hul huise so aanpas dat dit vir hulle veilige skuiling gebied het teen die roof- en strooptogte wat teen hulle gevoer is. Daarvan getuig die twee fortagtige torings aan weerskante van die enkelverdiepinghuis met sy versterkte luike en toegeboude agterplaas. Ander huise is weer met 'n hoë klipmuur omring om beskerming te bied teen die gevaar.

Die kenmerkende sandsteengeboue van die Oos-Vrystaat[40] word op die volgende kultuurlandskap opgerig. Alhoewel hierdie huise byna almal vernietig is tydens die Tweede Vryheidsoorlog, sal dit tog moontlik wees om enkele strukture uit die geweste in die Museum te herbou. Dié gebied het weens sy afgeslotenheid besonder min argitektoniese beïnvloeding van buite ondergaan en bied juis daarom 'n besondere insig in die volksargitektuur op Suid-Afrikaanse bodem. Dié besondere boerewoning met sy buitegeboue uit die omstreke behoort aantreklik te vertoon in die opelugmuseum.

Die sewende landstreek word ingerig vir die sentrale Boererepublieke. Dit mag wel spoedig blyk dat hierdie streek die grootste probleme kan oplewer weens die groot verskeidenheid en moontlikhede wat dit bied. Eerstens is daar weer eens die wye verskeidenheid boerehuise met hul driehoekdak en platdak, die buite-oond en buitegeboue en krale. Daarvan getuig die pragtige verskeidenheid wat in die verdienstelike werk van Pierneef weerspieël word.[41] Maar daar is veel meer as hierdie boereplase met hul kenmerkende plaaswerf waarop eens 'n selfversorgende ekonomie geskep is. Duisende fortuinsoekers het na die goudvelde gestroom om hier 'n bestaan te soek. Maar meer nog, in hierdie streek het die Republikeinse Afrikaner hom gevestig om in die kort tydsbestek wat hom gegun was, sy Republieke te bou en die administrasie daarvan te beplan. Verder sal daar rekenskap gegee moet word van die plattelandse dorp met sy winkels en sy kerkplein waarop saamgetrek is om Nagmaal te vier. Hoe hierdie verskillende elemente sinvol gehanteer gaan word, is nog nie duidelik nie. Daarvoor is volhardende navorsing nog nodig. Uit die aard van die saak verskil hierdie uitleg van die "Ou Stad" wat oorsee aangetref word, en sal die uniekheid daarvan ook in die herskepping weerspieël moet word.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

In die droë, plat en uitgestrekte landelike omgewing van die westelike dele, Namakwaland tot in die Wes-Transvaal, waar so dikwels met 'n sukkelbestaan kennis gemaak word, verrys ook enkele kenmerkende strukture. Eerstens kan hier voorbeelde van die korbeelhuise opgerig word. Navorsers het reeds op die uniekheid van die byekorf- of korbeelhutte gewys wat in die barre omgewing van Carnarvon en Williston gevind word.[42] Enkele teorieë het al in verband met die bestaan van hierdie huise ontstaan, aangesien soortgelyke huise in Italië, Frankryk, Spanje, Ierland, Skandinawië en selfs Afghanistan en Groenland voorkom. In Suid-Afrika is dit in 'n boomlose wêreld opgerig waar timmerhout dus uiters skaars was. Die pioniers moes die enigste materiaal tot hul beskikking gebruik, naamlik klip. Daar bou hulle dan ronde en soms ook reghoekige mure wat dikwels tot 76 sentimeter dik is. Dit loop regop tot 'n hoogte van twee meter en dan word die klippe ietwat na binne getrek, totdat hulle bo byna teen mekaar leun. 'n Groot plat klip bedek die opening. Uitstekende klippe dien as trapplek om onderhoud van die struktuur te vergemaklik. Hierdie besonder merkwaardige bouskatte is nog te sien onder andere in die omgewing van Grootfontein, Arbeidersfontein, Gorras, Stuurmansfontein en Schuinshoogte.

In Namakwaland staan die matjieshuise[43] wat as algemene woning gedien het vir die veeboer wat moes aanpas by die nomadiese lewenswyse. Dié huise was baie lig, en kon maklik en gou afgebreek en weer opgerig word. Dit was ook goedkoop omdat al die materiaal wat benodig is gewoonlik op die plaas gevind kon word. Die Namakwalanders het soms hierdie huisies opgerig al het hulle ook 'n klip- of baksteenwoning gehad. By hierdie matjieshuis hoort ook 'n kookskerm[44] wat sy ontstaan ewe-eens op die lang trekpad gehad het. Binne die matjieshuis kon natuurlik nie vuur gemaak word nie en daarom is 'n kookskerm opgerig wat moes dien as 'n soort oopkombuis. Die kookskerms is gewoonlik van vaalbos opgebou. Dié bos het ook ander beskrywende name: plat-, kombers- en kraalbos. Dit vertoon vaal, groei plat of laag bo die grond en 'n plaat van hierdie bossies bymekaar lyk soos 'n oopgespreide kombers. Dit is ook gebruik om as kraalmure te dien. In die kookskerms word vet uitgebraai, seep gekook en koffiepitte gebrand.

In 'n nasionale opelugmuseum in Suid-Afrika moet daar natuurlik ook 'n plek ingeruim word vir die oprigting van die hartbeeshuisie[45] wat oor 'n wye gebied in Suid-Afrika gebou is. Hierdie huisie is deur talle reisigers beskryf en

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

geteken, onder andere deur Backhouse. Alhoewel geen voorbeelde van die hartbeeshuisies behoue gebly het nie, sal dit die moeite loon om replikas daarvan te skep. Hierdie woning met sy karige meublement en gebruiks= voorwerpe is 'n belangrike skakel met die pioniersjare van die rondtrekkende veeboer. Die ingeligte besoeker sal by die aanskoue van hierdie nederige woning onwillekeurig dink aan soortgelyke wonings wat in Europese opelug= musea herbou is. Dit moet egter in gedagte gehou word dat alle besoekers nie die voorreg gehad het om hierdie huisies in Europese opelugmusea te besigtig nie. Maar dit hou juis 'n opwindende nuwe moontlikheid in. Waarom kan daar nie in 'n nasionale opelugmuseum enkele boukonstruksies uit die stamlande opgerig word nie? Hierdie moontlikheid het ek genoem aan die Direkteur van die Nederlandse Opelugmuseum in Arnhem, drs Jager Gerlings, en hy het aangedui dat daar beslis aandag aan geskenk moet word. In die praktyk gebeur dit vandag dwarsdeur die wêreld dat musea kennis en voorwerpe uitruil en dit kan beslis ook in dié geval gebeur.

Die navorsing wat reeds deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Namakwaland gedoen is, het nie alleen uitgebreide boustyle aan die lig gebring wat besonder effektief in die Museum opgerig kan word nie, maar het ook onderstreep dat baie bedrywighede op die boereplaas in die Museum 'n groot aanwins kan wees.[46] Daar is byvoorbeeld nog die dorsvloer en kafhuis, die perdemeul, bakoond, broodbak en die tegnieke om seep te kook, rieme te brei en swepe te vleg. Dit alles kan treffende besienswaardighede in die Opelugmuseum wees.

Dan is daar 'n negende landskap wat beslis nie afgeskeep mag word nie. Dit is die bosveldplaas met sy stoephuise waar die Afrikaner 'n lewensbestaan gevind het uit jag en beesboerdery. Weer eens is dit die boereplaas, veekrale en ander buitegeboue wat opgerig moet word en beslis ook 'n besondere karakter aan 'n opelugmuseum sal verleen.

Dit spreek vanself dat bogenoemde negeledige indeling van kultuurlandskappe oneindige moontlikhede bied om 'n pragtige spieëlbeeld van die Blanke se kultuurgeskiedenis te projekteer. Die verskillende landelike strukture en pionierswonings bied ruim geleentheid om die Afrikanermens en sy Engelstalige buurman te verbeeld in hul worsteling om 'n woonoord aan te lê. Hierdie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

epiese stryd kan hier sigbaar word, waar geworstel is met die harde, taai bodem, ongenaakbare klimaat en natuur, en wilde barbaarse mense. Hier in die pioniersomstandighede kan die ontmoeting herskep word, die ontmoeting van sterk mense en 'n taai aarde waaruit die Afrikanervolk gebore is, 'n nuwe geslag van ineengesmelte mense wat verkies het om nie meer Nederlander, Fransman of Duitser te wees nie. Die sigbaarmaking van die geboorte van 'n nuwe volk met sy eie taal wat in hierdie omstandighede ontstaan het, soos sy eie gewoontes en gebruike, voor- en afkeure, sy eie besondere lewens- en wêreldbeskouing ook hier gevorm en geslyp is.

Die huidige en die nageslag moet die geleentheid gegun word om onder andere met hierdie pioniers in ontmoeting te tree soos die vreemdelinge wat reise die binneland in onderneem het om van aangesig tot aangesig voor hulle te staan, hul geboue, plase, woonwyse en gebruike te besigtig om dan uitsprake oor en van hulle te laat hoor. Soos Ernst von Weber, die Duitse reisiger wat in 1875 die Vrystaatse Afrikaners ontmoet het en kon skryf: "In ihrer Lebenweise und ihren schlichten patriarchalischen Sitten sind sie vollständig ihren ehrwürdi= gen Vorvätern gleich geblieben, sodass man bei einem Besuch ihrer ärmlichen Farmhäuschen das Gefühl hat, als sei man um ein paar Jahrhunderte in der Zeit zurückversetzt. Auf den grossen runden Tische im Hauptwohnzimmer liegt unabänderlich die dicke alte Familienbibel woraus jeden Abend ... vom Hausvater einige Kapitel vorgelesen werden."[47] Of om soos die opmerksame waarnemer Jacobus Stuart van hulle geskryf het nadat hy hulle op die plaas en werf ontmoet het: "Zij hebben veel gezond verstand, een helder oordeel, vlug begrip, en zijn kunstig in handwerken. Bijna zonder uitzondering zijn zij te gelijk, behalve uitmuntende scherpschutters te paard, veefokkers, landbouwers, metselaars, steenbakkers, timmerlieden, rietdekkers, schrijnwerkers, smeden, wagenmakers, leerlooijers en skoenmakers, en de vrouwen kleeder= maaksters."[48] Eers wanneer jy 'n man só in sy arbeid ontmoet het, was dit 'n sinvolle ontmoeting. En dit is die diepste sin en betekenis van die taak van die opelugmuseum wanneer hy versamel en bewaar - nie dat die ou-goed nie verlore moet gaan nie, maar dat daar ontmoeting kan plaasvind met die skeppers van dit wat "ou-goed" geword het. Dit is 'n magtige uitdaging!

In die voorafgaande oorsig van die bewarings- en versamelingsfunksie van die opelugmuseum is aan drie belangrike elemente nie aandag gegee nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Pionierskerk en -skoolgebou soos dit in Lydenburg bewaar gebly het.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Eerstens moet, op een of ander wyse, geleentheid geskep word om die trekker-pionier met sy wa en osse ook te verbeeld. Die lewe in en om die ossewa vorm een van die belangrikste momente in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, en moet daarom ook herskep word.

Tweedens is daar die Afrikaner se innige verbondenheid met sy kerk en godsdiens, waarsonder die Afrikaner ook 'n karikatuur is van dit wat eenmaal werklik bestaan het. Veral die rol van die predikant in die volkslewe van die Afrikaner moet verbeeld word.

En derdens moet ook die geweldige rol van die skool in die volkslewe nie agterweë gelaat word nie. Dit behels ook verskillende fases, die rondtrekkende onderwyser, onderrig aan moedersknie, die beskeie plaasskooltjie en die vooruitgang in die Noordelike Republieke op die gebied van die onderwys. Noukeurige navorsing sal 'n metode vind om ook hierdie belangrike faset te belig.

As dit 'n nasionale opelugmuseum moet wees, moet ook nog 'n tiende vlak geskep word, wat ewe-eens 'n onmeetlike sukses kan wees. Dit is die herskepping van die kulture van die Nie-Blanke volke van Suid-Afrika. Die hoofgroepe wat voorgestel moet word, behels onder andere: Pondo-Xhosa, Zoeloe, Sotho, Sjangaan-Tsonga, Venda, Tswana en die Boesman. Daar is natuurlik die uiters belangrike kontemporêre aspekte, soos die ontwikkeling van die tuislande asook die wisselende vorme en akkulturasie wat tans 'n diepgaande studie verg. Die tuisnywerhede van die verskillende volke sal natuurlik ook 'n baie belangrike onderafdeling uitmaak.

Die voorafgaande behoort 'n duidelike beeld te bied van die omvang van die taak van 'n nasionale opelugmuseum in Suid-Afrika om te versamel en te bewaar. Dit is nie 'n taak wat in enkele jare of selfs in enkele dekades sinvol afgehandel kan word nie. Maar juis omdat dié taak van so 'n geweldige omvang is, word dit des te meer betreur dat vyf en twintig waardevolle jare verloop het sonder dat iets daarvan tot stand gekom het.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

vii Die navorsingsfunksie van 'n opelugmuseum

Ek het reeds daarop gewys dat die eerste logiese taak wat aangepak moet word by die totstandkoming van 'n opelugmuseum, navorsing is. Dit sal tegelyk bepaal wat die omvang van die bewaringsaksie is en wat die aard van die bewaring moet wees. In 'n sekere sin sluit hierdie navorsing nooit af nie. Dit geld vir die opelugmuseum in 'n baie groter mate as vir enige ander museum. Waar 'n ander tipe museum 'n voorwerp kan ontvang en die navorsing ten opsigte daarvan uitstel om dit "later" te doen, kan dit nie deur 'n opelugmuseum gedoen word nie. Navorsing bly die primêre vereiste om te verseker dat die opelugmuseum geslaagd en wetenskaplik verantwoordbaar is.

Elke gebou en elke struktuur is 'n kultuurhistoriese dokument en dit moet as sodanig behandel word. Dit vereis tegniese kennis en insig om te kan bepaal of 'n betrokke woonhuis, skuur of kraal na argitektoniese vorm en boutegniek tipies is van die streek of tydperk waarin dit gebou is. Verder vereis dit vakmanskap om te kan bepaal van watter foutiewe verbeterings wat met die verloop van jare aangebring is, die struktuur gesuiwer moet word om die hoogste mate van historiese en argitektoniese juistheid te bereik.

Dit is dus noodsaaklik dat dié navorsing 'n aanvang moet neem voordat die gebou afgebreek word. Nou is dit tog insiggewend om die werkswyse wat sommige Europese opelugmusea in dié verband volg, na te gaan. Vir elke gebou wat in aanmerking kom om na die opelugmuseumterrein oorgeplaas te word, word 'n dokumentasielêer geopen waarin die navorsing stap vir stap aangeteken word.[49] Ons hoef hier slegs te verwys na één voorbeeld uit die museumargief van Enkhuizen om 'n oorsigtelike beeld van hierdie aktiwiteit te kry.

Die "Pand Koehool" is 'n visserswoning afkomstig van Sédijk 5, Koehool, dorp Oosterbierum, gemeente Barradeel.[50] Toe die besluit geneem is om die dyk te verhoog waarop die huisie gestaan het, is die familie wat die huis toe bewoon het, aangesê om dit te ontruim. Dit geskied in 1971. Die Zuiderzeemuseum word in kennis gestel dat die huis afgebreek gaan word. Die museumkundige toon belangstelling in die huis en die navorsing begin. Die eerste stap is om die kadastrale gegewens na te vors. Die meeste historiese gegewens

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

word uit dié oord ontvang. Die kadastrale lêer wat op 12 Julie 1832 saamgestel is, toon dat die perseel aangedui word as weiland. Die grootte daarvan word genoem. Verder blyk dit dat die eerste gebou in 1873 opgerig is. Die dokumente toon nie alleen wie die eienaars van die gebou deur die jare was nie, maar dui ook die planne van die woning aan op 'n skaal 1:1000 en 1:2500. Enige wysigings wat aan die woning aangebring was, moes ook volgens wetlike voorskrif aangemeld word en daarom toon die dokumentasie ook sodanige verbeterings aan die gebou.[51]

Met hierdie gegewens ter hand is die museumkundiges nou in die posisie om mondelinge getuienis in te win by almal wat opgespoor kan word wat iets van die gebou kan meedeel. Die aandag word ook in die besonder gerig op familie en kinders wat die huis bewoon het. Dit is merkwaardig om van die museumpersoneel te verneem wat hulle ondervinding in dié verband is. In sommige gevalle kan kinders en ander familiebetrekkinge nie uitgepraat raak oor die jare waarin hulle die huis bewoon het nie. Die kleinste detail word onthou en oor gepraat. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Mense weier soms om 'n woord oor daardie jare te rep. Dan vermoed die amptenaar dadelik dat een of ander tragedie hom daar afgespeel het. Hulle verkies eerder dat die verlede saam met die huisie moet vergaan. Dit bevestig juis die waarde van so 'n "kultuurhistoriese dokument". Dit is meer as 'n struktuur van hout of klip of yster. Mense het daar gewoon, dit het deel van hulle geword, dit vertel van lief en leed en die intiemste lewensbindinge.

Die vraaggesprekke wat met vroeëre bewoners gevoer word is insiggewend. Dit lewer belangrike gegewens wat later op die museumterrein van onskatbare waarde is, maar gee tegelyk insig in die alledaagse lewe in 'n besondere tydsgewrig. Sulke vrae is onder andere: "In welke kleur was de vloer geverfd? - Ja, de vloer was geverfd, alles was geverfd. Zolder, wand, alles rood= bruin; Wat hing er boven de kamerdeur? - Waar liefde woont, Gebied De Heer Zijn Zegen; Waar stond het kabinet in de kamer? - Aan de wand naast de deur; Hadden uw ouders wel tijd om spelletjes te doen met de kinderen? - Dat deden we wel 's winters, dan 's avonds kienen, ganzeborden en ook domino ..."[52]

Hieruit is dit duidelik hoe waardevol die gegewens is wat op hierdie wyse versamel word. Teen die tyd dat die vakkundige sy verslag oor die navorsing

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

In Enkhuizen het die Museum daarin geslaag om vissershuisies in hul geheel van hul staanplek te lig, op 'n vlot te plaas en oor water te vervoer na die museumterrein.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

skryf, is die meeste gegewens beskikbaar: die geskiedenis van die huis, die bewoners daarvan, die algemene inrigting van elke kamer, kleure van die mure, houtwerk en behangsels, die gebruiksvoorwerpe en die staan en bêreplek daarvan, ensovoorts.[53] Hierdie navorsing is nie slegs waardevol vir die vakkundiges wat die huis weer moet inrig nie maar ook vir 'n groot verskeidenheid navorsers wat die inligting benodig.

Nadat die toestemming dus verkry is om die huis af te breek, kan die voorbereiding daarvoor begin.[54] Die gebou moet gefotografeer word uit elke moontlik hoek. Daarna volg die opmetingsketse. Tekeninge op die skaal 1:100 en verdere detail op die skaal 1:20. Van die gebou kan nou 'n kartonmodel gemaak word wat baie nuttig is om die ligging daarvan op die terrein te bepaal asook die verhouding met ander geboue waarvan daar ook reeds modelle gemaak is. Die opmeting van die gebou is baie belangrik want op hierdie stadium moet selfs elke skeefheid op die muur, vensters en deure noukeurig genoteer word.

Nadat die gebou opgemeet en elke onderdeel van 'n aluminiumplaatjie met 'n nommer voorsien is, wat ook op die tekeninge en foto's verskyn, kan met die demontering begin word. Hierdie belangrike fase verskil natuurlik van gebou na gebou en van land tot land. Soms kan die gebou in sy geheel verskuif word. Dit is wel moontlik wanneer dit byvoorbeeld 'n houtkonstruksie is. In Enkhuizen het die Museum daarin geslaag om die vissershuisies in hul geheel van hul staanplek te lig, op 'n vlot te plaas en oor water te vervoer na die museumterrein. Om soveel moontlik van die oorspronklike boutegniek te bewaar, is verder gevind dat dit baie prakties is om 'n hele muur of gewel in één stuk oor te plaas. Die muur word dan met 'n raamwerk van hoekyster versterk. 'n Bekisting word om die muur of gewel aangebring wat met ysterskroewe en boute vasgeheg word, en dan word dit opgelig uit die staanplek en as eenheid oorgeplaas. Hierdie wyse van demontering, waar 'n gebou in sy geheel of minstens in groter of kleiner sektore verplaas word, hou gewis baie praktiese sowel as vakkundige voordele in.

Die praktyk het egter geleer dat dit in die meeste gevalle alleen moontlik is om geboue te verskuif as dit steen vir steen, balk vir balk en stuk vir stuk gedemonteer word om dan weer op dieselfde wyse opgebou te word.[55]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Voordat 'n gebou afgebreek word, moet dit noukeurig gedokumenteer word. Dié foto uit die argief van die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem dui die werkswyse aan.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Dit verg egter besondere vakmanskap om die oorspronklike boutegniek na te boots sodat die kenmerkende eienskappe daarvan nie verlore gaan nie. Die probleem is nog groter as in aanmerking geneem word dat die hedendaagse vakman grotendeels sy individualisme verloor het. Daarby maak dié manne vandag veel meer staat op hul gereedskap en meganiese hulpmiddels wat hulle eintlik verhoed om hul op 'n natuurlike wyse uit te leef sonder om slordig te werk. Verder gebeur dit dikwels dat sekere van die materiale, soos houtbalke en deurkosyne nie geskik is vir hergebruik nie. Om die afwerking dan nie te laat afsteek by die res nie moet die ou ambagsgereedskap gebruik word. Vir vakmanne skep dit groot probleme. Dit is 'n groot bate as ander geboue uit dié tydperk ook gesloop word om dan die materiale te versamel. Met die heropbouing van Zanddrift in Swellendam[56] en die restourasie van Reinethuis[57] is egter gevind dat die enigste uitweg was om teen groot koste byvoorbeeld skarniere, slotte en spykers en ander metaalwerk weer deur 'n vakman met die hand te laat maak om die regte afwerking te verkry.

Dit spreek vanself dat dit alles geweldig uitgebreide en deeglike navorsing verg. Nie alleen word die ou geboue op hierdie wyse bewaar nie maar die ou boutegnieke herleef en die terminologie kom weer in gebruik. Dr Weyns vertel hoe hy maande lank moes soek vir 'n vakman wat nog op die tradisionele wyse 'n dak kan dek. En dan "ontdek" hy 'n meester op die gebied wat weer sy ambag aan twee jonger manne leer. Dit het al meer dikwels gebeur.[58]

Die vraag ontstaan nou watter stelreël neergelê moet word oor die aard van die restourasie by heroprigting van 'n gebou. Ek vind 'n baie bevredigende antwoord by dr Weyns wat hy vir homself bepaal het: "Het bouwwerk worde zo herbouwd dat de vroegere bouwers en bewoners zouden tevreden zijn als ze konden weerkeren; ze moeten er al hun herinneringen op weervinden (inschriften, sporen van gebruik en sleet ...) Op die wijze, dunkt ons, worden eveneens én de bezoeker én de wetenschap het beste gediend."[59]

Die navorsing geld egter nie slegs die gebou, boutegnieke, ambagte en bouterminologie nie. Die kultuurhistorikus moet vervolgens sy aandag aan die interieur van die huis wy.[60] Dit verg weer eens navorsing. Die huis moet keurig en histories korrek gemeubileer word. Elke vertrek moet besondere aandag geniet. Die gebruiksvoorwerpe in die kombuis moet spreek van die aktiwiteit van die huisvrou en haar vindingrykheid openbaar. 'n Hele lewenswyse

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Gebruiksvoorwerpe in die kombuisuitstalling van die Klerksdorpse Museum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

moet op 'n kundige, subtiele wyse weerspieël word sodat dit ook getuig van die atmosfeer wat in so 'n huis geheers het. Die afwesigheid van etikette wat inligting bevat vir die besoeker, die afwesigheid van die formele uitstalling van die konvensionele museum en "moenie aanraak"-bordjies, en miskien nog 'n vuur wat in die kaggel brand - dit alles verleen aan die huis die atmosfeer van egtheid en die besoeker voel aan dat die huisbewoners "net even weg waren".

Naas bovermelde terreine van navorsing is daar onderwerpe soos die tuisnywerheid,[61] plattelandse ambagte in verskillende ambagsgeboutjies en selfs stedelike werkswinkels, die aktiwiteite op die plaaswerf en in die landerye, die aktiwiteite by 'n groot verskeidenheid meulens. Dis maar enkele van die navorsingsprojekte wat in die meeste musea bedryf word. Gewoonlik vind dit groot byval by besoekers aangesien die meeste van hierdie bedrywighede nie meer tot hul leefwêrelde behoort nie. Elke aspek van hierdie arbeid en ambagte uit die gryse verlede verg egter noukeurige navorsing sodat dit lewensgetrou uitgebeeld en aangebied kan word.

Die kultuurhistorikus het dikwels hulp nodig om die historiese juistheid te rekonstrueer. Daarom gebeur dit dat hy die vakkundige hulp van die natuurkundige en dierkundige moet inroep. Waar die landskap herskep moet word, waar vrugtebome en ander gewasse van 'n eeu gelede weer aangeplant en diere van weleer op die weivelde en in die stalle teruggeplaas moet word, is hierdie kundige raad onontbeerlik.

Die ontwikkeling van 'n opelugmuseum in Suid-Afrika sal navorsing in die kultuurgeskiedenis van die land en al sy mense, en veral ten opsigte van die verskillende terreine wat genoem is, geweldig stimuleer. Die moontlikhede is onbeperk. Dit is wel waar dat die Transvaal en Vrystaat relatief min plattelandse wonings het as gevolg van die geweldige verwoesting daarvan teen die begin van hierdie eeu. Daar bestaan egter genoeg bronne met beskrywings van huise en ander strukture sodat daar replikas opgerig kan word. Daar is soms die neiging om sulke replikas as minderwaardig te beskou. Indien daar egter wetenskaplik te werk gegaan word by die oprigting daarvan, is so 'n houding ongegrond. Uit die aard van die saak sal daar ruimte geskep moet word vir die oprigting van replikas. Baie wonings was immers van klei, klip en gras gebou wat dit in sommige gevalle sinloos maak om van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

oorspronklike materiale weer te gebruik. Ek meen dat dit 'n ernstige mistasting van die kant van 'n museum is om 'n ou Voortrekkerhuis of hartbeeshuisie te probeer demonteer om die enkele houtbalk, vensterraam of deurkosyn weer te gebruik terwyl die mure nie bruikbaar is nie. Om selfs 'n deel van die muur te bewaar, het geen sin nie.

Daarom wil ek dit hier onomwonde stel: Sulke strukture mag eenvoudig nie gesloop word nie. Dit moet ten alle koste op die plek van oprigting gerestoureer word.

Die Suid-Afrikaanse kultuurhistorikus sal verder met die oprigting van 'n opelugmuseum die wonderlike avontuur beleef om die interieurs van 'n groot verskeidenheid huise in te rig. Dit sal wissel van die statige ou-Kaapse woning tot die eenvoudige pioniershuisie. Eersgenoemde met sy pragtige linnekas met sierlike bekroning, staanhorlosie en stinkhoutrusbank. En in die kombuis die groot verskeidenheid kookgereedskap van koper, brons en yster: kopertertpanne, koffiekanne van brons, koekvorms en tregters.[62] Hierdie luukshede het egter nie deel uitgemaak van die veeboer se onbestendige lewe op die voorposte nie. Sy meubels moes hy maak van die houtsoorte uit sy omgewing. Dit geld ook die gebruiksvoorwerpe in die kombuis, die plaasimplemente op die land en die werktuie van die dorsvloer: 'n houtspaan, houtbakke en 'n houtbottervorm, 'n houtploeg, harke, vurke, gaffels, alles van hout. Waboom, suikerbos, melkhout, geelhout, kiepersol en wildevy, hulle almal was nuttig om gekerf en geskaaf en gesaag te word tot iets wat nuttig gebruik kon word. Die ander meubels en voorwerpe van die huis wat die swerftog van die jare deurleef het was min: ysterpotte, koperkonfoor, porseleinbakke en borde. Dit was 'n leefwêreld wat op 'n ander manier ryk was.

Ek het aanvanklik beweer dat navorsing die primêre vereiste is vir 'n opelugmuseum, anders kan dit eenvoudig nie tot stand kom of geslaagd funksioneer nie. Uit bogenoemde oorsig van hierdie besondere taak van die opelugmuseum blyk dit wel duidelik dat daar geen ruimte vir willekeur in dié museum bestaan nie. En juis dit is die verfrissende aspek waarin die opelugmuseum selfs die konvensionele kultuurhistoriese museum oortref. Met verbystering moes ons in die verslag van die Kommissie van Ondersoek na

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)





Sketse en tekeninge van Africana-kunstenaars en foto's vorm 'n belangrike bron vir wetenskaplike navorsing. Die tekening van die negentiende eeuse Piketberg van Poortermans en die foto van die plaasskool, Schietfontein, distrik Pretoria onderstreep dié feit.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak lees dat daar slegs sporadiese navorsing op die terrein van die kultuurgeskiedenis gedoen word en dat selfs dít nie gepubliseer word nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse.[63]

Aan hierdie uiters onbevredigende situasie sal 'n opelugmuseum ongetwyfeld verandering bring. 'n Mens hoef maar net te verwys na die voortreflike navorsing wat gereeld in die museumpublikasies van Arnhem, Bokrijk en Enkhuizen verskyn. Dit is asof die ganse inrigting van 'n opelugmuseum roep om navorsing. Dit gebeur selfs in die restourant waar vanmelewe se smaaklike disse weer aan besoekers bedien en 'n hele "eetkultuur" opnuut bekend gestel word. Die uitstekende boek van Renata Coetzee wat onlangs verskyn het, het weer eens onderstreep wat navorsing in dié verband bloot= gelê het.[64] In 'n opelugmuseum kom die navorsing tot sy reg. Ongetwyfeld sal dit ook in Suid-Afrika die geval wees.

Daar bestaan natuurlik baie faktore wat 'n aktiewe navorsingsprogram van 'n museum in die wiele kan ry. Ongelukkig het die meeste van hierdie faktore reeds tradisionele bestaansreg verwerf in kultuurhistoriese musea in Suid-Afrika. Ons noem slegs drie daarvan wat op die huidige tydstip die grootste sorg baar. Eerstens is daar die gebrek aan voldoende fondse wat oor lange jare weten= skaplike navorsing belemmer.[65] Tweedens is dit duidelik dat 'n gebrek aan voldoende naslaanmateriaal in kultuurhistoriese musea navorsing bykans onmoont= lik maak.[66] Dit is pateties om die beperkte boekery op die rakke van musea in Suid-Afrika waar te neem. As dit vergelyk word met die enorme argief van byvoorbeeld Greenfield Village wat veertien miljoen dokumente en boeke bevat, kan die agterstand beter beoordeel word.[67] Die derde faktor is inderdaad die skokkendste: die byna totale afwesigheid van bekwame, opgeleide personeel.[68] Die Kommissie van Ondersoek wat sy bevinding in dié verband in 1976 gepubliseer het, bevestig hierdie skreiende gebrek.[69] Die dringende vraag kan dus gestel word of hierdie historiese agterstand nie uiteindelik die wetenskaplike ontwikkeling van 'n nasionale opelugmuseum in Suid-Afrika en ander opelugmusea wat nog moet ontstaan, ernstig gaan benadeel nie.

Die erns van hierdie saak word juis onderstreep deur die feit dat so 'n situasie reeds in die praktyk neerslag vind. Hier kan die ongelukkige voorbeeld genoem word van die Kimberley-Mynmuseum, ook bekend as

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

"die eerste opelugmuseum in Suid-Afrika". Die De Beers Consolidated Mines-mynmaatskappy wat hierdie lofwaardige onderneming van stapel gestuur het, kan alleen lof toegeswaai word. 'n Probleem het egter ontstaan deurdat die Maatskappy, wat een van die kosbaarste kultuurhistoriese versamelings in Suid-Afrika ingewin het, nie 'n opgeleide kultuurhistorikus daarvoor verantwoordelik gemaak het nie ten gevolg waarvan die Museum dus ook nie wetenskaplik opgerig en ingerig is nie.

Die eerste historikus wat in 1978 aangestel is, mnr D E Schaefer, het teenoor my die verstommende opmerking gemaak: "Die doel van hierdie Museum is nie om die werklike geskiedenis te verbeeld nie maar om die regte atmosfeer te skep." 'n Meer fatale uitgangspunt kan nouliks bedink word. Ongelukkig getuig die hele inrigting van die Museum van hierdie onwetenskaplike uitgangspunt. In 'n straattoneel en kunsmatig geskepte sakesentrum is 'n kerk, wonings, plekke van ontspanning, kantore, werkplaas en winkels langs mekaar ingeryg om 'n beeld van "ou Kimberley" te gee. Elke besoeker bevestig dat "dit pragtig is". En dit is ook so - maar dit is vals en oneg! Dit is soos 'n geskiedenishandboek waarvan al die feite onjuis is. Verdere bewyse van die gebrek aan vakkundige kennis en wetenskaplike navorsing word weerspieël deur die replika van die plaashuis van Johannes Nicolaas de Beer wat ook op die terrein opgerig is. Die huis is met moderne materiale gebou en swak ingerig. Dieselfde geld ook ander onwetenskaplike uitstallings in die Museum. In die smidswinkel is gereedskap aan ystertafels vasgesweis. En in kantore hang oorspronklike dokumente aan mure, blootgestel aan lig en stof. In A Ciring, die pandjiesbaas se winkel, staan die kosbaarste porselein en silwer asook foto's agter groot onbeskermde vensters blootgestel aan die Kimberleyse son. In ander winkels gebeur presies dieselfde. Toegegee, dit is alles die eiendom van 'n privaat maatskappy wat daarmee kan handel na goeddunke - maar dan is dit ewe waar dat 'n groot deel van die kosbare kultuurhistoriese versameling wat daar uitgestal word en in pakkamers weggepak is, van die publiek ontvang is vir veilige bewaring. Hierdie aspek vereis 'n verantwoordelikheid en rekenskap van die betrokke Maatskappy. Die minste wat verwag kan word, is dat die versameling gedokumenteer sal word en dat die agteruitgang en vernietiging daarvan onmiddellik gestaak word. Die eerste stap in die rigting moet dan ook wees om bekwame en wetenskaplik toegeruste vakkundiges aan te stel wat met die navorsingstaak en opvoedkundige program van dié Museum kan begin.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

viii Die opvoedkundige funksie van 'n opelugmuseum

Die mees dinamiese ontwikkeling in die internasionale museumwese vind in die twintigste eeu plaas na die ontdekking van die museum as versamelplek van kennis in die opvoeding van die algemene publiek. Veral ná die Eerste Wêreldoorlog het die besef deurgedring dat die museum 'n magtige potensiaal bied in die opvoedingsproses van die ganse volk. Hierdie ont= dekking het weldadig oor die wêreld versprei.

Verskillende nasionale en internasionale seminare en konferensies is gehou om die opvoedkundige funksie van die museum te formuleer.[70] Enkele voorbeelde werp 'n besondere lig op hierdie ontwikkeling. In Rusland het die museoloë in 1930 byeengekom en onder andere die taak van die museum só geformuleer: "Its mission is to help the great masses of the workers of the Soviet Union to form right ideas of the various forms of culture created by different classes of society in the course of the development of civilization; to help them to select in this uninterrupted series of evolution of society all that may be of value and may be made part of the cultural heritage of the proletariat."[71] Drie jaar later het museumkundiges van Duitsland in Mainz ook vergader en daar as eerste taak aanvaar om die museum diensbaar te maak om die struktuurlose massas in 'n volk saam te bind.[72] So het die Heimatmuseum te Hannover 'n program aangebied waarvolgens elke kind twee dae van die week in die museum moes deurbring om vertroud te raak met materiële en geestelike erfenis en in die proses sy plek as lid van die gemeenskap te bepaal.[73] 'n Derde voorbeeld geld Amerika. In dieselfde era is geskryf: "... the conclusion may well be drawn that museums in the United States are a definite educational force, contributing to the economic and cultural life of their communities."[74]

Uit die omvangryke wetenskaplike publikasies wat uit hierdie denkarbeid in die twintigste eeu voortgevloei het om die opvoedkundige taak van die museum in die gemeenskap te bepaal, blyk baie duidelik dat daar één gemeenskaplike uitgangspunt vir die ganse gesprek gegeld het. Hierdie uitgangspunt is dat die werklik bestaande voorwerpe uit die verlede en die hede wat in die museum geberg word en inderdaad die historiese, wetenskaplike en kulturele erfenisse van die gemeenskap weerspieël, uitnemend geskik is in die opvoedingsproses van die volk en in besonder van die kind. In die museum kan veral die kind,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

soos in geen ander sosiaal-kulturele instituut van sy gemeenskap nie, die werklik bestaande voorwerpe met al sy sintuie ervaar en geniet. "It is a moment when eyes, hearts and minds, if not ears, are alert and receptive; when energies are stimulated and rearing to be unleashed."[75]

As hierdie uitgangspunt korrek is, en ek meen dat dit wel die geval is, dan geld dit ook by uitnemendheid die opelugmuseum. Die "werklik bestaande voorwerpe" agter die glaswand van die museum vra nog in 'n mate die ver= beelding van kind en volwassene. In die atmosfeer van die opelugmuseum kan dit eenvoudig "beleef" word, want elke voorwerp is op sy plek en in sy konteks geplaas. Ek is daarvan oortuig dat dit juis dié aspek is, tesame met die genotvolle ontspanningsmoontlikhede wat die opelugmuseum bied, wat die sukses daarvan oor die hele wêreld verseker.

Soos reeds aangedui, is die opvoedkundige taak van die museum gerig op die volle spektrum van die samelewing en word elke vlak daarvan betrek. In die praktyk blyk dit egter dat die kind in skoolverband die maklikste betrek word. Die "Edukatieve Dienst" van die Nederlandse Opelugmuseum in Arnhem behartig meer as sewentig duisend kinders per jaar. Die opvoedkun= dige diens van dié Opelugmuseum sorg daarvoor dat 'n gids hierdie skoolgroepe deur die Museum begelei en die nodige voorligting verskaf. Verder moet in gedagte gehou word dat elke kind 'n verslag of opstel moet skryf wanneer hy in die klaskamer rekenskap moet gee van die uitstappie. Daarom voorsien die Museum ook verskillende publikasies vir dié doel. Daar is eerstens 'n agtal brosjures wat insiggewende inligting bevat. Hierdie brosjures handel byvoorbeeld oor "Boerderijen van Nederland, Windmolens, Streekdrachten, Wonen op het platteland van Nederland", ensovoorts. Maar die kinders benodig ook foto's om hierdie taak interessant in te kleur. Daarom verskaf die Museum benewens poskaarte verskillende "plaatjesvelle" wat 20 tot 25 afdrukke van boerderye, windmeulens, voertuie en ander besienswaardighede van die Museum bevat. 'n Ander baie interessante publikasie wat beskikbaar en baie geslaagd is, is die "Speurtocht" deur die Museum. Hierdie boekie bevat kort en bondige inligting oor gebou tot gebou en van een uitstalling na die ander. Maar daar word ook verskillende vrae gestel wat die kinders op hul speurtog moet beantwoord. Só, al spelende en soekende na die antwoorde, word die besoek sinvol georden en die nodige kennis subtiel verwerk. Die kinders en ander besoekers het ook die geleentheid om ver=

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

"Afrikaners is plesierig" in die verre vreemde op die groen gras van die Nederlands Openluchtmuseum, Arnhem in 1953.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

skillende demonstrasies in die ambagshuisies en in die meulens by te woon, terwyl daar in die Aula 'n kleurskyfievertoning of 'n ander uitvoering aangebied word. Die gereelde aanbieding van tydelike tentoonstellings verseker voorts dat daar altyd iets nuuts by die Museum gesien kan word, selfs op 'n derde of vierde besoek.

Die opvoedkundige diens van die Opelugmuseum van Arnhem strek ook nog verder. Hulle is daarvoor ingerig om studente en ander navorsers te ontvang en van die nodige inligting te voorsien. Daarby help hulle graag film-, radio-, en televisie-eenhede om dokumentêre programme in die Museum op te neem. Dié hulp word selfs aan kommersiële produksies verleen wat dan in elk geval verseker dat die kultuurhistoriese agtergrond wetenskaplik korrek sal wees. As verder in gedagte gehou word hoeveel artikels in verskillende tydskrifte en in ander publikasies oor die Museum verskyn en hoeveel brosjures, plakkate en ander publisiteit oor 'n wye front versprei word, kan die omvang en belangrikheid van dié diens en funksie van die Museum eers bepaal word.

Die opvoedkundige dienste wat deur Suid-Afrikaanse musea in die algemeen aangebied word, verskaf rede tot groot dankbaarheid. Daarin is alreeds in 'n sekere opsig die versekering dat hierdie voortreflike dienste ook na opelugmusea uitgebrei sal word wanneer dit in getalle toeneem. Gedurende 1975 het die Skoolreisdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement 105 000 skoliere na verskillende musea gebring. Alhoewel opelugmusea in Suid-Afrika nog nie naastenby uitgebou is tot die omvang van Europese musea nie, word ook op dié terrein reeds belangrike werk verrig en is alle aanduidinge daar dat die opvoedkundige dienste wat in toekomstige opelugmusea verrig sal word, van onskatbare waarde sal wees.

Hier hoef ons slegs na twee voorbeelde te verwys.

Die eerste is die Pioniersopelugmuseum in Silverton. Nieteenstaande die feit dat dié Opelugmuseum baie beperk is en slegs uit één pioniershuisie en bygeboue bestaan, het dit reeds 'n dinamiese invloed laat geld op die kultuurlewe in Pretoria. Die museumpersoneel het byvoorbeeld enkele feeste gereël soos 'n Nuwejaarsfees, 'n Van Riebeeckfees, 'n boeresport en kultuurdag asook 'n internasionale immigrantekultuurfees.[76] Die publisiteit wat hierdie feeste in koerante, tydskrifte, oor die radio en die televisiediens geniet het, is byna ongehoord. Dit gebeur ook nie aldag dat mense liries raak oor volksfeeste nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

In Pretoria het dit wel gebeur. Die nuwejaarsfees is deur bykans 3 000 mense bygewoon. En die Van Riebeeckfees wat in Suid-Afrika amptelik afgeskaf is weens die sogenaamde swak belangstelling, het op 2 April 1977 sowat 1 300 besoekers gelok. Die bywoning van die ander feeste was ewe bevredigend. Op hierdie wyse het baie mense kennis gemaak met die pionierslewe van die Afrikaner. Die demonstrasies op dié dae het merkwaardige belangstelling van die besoekers geniet.

Hierdie sukses is egter nie beperk tot die breë publiek nie. Die opvoedkundige diens ten opsigte van die skoolkind het ook reeds besondere hoogtes bereik. Ek wil in dié verband verwys na die projek wat deur die Nasionale Kultuur= historiese en Opelugmuseum in samewerking met die Skoolreisdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement onderneem is op die terrein van die Pioniers= opelugmuseum. In die vier weke vanaf 21 Junie tot 16 Julie 1976 het ongeveer nege duisend leerlinge van Pretoriase laerskole die Museum besoek. Hierdie projek het andermaal die verstommende opvoedkundige potensiaal van 'n opelugmuseum onderstreep. Die Museum het vasgestel dat "meer as negentig persent van die skoolwerk wat oor ons kultuurverlede handel, hier konkreet en lewendig voorgestel en gedemonstreer kan word".[77]

Die Pioniersopelugmuseum bied die geleentheid om kennis te maak met die leefwyse van 'n voorgeslag van meer as honderd jaar gelede. Vir die kind word in dié historiese huisie iets van die afgesonderde, onbestendige pioniers= lewe op 'n unieke, aanskoulike wyse voorgehou. Afgesonderd was dit wel - met die naaste bure etlike kilometer ver in die omgewing van die huidige Fonteine, en met Potchefstroom as naaste dorp. Die gebruiksvoorwerpe in die huis en veral die aktiwiteite in die kombuis waar die botter gekarring en die koffie gemaal word ensovoorts, bied ruim geleentheid om iets van hierdie lewe te verbeeld. Dieselfde geld die werf met sy bakoond, slagbank, kruietuintjie en waterput waar verskillende demonstrasies die kroon span. Dan is daar die uitstalling van die rytuie en plaasimplemente op die werf, die diere en die ou Noormansmeule wat die koring maal. En moenie die geleentheid vir boeresport vergeet nie. So 'n besoek is onvergeetlik.

Uiteraard kan al die elemente van die pionierskultuur nie fisies "uitgestal" word nie. Maar dit word soms baie subtiel gesuggereer, wat dan aan die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

bekwame en wetenskaplik toegeruste gids die aanknopingspunt bied om juis hierdie elemente in die rondleiding na vore te bring. Enkele voorbeelde kom hier te pas.

Eerstens die godsdiens. Dit was 'n magtige faktor in die lewe van hierdie pioniers. Georganiseerde gemeentes het op daardie stadium nog nie in die Transvaal bestaan wat gereelde eredienste en die gebruik van die sakramente verseker nie.[78] Maar nou stap 'n mens die voorhuis van die pioniershuisie binne en die eerste voorwerp wat almal opmerk, is die groot Statebybel wat in die klein vertrekkie nog groter vertoon. Vanaf die eettafel oorheers dit die hele vertrek en vorm dit eintlik die middelpunt van die huis. Dit spreek vanself dat enige kundige gids spontaan sal begin praat oor die rol van die Bybel en die godsdiens in hierdie mense se lewe. Die afwesigheid van die gevestigde gemeentelike lewe kom dan ook ter sprake wanneer oor die huisgodsdiens gepraat word.

'n Tweede voorbeeld is die taal. Dit kan nêrens sigbaar "uitgestal" word nie, maar in hierdie huis en op hierdie werf leef die Afrikaanse taal weer in die mond van die een wat vertel. Woorde, spreekwoorde, raaisels en ander boeresêgoed wat vir die stadsmens lankal gesterf het, kry weer nuwe betekenis. Dit gebeur daar by die bakoond: "Raai, raai, ek het vier perde. As ek hulle in die stal jaag is hulle wit, as hulle uitkom is hulle bruin." En by die rytuie: "Hy's 'n klein jukskeitjie met 'n groot kop"; "Hy's 'n regte teerputs"; "Hy's 'n vyfde wiel aan die wa"; "Ek meneer en jy meneer - wie sal die wa dan smeer", ensovoorts.

Dié omgewing bied ook geleentheid om hier langs 'n ossewa 'n stuk "kultuur" te laat herleef wat lankal onder ons uitgesterf het: die trotse boer met sy rooi span wat op die trekpad voortbeweeg, heelpad aangespoor deur 'n behendige drywer met die sweep in die hand. Die osse se name is nie sommer willekeurig gegee nie en was eens 'n kosbare skat in die volksmond: Hartman, Windvoël, Jambloed, Potberg, Witbooi, Bonthuis, Vaaltyn en Hoogmoed. Met die swiep van die sweep word die name van die osse ook ingespan om dryfrympies te vorm:

Hierjy
Vlakveld, Slangveld,

Drieberg, Holland!

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Haartrap Vuilbaard, hottrap Skottelpens,
Regter en Roos,
Skilder en Matroos,
Vuurslag en Vlam,
Rook en Damp.
Hierjy, hiernatoe, daarnatoe,
diekanttoe en alkanttoe spring
die Hotnot van Duusberg![79]

En op die langpad word dit 'n liedjie, nou wel geen digkuns nie maar tog 'n ossewa-volksrympie wat vertel van dié dae langs die wa:

Veertien bont osse
trek voor die wa,
sewe van my
en sewe van my pa.
Agter trek ou Afrika,
hy's die man wat die disselboom dra.
Hot-op-vier
hy drink ook bier.
Hot-op-ses
het 'n heller rooi bles.
Haar-op-ses
leer sy les.
Hot-op-ag
beur met mag.
Haar-op-ag
toon sy krag.
Hot-op-tien
kan ook sien.
Haar-op-tien
het 'n pak verdien.
Hot-op-twaalf
is die rooi koei se kalf.
Haar-op-twaalf
het 'n strop om sy hals.
Hot-op-voor
het sy pad verloor.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Haar-op-voor
hy kan ook toor.
Agter op die wa
is 'n ysterhoutbriek.
Voor op die wa
sit die swart ou kriek.
Oompies en Tannies
as ek julle raai,
verruil julle dogter
nooi vir 'n kraai.[80]

Met hierdie rympie nog vars in die oor word die besoekers deur die opvoed= kundige beampte gelei na die kruietuintjie waar hy vertel van die boererate wat deur almal 'n honderd jaar gelede geken is: "Vir koliik: perdemis met brandewyn of asyn opgedaan en ingé, is baing goed; Inflamasi, en stywe siikte: Ysterhouttoppe getrek op water en laat drink so feul as 'n mens wil; Klem in di kake: Timi met broodkrummels tot 'n pap met asyn of brandewyn aangemaak; Buitengewone dikte: As jy wens wat dunner te wees kan jy wilde seldery op brandewyn laat trek, en saans 'n sopi daarfan drink."[81]

Hieruit is dit baie duidelik dat die moontlikhede om die taal en gebruike van die volk te laat herleef, legio is. Die voorvereiste is egter dat die persoon wat die begeleiding behartig nie 'n "gids" moet wees nie. So 'n persoon moet 'n opvoedkundige beampte wees wat tegelyk kultuurhistorikus en baasverteller is. In 'n opelugmuseum waar daar geen aanwysings, kennisgewings en etikette moet wees nie omdat dit die "egtheid" sal versteur, is so 'n persoon onont= beerlik. Maar weer eens moet onderstreep word dat die klem op "wetenskap= likheid" gelê moet word. In Bokrijk waar elke gebou deur 'n bejaarde man bewaak word, word hierdie manne verbied om enige toeligting aan besoekers te verstrek. Die Museumbestuur het in die verlede vasgestel dat hulle "verbeelding" soms op loop gaan en dat sulke "vertellings" net afbreuk doen aan dit wat met groot sorg en kundigheid ten toon gestel word.

Met 'n bietjie inspanning en noukeurige navorsing kan bykans die ganse Boerekultuur weer lewend op hierdie stukkie historiese aarde herskep word, mits die mondelinge toeligting wetenskaplik gedoen word.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

'n Probleem waarmee die museumkundiges van Pretoria gekonfronteer word en waarmee veral in Europa geworstel word, geld die dra van tradisionele kleredrag. Daar is twee gedagterigtings. Die eerste moedig dit aan dat dié kleredrag deur gidse en ander werkers wat byvoorbeeld demonstrasies lewer, gedra word. Die tweede groep is heftig daarteen gekant. Die tweede groep beskuldig die eerste daarvan dat wetenskapsbeoefening vermeng word met "historiese teater". Hulle meen dat die taak van die Opelugmuseum in dié verband slegs moet wees om aan te toon "hoe" dit gedoen is sonder om die mens wat dit gedoen het te probeer naboots. "Nothing could be more embarrassing than to imitate what is already dead."[82] Met hierdie standpunt wil ek hartlik saamstem. Die uitweg is beslis nie om mense na te boots nie. Arnhem het 'n pragtige uitstalling van streekkleredragte wat uiters suksesvol is. Die gebruik om een dogter en seun uit 'n besoekende groep of selfs "Meneer" of "Juffrou" te "laat aantrek" vind ek besonder geslaagd. Die groep word dan doeltreffend bekend gestel met die kleredrag en hulle is meer betrokke daarby omdat dit een van hulle is wat dit demonstreer.[83] Dit vind ek meer korrek en aanvaarbaar as om 'n dame met Voortrekkerrok en tuitkappie te laat seep kook of brood bak by die bakoond.

Die geslaagdheid van hierdie besondere onderwysmetode plaas 'n groot verant= woordelikheid op die skouers van elke vakkundige. 'n Verkeerde indruk wat hier geskep word, sal onherroeplik aan die kind of besoeker oorgedra word. En hoe word so 'n verkeerde gevolgtrekking ooit ongedaan gemaak?

By al die waardering wat ek vir die Pioniersopelugmuseum koester, is daar tog een aspek waarteen gewaarsku moet word. Dit is een van die probleme waarvoor elke opelugmuseum te staan kom. Hierdie probleem word reeds in die beskrywing van die terrein deur 'n museumkundige kenbaar gemaak. Hy skryf: "Die landelike terrein self het 'n rustige en kalmerende invloed op 'n mens en is om hierdie rede so uitnemend geskik vir opvoedkundige doeleindes. Tussen reuse vaarlandswilgers deur, omsoom van 'n grastapyt van sagte kweek vloei 'n watervoor tot in 'n groot eendedam. Vanaf houtbruggies kan die kinders kyk hoe hondmak eende en makoue in hierdie idilliese omgewing in die water rondwoel."[84] Hier moet dringend gewaarsku word teen dieselfde gees wat Anders Sandvig openbaar, wat reeds aangehaal is, wanneer hy idilliese prentjies plak in sy "groot prenteboek". Die terrein van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Pioniersopelugmuseum is inderdaad pragtig en idillies - die dringende vraag is egter of die ou pioniers se huise op "'n grastapyt van sagte kweek" gestaan het. Die plasing van dié huisie in hierdie romantiese, idilliese atmosfeer wek inderdaad by elkeen wat dit aanskou, die indruk van die "lekker goeie ou tyd". Hoe word die worsteling om te bestaan uitgebeeld wat onteenseglik deel van die pionierslewe was? Die worsteling met 'n houtploeg in die bloedige son van Pretoria om die hardgebakte grond in te breek sodat die saad in die grond kan kom? Van die "hardheid" van dié bestaan word min weerspieël. Daar moet weer rekenskap gegee word van die drie-eenheid: gebou, interieur en omgewing.

Die tweede voorbeeld wat aandag verdien, is die Tsonga-kraalopelugmuseum.[85] Net soos die Pioniersopelugmuseum is hierdie Opelugmuseum relatief baie klein. Die Kraal bestaan uit 'n aantal hutte waarin 'n hoofman en sy agt vrouens sou gebly het. Verder is daar onder andere 'n kook- en graanhut, 'n bees=kraal, 'n offerhut en 'n seremoniële boom en offerplek. Sommige van die hutte word bewoon deur uitgesoekte ambagsmanne wat elkeen met sy eie aktiwiteite voortgaan en van die ambagte beoefen. Die besoeker kry dus 'n goeie insig in die tradisionele boustyl van die hutte; die tradisionele handewerk soos houtsneewerk, pottebakkery, vlegwerk van matte en mandjies; en die algemene lewenswyse en tradisies, sang, musiekinstrumente, dans, godsdiens en tradisionele kleredrag. Daarby kan ook die houtwerk en ystersmeltery gevoeg word.

Die twee voorbeelde wat hier genoem is, die Pioniersopelugmuseum en die Tsonga-kraalopelugmuseum, toon onteenseglik dat die opvoedkundige funksie van die opelugmuseum, wat in Europa so 'n fenomenale hoogte bereik het, beslis ook in Suid-Afrika geëwenaar kan word indien nie selfs daarop verbeter gaan word nie.

Die sukses van die Tsonga-kraal blyk duidelik uit 'n besoekersopname wat deur die Transvaalse Provinsiale Museumdiens onderneem is. Slegs enkele antwoorde word hier aangehaal wat deur besoekers op dié vraelyste verstrek is. 'n Besoeker van Hollandse afkoms het die kraal in twee jaar al agt keer besoek. 'n Italianer wat ook die Museum besoek het, het gesê dat hy die hele Afrika deurreis het om hier te sien wat hy eintlik in Afrika wou sien. 'n Derde voorbeeld: "Meneer ek het met hulle groot geword en gedink ek ken die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Bantoe. Vandag het ek vir die eerste keer gesien hoe 'n ryk kultuur van hulle eie hulle het."[86] Ek wil saamstem. Vir my was elke besoek 'n nuwe ondervinding.

Tydens my besoeke aan verskillende opelugmusea in Europa en in Engeland het ek telkens gesorg dat ek ook 'n begeleide rondreis saam met skoliere van verskillende ouderdomme meemaak. My doel daarmee was om self te probeer vasstel wat die reaksie van die kinders was op dit wat hulle gesien en gehoor het. Die resultaat het onteenseglik ooreengestem met die navorsing wat in hierdie verband gedoen is. Die reaksie was oral dieselfde as by die Pioniersopelugmuseum en die Tsonga-kraal. Dit is 'n merkwaardige ondervinding om die stralende gesigte te sien en die opgewonde vrae te hoor. 'n Slagspreuk van die Nederlandse Opelugmuseum beskryf die reaksie miskien die raakste: "Je kijk je ogen uit." Vir die oorgrote meerderheid van kinders - en volwassenes - is dit inderdaad waar!

'n Persoonlike belewenis in dié verband sal my aan die einde van hierdie bespreking gegun word. Op 'n pragtige sonnige oggend op die terrein van die Nederlandse Opelugmuseum in Arnhem het ek weer saam met 'n groep seuns geloop - hulle het vooruit gehardloop, elkeen met 'n "Speurtocht" in die hand. Gehardloop na 'n volgende boerdery om daar te gaan kyk en te gaan soek na iets wat deel was van die lewe van hulle voorgeslag van twee honderd jaar gelede. Toe ek die boerdery bereik, het baie van hulle reeds die antwoorde gevind en dit in die "Speurtocht"-boekie aangeteken. Maar daar het meer gebeur as dat die antwoord gevind is - iets van twee honderd jaar gelede het deel van hulle kennis en leefwêreld geword. 'n Band is gesmee wat ver terugreik tot in die gryse verlede. Die woorde uit die gedig van Willem Bilderdijk het my te binne geskiet:

> In 't voorleden
> Ligt het heden;
> In het nu, wat worden zal.[87]

Toe het ek dit meer as ooit te vore betreur dat Afrikanerseuns en -dogters tot op hede van die voorreg verstoke is om van gebou tot gebou te hardloop op soek na die antwoorde op die vrae oor gister en eergister om die toekoms sinvol tegemoet te gaan.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

VERWYSINGS

1 S van Deventer: Kröller Müller: De Geschiedenis van een Cultureel Levenswerk, bl 122.

2 Icom News, nr 5 en 6 1956, bl 45 - 46.

3 Icom News, Vol II nr 1, Februarie 1958, bl 22.

4 A w, bl 23. Artikel III van die Verklaring.

5 A w, bl 23. Artikel V van die Verklaring.

6 A w, bl 24. Artikel VI van die Verklaring.

7 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 127.

8 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 20.

9 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 9.

10 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 134.

11 Adelhart Zippelius: Führer und Schriften des Rheinischen Freilichtmuseums in Kommern, nr 1 1961, bl 14.

12 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 12.

13 A w, bl 12 - 16.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

14 Inligting verskaf deur dr R Liversidge en mej R M Tietz, Direkteur en Onderdirekteur van die Alexander McGregor-Museum tydens besoeke aan Kimberley in 1977 en 1978.

15 C Cochrane: Die Herbouing van Zanddrift. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Jaarvergadering van die Suider-Afrikaanse Museum= vereniging in Durban, Mei 1977.

16 J Huizinga: Nederland's Geestesmerk, bl 7.

17 A w, bl 23.

18 Annie Romein-Verschoor: Charakter und Kultur des Niederländers (Nachbarn, I, 1968, bl 8 - 9).

19 Argief van die Genootskap Oud-Pretoria A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Algemene Vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 24 Februarie 1954.

20 Marthe van Nooten: Historisch Overzicht: Feiten en Data (Volkskunde, Jaargang 74, nr 3 1973, bl 193); K C Peeters: Een Stad in het Museum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten XI, 1971, bl 2).

21 Jozef Weyns: Herinneringen aan Kunstschilder Karel Wellens: een Medewerker van het Eerste Uur te Bokrijk (Volkskunde, Jaargang 74, nr 3 1973, bl 199).

22 Jozef Weyns: Bokrijk, het Eerste Openluchtmuseum van het Land (d i België) (Volkskunde, Jaargang 74, nr 3 1973, bl 209).

23 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Stadsraad van Pretoria: Kennis van Vergadering van Onderkomitee op Woensdag 4 Julie 1956. Hierby is aangeheg 'n verslag van die Stadsbeplanner, mnr N Cooper, na sy besoek aan Arnhem.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

24 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief TM/OM 1: Verslag van die Stadsklerk, mnr H Preiss, se buitelandse reis 1956.

25 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief NKO (1), 70/1: 'n Nasionale Opelugmuseum vir die Republiek van Suid-Afrika, bl 1 - 2.

26 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief NKLM 76/1: Aantekeninge "Skenking van 'n gedeelte ...".

27 NKLM 76/1: Brief Direkteur aan Departement Nasionale Opvoeding, 7 Mei 1975.

28 I T Meyer (Voorsitter): Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak, 1975, Hoofstuk 15, bl 48 - 49.

29 NKO (1) 70/1: 'n Nasionale Opelugmuseum vir die Republiek van Suid-Afrika, bl 4.

30 NKO (1) 77(1): Opelugmuseumterrein, bl 1 - 2.

31 K C Peeters: Een Stad in het Museum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten XI, 1971, bl 5); Jozef Weyns: Bokrijk, het Eerste Openluchtmuseum van het Land (d i België) (Volkskunde, Jaargang 74, nr 3 1973, bl 223); Thea J van Eijnsbergen: Verkennend Onderzoek onder de Musea in Nederland, bl 43; G MacBeath (red): Basic Museum Management, bl 10; Edwin H Colbert: What is a Museum (Curator, Vol 4, 2, 1961, bl 138 - 146); P H Pott: The Role of Museums of History and Folklore in a Changing World (Curator, Vol 6, 2, 1963, bl 157 - 170).

32 A E Parr: The Right to do Research (Curator, Vol 1, 3, 1955, bl 70 - 73); Smita J Baxi en Vinod P Dwivedi: Modern Museum, bl 9; Arminta Neal: Help! For the Small Museum, bl 8; Hiroshi Daifuku: Museums and Research (Museums and Monuments IX, The Organization

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

of Museums (Unesco), bl 68); A E Parr: The Functions of Museums: Research Centers or Show Places (Curator, Vol 6, 1, 1963, bl 20 - 31).

33 Maer Luca: The Museum as Educator (Museums and Monuments XV, Museums, Imagination and Education (Unesco), bl 145 - 148); Walter W Taylor: Museums and Education (Museum, Vol XXIII nr 2, 1970/1, bl 125 - 128); Edwin H Colbert: On Being a Curator (Curator, Vol 1, 1, 1958, bl 7 - 12); Thea J van Eijnsbergen: Verkennend Onderzoek onder de Musea in Nederland, bl 43 - 45; G D van der Heide: Verzamelen en dan ..., bl 17 - 18; P H Pott: Het Museum als Sociaal-culturele Instelling, bl 26.

34 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Holm, Beyers en Holm, argitekte Pretoria: Beplanning voorgelê aan die Stadsraad van Pretoria deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

35 H Fransen en M A Cook: The Old Houses of the Cape, bl x - xix.

36 J J Oberholster: Die Historiese Monumente van Suid-Afrika, bl 118; James Walton: Homes of the Trekboers: the Vernacular Architecture of South Africa (Lantern, Vol XI nr 1, September 1961, bl 8); James Walton: Homesteads and Villages of South Africa, bl 94.

37 Esther Hofmeyr: Die Nut en Genot van Restourasie (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 32, 1, Januarie 1976, bl 29).

38 P J Venter: Op 'n Plaas Lank Gelede. 'n Brakdak (Overvaal Musea= nuus, Junie 1976, Jaargang 3 nr 2, bl 6).

39 R B Lewcock: Britse Invloed in Suid-Afrika (Bewaring van ons Erfenis, Deel 1: Bewaring van Ou Geboue en Historiese Oorblyfsels).

40 Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het reeds daarin geslaag om 'n sandsteengebou te bekom. Dit is 'n winkel wat in Heidelberg, Transvaal gestaan het. Dié gebou is reeds afgebreek. Die materiaal lê tans op die Fonteinedal-terrein.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

41 F G E Nilant: Die Hout- en Linosneë van J H Pierneef, bl 54 - 93.

42 J J Oberholster: Die Historiese Monumente van Suid-Afrika, bl 179 - 181; C Ferreira: Byekorf- of Korbeelhutte (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974, bl 28); James Walton: Homes of the Trekboers: the Vernacular Architecture of South Africa (Lantern, Vol XI nr 1, September 1961, bl 20); Hannes Meiring: Bouskatte van Suid-Afrika, bl 68 - 69.

43 C Ferreira: Die Matjieshuise van Namakwaland (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974, bl 1); M Mayer: Matjieshuise in Namakwaland (Die Boerevrou, Februarie 1931).

44 C Ferreira: Kookskerms (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974, bl 7); M Mayer: Die Bokveld se Kookskerms (Die Boerevrou, September 1930).

45 J Backhouse: A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa, bl 357 - 358; James Walton: Homes of the Trekboers: the Vernacular Architecture of South Africa (Lantern, Vol XI nr 1, September 1961, bl 14 - 15); F L Cachet: Vyftien Jaar in Zuid-Afrika (1860 - 1875), bl 109; B Spoelstra: Ons Volksverlede, bl 66 - 73.

46 Hierdie navorsing is gedeeltelik gepubliseer deur G Braaksma en C Ferreira: Die Noordweste, 'n Kultuuropname van die Streek se Bewoners en hul Leefwyse (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974); Sien ook Jaargang 31, Februarie 1975, bl 7 - 11 en bl 19.

47 Ernst von Weber: Vier Jahre in Afrika, 1871 - 1875, bl 9 - 10.

48 J Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republieken in Zuid-Afrika, bl 210.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

49 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 34; U E E Vroom: Inleiding (Het Peperhuis, Jaargang 1975: Wonen en Werken te Koehool, bl 3).

50 Zuiderzeemuseumargief: J Baarda, Directeur van Gemeentewerken der gemeente Barradeel: Memorandum: Enige historiesche (kadastrale) gegevens over de afgebroken woning Sédijk 5, Oosterbierum, Mei 1975; G D van der Heide: Barradeel een Friese kustgemeente (Het Peperhuis, Jaargang 1975, bl 4 - 9).

51 Zuiderzeemuseumargief: Kadastrale gegewens waarvan fotostate verskyn in die lêer van Pand Koehool; P P Bakker: Onderzoek, Verplaatsing en Wederopbouw van een Visserswoning uit Koehool (Het Peperhuis, Jaargang 1975, bl 10 - 27).

52 Zuiderzeemuseumargief: Eerste Vraaggesprek met mevrouw Terpstra-Heeringa (Pand Koehool), 25 November 1974; Tweede Vraaggesprek met mevrouw Terpstra-Heeringa te Minnertsga over de Inrichting van Pand Koehool.

53 Zuiderzeemuseumargief: Rapport visserswoning Sédijk 5, Koehool.

54 Meegedeel deur drs U E E Vroom, Direkteur van die Zuiderzeemuseum tydens navorsing dáár gedoen in Oktober 1975. Sien ook U E E Vroom: Zuiderzeemuseum, Buitenmuseum in wording, bl 63 - 87; U E E Vroom: Het boerderijtje uit Zuiderwoude (Uit Het Peperhuis, Jaargang 1969 nr 3, Oktober 1969, bl 110).

55 Kai Uldall: Open Air Museums (Museum, Vol X, 1957, bl 68); Adelhart Zippelius: Führer und Schriften des Rheinischen Freilicht= museums in Kommern, nr 1, bl 9 - 18.

56 C Cochrane: Die Herbouing van Zanddrift. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Jaarvergadering van die Suider-Afrikaanse Museum= vereniging in Durban, Mei 1977.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

57 Norman Eaton: Restourasie van Geboue (Bewaring van ons Erfenis, Deel I: Bewaring van Ou Geboue en Historiese Oorblyfsels).

58 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 27.

59 A w, bl 58.

60 Hanny Waardenburg: Het interieur van het pand Sédijk 5 te Koehool omstreeks 1900 (Het Peperhuis, Jaargang 1975, bl 28 - 37).

61 J C Pretorius: Die Tuisnywerheid van die Afrikaner (Die Kultuur= ontplooiing van die Afrikaner (red P G Nel), bl 93 - 131).

62 M A Cook: Die Kaapse Kombuis, bl 43 - 94.

63 I T Meyer (Voorsitter): Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak, 1975, bl 31.

64 Renata Coetzee: Spys en Drank. Die Oorsprong van die Afrikaanse Eetkultuur; Sien ook Anna de Villiers: Die Streekkos van Suid-Afrika (Sarie Marais, 24 Augustus 1977, bl 32 - 41).

65 I T Meyer (Voorsitter): Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak, 1975, bl 31.

66 H Daifuku: Museums and Research (Museums and Monuments IX, The Organization of Museums (Unesco), bl 68).

67 The Henry Ford Museum Staff: Greenfield Village and the Henry Ford Museum, bl 7.

68 A W Crompton en F H Talbot: Research Policy for S A Museums (SAMAB, Vol VIII, 4, 1964, bl 110).

69 I T Meyer (Voorsitter): Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak, 1975, bl 30 - 31.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

70 Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 121 - 193; Unesco/CUA/54: International Seminar on the Role of Museums in Education, 14 September - 12 October 1952, Brooklyn, New York, U S A: Unesco/CUA/64: International Seminar on the Role of Museums in Education, 13 September - 10 October 1954, Athens, Greece; Germain Bazin: The Museum Age, bl 263 - 278.

71 Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 144.

72 F T Schulz: Die Notwendigkeit der Umgestaltung unserer Museen (Museumskunde, 1933).

73 O Haase: Der vorgeschichtliche Arbeitsraum im Schulmuseum der Stadt Hannover (Museumskunde, 1938); W Pessler: Heimatmuseen of Germany (Museum, Vol IV, nr 2 1951, bl 97).

74 Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 151.

75 D V Procter: Museums - Teachers, Students, Children (Museums and Monuments XV: Museums, Imagination and Education (Unesco), bl 23); Douglas A Allan: The Museum and its Functions (Museums and Monuments IX: The Organization of Museums (Unesco), bl 24); C Blok: Doolhof of Museum, bl 29.

76 Museum-memo, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Jaargang 4 nr 3, Mei 1976, bl 3; Museum-memo, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Jaargang 5 nr 1, Junie 1977, bl 1 - 4; Museum-memo, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Jaargang 5 nr 2, September 1977, bl 1; Lambert Smith: 'n Erfenis word Bewaar (Suid-Afrikaanse Panorama, September 1976, bl 20 - 25).

77 B Cronje: Pioniersopelugmuseum as Opvoedkundige Sentrum (Museum-memo, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Jaargang 4 nr 4, November 1976, bl 11).

78 S P Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van Afrika, bl 8; A D Pont: Nicolaas Jacobus van Warmelo (1835 - 1892), bl 57; P S Dreyer: Tipering van Afrikanerskap (Die Kultuur= ontplooiing van die Afrikaner (red P G Nel), bl 40 - 41); F Th Schonken: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen, bl 27 - 47.

79 Abel J Coetzee: Vorentoe in die Wapad'. (Die Brandwag, Vrydag 15 Mei 1942, bl 19); Abel J Coetzee: Met die Rooi Span (Die Brandwag, Vrydag 10 April 1942, bl 17); Abel J Coetzee: Die Grondbeginsels van Ossename (Die Brandwag, Vrydag 7 Augustus 1942, bl 21).

80 A A J van Niekerk: 'n Ossewa-volksrympie (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 31, 1, Februarie 1975, bl 29 - 30); Sien ook G H van Rooyen: Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk, bl 104 - 147.

81 E J Dijkman: Die Suid-Afrikaanse Kook-, Koek- en Resepteboek, bl 148, 144, 146 en 133; Sien ook S P E Boshoff: Beskouings en Feite, bl 104 - 108.

82 Alfred Kamphausen: Schleswig-Holsteinisches Freilichtmuseum, bl 25.

83 H H Frese: The Living Museum: Educational Work in the National Museum of Ethnology Leyden (Museum, Vol X, 1957 nr 4, bl 297 - 298).

84 B Cronje: Pioniersopelugmuseum as Opvoedkundige Sentrum (Museum-memo, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Jaargang 4 nr 4, November 1976, bl 11).

85 *Inligting verstrek deur mnr U S Küsel wat verantwoordelik was vir die oprigting van die Tsonga-kraal; Transvaalse Provinsiale Museum= diens: Tsonga-kraal, bl 1 - 8.*

86 U S Küsel: Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Jaarvergadering

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging in Durban, Mei 1977.

87 Willem Bilderdijk: Afscheid (De Dichtwerken van Bilderdijk, Deel Nege, bl 117).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

HOOFSTUK VI

BESLUIT

Om die ontwikkelingsgeskiedenis van die museum in die regte perspektief te sien, moet rekening gehou word met drie besondere aspekte in die lang voorgeskiedenis.

In die eerste plek ontstaan en groei musea uit versamelings wat deur die eeue tot stand gekom het. Dit is die gevolg van 'n byna koorsagtige versamelingsaktiwiteit van mense wat skatte van velerlei aard in huise, paleise, tempels en kerke byeenbring wat dan op 'n besondere tydstip in die geskiedenis van die mens vir 'n belangstellende publiek toeganklik gemaak is.

Dit blyk onmoontlik om 'n beginpunt in hierdie ontwikkelingsgeskiedenis aan te dui. Die eenvoudige rede daarvoor lê in die feit dat dit 'n wesens= kenmerk van die mens is om te versamel. Hierdie versamelingsdrang wat deur die eeue heen die mens vergesel het, is deur argeoloë blootgelê op elke plek waar eeue-oue beskawings en uitgestorwe kulture uit die aarde opgediep is. Dit is deur volkekundiges ook by primitiewe volke geïdentifiseer. Die neiging om voorwerpe te versamel, is dus 'n universele kenmerk van indiwidue en volkere. Dié versamelingsaktiwiteit bereik in die Klassieke beskawing van die Grieke en Romeine 'n besondere hoogtepunt. En in die Middeleeue is veral in kloosters uitgebreide versamelings gehuisves.

Die totaliteit en geheelbeeld van die ontwikkeling van die museumwese word egter versteur indien slegs die materialistiese aspek in die versameling van voorwerpe deur die eeue beklemtoon word. Dit is dan bloot die onvoltooide ontwikkelingsgeskiedenis van die museum as pakskuur en berg= plek van kosbare skatte.

'n Tweede aspek moet aangestip word. Tydens die Renaissance kom die benaming "museum" in gebruik. Daarmee word teruggegryp na die Griekse woord "mouseion", tempel van die Muse. In dié verband word dan in die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

besonder aan die Mouseion van Alexandrië gedink wat sedert die derde eeu v C bestaan het as instelling van besondere kulturele waarde. Hierdie inrigting was eintlik 'n akademie vir wetenskap en navorsing. Dit is juis hierdie aspek van studie en navorsing wat met die naamgewing op die museum oorgedra is. In die moderne museum sou hierdie aspek beklemtoon en as hoogste doelwit nagestreef word. Die Renaissance adem 'n gees wat getuig van 'n onversadigde drang na kennis van die mens en die wêreld waarin hy leef. En dit gee enersyds aanleiding tot 'n ongeëwenaarde versameling van kunsskatte uit die Antieke Oudheid en die eie tyd, en andersyds tot die verhoogde belangstelling in die natuurwetenskappe wat neerslag vind in die eindelose rariteitskabinette waarin natuurfratse en ander seldsame natuurvoorwerpe versamel word. Hier kon beroemde kunstenaars en weetgierige wetenskaplikes hul studie en navorsing verrig. Hier het ons dus die voorlopers van die natuurhistoriese en kunsmuseum wat in die agtiende eeu tot stand kom.

Daar is ook nog die derde aspek wat die mees essensiële kenmerk van die museum raak. Dit was veral teen die tweede helfte van die agtiende eeu die strewe van 'n beperkte kulturele elite om uitgebreide versamelings ook vir die publiek toeganklik te maak. Hierdie strewe wat daarop gemik was om harmonie te skep in 'n tyd van toenemende opstand en onvrede, is reeds in die era van Rome by Asinius Pollio en andere waarneembaar. In die daaropvolgende eeu sou paleisagtige geboue tot stand kom en ingerig word om die grootsheid van volke voor die wêreld uit te stal vir elke indiwidu om te besigtig.

Só groei die moderne museum deur die eeue tot veel meer as net 'n bewaarplek van skatte. Dit bied ook ruimte en geleentheid vir studie en navorsing aan elkeen wat dit wil betree om daar te ontspan, elke voorwerp te geniet en die kennis wat daar versamel is tot sy eie te maak.

In hierdie trotse tradisie deel die kultuurhistoriese en opelugmuseum.

Die kultuurhistoriese museum is duidelik 'n kultuurproduk van die negentiende eeu. Dié museum het sy ontstaan te danke aan die geestestroming wat bekend staan as die Romantiek. Dit word in die besonder gekoester en gevoed deur die ontwakende nasionalisme wat in die negentiende eeu steeds groei tot een van die vernaamste kragte wat die verloop van die geskiedenis ingrypend sou

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

In breë trekke het hierdie selfde ontwikkeling soos dit in Europa plaasgevind het, ook in Suid-Afrika verloop.

Tydens die Wetenskaplike Rewolusie wat in die sewentiende en agtiende eeu in Europa plaasvind, was Suid-Afrika juis één van die gebiede wat besondere belangstelling ontlok het vanweë die uitsonderlike rykdom van die land op natuurkundige en volkekundige gebied. As gevolg van die belangstelling in die natuurkundige rykdom vind 'n eensydige ontwikkeling van die natuurhistoriese museum in Suid-Afrika plaas. Die kultuurhistoriese museum in dié geweste het vir bykans drie eeue nie tot sy reg gekom nie. Dit geskied veral in die Koloniale Suide waar die Volkekunde en Argeologie in 'n toenemende mate aan die natuurwetenskaplike museum gekoppel word wat die beeld van 'n "algemene museum" vertoon. Dit bly 'n historiese feit dat die klein, byna onbenullige kultuurhistoriese afdelings in dié musea skreiend verwaarloos en afgeskeep is. Dit is 'n toestand wat in 'n groot mate tot vandag toe voortduur.

In die Republikeinse Noorde word 'n besliste wending in die loop van die geskiedenis opgemerk. Met die stigting van die Nasionale Museum in Bloemfontein en die Staatsmuseum in Pretoria word die kultuurhistoriese erfenis in 'n besondere mate beklemtoon. Die stigting van hierdie twee musea bly steeds een van die betekenisvolste kultuurmanifestasies van die ou Republieke. Die museum word as 'n besondere instituut erken wat nie alleen moet help om die volk bewus te maak van sy kosbare erfgoed nie, maar wat ook as opvoedkundige medium aangewend word in die opvoeding van sy jeug. Dit is 'n besondere visie wat in die Republieke aan die dag gelê word.

Na die onderwerping van die Republikeinse Noorde word dié twee Musea in 'n toenemende mate omskep in algemene musea waarin die klem onteenseglik verskuif na die natuurhistoriese versameling. Dit is een van die droewigste gebeurtenisse in die geskiedenis van die museumwese in Suid-Afrika. Dit gebeur juis in 'n era toe daar nog baie kultuurhistoriese materiaal uit die veelbewoë negentiende eeu geredelik bekombaar was, maar spoedig vir altyd verlore gegaan het.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Sedert 1948 is daar 'n besliste herwaardering van die kultuurhistoriese museum waarneembaar. Dit lei eerstens tot 'n wyd verspreide onrus oor die miskenning en verwaarlosing van die kulturele erfenis en die kultuurhistoriese museum, en vervolgens ook tot die stigting van 'n verbasende getal kultuurhistoriese musea dwarsdeur Suid-Afrika.

In hierdie nuwe gunstige klimaat ontkiem die begeerte om ook vir Suid-Afrika 'n opelugmuseum op te rig. Eers is dit die stem van enkele indiwidue wat gehoor word en dan vanaf 1954 die betekenisvolle oproep en poging van die Genootskap Oud-Pretoria. Hierdie poging lei skipbreuk hoofsaaklik vanweë die feit dat die kultuurhistoriese museum nog nie op daardie stadium sy rol ten volle in Suid-Afrika gespeel het nie. Sedert die laat vyftigerjare lewer die Transvaal-Museum ook sy bydrae om 'n wending in die ongunstige omstan= dighede te bring. Dit geskied veral nadat mev Kotie Roodt-Coetzee as vakkundige by dié Museum aangestel is. Oor baie jare heen het sy haar nie slegs beywer om die lot van die kultuurhistoriese versameling te verbeter nie maar het sy ook die stryd aangeknoop om 'n doeltreffende kultuurhistoriese museumgebou en ook 'n opelugmuseum vir Suid-Afrika op te rig. Die prestasies wat die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum onder haar leiding gelewer het, is sonder weerga in die geskiedenis van die museumwese in ons land. Met die oprigting van die Pioniersopelugmuseum in Silverton en die stigting van die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum in die Rayton-distrik het hierdie Museum 'n besondere bydrae gelewer om die algemene publiek en owerheidsliggame gunstiger te stem jeens die opelugmuseum-fenomeen wat ongelukkig nog nie ten volle tot sy reg gekom het nie.

Nieteenstaande die sukses wat reeds in Pretoria en elders in die land behaal is, moet dit egter betreur word dat ons Nasionale Opelugmuseum, na 'n stryd van 25 jaar, nog nie tot stand gekom het nie. Hierdie vertraging het ongetwyfeld groot en onherstelbare skade meegebring: 'n groot kultuurhistoriese erfenis is reeds verlore. Kultuurhistorici, museumkundiges en veral die amptenaar-burokrasie wat ingrypende besluite neem, moet rekenskap gee van hul versuim, laksheid en dikwels ook weergalose onkunde wat gelei het tot hierdie kulturele verlies vir die volk.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Dit is juis hierdie toedrag van sake wat my noop om sekere opmerkings te maak en dringende pleidooie te lewer wat die huidige stand van sake ten opsigte van die museumwese in die algemeen en die opelugmuseum in die besonder raak.

Die dringendste ontwikkeling wat tans bewerkstellig moet word in die Suid-Afrikaanse museumwese is die instelling van 'n betekenisvolle "Adviesraad vir Museums". So 'n Raad moet onder andere die bevoegdheid hê om die betrokke Minister te adviseer oor 'n groot verskeidenheid sake wat die toekoms en ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika ingrypend sal raak. Daarom moet in die eerste plek daarop aangedring word dat dit 'n Raad sal wees wat uit kundige persone bestaan. Enkele van die sake waaraan aandag gegee moet word, is die volgende:

a Die koördinering van 'n versamelingsbeleid vir al die musea van Suid-Afrika wat sal getuig van die hoogste etiese norme wat in die museumwese van enige land gehandhaaf word. Dit is tog onnodig dat daar in 'n land soos Suid-Afrika met sy ryke verskeidenheid kultuurgoedere enige vorm van kompetisie, naywer en selfs stryd tussen verskillende musea moet bestaan. Indien daar in dié verband gewerk kan word in die rigting van 'n tema- en terreinafbakening kan dit alleen maar voordele inhou.

b Die koördinering van 'n navorsingsprogram om die landwye stand van sake te bepaal ten opsigte van die kultuurhistoriese erfenis wat bewaar moet word. Dit hou onder andere in die lysting van bewarings-waardighede. 'n Soortgelyke projek wat deur die Stigting Simon van der Stel en die Bewaringskomitee van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte onderneem is, het reeds uitstekende resultate opgelewer. Die taak ten opsigte van so 'n projek moet egter nog omskryf word.

c Hierdie navorsing moet dan aangewend word om 'n nasionale strategie te bepaal ten opsigte van die benutting van bestaande kultuurhistoriese musea en die stigting van nuwes waar die behoefte bestaan. Dit is egter dringend noodsaaklik om die beplanning van die totstandkoming van opelugmusea in Suid-Afrika te reël. Dit is immers 'n uiters ongewenste situasie om maar toe te laat dat elke kultuurhistoriese

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

museum opelugmusea oprig oral waar skenkings van onder andere grond en ander besittings ontvang word, sonder om noukeurig rekening te hou met die nasionale behoefte.

d Die algemene navorsing van kultuurhistoriese musea in Suid-Afrika laat veel te wense oor. Die situasie verg 'n dringende koördinering van navorsingsprogramme. Sommige navorsingsprogramme kan weens die omvang daarvan baie duur wees en daarom moet metodes bedink word om duplisering te voorkom. Verder moet navorsing beskikbaar gestel word aan ander musea en veral toeganklik wees vir studente. Die navorsing in musea moet ook gekoördineer word met dié wat deur onder andere die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en verskillende departemente aan universiteite onderneem word.

e Die Adviesraad moet dringend aandag skenk aan die akademiese opleiding van museoloë. Dit geld ook die opleiding van tegnici. Die onrusbarende gebrek aan opgeleide museumpersoneel, veral in die kultuurhistoriese museum, onderstrreep reeds die dringendheid van dié saak. Die powere uitstallings in baie musea en die gebrek aan betekenisvolle navorsing is sommige van die vrugte wat deur hierdie ongewenste situasie afgewerp word. Die instelling van 'n nagraadse diplomakursus in Museumkunde aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch is reeds 'n ligpunt. Dit is ook verblydend om te merk dat die Provinsiale Museumdiens van Transvaal al hoe meer konferensies hou waar die personeel betekenisvolle opleiding ontvang. Verder is dit 'n baie goeie teken dat die Suider-Afrikaanse Museumvereniging 'n positiewe houding ten opsigte van universiteitsopleiding ingeneem het en hul lede aanmoedig om die kursusse te volg. Dit is egter dringend noodsaaklik dat 'n Adviesraad ook 'n stelsel sal aanbeveel wat daarvoor voorsiening maak dat museumkundiges van elke museum in Suid-Afrika wat vir die kursus kwalifiseer, in die posisie gestel word om daarvoor in te skryf. Op die oomblik kan dit alleen geskied indien 'n voornemende student bereid is om aansienlike persoonlike finansiële verlies te ly. Dit is in die belang van die museumwese in Suid-Afrika dat hierdie saak reggestel moet word. Verder sal die nodige finansiële middele ook gevind moet word om universiteits= studente aan te moedig om 'n beroep in die museum te volg. Dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

geld veral manstudente vir kultuurhistoriese musea. Van universiteite kan ook verwag word om meer doelgerigte kursusse aan te bied wat in hierdie besondere behoefte voorsien.

'n Tweede ontwikkeling wat in die Suid-Afrikaanse museumwese aansporing verdien, is die volledige selfstandigwording van kultuurhistoriese musea. Daar is 'n goeie saak uit te maak vir die beëindiging van die meeste van die groter "algemene musea" in Suid-Afrika. Die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak het voldoende aangetoon waarom die onbevredigende situasie waarin kultuur= historiese afdelings in sulke musea hul bevind, nie langer geduld kan word nie. Ek vereenselwig my volkome met hierdie aanbeveling.

'n Derde ontwikkeling wat onvermydelik moet volg, is die selfstandigwording van volkekundige en argeologiese versamelings. Tans is dit 'n verwarrende situasie in die museumwese van Suid-Afrika. In die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad, maak dié afdelings deel uit van die natuurhistoriese museum. Soos reeds aangedui, is dit hoofsaaklik toe te skryf aan die historiese ontwikkelings in dié geweste. In die Nasionale Museum, Bloemfontein, vorm dit deel van 'n algemene museum. In Pretoria maak volkekunde en argeologie deel uit van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Nie een van dié situasies is werklik bevredigend nie. Dit lyk wel na 'n uitgemaakte saak dat die twee dissiplines nie van mekaar geskei moet word nie, maar dit lyk tog net so logies dat Suid-Afrika 'n Nasionale Museum vir Volkekunde en Argeologie moet kry. So 'n museum sal nie alleen 'n belangrike bydrae kan lewer in die kulturele ontwikkeling en begrip van die tuislande nie maar ook 'n belangrike rol kan vervul met navorsing wat nog gedoen moet word.

Wat die Opelugmuseum betref, moet die volgende gestel word:

Dit is duidelik nog nie 'n uitgemaakte saak dat die onderhandelinge tussen die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum en die Stadsraad van Pretoria om 'n geskikte terrein te bekom, tot 'n einde gevoer gaan word nie. Dit moet werklik betreur word dat die Stadsraad van Pretoria soveel ag geslaan het op die petisies wat ontvang is teen die skenking van die terrein te Faerie Glen by Renosterkop oos van Pretoria en as gevolg daarvan die skenking herroep het. Daarmee is nóg 'n belowende geleentheid om te

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

begin met die oprigting van die Museum nou verlore. Dit is egter verblydend dat die onderhandelinge vir die beoogde grond by die Wolfaardt-plaas, ongeveer veertien km ten ooste van die middestad van Pretoria, goed vorder. Die vorige onderhandeling het egter één negatiewe aspek na vore gebring wat 'n ingrypende besluit tot gevolg gehad het. Die Stadsraad van Pretoria was van mening dat dit nie wenslik sou wees om 'n groot Kultuurmuseumgebou op die terrein te Faerie Glen op te rig nie omdat daar onder andere gemeen is dat dit die natuurlike omgewing mag skaad. Op grond van hierdie beswaar het die Museumraad toe besluit om die Museumgebou te skei van die Opelug= museum en die gebou te Schanskop op te rig. Soos reeds aangetoon het die Museumraad deur die jare die beginsel gehandhaaf dat die Kultuurhistoriese Museum en Opelugmuseum as 'n eenheid beplan en opgerig moet word. Hierdie besluit om die beginsel te laat vaar, is dus geneem op grond van die praktiese situasie wat ontstaan het met die Faerie Glen-terrein. Dit wil nou egter voorkom of die Museumraad nie die skeidingsbesluit gaan herroep met die oog op die nuwe terrein waaroor tans onderhandel word nie.

Hierdie toedrag van sake vind ek baie jammer, want afgesien van die praktiese ongerief en betekenisvolle finansiële implikasies wat dit inhou, sal dit ongetwyfeld die wetenskaplike waarde van die Opelugmuseum nadelig beïnvloed. Navorsing, veral ten opsigte van die opelugmuseum in Europa, toon duidelik dat die fenomeen opelugmuseum sekere leemtes vertoon en mank gaan aan inherente tekortkomings. Die opelugmuseum het inderdaad die ondersteunende bydrae van 'n konvensionele kultuurhistoriese museum nodig om 'n waardige spieëlbeeld van 'n kultuurgeskiedenis te vertoon. Daarom mag die eenheid nie geskaad word nie. Daar word tans geredeneer dat die Kultuurhistoriese Museum groter aftrek sal kry in die omgewing van die Voortrekkermonument en die Militêre Museum. Dit moet egter onthou word dat geen kulturele inrigting van watter aard ook al, meer besoekers lok as juis die opelugmuseum nie. As 'n waardige kultuurhistoriese museum in die onmiddellike omgewing daarvan opgerig word, sal dit ongetwyfeld met al die kulturele aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan, 'n magtige aantrekkingskrag bied vir besoekers van oral. So 'n kulturele kompleks sal eenvoudig nie afhanklik wees van ander besienswaardighede nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Afgesien van die vakkundige argument waarna reeds verwys is, is die praktiese situasie van deurslaggewende belang. Die Nasionale Kultuur= historiese en Opelugmuseum het die magtige opdrag om in die volgende dekade nie slegs 'n Kultuurmuseumgebou op te rig nie maar ook 'n Nasionale Opelugmuseum wat moontlik uit ongeveer vyftig geboue gaan bestaan. Hierdie Museum is aangewys op dieselfde Direkteur en personeel. Dit is dieselfde vakkundiges wat met dieselfde versameling tot hul beskikking, uitstallings in beide die Kultuurhistoriese Museum en die Opelugmuseum moet oprig wat ongeveer vyftien kilometer van mekaar verwyder is. As verder in berekening gebring word dat daar wel uitstallokale by die Opelugmuseum opgerig moet word indien die Kultuurmuseum elders gebou word, sal dit ongetwyfeld die moeite loon indien die Museumraad die huidige besluit in heroorweging neem.

Maar dis nie al wat heroorweeg moet word nie.

Ernstige bedenkinge is reeds uitgespreek oor die huidige uitgangspunt dat die Museum 'n "nasionale" opelugmuseum moet wees. Dit kan wees dat daar in die nuwe omstandighede wat oor 'n tydperk van 25 jaar ontwikkel het, meriete steek in die oorweging van ander moontlikhede. So 'n heroorweging in die huidige situasie kan in elk geval geen kwaad doen nie en minstens twee besliste voordele inhou.

Eerstens kan die kultuurhistorici en museumkundiges van Suid-Afrika die geleentheid benut om hulle op hoogte te stel van die wetenskaplike ont= wikkeling die afgelope eeu op die terrein van die opelugmuseum in die internasionale museumwese. Ek kon geen bewyse vind dat daar die afgelope 25 jaar so 'n vakkundige werksgroep was wat in dié verband menings gewissel het nie. En dit raak nie slegs die oprigting van 'n opelugmuseum en die museale inkleding daarvan nie maar ook sulke dringende en kwellende vrae soos: Watter vakkundiges gaan die Museum bou? En wie gaan hierdie vakkundiges oplei? Dit mag ontstellend wees, maar dit is tog 'n feit dat daar op die huidige oomblik nie genoeg opgeleide vakkundiges is wat hierdie taak kan verrig nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Tweedens kan dit tog sinvol wees om so 'n gesprek aan die gang te kry bloot om 'n groot getal medestryders wat oor die afgelope 25 jaar "afvallig" geword het weer te inspireer om die stryd voort te sit. Indien 'n heroorweging ter sake word, sou dit dus 'n goeie gedagte wees om 'n simposium te reël waarby kundiges uit verskillende dissiplines vanoor die hele land betrek kan word om die huidige beplanning aan wetenskaplike eise te toets. Dit sou ook 'n uitstekende geleentheid wees om owerheidsliggame wat die belangrike besluite neem, te betrek sodat hulle ook kan kennis neem van die wetenskaplike eise wat aan so 'n museum gestel word. Dan is daar ook die nyweraars wat betrokke is vanweë die aansienlike finansiële steun wat reeds gebied is en in die toekoms nog gebied sal moet word. Ook hulle sal beslis by so 'n bespreking baat. Dit mag 'n nuwe stimulus bied wat op hierdie stadium uiters nodig is.

Ten slotte moet die illusie laat vaar word dat die taak afgehandel sal wees as die Nasionale Opelugmuseum in Suid-Afrika uiteindelik tot stand kom. Dit moet nou duidelik wees dat dit 'n vergissing is om te meen dat die kultuurgeskiedenis van al die volke van Suid-Afrika in één museum verbeeld kan word. Al sou 'n opelugmuseum ondersteun word deur 'n kultuurhistoriese museum en toegerus wees met die voortreflikste opvoedkundige en navorsings= diens bly dit eenvoudig nie moontlik om 'n volledige spieëlbeeld van so 'n omvang te projekteer nie. Dit sal wel moontlik wees as hierdie uiters waardevolle museum-fenomeen dwarsdeur Suid-Afrika sy beslag kry. Maar selfs dan sal eers 'n noukeurige studie gemaak moet word wat gepaard gaan met noukeurige beplanning en 'n nasionale strategie.

Die opelugmuseum-fenomeen mag egter nie ingeperk word deur krampagtig vas te hou aan die stereotiepe oorplasing van geboue en ander strukture na 'n geskikte terrein nie. Dit is slegs één van die metodes wat aangewend kan word. Die besef moet ook deurdring dat die mees gewenste resultate verkry word wanneer die opelugmuseum tot stand kom dáár waar die geboue op die oorspronklike plek van oprigting bewaar en behou word. Hierin het onder andere die Transvaalse Museumdiens 'n besondere voorbeeld gestel met die bewaringsprojek te Pelgrimsrus. Indien die huidige beplanning om ook in Barberton 'n opelugmuseum te ontwikkel, slaag, sal dit 'n pragtige voorbeeld wees van hoe 'n kultuurgeskiedenis van 'n besondere streek verbeeld kan word. Sulke moontlikhede is in Suid-Afrika onbeperk. Nog

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

twee voorbeelde kan hier genoem word.

Eerstens is daar die moontlikheid van die herskepping van die noordelike diamantvelde in Wes-Transvaal uit die era toe name van plekke soos Kameelkuil, Blesbok, Rooikraal, Bloemfhof, Diewedraai, Syferfontein, Rysmierbult en Bakerville drome van die groot diamant in die gruis gewek het en in die meeste gevalle slegs trane van wanhoop en teleurstelling gebaar het.

Die tweede historiese streek wat 'n skitterende moontlikheid bied om 'n opelugmuseum tot stand te bring op die oorspronklike plek waar die geboue opgerig is, is Daljosafat. Die skrywer, W A de Klerk, het by 'n geleentheid van Daljosafat gesê dat dié streek kultuurhistories gesproke die belangrikste stukkie Afrikaanse aarde is waarvan hy weet. En tog is dié moontlikheid nog nie ontgin nie. Hierdie gebied leen hom by uitnemendheid vir 'n "netwerk"-museum of kultuurroete soos dit tans in die ou industriële gebiede van Engeland opgerig word. Besoekers ry in dié streek van gebou na gebou op 'n roete om al die monumente wat op die plek van oprigting gerestoureer is, te besigtig. 'n Uitstekende metode om die spieëlbeeld van die kultuurgeskiedenis van die betrokke streek aan belangstellendes voor te hou. Daljosafat bied juis so 'n geleentheid om 'n onvervangbare erfenis in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, waar die wortels van sy taal en die ontwaking van 'n Afrikaanse nasionale bewussyn lê, vir 'n nageslag lewend te hou en te verbeeld.

Die moontlikhede is inderdaad legio. Al wat nodig is, is 'n vasberade wil en 'n onblusbare ywer van kundige mense om hierdie grootse ideaal te ver= wesenlik.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

SAMEVATTING

Die opelugmuseum is en bly 'n museum. Daarom maak dit onteenseglik deel uit van die ontwikkelingsgeskiedenis van die museumwese. Trouens, die unieke karakter van dié museumtipe kan nouliks begryp word as dit nie teen die agtergrond van die algemene museumgeskiedenis gesien word nie. Maar die opelugmuseum is ook duidelik 'n kultuurproduk van die negentiende eeu. Dit het sy ontstaan te danke aan die geestestroming wat as die Romantiek bekend staan. Dit word verder gevoed deur die ontwakende nasionalisme wat in die negentiende eeu groei tot een van die vernaamste kragte wat die verloop van die geskiedenis bepaal. Terwyl kultuurhistoriese musea dwarsdeur Europa ywerig manifestasies van die "opperkultuur" versamel - skilderye en beeldhouwerke, pragvoorbeelde van die nywerheidskuns en historiese relikwieë - groei daar ook 'n belangstelling vir die alledaagse. Nederige huisraad, gebruiksvoorwerpe, ambagsgereedskap en selfs nederige boerewonings en bedryfsgeboue kry net soveel aandag as die Gotiese katedrale en antieke tempels. Hierdie nuwe belangstellingsveld kan nie binne die mure van 'n konvensionele museum bevredig word nie. Dit wat as "Spiegel vergangenen Lebens, Arbeitens und Könnens" moet fungeer, word in die opelug in parke opgerig.

Dit bring dus nie slegs 'n onverwagte wending in die geskiedenis van die museumwese nie, maar verteenwoordig ook een van die mees dinamiese ontwikkelinge die afgelope eeu in die internasionale museumwese.

Dit bly 'n merkwaardige feit dat, nieteenstaande baie gunstige faktore, Suid-Afrika teen die einde van 1978 nog nie sy eie nasionale opelugmuseum opgerig het nie. Die rede vir hierdie droewige feit lê hoofsaaklik in die historiese ontwikkelingsgeskiedenis van die museumwese hier te lande. Suid-Afrika kry eers in 1964 sy eerste nasionale kultuurhistoriese museum. Dit bly verder 'n skokkende feit dat die eerste opgeleide kultuurhistorikus nie lank vóór hierdie datum aangestel word nie. Hierdie verontagsaming van die kultuurhistoriese erfenis van Suid-Afrika het daartoe gelei dat die kultuurhistoriese museum op 'n betreklik laat stadium 'n beduidende rol speel om die droom van 'n eie opelugmuseum te verwesenlik. En dit beteken 'n stryd wat reeds die afgelope

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

25 jaar gevoer word. En terwyl hierdie stryd gevoer word, gaan daar daagliks kosbare kultuurskatte onherroeplik verlore.

Alhoewel die nasionale opelugmuseum nog nie opgerig is nie het die opelugmuseum-fenomeen tog in 'n beperkte maar dan ook 'n belangrike mate inslag gevind. Daarvan getuig onder andere die Pioniersopelugmuseum, die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum, die Tsonga-kraal, die restourasieprojek te Pelgrimsrus en die Breederiviervallei-plaasmuseum. Die moontlikhede is inderdaad onuit-putlik. Al wat nodig is, is 'n vasberade wil en 'n onblusbare ywer van kundige mense om hierdie unieke en grootse ideaal te verwesenlik.

In die proefskrif word onder andere die volgende bepleit:

1 'n Adviesraad vir museums moet ingestel word om 'n versamelingsbeleid vir musea in Suid-Afrika te koördineer; om 'n landswye navorsingsprogram te koördineer ten einde prioriteite te bepaal in die bewaring van die kultuurhistoriese erfenis; om navorsing van kultuurhistoriese musea wat veel te wense oorlaat, te stimuleer; en om dringende aandag te skenk aan die akademiese opleiding van museoloë.
2 Die volledige selfstandigwording van kultuurhistoriese musea.
3 Die selfstandigwording van Volkekundige en Argeologiese versamelings.
4 Die fenomeen opelugmuseum moet dwarsdeur Suid-Afrika op 'n streekbasis beslag kry.
5 Die wenslikheid van 'n "nasionale" opelugmuseum in Pretoria moet in heroorweging geneem word ten gunste van streekopelugmuseums wat nie alleen prakties meer uitvoerbaar is nie maar ook wetenskaplik meer gewens.
6 Indien die besluit om 'n nasionale opelugmuseum vir Suid-Afrika op te rig nie herroep kan word nie, moet onverwyld afgesien word van die plan om die nuwe kultuurhistoriese museum nie op dieselfde terrein as die opelug-museum op te rig nie.
7 Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria moet die inisiatief neem om 'n wetenskaplike werkgemeenskap in die lewe te roep wat aandag sal gee aan die beplanning en oprigting van die Opelugmuseum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

SUMMARY

The open-air museum is first and foremost a museum. It is, therefore, unquestionably integral to the historical evolution of the overall museum phenomenon. Indeed, the unique character of this type of museum can scarcely be comprehended unless viewed against the background of the general history of museums. The open-air museum is, however, also un= mistakably a product of nineteenth century culture. It originated in the cultural trend known as Romanticism. And was further nourished by the emergent nationalism which grew during the nineteenth century into one of the most important forces determining the subsequent course of history. While cultural history museums across Europe eagerly collected manifestations of the "supreme culture" - paintings and sculptures, exquisite examples of industrial art, and historical relics - there was also increasing interest in everyday objects. Humble furniture, utensils, tools of the trade, and even humble farm dwellings and cottage industries were accorded as much attention as Gothic cathedrals and antique temples. This new field of interest could not be satisfied within the confines of conventional museums. What were to function as "Spiegel vergangenen Lebens, Arbeitens und Könnens" were erected in the open in parks.

This not only initiated an unexpected turn in the evolution of museums, but also foreshadowed one of the most dynamic developments in the museum field internationally over the past century.

It remains a remarkable fact that, despite the many favourable factors, at the end of 1978 South Africa still had to erect its first national open-air museum. The reason for this distressing fact lies mainly in the history of the development of museums in this country. South Africa got its first national cultural history museum only in 1964. And the shocking truth is that the first trained cultural-historian was appointed only shortly before this date. This negation of our cultural historical inheritance has resulted in the cultural history museum beginning only at a relatively late stage to play a significant role in realising the dream of an open-air museum of our own. Which is a battle that has been waged for the past 25 years. And while this battle continues, irreplacable cultural treasures are being lost daily.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Although the national open-air museum still has to be erected, the concept of open-air museums has gained acceptance on a limited, yet significant scale. The Pioneer Open-air Museum, the Willem Prinsloo Open-air Agricultural Museum, The Tsongo Kraal, the restoration project at Pilgrim's Rest and the Breede River Valley Farm Museum, among others, bear testimony to this. The possibilities are indeed limitless. All that is needed to make this unique and great ideal come true, are people with the expertise, the will and the drive.

This thesis pleads, inter alia, for:

1. The establishment of an Advisory Council for museums to co-ordinate a collection policy in South Africa; to co-ordinate a country-wide research programme in order to determine priorities in the preservation of the cultural-historical heritage; to stimulate research (which leaves much to be desired) at cultural history museums; and to pay urgent attention to the academic training of museologists.
2. Complete autonomy for cultural history museums.
3. Autonomy for Anthropological and Archaeological collections.
4. Open-air museums to be set up on a regional basis throughout South Africa.
5. The desirability of a "national" open-air museum in Pretoria to be reconsidered in favour of regional open-air museums which are not only more feasible, but also more desirable from a scientific point of view.
6. If the decision to establish an open-air museum for South Africa cannot be reversed, then the plan not to build the new museum for cultural history on the same site as the open-air museum is to be revoked.
7. The National Cultural History and Open-air Museum in Pretoria to take the initiative in creating a scientific study group to attend to the planning and erection of the Open-air Museum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

A TRANSVAALSE STAATSARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

i Amptelike publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek

ZAR Band 1 - 22 : Volksraadnotules, Aug 1884 - Sept 1899.

ZAR Band 24 : Besluite van die Uitvoerende Raad, Jan 1886 - Jul 1899.

ZAR Band 49 - 83 : Staatskoerante, 7 Jan 1873 - Aug 1900.

ZAR Band 120 : Onderwys. Jaarverslae van die Superintendent van Onderwys, 1883 - 1898.

ZAR Band 141 : Publieke Werke. Jaarverslae en Diverse, 1890 - 1898.

ZAR Band 177 - 184 : Staatsalmanakke, 1892 - 1899.

Onderwysdepartement :

Band 119 - 129 : Skoolverslae, 1876 - 1893.

Band 312 : Notuleboek Curatorium Staatsgymnasium en Staatmodelskool, 1898 - 1899.

Band 315 : Brieweboek Voorsitter Curatorium Staatsgymnasium en Staatsmuseum, 1893.

Band 438 : Staatsmuseum Korrespondensie, 1893 - 1895.

Band 439 : Staatsbiblioteek, 1888 - 1894.

ii Joubert-versameling: Tentoonstellings.

iii Leyds-argief: Band 907 - 912 Deel I - IV.

iv Genootskap Oud-Pretoria A 1266

Band I/1/1 - I/1/24: Korrespondensie, 1948 - 1971.

Band I/2/1: Korrespondensie, ongedateer.

Band I/3/1: Korrespondensie, 1948 - 1967.

Band I/3/2: Korrespondensie, 1948 - 1967.

Band 3/3/1 - 3/3/7: Kantoorstukke, 1966.

v Genootskap Oud-Pretoria, A 1266 Bylaag E

Band 1 - 6: Bras Perreira-versameling, 1846 - 1932.

vi Mikrofilm: VS (De Volkstem) Rol 1 - 31, 8 Aug 1873 - 30 Des 1910.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

B ARGIEF VAN DIE NASIONALE KULTUURHISTORIESE EN OPELUGMUSEUM

Opelugmuseum en Transvaal-Museum en Genootskap Oud-Pretoria: 1955, 1958, 1962.

Opelugmuseum Korrespondensie, 1958 - 1964: TM/OM 1.

Opelugmuseum-terrein en Los Geboue: NKO 66/1, NKO 67/1, NKO 68/1, 69/1, NKO 70/1 (1), NKO 71/1 (1).

Finansies Opelugmuseum-terrein en Hoofgebou: NKO 72/1(1).

Opelugmuseum-terrein en Nuwe Geboue: NKO (1) 73/1, NKO 74/1 (1), NKO 75/1 (1), NKO 76/1, NKO (1) 77/1, NKO (1) 78/1.

Opelugmuseum Historiese Huise: NKO 74/1(2), NKO 73/1(2), NKO 72/1(2).

Huis Strubenstraat 214: NKO 73/1(3).

Noormansmeul: NKO 74/1(2).

Huisbou: NKO 70/2(2), 70/1(2).

Voortrekkermonumentmuseum: 1953 - 1964.

Geskiedenis en Voortrekkermonumentmuseum: Verslae, 1967 - 1970.

Pioniershuis, Silvertonprojek: NKS 66/1 - 71/1.

Pioniershuis, Silverton: NKS 72/1 - NKPS 77/1.

Willem Prinsloo-landboumuseum, Rayton: NKLM 76/1 - NKLM 77/1.

Notules van die Kultuurhistoriese Komitee van die Transvaal-Museum, 26 Sept 1963 - 1 Mei 1964.

Notules van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, 27 Aug 1964 - 1978.

Jaarverslae van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, 1964 - 1977.

Beplanning van die Nasionale Opelugmuseum, Pretoria, deur Holm, Beyers en Holm, argitekte Pretoria, voorgelê aan die Stadsraad van Pretoria deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

C DIE ARGIEF VAN DIE TRANSVAAL-MUSEUM, PRETORIA

Korrespondensie en Jaarverslae, 1900 - 1910.

Korrespondensie en Jaarverslae, 1910 - 1920.

Korrespondensie en Jaarverslae, 1920 - 1960.

Notules van die Raad van die Transvaal-Museum, 10 Febr 1956 - 28 Mei 1962.

Notules van die Historiese Subkomitee van die Transvaal-Museum, 9 Mei 1956 - 20 Sept 1962.

TM: "Ou Lêers Weggepak", nrs 170, 312, 207, 234.

Toesprake, Werkstukke en Korrespondensie van dr J W B Gunning.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

D NASIONALE MUSEUMARGIEF, BLOEMFONTEIN

Notules, Korrespondensie en Verslae, 20 Jul 1877 - 26 Des 1884.

E ARGIEF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MUSEUM, KAAPSTAD

Z. 29 Obituary.

Report of the Trustees of the South African Museum, 1855 - 1873.

Report of the Trustees of the South African Museum, 1959 - 1970.

Verslag van die Albanie-Museum, Grahamstad, 1960 - 1966.

F SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK, AFRICANA, KAAPSTAD

South African Manuscripts. Ongepubliseerde manuskrip van K H Barnard: 1955 Centenary of the South African Museum.

G KAAPSE STAATSARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD

C 488: Particuliere Brieven van en aan de Gouverneurs, 1747 - 1776.

C 703: Instructien 1747 - 1764.

C 704: Instructien 1775 - 1782.

C 705: Instructien 1783 - 1786.

C 706: Instructien 1787 - 1791.

Kaapsche Stadscourant en Africaansche Berigter, 1811 - 1825.

H HET NEDERLANDS OPENLUCHTMUSEUM, ARNHEM

Jaarverslae, Vakkundige Verslae en Navorsing Museumgeboue en Terrein.

I HET VLAAMSE OPENLUCHTMUSEUM, BOKRIJK

Jaarverslae, Vakkundige Verslae en Navorsing Museumgeboue, Fotoargief en Terrein.

J ZUIDERZEEMUSEUM, ENKHUIZEN

Jaarverslae, Vakkundige Verslae en Navorsing Museumgeboue en Terrein.

Verslag: Vereniging Vriende van het Zuiderzeemuseum, 1956 - 1971.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

II LETTERKUNDIGE BRONNE

Backhouse, James: A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa. Londen, 1844.

Baines, Thomas: Journal of Residence in Africa 1842 - 1853 (red R F Kennedy, Van Riebeeckvereniging, nr 42, 1961 en nr 45, 1964).

Bezuidenhout, C P: De Geschiedenis van het Afrikaansche Geslacht van 1688 tot 1882. Bloemfontein, 1883.

Burchell, W J: Travels in the Interior of Southern Africa. Londen, 1822.

Cachet, F Lion: De Worstelstrijd der Transvalers. Amsterdam, 1884.

Du Toit, S J: Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk. Paarl, 1877.

Hofstede, H J: Geschiedenis van den Oranje-Vrystaat. Den Haag, 1876.

Horatius: Epistolae (red A S Wilkins: The Epistles of Horace. Londen, 1913).

Jorissen, E J P: Transvaalsche Herinneringen 1876 - 1896. Amsterdam, 1897.

Kirby, P R (red): Diary of Andrew Smith (12.8.1834 - 9.1.1836) (Van Riebeeckvereniging, nr 21, 1939 en nr 22, 1940).

Kolbe, Peter: Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop. Twee Dele. Amsterdam, 1727.

Lichtenstein, Henry: Travels in Southern Africa I (vertaling A Plumptre, Van Riebeeckvereniging, nr 10, 1928).

Lichtenstein, Henry: Travels in Southern Africa II (vertaling A Plumptre, Van Riebeeckvereniging, nr 11, 1930).

Lye, William F: Andrew Smith's Journal of his Expedition into the Interior of South Africa 1834 - 1836. Kaapstad, 1975.

Meyroos, A: Beknopte Beschryving van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht. Dordrecht, onged.

Nieuhof, Johan: Gedenkweerdige Brasiliaense Zee en Lant Reize na en door Oostindien. Amsterdam, 1682.

Pausanias: Description of Greece (The Loeb Classical Library met 'n vertaling van W H S Jones. Vier Dele).

Plinius: Historia Naturalis (Rackham, H: Pliny Natural History).

Preller, G S: Voortrekkermense IV. Kaapstad, 1925.

Robinson, A M L (red): The Letters of Lady Anne Barnard to Hendry Dundas. Kaapstad, 1973.

Roorda Smit, J A: Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren. Utrecht, 1881.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Schouten, Wouter: Oost-Indische Voyagie. Amsterdam, 1676.

Shaw, William: The Story of my Mission in South Eastern Africa. Londen, 1872.

Smith, Andrew: A Descriptive Catalogue of the South African Museum. Kaapstad, 1826.

Sparrman, A: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de Landen van den Zuid Pool en rondom de Wereld; doch voornaamlijk in de Landen der Hottentotten en Kafferen, in de jaaren 1772 tot 1776 gedaan. Leiden, 1787.

Spoelstra, C: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Drie Dele. Kaapstad, 1906.

Steedman, Andrew: Wanderings and Adventures in the Interior of Southern Africa. Londen, 1835.

Stuart, J: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republieken in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1854.

Teenstra, M D: De Vruchten Mijner Werkzaamheden, Gedurende Mijne Reize, Over de Kaap de Goede Hoop, Naar Java, en Terug, Over St. Helena, Naar de Nederlanden (red F C J Bosman. Van Riebeeckvereniging, 1943).

Thunberg, C P: Travels in Europe, Africa and Asia made between the years 1770 and 1779. Londen, 1795.

Valentyn, Francois: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende (red Serton en Raidt, Deel I, Tweede Reeks nr 2, Van Riebeeckvereniging, Kaapstad, 1971).

Vogel, Johann Wilhelm: Ost-Indianische Reise-Beschreibung. Altenburg, 1716.

Von Weber, Ernst: Vier Jahre in Afrika. Leipzig, 1878.

Welbach, J D en Du Plessis, C N J: Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog. Kaapstad, 1882.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

III LITERATUUR

Andreae, S J Fockema: Geschiedenis der Kartografie van Nederland van den Romeinschen Tijd tot het Midden der 19de eeuw. 's-Gravenhage, 1947.

Auger, Hugh A: Trade Fairs and Exhibitions. Londen, 1967.

Bakhuizen van den Brink, J N en Lindeboom, J (red): Handboek der Kerkgeschiedenis. Den Haag, 1965.

Barnard, C J: Robert Jacob Gordon se Loopbaan aan die Kaap. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, Deel I).

Barnard, F M: Herder's Social and Political Thought. Oxford, 1965.

Barnes, Harry Elmer: A History of Historical Writing. New York, 1963.

Bax, D: Zuid-Afrika's Eerste Openbare Verzameling op het gebied van Kunst en Etnologie 1764 - 1821 (Verhandelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Afd Letterkunde. Nieuwe Reeks, Deel 75 nr 3).

Baxi, Smita J en Dwivedi, Vinod P: Modern Museum. Nieu-Delhi, 1973.

Bazin, Germain: The Museum Age. Brussel, 1967.

Berve, Helmut en Gruben, G: Greek Tempels, Theatres and Shrines. New York, onged.

Blok, C: Doolhof of Museum. Bussum, 1965.

Blöte-Obbes, M C: De Geurende Kruidhof. Utrecht, 1941.

Böök, Fredrjk: Artur Hazelius. Stockholm, 1923.

Boonenburg, K: De Windmolens. Amsterdam, 1949.

Boshoff, S P E: Beskouinge en Feite. Pretoria, 1936.

Bosscher, Ph M e a: Het Hart van Nederland. Utrecht, 1973.

Botha, M C: Die Huldejaar 1949. Johannesburg, 1952.

Bott, G: Das Museum der Zukunft. Schauberg, 1970.

Boulton, W H: The Romance of the British Museum. Londen, onged.

Bratton, F Gladstone: A History of Egyptian Archaeology. Londen, 1967.

Breunig, Charles: The Age of Revolution and Reaction 1789 - 1850. Londen, 1971.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Brugmans, H: De Middeleeuwen. Amsterdam, 1939.

Burcaw, G Ellis: Introduction to Museum Work. Nashville, 1975.

Burckhardt, Jacob: Die Kultur der Renaissance in Italien. Onged.

Butterfield, H: The Origins of Modern Science. Londen, 1967.

Buys, L Brandts: De Landelijke Bouwkunst in Hollands Noorderkwartier. Arnhem, 1974.

Caarten, A Bicker: De Molen in ons Volksleven. Leiden, 1958.

Canton, F J Sanchez: The Prado. Londen, 1959.

Carter, Howard: The Tomb of Tut.Ankh.Amen. New York, 1963.

Coetzee, Abel: Die Afrikaanse Volkskunde. Kaapstad, 1960.

Coetzee, Renata: Spys en Drank. Johannesburg, 1977.

Cook, M A: Die Kaapse Kombuis. Stellenbosch, onged.

Copplestone, Trewin (red): World Architecture. New York, 1966.

Crommelin, H S van Wickevoort: Nederlands Oorlog tegen de Zee. Den Haag, 1930.

Cronje, G (red): Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie. Pretoria, 1967.

Cronje, G (red): Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika. Pretoria, 1963.

Daniel, G: The Origin and Growth of Archaeology. Londen, 1967.

Davis, H T: Alexandria, the Golden City. Illinois, 1957.

De Beer, P J: Die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht 1902 - 1921 (Ongepubliseerde M A -verhandeling. U P 1967).

De Bie, J P en Loosjes, J (red): Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland. Onged.

De Haan, Tj W R (red): Volkskunst der Lage Landen. Onged.

Den Herder, E: De Drooglegging der Zuiderzee - Een Ramp voor Nederland. Harderwijk, onged.

Den Herder, E: De Brug over de Zuiderzee. Harderwijk, onged.

Den Herder, E: De Steenen Spreken. De Zuiderzee kan niet drooggelegd worden. Harderwijk, 1930.

Den Herder, E: De Zesde Bazuinstoot. Harderwijk, 1931.

Den Herder, E: Domme Golven. Harderwijk, 1929.

Den Herder, E: Het Zuiderzee Drama. Harderwijk, 1929.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Descarques, Pierre: Hoogtepunten der Schilderkunst in de Hermitage, Leningrad. Den Haag, 1961.

Desroches-Noblecourt, Christiane: Life and Death of a Pharaoh Tutankhamen. Londen, 1964.

De Vos, H: Inleiding tot de Wijsbegeerte. Nijkerk, 1971.

De Vries, Jan: De Wetenschap der Volkskunde. Amsterdam, 1941.

Dijkman, E J: Die Suid-Afrikaanse Kook-, Koek en Resepteboek. Onged.

Dixon, Douglas: Descriptive Guide of the Zuyderzeemuseum at Enkhuizen. Enkhuizen, 1951.

Dreyer, P S: Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis. Pretoria, 1974.

Elias, H J: Geschiedenis van de Vlaamse Gedachte 1780 - 1914. Vier Dele. Antwerpen, 1970.

Engelbrecht, S P, Ager-Hamilton, J A I, Pelzer, A N en Behrens, H P H (red): Pretoria (1855 - 1955). Pretoria, 1955.

Engelbrecht, S P: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria, 1953.

Engelbrecht, S P: Thomas Francois Burgers. Pretoria, 1933.

Ergang, R: The Renaissance. New Jersey, onged.

Finlay, Ian: Priceless Heritage: The Future of Museums. Londen, 1977.

Fisher, H A L: A History of Europe. Londen, 1957.

Francis, sir Frank (red): Treasures of the British Museum. Londen, onged.

Francken, A W: Het Leven Onzer Voorouders in de Gouden Eeuw. 's-Gravenhage, 1942.

Franken, J L M: 'n Kaapse Huishoue in die 18e eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal. Kaapstad, 1940 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1940, Deel I).

Fransen, H: Guide to the Museums of Southern Africa. Kaapstad, 1978.

Fransen, H en Cook, M A: The Old Houses of the Cape. Kaapstad, 1965.

Gibbon, E: The History of the Decline and Fall of the Roman Empire. Londen, 1925.

Haak, B: Art Treasures of the Rijksmuseum. Londen, 1966.

Harris, Nathaniel: Picture History of World Art. New York, 1974.

Heidegger, Martin: Sein und Zeit. Halle, 1929.

Herrmann, Frank: The English as Collectors. Londen, 1972.

Higgs, J W Y: Folk Life Collection and Classification. Londen, 1963.

Hocking, A: Vroeë Kimberley. Kaapstad, 1974.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Hussey, J M: The Byzantine World. Londen, 1967.

Huizinga, J: De Wetenschap der Geschiedenis. Haarlem, 1937.

Huizinga, J: Herfsttij der Middeleeuwen. Haarlem, 1941.

Huizinga, J: Nederland's Geestesmerk. Leiden, 1946.

Huizinga, J: Verzamelde Werken. Nege Dele. Haarlem, 1949.

Jans, Jan: Landelijke Bouwkunst in Oost-Nederland. Enschede, 1972.

Jansma, K: Lely, de Bedwinger der Zuiderzee. Amsterdam, 1948.

Jooste, J P: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859 - 1959. Potchefstroom, 1958.

Karsten, Mia: The Old Company's Garden at the Cape and its Superintendents. Kaapstad, 1951.

Kempers, A J Bernet: Vyftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum. Arnhem, 1962.

Kirby, P R: Sir Andrew Smith. Kaapstad, 1965.

Koot, Ton: Amsterdam. Hannover, 1973.

Koster, F: Wat is Heemkunde. Amsterdam, 1941.

Kruizinga, J H: Lewende Folklore in Nederland en Vlaanderen. Assen, onged.

Lamberty, Max: Wat is Westerse Cultuur. Antwerpen, 1961.

Lamberty, Max e a (red): Twintig Eeuwen Vlaanderen. Vyftien Dele. Hasselt, 1972.

Lemberg, Eugen: Geschichte des Nasionalismus. Stuttgart, 1950.

Lorente, Manuel: The Prado Madrid. New York, 1965.

Luckhurst, Kenneth W: The Story of Exhibitions. New York, 1951.

Lugtenburg, A H: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900. Pretoria, 1925.

Magnusson, M: Introducing Archaeology. Londen, 1972.

Malherbe, E G: Education in South Africa I, 1652 - 1922. Johannesburg, 1925.

Meiring, Hannes: Bouskatte van Suid-Afrika. Pretoria, 1977.

Menz, H: The Dresden Gallery. Londen, 1962.

Miller, Edward: That Noble Cabinet. Londen, 1973.

Molhuysen, P C en Blok, P J: Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek. Leiden, 1918.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Murray, David: Museums their History and their Use. Glasgow, 1904.

Neal, Arminta: Help! For the Small Museum. Colorado, 1969.

Nel, P G (red): Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner. Pretoria, 1979.

Nieuhof, Constance, Diepraam, Willem en Oorthuys, Cas: Klederdrachten, een Reis langs de Levende Streekdrachten van Nederland. Amsterdam, 1969.

Nilant, F G E: Die Hout- en Linosneë van J H Pierneef. Kaapstad, onged.

Oberholster, J J: Die Historiese Monumente van Suid-Afrika. Kaapstad, 1972.

Pama, C (red): Die Suid-Afrikaanse Biblioteek 1818 - 1968. Kaapstad, 1968.

Peacock, R: Die Geskiedenis van Pretoria 1855 - 1902 (Ongepubliseerde D Phil-proefskrif. Pretoria, 1955).

Peeters, K C: Museologie (Ongepubliseerde lesings aan die Universiteit van Leiden, 1975).

Pessler, Wilhelm: Das Heimatmuseum im deutschen Sprachgebiet als Spiegel deutscher Kultur. München, 1927.

Pott, P H: Het Museum als Sociaal-culturele Instelling. Leiden, 1974.

Pont, A D: Nicolaas Jacobus van Warmelo (1835 - 1892). Utrecht, 1955.

Pont, A D: 'n Oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis en die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria, 1970.

Raven-Hart, R: Cape Good Hope 1652 - 1702. Twee Dele. Kaapstad, 1971.

Ripley, Dillon: The Sacred Grove. Londen, 1970.

Rooker, P M: Thuis in Enkhuizen. Enkhuizen, 1966.

Roos, A G: De Griekse Kultuur (Rijksuniversiteit te Groningen. Vierde Interfacultaire Leergang. Groningen, 1942).

Scheurleer, Th H Lunsingh: Sprekend Verleden. Amsterdam, 1959.

Scholtz, G D: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner. Drie Dele. Johannesburg, 1970.

Schonken, F Th: De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen. Amsterdam, 1914.

Schouten, J: Stijlkamers in Nederland. Amsterdam, onged.

Schrijnen, Jos: Nederlandsche Volkskunde. Twee Dele. Zutphen, onged.

Setton, Kenneth M (red): Renaissance Bakermat van de Moderne Mens. Bussum, 1976.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Spoelstra, B: Ons Volkslewe. Pretoria, 1922.

Summers, R F H: A History of the South African Museum 1825 - 1975. Kaapstad, 1975.

Suterland-Pontier: Geschiedenis der Bouwkunst. Utrecht, 1972.

Taylor, W W: A Study of Archaeology. Illinois, 1958.

Thomson, David: Europe since Napoleon. New York, 1958.

Unesco: Museums and Monuments IX. The Organization of Museums. Parys, 1974.

Unesco: Museums and Monuments XV. Museums, Imagination and Education. Parys, 1973.

Van Baaren, Th P: Doolhof der Goden. Amsterdam, 1960.

Van der Heide, G D: Van Landijs tot Polderland. Amsterdam, 1966.

Van der Heide, G D: Verzamelen en dan ... Zutphen, 1972.

Van der Hoeven, M B (red): Fasen en Facetten. Amsterdam, 1962.

Van der Leeuw, G (red): De Godsdiensten der Wereld. Twee Dele. Amsterdam, 1955.

Van der Ven, D J: Neerlands Volksleven. Zaltbommel, 1920.

Van Deventer, S: Kröller Müller. De Geschiedenis van een Cultureel Levenswerk. Haarlem, 1956.

Van Eijnsbergen, Thea J: Verkennend Onderzoek onder de Musea in Nederland. 's-Gravenhage, 1972.

Van Guldener, Hermine: Rijksmuseum. Hannover, 1973.

Van Hoek, La Rue: Greek Life and Thought. New York, 1933.

Van Itterzon, G P en Nauta, D (red): Geschiedenis van de Kerk. Nege Dele. Kampen, 1963.

Van Jaarsveld, F A: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868 - 1881. Johannesburg, 1959.

Van Jaarsveld, F A: Geskiedkundige Verkenninge. Pretoria, 1974.

Van Jaarsveld, F A: Lewende Verlede. Pretoria, 1961.

Van Jaarsveld, F A: Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966. Johannesburg, 1971.

Van Oirschot, Anton (red): Kijken naar Klederdrachten. Apeldoorn, onged.

Van Rooyen, G H: Kultuurskatte uit die Voortrekker-tydperk. Kaapstad, 1938.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Vereeniging "Nederland in den Vreemde": De Afsluiting en Gedeeltelijke Droogmaking van de Zuiderzee. Den Haag, 1926.

Visser, C e a: Onze Hollandse Molen. Amsterdam, 1926.

Von Bonde, C: The Splendour that was Rome. Kaapstad, 1964.

Von Holst, Niels: Creators, Collectors and Connoisseurs. Londen, onged.

Walton, James: Homesteads and Villages of South Africa. Pretoria, 1965.

Walton, James: Vroeë Plase en Nedersettings in die OVS. Kaapstad, 1955.

Wehle, Harry B: Great Paintings from the Prado Museum. Londen, onged.

Weech, W N: History of the World. Londen, 1944.

Weyns, Jozef: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur. Hasselt, 1971.

Weyns, Jozef: Bokrijk, Zin en Zijn. Utrecht, 1972.

Wittlin, Alma S: The Museum its History and its Tasks in Education. Londen, 1949.

Wittlin, Alma S: Museums: In Search of a Usable Future. Massachusetts, 1970.

Zippelius, Adelhart: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen. Bonn, 1974.

Zschietzschmann, W: Hellas and Rome. Londen, onged.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

IV ARTIKELS

Anon: Aan den Heer "opkooper" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 27, 1964 nr 1).

Anon: Boerdery (Western Transvaal Record, 22 Oktober 1976).

Anon: De Friese boerderij uit Midlum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 36, 1973 nr 2).

Anon: Dit sal eintlik 'n dorpie wees (Die Transvaler, 2 September 1961).

Anon: Handelsdokumente van 90 jaar gelede in Hoofstad gevind (Die Transvaler, Saterdag 10 September 1960).

Anon: Hands off Vermeulen House (The Star, 7 September 1961).

Anon: Landbou kry sy eie Museum (Potchefstroom Herald, 19 Oktober 1976).

Anon: Old House is Not to be Removed (The Pretoria News, 6 September 1961).

Anon: Pelgrimsrust (Overvaal Museanuus, September 1974, nr I).

Anon: Pilgrim's Rest still lives on (The Star, Donderdag 12 Maart 1970).

Anon: Silverton kry sy eie Opelugmuseum (Die Transvaler, 6 September 1961).

Anon: Silverton's Historical Landmark (The Pretoria News, 7 Maart 1953).

Anon: Twee Liggame span kragte saam vir Opelugmuseum (Die Transvaler, Woensdag 29 Augustus 1962).

Anon: Twee Persele vir Museum mits ... (Bylae tot Die Transvaler, Saterdag 2 September 1961).

Anon: William Burchell (1792 - 1863) (Die Huisgenoot, 23 Desember 1927 en 6 Januarie 1928).

Alan, Douglas A: The Museum and its Functions (Unesco: Museums and Monuments IX. Parys, 1974).

Atkinson, Frank: New Open-Air Museums (Museum, Vol XXIII nr 2, 1970/1).

Auret, B en Bester, A: Enkele Grepe uit die Geskiedenis van Silverton (Pretoriana, nr 30, Augustus 1959).

Badenhorst, Jan: Bewaar asb. ons Boere-erfgoed (Landbouweekblad, 23 Mei 1975).

Bakker, P P: Onderzoek, Verplaatsing en Wederopbouw van een Vissers= woning uit Koekool (Het Peperhuis, Jaargang 1975).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Bliss, D E: A Museum Exhibit Interprets Basic Research - Why? (Curator, Vol 2, 1959).

Bos, J M: Slopen of Beschermen? (De Ingenieur, Jaargang 86, nr 25, 20 Junie 1974).

Bos, J M: Afdrukken van Indrukken (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 35, 1972 nr 2).

Boulonois, F G: Enkhuizen 600 jaar stad (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 9, 1955).

Bouma, S J: Hoe Ontstaat de Museumverzameling? I (Uit Het Peperhuis, Eerste Jaargang nr I, September 1952).

Bouma, S J: The Zuiderzeemuseum a "Museum Village" to be erected in Enkhuizen Netherlands (Museum, Vol III nr I, 1950).

Braaksma, G en Ferreira, C: Die Noordweste, 'n Kultuuropname van die Streek se Bewoners en hul Leefwyse (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974).

Buisman, J H van Borssum: Nederlands Oudste Museum (Holland, 10e Jaargang, April 1978).

Buys, J: 'Spookdorpie' kan Paradys vir Toeriste word (Die Transvaler, 14 Junie 1969).

Clive, Gus en Peterse, G: Pelgrimsrus - 'n Nuwe Lewe Ontwaak (Die Transvaler, Saterdag 26 Oktober 1974).

Cluwen, Ir Wilco Meijer: Artur Hazelius, de Stichter van het Eerste Openluchtmuseum (Haagsch Maandblad, Deel XXXIX nr 6, Junie 1943).

Coetzee, Abel J: Die Grondbeginsels van Ossename (Die Brandwag, Vrydag 7 Augustus 1942).

Coetzee, Abel J: Met die Rooi Span (Die Brandwag, Vrydag 7 Augustus 1942).

Coetzee, Abel J: Vorentoe in die Wapad'. (Die Brandwag, Vrydag 15 Mei 1942).

Coetzee, P C: Die Nalatenskap van Von Dessin: Die Begin van 'n Afrikaanse Biblioteektradisie (Historiese Studies, Universiteit van Pretoria, Jaargang III, 1942).

Coetzee, P J: Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria (Pretoriana, nr 46, Desember 1964).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Colbert, Edwin H: On Being a Curator (Curator, Vol I,I, 1958).

Colbert, Edwin H: What is a Museum (Curator, Vol 4, 2, 1961).

Cook, Olive: Die Britse Museum, beroemde Instelling in sy 200ste jaar (Lantern, Junie 1959).

Crompton, A W en Talbot, F H: Research Policy for S.A. Museums (SAMAB, Vol VIII, Deel 4, 1964).

Cronje, B: Pioniersopelugmuseum as Opvoedkundige Sentrum (Museum-memo, Jaargang 4 nr 4, November 1976).

Curman, Sigurd: Artur Hazelius (Wetenschappelijke Bladen, afl 6, Haarlem, 1934).

Dart, Raymond A: Robert Broom - His Life and Work (South African Journal of Science, Vol 48 nr I, Augustus 1951).

De Barsée, L: Het Huis 'de (Witte) Engel' (Vlaanderen, Jaargang 24, 1973).

De Barsée, L: Het Eerste Huis in "de Oude Stad" (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3).

De Boer, J H Verduyn: Botanisten aan de Kaap (Die Huisgenoot, 15 April 1927).

De Klerk, W A: Dal Josafat: Laat ons ons Wortels Bewaar (Rapport, 29 Oktober 1978).

De Kleyn, J: Onze Friese Boerdery in Midlum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 24, 1961, nr 2).

De Kleyn, J: Ceramiek in het Openluchtmuseum van Aankledingsmateriaal naar Studieobject (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 1).

Dellatola, L: McGregor-Museum (Suid-Afrikaanse Panorama, Oktober 1977).

De Villiers, Anna: Die Streekkos van Suid-Afrika (Sarie Marais, 24 Augustus 1977).

Du Toit, M A: Die Nasionale Museum, Bloemfontein (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 28/I nr 13, Januarie 1972).

Duyvetter, J: Het Platteland Thuis (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 24, 1961).

Edwards, C: Pelgrimsrus - Verhaal van 'n Goue Era (Suid-Afrikaanse Panorama, Vol 18 nr 12, Desember 1973).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Edwards, P: Some Manuscripts Relating to South African Botany in the William Sherard Collection in the Bodleian Library at Oxford (Journal of South African Botany, Vol 30, Julie 1964).

Eybers, G W: 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum (Pretoriana, nrs 16 en 17, Julie - September 1955).

Ferreira, C: Byekorf- of Korbeelhutte (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974).

Ferreira, C: Die Matjieshuise van Namakwaland (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974).

Ferreira, C: Kookskerms (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 30/2, April 1974).

FitzSimons, V: A Short History of the Transvaal Museum (Pretoriana, nr 29, April 1959).

FitzSimons, V en Brain, L: Geskiedenis van die Transvaal-Museum (Transvaal-Museum Bulletin, nr 13, 30 November 1972).

Fruithof, Th: Enkele Gegevens over Leven en Werken te Koehool (Het Peperhuis, Jaargang 1975).

Grové, Vasti: In Vanmelewe se Nostalgie Vasgevang (Hoofstad, 14 Januarie 1977).

Gunning, J W B: A Short History of the Transvaal Museum (Annals of the Transvaal Museum, nr 1, April 1908).

Haase, O: Der vorgeschichtliche Arbeitsraum im Schulmuseum der Stadt Hannover (Museumskunde, 1938).

Hagens, H: Het Twentse lösse hoes "Olde Dubbelink" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1).

Hey, D en Steele, J L: The Provincial Museums Service in the Cape Province (SAMAB, Deel 12 nr 5, 1977).

Hofmeyr, Esther: Die Nut en Genot van Restourasie (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 32 aflewering I, Januarie 1976).

Honig, S: Drie Huizen uit Koog aan de Zaan (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr I).

Honig, S: Een Zaanse "Tuin van Vermaak" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr I).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Jacobs, T: Die Museum in die Voortrekkermonument (Suid-Afrikaanse Panorama, Desember 1958).

Karsten, Mia C: Carl Peter Thunberg. An Early Investigator of Cape Botany (Journal of South African Botany, Vol V, 1939).

Karsten, Mia C: Heurnius and Hermann, the Earliest Known Plant Collectors at the Cape (Journal of South African Botany, Vol XXIX, Deel I, Januarie 1963).

Karsten, Mia C: Sparrman as a Correspondent (Journal of South African Botany, Vol XXIII, April 1957).

Kempers, A J Bernet: "Bitter in de mond" (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 34, 1971 nr I).

Kempers, A J Bernet: Brand in de Zaanse Buurt (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 32, 1969 nr 2).

Kempers, A J Bernet: De Verloren Gegane Gebouwen uit de Zaanse Buurt (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1).

Kempers, A J Bernet: Het begon in Bokrijk (Volkskunde, Jaargang 74, nr 3, 1973).

Kempers, A J Bernet: Het Kruidentuinhuisje (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 25, 1962 nr 2).

Kempers, A J Bernet: Het Nederlands Openluchtmuseum zoals het Groeide en Nu is 1912 - 1962 (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 25, 1962 nr 1).

Kempers, A J Bernet: Het Sprookje van Colonial Williamsburg (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1).

Kempers, A J Bernet: Na de Brand (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 33, 1970 nr 1).

Kempers, A J Bernet: Om Onze Mispelboom (Bijdragen en Mededelingen Jaargang 23, 1960 nr 2).

Kempers, A J Bernet: Openluchtmusea in Roemenië (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 2).

Kempers, A J Bernet: Van Salvia tot Jan Salie (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 27, 1964 nr 1).

Kirby, P R: Andrew Smith, M.D., Founder of the South African Museum (Annals of the South African Museum, Vol XXXVI, 1942 - 1947).

Kirby, P R: The South African Museum as Exhibited in the Egyptian Hall,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Piccadilly, London, by Andrew Smith M.D. in 1937 (SAMAB Vol IV nr 5, Maart 1948).

Koolhaas, A: Portret van een Nederlander (De Groene Amsterdammer, 26 Maart 1949).

Kruissink, G R: Bloei en Verval van Hindeloopen (Uit Het Peperhuis, Tweede Serie nr 4).

Kruissink, G R: Wieringer en Westfriese Zomerstallen (Uit Het Peperhuis, Tweede Serie nr 11/12).

Kruizinga, J H: Canada Heeft ook een Openluchtmuseum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1).

Le Grange, I Z: Transvaal-Museum (Suid-Afrikaanse Panorama, Februarie 1960).

Liebenberg, Johann: Wil Gister se Dorp Bewaar vir Nageslag (Fleur, Tydskrifbylaag tot Dagbreek, 21 November 1954).

Lindsay, G C: Museums and Research in History and Technology (Curator, Vol 5, 1962).

Maree, B: Hier Lewe ons Voorvaders (Suid-Afrikaanse Panorama, Desember 1962).

Mayer, M: Die Bokveld se Kookskerms (Die Boerevrou, September 1930).

McKay, Helen M: William John Burchell, Botanist (Journal of South African Botany, Vol VII, 1941).

McKay, Helen M: Sketch Map of Burchell's Trek (Journal of South African Botany, Vol IX, 1943).

Muller, H: Die Suid-Afrikaanse Museumwese (Pretoriana, nr 30, Augustus 1959).

Oberholster, J J: Die Neerslag van die Romantiek op ons Geskiedskrywing - Gustav Preller (Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 6 nr 4 en Jaargang 7 nr 1).

Oberholzer, J J: National Museum Centenary (SAMAB, Vol 12 nr 6, 1977).

Parr, A E: The Functions of Museums: Research Centers or Show Places (Curator, Vol VI/I, 1963).

Parr, A E: The Right to do Research (Curator, Vol I, 3, 1955).

Parr, A E: No Privileged Sanctuary (Curator, Vol 7, 1964).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Peeters, K C: Een Stad in het Museum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten IX, 1971).

Pessler, Willhelm: Heimatmuseen of Germany (Museum, Vol IV nr 2, 1951).

Pott, P H: The Role of Museums of History and Folklore in a Changing World (Curator, Vol VI/2, 1963).

Punt, W H J: The Fountain Lodge (Pretoriana, Deel 2 nr 4, Julie 1953).

Punt, W H J: Ons Stad Groei (Pretoriana, Deel 2 nr 1, September 1952).

Rietsma, Ella: Hoe Knusjes Leefd eens de Visser (Kijken, Jaargang 38, 4 Junie 1977).

Robinson, A M L: An American Girl at the Cape in 1834 (Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Deel 23).

Rodwell, R: Blywende Bekoring (Suid-Afrikaanse Panorama, September 1965).

Romein-Verschoor, Annie: Charakter und Kultur des Niederländers (Nachbarn I, 1968).

Roodt-Coetzee, Kotie: 'n Opelugmuseum vir Pretoria (Pretoriana, Desember 1964, nr 46).

Roukens, Wim: Volkskunde en Folklore. Een Naam een Gevaar (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 20, 1955 nr 1).

Schafer, Peter: A 'little bit of heaven' up for rent (The Star, Vrydag 10 November 1972).

Schaper, A: De Zuiderzee als Schakel en Scheiding tussen de Gewesten (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 4, 1953).

Schilstra, Joh J: Fords "Zuiderzeemuseum" (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 3, April 1953).

Scholtz, R: Tuiste vir Ons Gisters (Suid-Afrikaanse Panorama, Oktober 1966).

Schulz, F T: Die Notwendigkeit der Umgestaltung unserer Museen (Museums= kunde, 1933).

Sichel, A: Gewel Glorie (Suid-Afrikaanse Panorama, Augustus 1977).

Sichel, A: Skatkis van Kennis (Suid-Afrikaanse Panorama, November 1975).

Smith, L: 'n Erfenis word Bewaar (Suid-Afrikaanse Panorama, September 1976).

Snyman, C F: Huis op die Heuwel (Suid-Afrikaanse Panorama, Mei 1975).

Spoelstra, S: Het Enkhuizer Havenplan, Spiegel der Historie van de Zuiderzee (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie nr 9, Junie 1955).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Spoelstra, S: Kerkbouw in het Buitenmuseum (Uit het Peperhuis, Serie 3 nr 7, Junie 1967).

Stikvoort, J M: De Paltrok Houtzaagmolen (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 26, 1963 nr 2).

Stikvoort, J M: Dijksma's Laaste Tjaker (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 28, 1965 nr 2).

Stikvoort, J M: Onze Standerd is Flink Veranderd (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 39, 1976 nr 1/2).

Stikvoort, J M: Onze Standerdkorenmolen uit Huizen/NH (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 37, 1974 nr 2).

Swanepoel, J: Pelgrims Skud sy Vere Reg vir Talle Toeriste (Hoofstad, Woensdag 23 Oktober 1974).

Sycholt, A: Uit 1820 se Dae (Suid-Afrikaanse Panorama, Julie 1970).

Taylor, Walter W: Museums and Education (Museum, Vol XXIII nr 2, 1970/1).

Terblanche, Le Roux: Gouddorp of Spookdorp? (Die Huisgenoot, 17 Maart 1961).

Thordeman, Bengt: Swedish Museums (Museum, Vol II, 1949).

Uldall, Kai: Open Air Museums (Museum, Vol X, 1957).

Unesco/CUA/54: International Seminar on the Role of Museums in Education. 14 September - 12 October 1952 Brooklyn, New York, USA. Parys, 1954.

Unesco/CUA/64: International Seminar on the Role of Museums in Education. 13 September - 10 October 1954 Athens, Greece. Parys, 1955.

Van der Heide, G D: Barradeel een Friese Kustgemeente (Het Peperhuis, Jaargang 1975).

Van der Poel, J M G: De Boerenwagens van de Landbouwtentoonstelling van 1913 (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 32, 1969 nr 2).

Van der Westhuizen, V: Om 'n Erfenis te Bewaar (Suid-Afrikaanse Panorama, September 1972).

Van der Wijst, M A: Hoe wij aan ons Dorpsschooltje Kwamen (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1).

Van Nooten, M: Historisch Overzicht: Feiten en Data (Volkskunde, Jaargang 74 nr 3, 1973).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Van Winkel, F: De "Oude Stad" in het Openluchtmuseum te Bokrijk (Volkskunde, Jaargang 74, 1973 nr 3).

Varley, D H: Joachim von Dessin and his Book Collection (Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Vol 16 nr 1).

Vroom, U E E: Het Boerderijtje uit Zuiderwoude (Uit Het Peperhuis, Jaargang 1969 nr 3, Oktober 1969).

Waardenburg, Hanny: Het Interieur van het Pand Sédijk 5 te Koehool omstreeks 1900 (Het Peperhuis, Jaargang 1975).

Walton, James: Homes of the Trekboers: the Vernacular Architecture of South Africa (Lantern, Vol XI nr 1, September 1961).

Walton, James: Volksargitektuur in Suid-Afrika (Bewaring van ons Erfenis. Kaapstad, 1966).

Weyns, Jozef: Afspanning "In Sint-Gummarua" uit Lier (Bokrijkse Berichten IV).

Weyns, Jozef: Bij Breugel in de Leer voor Honderd-en-een Daaglijkse Dingen (Bokrijkse Berichten IX).

Weyns, Jozef: Bokrijk, het Eerste Openluchtmuseum van het Land (d i België) (Volkskunde, Jaargang 74 nr 3, 1973).

Weyns, Jozef: Herinneringen aan Kunstschilder Karel Wellens: Een Medewerker van het Eerste Uur te Bokrijk (Volkskunde, Jaargang 74 nr 3, 1973).

Weyns, Jozef: Het Boerenhuis uit de Voerstreek in het Vlaamse Openluchtmuseum te Bokrijk (Bokrijkse Berichten XII).

Weyns, Jozef: Het Vlaamse Openluchtmuseum na 20 jaar (Volkskunde, Jaargang 74 nr 3, 1973).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

V PERIODIEKE PUBLIKASIES

Annale van die Suid-Afrikaanse Museum, 1942 - 1947.

Africana Notes and News, 1943 - 1977.

Bijdragen en Mededelingen van Het Nederlands Openluchtmuseum, 1955 - 1978.

Bokrijkse Berichten, 1957 - 1977.

Bulletin van die Transvaal-Museum, 1955 - 1975.

Curator, 1958 - 1978.

De Ingenieur, 1974.

De Volkstem, 1873 - 1910.

De Zuid-Afrikaan, 1874 - 1878.

Die Boerevrou, 1919 - 1931.

Die Brandwag, 1942.

Die Huisgenoot, 1918 - 1974.

Die Patriot, 1876 - 1881.

Haagsch Maandblad, 1943.

Het Peperhuis, 1976 - 1978.

Het Volksblad, 1876.

Historiese Studies, 1942.

Icom News, 1956 - 1977.

Journal of South African Botany, 1939 - 1964.

Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1946 - 1970.

Kwartaalblad vir Middelbare Skole, 1923.

Lantern, 1949 - 1977.

Museum, 1948 - 1978.

Museumjoernaal, 1956 - 1978.

Museum-memo van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, 1973 - 1978.

Museumskunde, 1933 - 1969.

Nachbarn, 1968.

Nasionale Museum Nuus, 1971 - 1978.

Overvaal Museanuus, 1974 - 1978.

Pretoriana, 1951 - 1978.

SAMAB, 1936 - 1978.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Suid-Afrikaanse Panorama, 1956 - 1978.

South African Journal of Science, 1951.

The Pretoria News, 1953 - 1964.

The Express, 1877 - 1884.

Transvaal-Museum Annale, 1908 - 1977.

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 1961 - 1978.

Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, 1944 - 1977.

Uit Het Peperhuis, 1952 - 1974.

Vlaanderen, 1970 - 1978.

Volkskunde, 1973.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

VI MUSEUMPUBLIKASIES

A INLIGTINGSBROSJURES EN GIDSE

Bauts, Margaret: The Sandvig Collections. Lillehammer, 1958.

British Museum: British Museum Guide. Londen, 1976.

De Kock, W J: Die Krugerhuis, Pretoria. Pretoria, 1963.

Die Departement van Natuurbewaring van die Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop, Kaapstad: Provinsiale Museums van Kaapland.

Du Preez, Sophia: Handel en Wandel van die Voortrekkers. Voortrekker= monumentmuseum, 1974.

Duyvetter, J: Van Hoofbrekens en Kopzorgen. Nederlands Openlucht= museum. Arnhem, 1975.

Fransen, Hans: Groot Constantia. Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum. Kaapstad, 1972.

Graaff-Reinetse Museum.

Griffin, F: Old Salem. An Adventure in Historic Preservation. Carolina, 1970.

Historisch Museum: Rariteiten.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Boerderijen van Nederland. Nijmegen, 1963.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Kunstrip nr 32: Daar bij die Molen. Amsterdam, 1973.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Landbouwwerktuigen in het Verleden. Nijmegen, 1973.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Plattelandsbedrijven van Nederland. Nijmegen, 1974.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Streekdrachten in Nederland. Nijmegen, 1975.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Speurtocht door het Nederlands Openluchtmuseum te Arnhem. Arnhem, 1975.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Voertuigen van het Platteland. Nijmegen, 1960.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Waterradmolens van Nederland. Nijmegen, 1970.

Het Nederlands Openluchtmuseum: Windmolens van Nederland. Nijmegen, 1974.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Het Nederlands Openluchtmuseum: Wonen op het Platteland. Nijmegen, 1966.

Kamphausen, A: Schleswig-Holsteinisches Freilichtmuseum. Neumünster, 1969.

Kochner, A Lawrence en Dearstyne, Howard: Colonial Williamsburg. Virginia, 1949.

Kruissink, G R: Volkskunst en Voorbeeld. Enkhuizen, 1970.

Laenen, M (red): Openluchtmuseum en Monumentenzorg. Bokrijk, 1975.

MacBeath, G en Gooding, S James (red): Basic Museum Management. Canadian Museums Association, Ottawa, 1969.

'n Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad.

Oude Pastorie-Museum, Paarl.

Ons Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

Old House Museum, Durban.

Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede: De Oude Drostdy, Tulbagh.

Rautenbach, A: Pilgrim's Rest. Ongepubliseerde gids vir toeriste.

Rehnberg, Mats: The Nordiska Museet and Skansen. Stockholm, 1957.

Rijksmuseum Amsterdam. Amsterdam, 1975.

Roodt-Coetzee, K en Louw, W: Die Pioniersopelugmuseum, Silverton, Pretoria. Pretoria, 1976.

Schou, A: The Sandvig Collections. Christiania, 1906.

Sheffield City Museums: The Abbeydale Industrial Hamlet. 1973.

Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad: Koopmans de Wet-huis.

The Henry Ford Museum Staff: Greenfield Village and the Henry Ford Museum. New York, 1974.

The South African Museum Cape Town 1855 - 1955. Kaapstad, 1955.

The Drostdy at Swellendam. 1974.

Uldall, Kai: Frilandsmuseet ved Sorgenfri. 1958.

Valen Sendstad, F: Die Sandvigschen Sammlungen. Lillehammer, 1974.

Verband europäischer Freilichtmuseen. Tagungsberichte, 1966 - 1972, nr 6.

Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg. 1966.

Vroom, U E E: Zuiderzeemuseum Buitenmuseum in wording. 1971.

Waardenburg, H: Kappen, Kapers en Kornetten. Enkhuizen, 1973.

Wander, B (red): Nederlands Openluchtmuseum. Arnhem, 1975.

Weald and Downland Open Air Museum. 1974.

Weyns, Jozef: Beknopte Gids van het Vlaamse Openluchtmuseum in het Limburgse Provinciedomein Bokrijk. 1973.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Weyns, Jozef: De Uitschoolhoeve uit Oevel. 1955.

Zippelius, Adelhart: Führer und Schriften des Rheinischen Freilichtmuseums in Kommern, nr 1, 1961. Düsseldorf, 1961.

Zook, Nicholas: Museum Villages USA. Massachusetts, 1971.

B VERSLAE

Drostdy-Museum, Swellendam: Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1971.

Kaapse Departement van Natuurbewaring en Museumdienste: Verslag nr 33, 1976 - 1977. Kaapstad, 1977.

McGregor-Museum, Kimberley: Jaarverslae, 1975 - 1977.

Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad: Verslag April 1966 - Maart 1976.

Transvaalse Provinsiale Administrasie: Verslag oor die Museumdiens vir die jare 1973 - 1977.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staatsondersteunde Inrigtings. Pretoria, 1950.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak. Pretoria, 1975.

C REFERATE

Brain, C K: The Narrative Concept in Museum Display. Referaat gelewer tydens die Jaarvergadering van die SAMV. Swaziland, April 1978.

Cochrane, C: Die Herbouing van Zanddrift. Referaat gelewer tydens die Jaarvergadering van die SAMV. Durban, Mei 1977.

Duxbury, G R: Presidentsrede gelewer tydens die Jaarvergadering van die SAMV. Durban, Mei 1977.

Küsel, U: Oorsig oor die Ontwikkeling van die Tsongakraal-opelug= museum. Referaat gelewer tydens die Jaarvergadering van die SAMV. Durban, Mei 1977.

Roodt-Coetzee, K: Die Probleme van Museale Waarde. Referaat gelewer voor die Werkkring Kuns en Geesteswetenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Pretoria, 1962.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

Nienaber, P J: Museums wat in Suid-Afrika nog nie bestaan nie. Referaat gelewer tydens die Jaarvergadering van die SAMV. Durban, Mei 1977.